

**'N STUDIE VAN DORPERSKAAPBOERDERY IN
DIE DORPERLANDGEBIED**

deur

JACOBUS JOHANNES ACKERMANN

TESIS INGELEWER TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE

The crest of the University of Stellenbosch, featuring a shield with various symbols, topped with a crown and flanked by two figures.

GRAAD VAN

MAGISTER IN DIE NATUURWETENSKAPPE IN LANDBOU

(VOORLIGTING)

AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Studeleier:

Prof. E. le F. Terblanche, B.Sc. in Landbou (Stell.), B. Hons. (Inst. Agrar.),
D. Agric. (Instr. Agrar.) (Pret.), D.Sc. Agric. (Fort Hare)
Afdeling Landbouvoorligting
Universiteit van Stellenbosch

Desember 1993
STELLENBOSCH

VERKLARING

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

J.J. Ackermann

Datum

SAMEVATTING

'N STUDIE VAN DORPERSKAAPBOERDERY IN DIE DORPERLANDGEBIED

deur

JACOBUS JOHANNES ACKERMANN

Studieleier : Prof. E. le F. Terblanche

Afdeling : Landbouvoorligting

Fakulteit : Landbouwetenskappe

Universiteit : Stellenbosch

Graad : M.Sc.Agric.

'n Model van interafhanklikes wat voorsiening maak vir die eiesoortige behoeftes van dorperskaapboerdery en gebaseer is op die verwantskap tussen die hoofgroepe van gedragsbepalende veranderlikes, is gekonstrueer. Hierdie model het as basis gedien vir 'n onderhoudskedule aan die hand waarvan persoonlike onderhoude met 130 ewekansig gelote dorperboere in die somerreëvalgebied van Dorperland gevoer is. Verskeie onafhanklike en bemiddelende veranderlikes is ondersoek en in sekere gevalle is dit gekwantifiseer. Sodoende is verwantskappe tussen die behoeftes, aspirasies en strewes van die respondente en bepaalde persoonlike- en omgewingsfaktore van sodanige respondente bepaal. Die bepaling van die onafhanklike- en bemiddelende veranderlikes bied die voorligter belangrike agtergrondinligting op grond waarvan die toepassing/nie-toepassing van bepaalde praktyke asook die doeltreffendheid van praktyktoepassing in perspektief geplaas word. Die mate waartoe sekere praktyke wat met dorperskaapboerdery verband hou toegepas word, is ook bepaal. In hierdie

verband dien die bevindinge van hierdie ondersoek as belangrike verwysingspunte aan die hand waarvan bepaalde voorligtingsaksies in die toekoms geëvalueer kan word. Die doeltreffendheid van praktyktoepassing is aan die hand van 5- en 10-puntskale, asook 'n omskrywing van wat werklik gedoen word, bepaal. Sodoende is die bestaan van sekere duidelike verskille tussen die persepsies van die respondente wat betref die doeltreffendheid van praktyktoepassing en die aanslag van opnemers, gebaseer op 'n beskrywing van wat werklik gedoen word, bevind. Praktykaanvaarding, soos dit manifesteer in doeltreffendheid, is aan die hand van bepaalde doeltreffendheidsmaatstawwe gemeet. Sodoende is verwantskappe tussen die doeltreffendheidsmaatstawwe en sekere persoonlike, sosio-ekonomiese, sosio-psigologiese en biologies-tegniese bepaal.

ABSTRACT

A STUDY OF DORPER SHEEP FARMING IN THE DORPERLAND REGION

by

JACOBUS JOHANNES ACKERMANN

Supervisor : Prof. E. le F. Terblanche

Division : Agricultural Extension

Faculty : Agricultural Science

University : Stellenbosch

Degree : M.Sc.Agric.

A model of interdependents that makes provision for the particular needs of dorper sheep farming and is based on the relationship between the main groups of behaviour determined variables, was constructed. This model served as a basis for an interview schedule whereby personal interviews were held with 130 randomly drawn dorper farmers in the summer rainfall area of the Dorperland. Various independent and mediatory variables were examined and in certain cases it was quantified. Thus certain relationships between the needs, aspirations and endeavours of the respondents and their particular personal and environmental factors were determined. The determination of the independent and mediatory variables provide the extension officer with important background information whereby the application/non-application of certain practices as well as the efficiency of practice application are put into perspective. In this respect the findings of this survey serve as an important reference point by which specified extension actions could be evaluated in the future. The effectiveness of practice application is determined on the basis of 5- and 10-point scales as well as a

description of what is actually done. In doing this the existence of certain definite differences between the perceptions of the respondents concerning the efficiency of praxis application and the assessment of the interviewers, based on a description of what is actually done, was found. Practice acceptance, as manifested in efficiency is measured on the basis of particular effectivity standards. Thus relationships between the efficiency standards and certain personal, socio-economical, socio-psychological and biological-technical variables were determined.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD		(ix)
LYS VAN FIGURE		(x)
LYS VAN TABELLE		(xiii)
HOOFSTUK 1		
INLEIDING		1
1.1	DIE STATUS VAN DIE DORPERSKAAPBEDRYF	1
1.2	PROBLEEMSTELLING EN TEORETIESE BEREDDENERING	3
1.2.1	Psigologiese veranderlikes	5
1.2.1.1	Onafhanklike veranderlikes	6
1.2.1.2	Bemiddelende veranderlikes	6
1.2.1.2.1	Behoeftes, aspirasies en doelwitte	6
1.2.1.2.2	Persepsies	11
1.2.1.2.3	Kennis	14
1.2.2	Tegniese/Afhanklike veranderlikes	15
1.2.2.1	Praktykaanvaarding	15
1.2.2.1.1	Teel- en seleksiepraktyke	16
1.2.2.1.2	Bestuurspraktyke voor en tydens paartyd	18
1.2.2.1.3	Voeding van dragtige en lakterende ooie	20
1.2.2.1.4	Bestuurspraktyke tydens lamtyd	20
1.2.2.1.5	Siekte- en parasietbeheer	21
1.2.2.1.6	Afronding van lammers	21
1.2.2.1.7	Kastrasie van lammers	22
1.2.2.1.8	Kruisteling	22
1.2.2.1.9	Algemene weiveldbestuurspraktyke	23
1.2.2.2	Doeltreffendheid van dorperboerdery	23
1.3	DOEL VAN STUDIE	23
1.4	DOELSTELLINGS VAN STUDIE	24
1.4.1	Kommunikasie-aangeleenthede van dorperboere	24

1.4.2	Persepsies van dorperboere oor hul eie doeltreffendheid	26
1.4.3	Kennis van dorperboere	26
1.4.4	Praktyktoepassing as afhanklike veranderlike	26
2.4.5	Doeltreffendheid as afhanklike veranderlike	26

HOOFSTUK 2

METODE VAN ONDERSOEK		28
2.1	DIE ONDERSOEKGEBIED	28
2.1.1	Ligging	28
2.1.2	Fisiografiese beskrywing van die opnamegebied	29
2.1.3	Klimaat van die opnamegebied	29
2.1.4	Plantegroei	31
2.1.4.1	Dorre Karoo en skyn-woestyngrasveld	31
2.1.4.1.1	Blomkoolgannaveld	33
2.1.4.1.2	Driedoringveld	34
2.1.4.2	Westelike bergkaroo	34
2.1.4.2.1	Die hoër vorm	34
2.1.4.2.2	Die laer vorm	35
2.1.4.3	Oranjerivierse gebroke veld	35
2.1.4.3.1	Tipiese Oranjerivierse gebroke veld	35
2.1.4.3.2	<i>Rhigozum trichotomum</i> veld	36
2.1.4.3.3	<i>Acacia mellifera</i> subsp. <i>detinens</i> veld	36
2.2	STEEKPROEF	37
2.3	OPNAMEBEPLANNING	38
2.4	METODIEK BY OPNAME	39
2.5	KONSTRUKSIE VAN MAATSTAWWE	39
2.5.1	Maatstawwe vir praktyktoepassing	40
2.5.2	Maatstawwe vir sekere persoonlikheidseienskappe en omgewingsinvloede	41
2.5.3	Maatstawwe vir kommunikasie-aangeleenthede	42
2.5.4	Maatstawwe vir tendense, opinies en gesindhede in die beoefening van dorperskaapboerdery	42
2.5.5	Maatstawwe met betrekking tot die jaarlikse bruto inkomste per ooi behaal, bereikbaar en nagestreef	42

2.5.6	Maatstawwe met betrekking tot doeltreffendheid van dorperboerdery en rekordhouding	43
2.5.7	Maatstawwe vir kennis van praktyke en ander aspekte van dorperboerdery	43
2.5.8	Maatstawwe vir die bepaling van persepsies oor die doeltreffendheid van praktykvoering	44
2.5.9	Maatstawwe vir die bepaling van reproduksiegegewens	45
2.6	STATISTIESE ONTLEDINGS	46
2.7	KWALITATIEWE BETROUBAARHEID	46
HOOFSTUK 3		
PERSOONLIKE EN OMGEWINGSFAKTORE WAT DORPERBOERE BEÏNVLOED		48
3.1	INLEIDING	48
3.2	AARD VAN DORPERBOERDERY	49
3.3	GRONDOPPERVLAKTE	50
3.3.1	Oppervlakte grond besit	50
3.3.2	Oppervlakte grond gehuur	52
3.3.3	Oppervlakte grond verhuur	53
3.3.4	Oppervlakte besproeiingsgrond	53
3.4	OUERDOM VAN DORPERBOERE	55
3.5	BOERDERY-ONDERVINDING	57
3.6	OPLEIDING	60
3.6.1	Formele opvoedkundige kwalifikasies	60
3.6.2	Spesifieke opleiding	61
3.7	KOMMUNIKASIE-AANGELEENTHEDE	63
3.7.1	Inligtingsbronne	64
3.7.2	Kontak met landbouvoorigter	67
3.7.3	Inskakeling by boereverenigingaktiwiteite	69
3.8	DIE NUT VAN DIE DORPERSKAAPTELERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA VIR DORPERBOERE	71
3.9	SAMEVATTING	76

HOOFSTUK 4**STREWES EN HINDERNISSE TEN OPSIGTE VAN DOELBEREIKING
ASOOK KENNIS VAN DORPERSKAAPBOERE**

		79
4.1	INLEIDING	79
4.2	STREWES VAN DORPERSKAAPBOERE	80
4.2.1	Primêre of strewingsdoelwit	80
4.2.2	Sekondêre doelwit(te)	83
4.2.3	Tersiêre doelwit(te)	87
4.3	PERSEPSIES	90
4.3.1	Persepsies ten opsigte van doeltreffendheid van dorperskaapboerdery	90
4.3.2	Persepsies ten opsigte van rekordhouding	93
4.4	HINDERNISSE	97
4.5	KENNIS	99
4.6	SAMEVATTING	102

HOOFSTUK 5**VOEDINGS- EN WEIVELDBEHEERPRAKTYKE EN PERSEPSIES TEN
OPSIGTE VAN DIE DOELTREFFENDHEID DAARVAN**

		104
5.1	INLEIDING	104
5.2	PRIKKELVOEDING	104
5.2.1	Prikkelvoeding van ooi	105
5.2.1.1	Mate waartoe ooie prikkelvoeding ontvang	105
5.2.1.2	Doeltreffendheid van prikkelvoeding van ooie	106
5.2.2	Prikkelvoeding van ramme	110
5.2.2.1	Mate waartoe ramme prikkelvoeding ontvang	110
5.2.2.2	Doeltreffendheid van prikkelvoeding van ramme	111
5.3	VOEDING VAN DRAGTIGE EN LAKTERENDE OOIE	114
5.4	WEIVELDBESTUUR	118
5.4.1	Gesindheid teenoor weiveld en weiveldbestuur	118

5.4.2	Toestand van natuurlike weiveld	119
5.4.3	Mate waartoe die natuurlike weiveld verswak	121
5.5	DRAKRAG VAN NATUURLIKE WEIVELD	124
5.6	HANTERING VAN DROOGTESITUASIES	127
5.7	SAMEVATTING	130

HOOFSTUK 6

	SELEKSIEPRAKTYKE EN PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN DOELTREFFENDHEID DAARVAN IN DORPERSKAAPBOERDERY	131
6.1	INLEIDING	131
6.2	PERSOON OF INSTANSIE VERANTWOORDELIK VIR DIE SELEKSIE VAN KUDDEDORPERS	132
6.2.1	Ooie	132
6.2.2	Ramme	133
6.3	EIENSKAPPE WAARVOOR GESELEKTEER WORD BY KUDDE- DORPERSKAPPE	135
6.3.1	Ooie	135
6.3.2	Ramme	138
6.4	RAMAANKOPE EN TOEPASLIKE BESONDERHEDE	142
6.5	SELEKSIE VIR OUDERDOM	146
6.5.1	Ooie	147
6.5.2	Ramme	151
6.6	SELEKSIE VIR VRUGBAARHEID	154
6.6.1	Ooie	154
6.6.1.1	Seleksie teen oorslaanooie	155
6.6.1.2	Seleksie vir meerlinge	160
6.6.1.3	Seleksie teen swak moederseienskappe	166
6.6.2	Toets van ramme vir vrugbaarheid	167
6.7	SAMEVATTING	173

HOOFSTUK 7

TEELPRAKTYKE EN PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN DIE DOELTREFFENDHEID DAARVAN	175	
7.1	INLEIDING	175
7.2	PERSENTASIE RAMME IN OOKUDDER GEBRUIK TYDENS PARING	175
7.3	PARING VAN JONGOOIE	178
7.3.1	Ouderdom waarop jongooie gepaar word	178
7.3.2	Paringsmassa van jongooie	178
7.3.3	Metodes om te verseker dat jongooie beset raak	180
7.4	KOGGELRAMME	184
7.5	BESTUURSPRAKTYKE GEDURENDE LAMTYD	187
7.5.1	Skeiding van ooie met meerlinge van ooie met enkelinge	187
7.5.2	Toesighouding tydens lamtyd	188
7.6	SAMEVATTING	191

HOOFSTUK 8

PARINGSFREKWENSIE EN KRUISTELING	192	
8.1	INLEIDING	192
8.2	PARINGSFREKWENSIES	192
8.2.1	Mate waartoe verskillende paringsfrekwensies toegepas word	193
8.2.2	Ramme voortdurend by ooie	195
8.2.3	Paring van ooie een maal per jaar	199
8.2.4	Drie maal in twee jaar paar	203
8.2.5	Evaluasie van drie paringsfrekwensies	208
8.3	KRUISTELING	209
8.3.1	Mate waartoe dorperboere kruisteling toepas	209
8.3.2	Kruisteling	210
8.3.3	Suiwerteling van dorperooie/nie-kruisteling	213
8.4	SAMEVATTING	216

HOOFSTUK 9

KASTRASIE, AFRONDING EN SIEKTEBEHEER	217	
9.1	INLEIDING	217
9.2	KASTRASIE VAN RAMLAMMERS	217
9.2.1	Mate waartoe ramlammers gekastreer word	218
9.2.2	Voor- en nadele verbonde aan kastrasie	219
9.2.3	Voor- en nadele van nie-kastrasie	222
9.2.4	Kastrasie versus nie-kastrasie	226
9.3	MASSA EN OUDERDOM WAAROP SLAGLAMMERS BEMARK WORD	227
9.4	BEHANDELING VAN LAMMERS VOOR BEMARKING	230
9.4.1	Afrondingspraktyke deur dorperboere toegepas	231
9.4.2	Bemarking van lammers direk van moeder af	235
9.4.3	Bemarking van lammers direk van moeder, maar met gee van kruipvoeding	239
9.4.4	Afronding van lammers na speen op die plaas of in 'n kommersiële voerkraal	243
9.4.5	Evaluasie van afrondingspraktyke	247
9.5	IMMUNISERING TEEN SIEKTES EN GESLAGSIEKTES ASOOK DOSERING TEEN INTERNE PARASIETE	248
9.5.1	Doeltreffendheid van immunisering teen siektes	248
9.5.2	Dosering teen interne parasiete	253
9.6	SAMEVATTING	258
 HOOFSTUK 10		
DOELTREFFENDHEID VAN DORPERSKAAPBOERDERY	260	
10.1	INLEIDING	260
10.2	REPRODUKSIE	261
10.2.1	Besettingspersentasie	262
10.2.2	Fekunditeit	264
10.2.3	Lampersentasie	265

10.2.3.1	Die verwantskap van lampersentasie met die belangrikste persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes	271
10.2.3.2	Die relatiewe belangrikheid van persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes op die lampersentasie	276
10.2.3.3	Die verwantskap van lampersentasie met die belangrikste biologies-tegniese veranderlikes	279
10.2.3.4	Die relatiewe belangrikheid van biologies-tegniese veranderlikes op die lampersentasie	283
10.2.4	Speenpersentasies	283
10.2.5	Lamvrektes	295
10.3	BRUTO INKOMSTE	302
10.4	SAMEVATTING	310

HOOFSTUK 11

SLOTBESKOUIING		312
11.1	INLEIDING	312
11.2	MENSPOTENSIAAL	312
11.3	PERSEPSIES VAN DORPERSKAAPBOERE	313
11.4	SELEKSIE-EIENSKAPPE EN RAMAANKOPE	315
11.5	SELEKSIE VIR VRUGBAARHEID	316
11.6	VOEDINGS- EN WEIVELDBEHEERPRAKTYKE	316
11.7	KASTRASIE, AFRONDING EN SIEKTEBEHEER	318
11.8	PARINGSFREKWENSIE EN KRUISTELING	318
11.9	DOELTREFFENDHEID VAN DORPERSKAAPBOERDERY	319
11.9.1	Lampersentasie	319
11.9.2	Speenpersentasie	320
11.9.3	Bruto inkomste	322
11.10	SLOTGEDAGTE	322
LITERATUURVERWYSINGS		323
BYLAAG A	ONDERHOUDSKEDULE	331
BYLAAG B	KORRESPONDENSIE : RESPONDENTE	336
BYLAAG C	KORRESPONDENSIE : VOORLIGTINGSBEAMPTES	367

VOORWOORD

Hierdie ondersoek na dorperskaapboerdery het sy oorsprong gehad by Prof. E. le F. Terblanche in 1969. Volledige ondersoeke of situasiebepalings is reeds ten opsigte van wol skaap- en angorabokboerdery onderneem. Ten opsigte van die belangrikste vleisproduserende kleinveeras, die dorper, het 'n behoefte na so 'n omvattende situasiebepaling ontstaan.

Sonder 'n ruim finansiële bydrae van die Premiergroep van maatskappye sou 'n ondersoek van hierdie omvang onmoontlik gewees het. My opregte dank aan bogenoemde maatskappy.

Die Dorperskaaptelegenootskap van Suid-Afrika het 'n belangrike rol gespeel om hierdie opname te verwesentlik. Advies tydens die beplanning en hulp tydens die opname van die ondersoek, asook finansiële bystand, het daartoe bygedra dat hierdie ondersoek uitgevoer kon word.

Die 130 dorperboere in die opnamegebied wat as respondente opgetree het, het 'n waardevolle bydrae gelewer tot die inligting wat in hierdie ondersoek vervat is. Die vriendelike ontvangs en bereidwilligheid om hulp te verleen waar nodig, word op prys gestel.

Die beamptes van die Departement Landbou-Ontwikkeling van die Karoostreek het vanuit die staanspoor hulle volle samewerking verleen. Hulp is verleen met die beplanning van die ondersoek asook die uitvoering daarvan. Mede-opnemers is deur hulle geïdentifiseer wat behulpsaam was met die opname. Die bydrae van die Departementale beamptes en die mede-opnemers word met dank erken.

Prof. E. le F. Terblanche en Dr. G.J.O. Marincowitz was vanuit die staanspoor betrokke by hierdie studie. Die bekwame leiding, aanmoediging en begrip word opreg waardeer. Dr. J. Coetzee en ook Prof. P.J. de Wet se insigte word ook met dank erken.

Die onbaatsugtige hulp vaneen deur Mnr. A. van Rooyen en F. Calitz met die verwerking van die data asook die inlating van Mev. R. Els met die finale tikwerk word hoog op prys gestel.

Aan my leers wat 'n akademiese ingesteldheid by my gekweek het, belangstelling getoon en aangemoedig het, 'n woord van opregte dank.

Laastens aan my vrou Louisa en die kinders 'n spesiale woord van dank vir die begrip, aanmoediging en belangstelling.

J.J. Ackermann

Oktober 1993

LYS VAN FIGURE

FIGUUR	BLADSY
1.1 Verwantskap tussen die hoofgroepe van gedragsbepalende veranderlikes	5
1.2 Die klassifikasie van menslike behoeftes	7
1.3 Psigologiese veldmodel van 'n persoon (P) met alternatiewe sekondêre (SG) en tersiêre doelwitte (TG) as middele ter bereiking van die primêre doel (D) of aspirasie	9
1.4 Model van die psigologiese veld	9
1.5 'n Illustrasie van moontlike behoefteverwringings	12
1.6 Die interafhanklikhede van veranderlikes wat 'n invloed op doeltreffendheid van dorperboerdery het	25
2.1 Die opnamegebied van die ondersoek	29
2.2 Veldtipes wat oorwegend in die opnamegebied aangetref word	32
3.1 Vergelyking van die ouderdomsverspreiding tussen wol-, angorabok- en dorperboere	56
3.2 Relatiewe doeltreffendheid van sewe verskillende inligtingsbronne volgens die persepsie van dorperboere, 1990	66
3.3 Vergelyking tussen lede en nie-lede van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika ten opsigte van die doeltreffendheidsaanslag vir drie doelstellings, 1990	74
4.1 Die strewingsomvang van dorperboere ten opsigte van die gemiddelde jaarlikse bruto inkomste per dorperooi, 1990	83
4.2 Die strewingsomvang van dorperboere ten opsigte van lampersentasie, 1990	86
4.3 'n Vergelyking tussen opnemers en dorperboere ten opsigte van doeltreffendheid van dorperboerdery, 1990	92
4.4 'n Vergelyking tussen opnemers en dorperboere ten opsigte van doeltreffendheid van rekordhouding wat met dorperboerdery verband hou, 1990	96
4.5 Die aard en gepersipeerde omvang van hindernisse op weg na hoër doeltreffendheid in dorperboerdery, 1990	98
5.1 Persepsie van respondente en evalueringsaanslag van opnemers wat betref die doeltreffendheid van prikkelvoeding van ooie, 1990	109

5.2	Persepsie van respondente en evalueringsaanslag van opnemers wat betref die doeltreffendheid van voeding van dragtige en lakterende ooie, 1990	117
5.3	'n Vergelyking van wolskaap-, angorabok- en dorperskaapboerse persepsies aangaande die toestand van hul natuurlike weiveld	121
5.4	Relatiewe belangrikheid van redes, volgens dorperboere, vir die agteruitgang van die natuurlike weiveld, 1990	123
6.1	Relatiewe belangrikheid (gemiddeld) van verskillende seleksie-eienskappe, volgens die persepsie van dorperboere, waarvoor by kudde-dorperooie geselekteer word, 1990	138
6.2	Die relatiewe belangrikheid (gemiddeld) van verskillende seleksie-eienskappe, volgens die persepsie van dorperboere, waarvoor by kudde-dorperramme geselekteer word, 1990	141
6.3	Persepsie van respondente en evalueringsaanslag van opnemers wat betref doeltreffendheid van seleksie vir ouderdom by kudde-dorperooie, 1990	150
6.4	Persepsie van respondente en evalueringsaanslag van opnemers wat betref die doeltreffendheid van seleksie vir ouderdom by kudde-dorperramme, 1990	154
6.5	Gepersipeerde bydrae wat die uitskot van oorslaanooie na onderskeidelik die eerste en tweede lamgeleentheid tot 'n verhoging van die vrugbaarheid in 'n dorperkudde maak, 1990	157
6.6	Persepsie van en respondente en evalueringsaanslag van opnemers wat betref die doeltreffendheid van seleksie vir vrugbaarheid by ramme, 1990	172
8.1	Die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele verbonde aan 'n praktyk waar ramme voortdurend by die ooie loop, 1990	198
8.2	Relatiewe belangrikheid van voor- en nadele verbonde aan 'n praktyk waar ooie een maal per jaar gepaar word, 1990	202
8.3	Relatiewe belangrikheid van voor- en nadele verbonde aan 'n praktyk waar ooie drie maal in twee jaar gepaar word, 1990	207
8.4	Globale aanslag vir die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele van die verskillende paringsfrekwensies, 1990	208

9.1	Relatiewe belangrikheid van voor- en nadele verbonde aan kastrasië van ramlamms, 1990	222
9.2	Relatiewe belangrikheid van voor- en nadele verbonde aan 'n praktyk waar ramlamms nie voor bemarking gekastreer word nie, 1990	225
9.3	Globale aanslag vir voor- en nadele van kastrasië en nie-kastrasië van ramlamms, 1990	226
9.4	Relatiewe belangrikheid van redes wat tot die toepassing van 'n alternatiewe afrondingspraktyk aanleiding gee, 1990	234
9.5	Relatiewe belangrikheid van voor- en nadele verbonde aan 'n praktyk waar lamms direk van moeder bemark word, 1990	239
9.6	Relatiewe belangrikheid van voor- en nadele verbonde aan 'n praktyk waar lamms direk van moeder met kruipvoeding bemark word, 1990	242
9.7	Relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele van 'n praktyk waar die lamms na speen eers op die plaas afgerond word of na 'n voerkraal gaan, 1990	246
9.8	Globale aanslag vir die relatiewe belangrikheid van voor- en nadele van verskillende afrondingspraktyke, 1990	248
9.9	Persepsie van respondente en evalueringaanslag van opnemers wat betref die doeltreffendheid van immunisering van dorperskape teen siektes en geslagsiektes, 1990	253
9.10	Persepsie van respondente en evalueringaanslag van opnemers wat betref die doeltreffendheid waarvolgens vir interne parasiete by dorperskape gedoseer word, 1990	259
10.1	Dorperboere volgens besettingspersentasiekategorieë uitgebeeld, 1990	264
10.2	Dorperboere volgens lammpersentasiekategorieë uitgebeeld, 1990	268
10.3	Speenpersentasie deur dorperboere volgens hul gegewens behaal, 1990	288
10.4	Relatiewe belangrikheid van oorsake van lamvrektes volgens die persepsie van dorperboere, 1990	301

LYS VAN TABELLE

TABEL	BLADSY
1.1 Die groei in dorpergetalle tussen 1963/64 en 1987 in die RSA en die verspreiding daarvan per provinsie	2
2.1 Klimaatsgewens van die opnamegebied (Dept. Landbou- Ontwikkeling: Landbouweerkunde, 1991)	30
2.2 Maatstawwe vir praktyktoepassing	40
2.3 Maatstawwe vir kennis van praktyke en ander aspekte van dorperboerdery	45
3.1 Aard van die dorperboerderye (ten opsigte van kudde en stoet) in die opnamegebied, 1990	49
3.2 Oppervlakte grond (hektaar) wat dorperboere besit, 1990	51
3.3 Oppervlakte grond (hektaar) deur dorperboere bygehuur, 1990	52
3.4 Oppervlakte (hektaar) besproeiingsgrond van dorperboere binne die opnamegebied, 1990	54
3.5 Ouderdom van dorperboere, 1990	55
3.6 Jare selfstandige boerdery-ondervinding van dorperboere, 1990	58
3.7 Dorperboere se jare selfstandige boerdery-ondervinding met dorperskape, 1990	59
3.8 Hoogste opvoedkundige kwalifikasies van dorperboere, 1990	60
3.9 Bywoning van junior kursus deur dorperboere, 1990	62
3.10 Bywoning van senior kursus deur dorperboere, 1990	62
3.11 Die drie populêrste inligtingsbronne van dorperboere, 1990	65
3.12 Mate waartoe dorperboere gedurende die afgelope jaar met voorligters kontak gemaak het, 1990	68
3.13 Mate waartoe dorperboere die plaaslike boerevereniging se vergaderings bywoon, 1990	70
3.14 Mate waartoe dorperboere aan die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika behoort, 1990	72
3.15 Die belang van lidmaatskap, volgens die persepsie van dorperboere, van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika, 1990	73
3.16 Belangrikste nadeel, soos geperspieer dorperboere, verbonde aan affiliasie tot die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika, 1990	76
4.1 Jaarlikse bruto inkomste per dorperooi volgens dorperboere se siening, 1990	81
4.2 Dorperboere se nagestreefde jaarlikse bruto inkomste per dorperooi, 1990	82
4.3 Die geperspieerde lampersentasie van dorperskape volgens	

	dorperboere, 1989	84
4.4	Die lampersentasie deur dorperboere nagestreef, 1990	85
4.5	Die lampersentasie (volgens gegewens) van dorperboere se dorperskape, 1990	85
4.6	Drie belangrikste metodes waardeur dorperboere hul doeltreffendheid wil verhoog, 1990	89
4.7	Die persepsie van dorperboere ten opsigte van die doeltreffendheid van hul dorperboerderye, 1990	91
4.8	Die persepsie van opnemers ten opsigte van die doeltreffendheid van respondente se onderskeie dorperboerderye, 1990	91
4.9	Die persepsie van dorperboere ten opsigte van rekordhouding wat met dorperboerdery verband hou, 1990	94
4.10	Die persepsie van opnemers ten opsigte van doeltreffendheid van dorperboere se rekordhouding wat met dorperboerdery verband hou, 1990	95
4.11	Kennis wat dorperboere ten opsigte van verskeie dorper-skaapboerdery- en bestuursaspekte openbaar, 1990	100
5.1	Mate waartoe dorperboere prikkelvoeding aan ooie voor paartyd gee, 1990	106
5.2	Doeltreffendheid, volgens opnemers, van prikkelvoeding van dorper-ooie voor paartyd, 1990	107
5.3	Doeltreffendheid, volgens dorperboere, van prikkelvoeding van dorperooie, 1990	108
5.4	Mate waartoe dorperboere prikkelvoeding aan dorperamme voor paartyd gee, 1990	111
5.5	Doeltreffendheid, volgens opnemers, van prikkelvoeding van ramme voor paartyd, 1990	112
5.6	Doeltreffendheid, volgens dorperboere, van prikkelvoeding van ramme, 1990	113
5.7	Doeltreffendheid, volgens opnemers, van voeding van dragtige en lakterende ooie, 1990	115
5.8	Doeltreffendheid van voeding van dragtige en lakterende ooie volgens dorperboere, 1990	116
5.9	Die gesindheid, volgens departementele voorligtingsbeamptes, van dorperboere teenoor weiveld en weiveldbeheer, 1990	118
5.10	Toestand, volgens die persepsie van dorperboere, van hul natuurlike weiveld, 1990	120
5.11	Mate, volgens die persepsie van die dorperboere, waartoe die natuurlike weiveld agteruit gaan, 1990	122
5.12	Dorperboere se kennis ten opsigte van die vasgestelde drakrag van die grond waarop huile boer, 1990	124
5.13	Dorperboere se persepsie wat betref die realisme van die vasgestelde drakrag, 1990	125

5.14	Mate waartoe dorperboere aan die drakragbepalings sal voldoen, 1990	126
5.15	Dorperboere se kennis wat betref die gedeelte van die toegelate vee wat verwyder moet word ten einde vir droogtehulp te kwalifiseer, 1990	127
5.16	Bepanning van dorperboere om toekomstige droogtesituasies te hanteer, 1990	128
6.1	Persoon of instansie verantwoordelik vir seleksie van dorperboere se dorperooie, 1990	132
6.2	Persoon of instansie verantwoordelik vir die seleksie van dorperboere se dorperramme, 1990	133
6.3	Vier populêrste eienskappe waarvoor dorperboere by kudde-dorperooie selekteer, 1990	134
6.4	Drie populêrste eienskappe waarvoor dorperboere by kudde-dorperramme selekteer, 1990	135
6.5	Gemiddelde prys van dorperboere se kudderamme, 1990	143
6.6	Pryse deur dorperboere vir kudderamme betaal, 1990	144
6.7	Die gehalte van kudde dorperramme volgens die persepsie van dorperboere, 1990	145
6.8	Metodes wat dorperboere gebruik om kudde-ooie vir ouderdom uit te skot, 1990	147
6.9	Doeltreffendheid van seleksie, volgens die persepsie van dorperboere, vir uitskot van dorperooie volgens ouderdom, 1990	148
6.10	Persentasie kudde-ooie uitgeskot deur dorperboere vir ouderdom en ander foute/probleme na afloop van die vorige lamseisoen, 1990	151
6.11	Metodes wat dorperboere gebruik om kudderamme vir ouderdom uit te skot, 1990	152
6.12	Doeltreffendheid van seleksie, volgens persepsie van dorperboere, vir uitskot van dorperramme volgens ouderdom, 1990	153
6.13	Metodes wat dorperboere toepas om oorslaanooie te identifiseer en uit te skot, 1990	156
6.14	Doeltreffendheid van seleksie vir vrugbaarheid by dorperooie volgens die persepsie van dorperboere, 1990	159
6.15	Die mate waartoe dorperboere meerlinge verwelkom, 1990	161
6.16	Belangrikste rede waarom dorperboere nie meerlinge verwelkom nie, 1990	162
6.17	Metodes wat dorperboere aanwend om meerlingooie en hul lammers te identifiseer, 1990	163
6.18	Bydrae, volgens dorperboere, wat die gebruik van meerlingramme maak tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n dorperkudde, 1990	164
6.19	Bydrae, volgens dorperboere, wat die seleksie van vervangingsooie uit meerlinge maak tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n dorperkudde, 1990	165

6.20	Metodes wat dorperboere gebruik om teen swak moederseienskappe te selekteer, 1990	167
6.21	Gepersipieerde bydrae, volgens dorperboere, wat die toets van ramme vir vrugbaarheid voor paring maak tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde, 1990	168
6.22	Doeltreffendheid, volgens die opnemers, waarvolgens dorperboere ramme vir vrugbaarheid voor paartyd selekteer, 1990	169
6.23	Doeltreffendheid, volgens dorperboere, van seleksie vir vrugbaarheid by kudderamme, 1990	171
7.1	Persentasie ramme deur dorperboere in ooiukuddes tydens paring gebruik, 1990	176
7.2	Gepersipieerde doeltreffendheid, volgens dorperboere, vir die persentasie ramme in ooiukuddes tydens paring, 1990	177
7.3	Die ouderdom waarop dorperboere hul jongooie vir die eerste maal paar, 1990	179
7.4	Kennis van dorperboere ten opsigte van die minimum massa (uitgedruk as persentasie van volwasse liggaamsmassa) waarop jongooie suksesvol gepaar kan word, 1990	180
7.5	Doeltreffendheid waarvolgens dorperboere hul jongooie paar om te verseker dat hulle beset raak, 1991	181
7.6	Doeltreffendheid van paring van jongooie volgens dorperboere, 1990	183
7.7	Die mate waartoe dorperboere koggelramme voor paartyd by ooie gebruik, 1990	185
7.8	Gepersipieerde bydrae, volgens dorperboere, wat gebruik van koggelramme maak tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde, 1990	186
7.9	Mate waartoe dorperboere ooie met meerlinge van ooie met enkelinge skei, 1990	188
7.10	Doeltreffendheid waarvolgens dorperboere, volgens die siening van die opnemers, toesig hou tydens lamtyd, 1991	189
7.11	Dorperboere se gepersipieerde doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd, 1990	190
8.1	Gepersipieerde bydrae wat die toepassing van 'n definitiewe paarseisoen maak tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde, 1990	193
8.2	Paringsfrekwensies soos deur dorperboere toegepas, 1990	194
8.3	Populêrste voordeel van 'n praktyk waar die ramme voortdurend by die ooie bly, 1990	195
8.4	Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar ramme voortdurend by die ooie bly, 1990	197
8.5	Populêrste voordeel van 'n praktyk waar ooie een maal per jaar gepaar word, 1990	199

8.6	Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar ooie een maal per jaar gepaar word, 1990	200
8.7	Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar ooie drie maal in twee jaar gepaar word, 1990	204
8.8	Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar ooie drie maal in twee jaar gepaar word, 1990	205
8.9	Mate waartoe dorperboere hul dorperooie met vetstert- of vetstuitrase kruis, 1990	210
8.10	Populêrste voordeel verbonde aan kruisteling van dorperooie met ramme van vetstert- of vetstuitperasse, 1990	211
8.11	Populêrste nadeel verbonde aan kruisteling van dorperooie met ramme van vetstert- of vetstuitperasse, 1990	212
8.12	Populêrste voordeel verbonde aan nie- kruisteling van dorperooie met ramme van vetstert- of vetstuitperasse, 1990	214
8.13	Populêrste nadeel verbonde aan nie- kruisteling van dorperooie met ramme van vetstert- of vetstuitperasse, 1990	215
9.1	Mate waartoe dorperboere hul ramlammers kastreer, 1990	219
9.2	Populêrste voordeel verbonde aan die kastrasie van ramlammers, 1990	220
9.3	Populêrste nadeel verbonde aan die kastrasie van ramlammers, 1990	220
9.4	Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers nie gekastreer word nie, 1990	223
9.5	Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers nie gekastreer word nie, 1990	224
9.6	Lewende massas waarop dorperboere hul slaglamms bemark, 1990 [N=130]	228
9.7	Ouderdom waarop dorperboere hul slaglamms bemark, 1990 [N=130]	229
9.8	Mate waartoe dorperboere verskillende afrondingspraktyke toepas, 1990	231
9.9	Mate waartoe dorperboere 'n alternatiewe afrondingspraktyk volg indien omstandighede verander, 1990	232
9.10	Redes wat daartoe lei dat dorperboere hul lamms volgens 'n alternatiewe praktyk afrond, 1990	233
9.11	Alternatiewe afrondingspraktyk deur dorperboere gevolg indien deur omstandighede vereis, 1990	235
9.12	Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar lamms direk van die moeder bemark word, 1990	236
9.13	Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar lamms direk van die moeder bemark word, 1990	237
9.14	Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar lamms direk van die moeder, maar met gee van kruipvoeding bemark word, 1990	240

9.15	Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van moeder, maar met die gee van kruipvoeding bemark word, 1990	241
9.16	Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers na speen op die plaas afgerond of na 'n voerkraal gestuur word, 1990	244
9.17	Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers na speen eers op plaas afgerond of na 'n voerkraal gestuur word, 1990	245
9.18	Die mate waartoe dorperboere hul dorpers teen sekere siektes en geslagsiektes immuniseer, 1990	249
9.19	Doeltreffendheid, volgens die persepsie van dorperboere, van immunisering teen siektes, 1990	250
9.20	Doeltreffendheid waarvolgens dorperboere, volgens die siening van opnemers, hul dorpers immuniseer teen siektes, 1990	252
9.21	Mate waartoe dorperboere hul skape vir interne parasiete doseer, 1990	254
9.22	Doeltreffendheid, volgens dorperboere, waarvolgens vir inwendige parasiete by dorperskape gedoseer word, 1990	255
9.23	Doeltreffendheid, volgens opnemers, waarvolgens dorperboere inwendige parasiete by hul dorpers beheer, 1990	256
10.1	Besettingspersentasie van dorperooie volgens die gegewens van dorperboere, 1990	263
10.2	Lampersentasie volgens die gegewens van dorperboere, 1990	267
10.3	Lampersentasie ooreenkomstig dorperboere se persepsie van die aantal meerlinggeboortes, 1990	269
10.4	Die verwantskap van afhanklike veranderlikes en biologies-tegniese veranderlikes	272
10.5	Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes op die lampersentasie van die hele opnamegebied en die vier voorligtingswyke, 1990	277
10.6	Die verwantskap van afhanklike veranderlikes en persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes	280
10.7	Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) biologies-tegniese veranderlikes op die lampersentasie in die hele opnamegebied en die vier voorligtingswyke, 1990	284
10.8	Speenpersentasie van dorperooie volgens die gegewens van dorperboere	286
10.9	Speenpersentasie volgens die persepsie van dorperboere, 1990	289
10.10	Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes op die speenpersentasie van die hele opnamegebied en die vier voorligtingswyke, 1990	291

10.11 Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) biologies-tegniese veranderlikes op die speenpersentasie in die hele opnamegebied en die vier voorligtingswyke, 1990	293
10.12 Lammortaliteit (%) vanaf geboorte tot speen volgens die rekords van dorperboere, 1990	296
10.13 Lammortaliteite (%) vanaf geboorte tot speen, volgens dorperboere se persepsie, 1990	297
10.14 Lammortaliteite (%) vanaf geboorte tot speen volgens dorperboere se persepsie van die aantal meerlinggeboortes, 1990	298
10.15 Belangrikste oorsaak van lamvrektes vanaf geboorte tot speen volgens die persepsie van dorperboere, 1990	299
10.16 Bruto inkomste, soos deur dorperboere gepersipeer, per dorperool behaal, 1989	302
10.17 Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) persoonlike, sosio- ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes op die bruto inkomste per ooi oor die hele opnamegebied en die vier voorligtingswyke, 1990	305
10.18 Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) biologies-tegniese veranderlikes op die bruto inkomste per ooi in die hele opnamegebied en die vier voorligtingswyke, 1990	308

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 DIE STATUS VAN DIE DORPERSKAAPBEDRYF

Volgens Maree (1987 : 3) is die verhaal van die dorper 'n sukses, veral in terme van die grootte van ons land, die veegetalle, die bevolking asook die relatiewe kort geskiedenis van die kleinveebedryf in Suid-Afrika. Die ras maak nog steeds uitstaande vordering en alhoewel dit oorspronklik vir die droër dele geteel is, word suksesvol daarmee geboer oor die hele Republiek van Suid-Afrika (Anoniem, 1988 : 6) en selfs buite die grense van die R.S.A. soos onder andere in Namibië (Hugo 1989 : 3), Zimbabwe (Campbell, 1989 : 10), die Negev-woestyn in Israel (Schoeman, 1987 : 8) en Mauritius (Stephen, 1988 : 19).

Volgens Marais en Schoeman (1990 : 4) het die dorper ongekende groei as 'n kleinveeras in Suid-Afrika ondervind sedert dit in 1950 as ras erken is. Die toename in getalle en die wye verspreiding van die dorper beklemtoon die feit dat daar werklik 'n behoefte was vir 'n vrugbare en produktiewe vleisproduserende ras vir die ekstensiewe en droë weigebiede en dat die dorperras hierdie behoefte bevredig het. So byvoorbeeld noem Roux (1989 : 29) dat die dorper, volgens sy kennis, die enigste nie-wol (alhoewel dit wel 'n bedekking het), nie-vetstert skaapras in die wêreld is. Die President van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika bevestig verder in sy Presidensiële verslag op 31 Augustus 1986 dat dié genootskap gegroei het tot die grootste kleinvee-vereniging in Suid-Afrika (Rosman, 1986 : 15). Die groot getal lede (866) van die Dorperskaaptelersgenootskap in 1989 (Bosman, 1989 : 3) word daaraan toegeskryf dat die dorper 'n ras is wat ekonomiese slagskape van uitmuntende gehalte produseer - van die mees ekstensiewe weistreke tot die meer intensiewe hoër reënvalgebiede.

Tabel 1.1 toon die skouspelagtige groei in dorperskaapgetalle aan.

Tabel 1.1 Die groei in dorpergetalle tussen 1963/64 en 1987 in die RSA en die verspreiding daarvan per provinsie (Marais & Schoeman, 1990 : 4)

Pro- vinsie	Dorpergetalle per provinsie					
	1963/64		1976		1987	
	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Kaap	1988002	74,9	4042725	77,7	2788872	41,7
OVS	457293	17,2	825152	15,9	3125171	47,1
Tvl	194084	7,3	285430	5,5	638977	9,6
Natal	15952	0,6	46707	0,9	106163	1,6
Totaal	2656021	100	5200014	100	6635183	100

Die dorper het ook spoedig 'n gevestigde ras in buurlande geword en volgens Hugo (1989 : 3) het die dorper, wat getalle betref, die Karakoel in 1989 in Namibië oortref. Volgens die outeur maak dit in 1989 sowat 45 persent uit van die totale skaapbevolking in Namibië. Ook in die RSA het die dorper 'n belangrike ras geword en volgens Campbell (1989 : 5) is dit, naas die merino, die tweede grootste skaapras in Suid-Afrika. Volgens Buitendag (1989 : 28) is die dorperas verreweg die oorheersende skaapras in Zimbabwe en is meer as 80 persent van die ramme wat in dié land verkoop word dorpers. Boonop het Zimbabwe die plek geword waarvandaan dorpers na ander Afrika-lande soos Zambië, Kenia, Ethiopië, Malawi, Burundi en Rwanda uitgevoer word.

Aangesien die Vleisraad slegs rekord hou van die totale aantal slagtings in beheerde gebiede, kon geen inligting ten opsigte van die aantal dorpers wat in die beheerde gebiede geslag is, bekom word nie. Volgens Meiring (1992 : persoonlike mededeling) is daar in 1991 'n totaal van 6 315 171 skape in die beheerde gebiede geslag. Dit is dus duidelik dat die ongeveer 6,6 miljoen dorpers (Tabel 1.1) met 'n gemiddelde lampersentasie van 103,8 persent (Tabel 4.5) 'n belangrike bydrae tot die totale aantal slagtings in beide die beheerde en nie-beheerde gebiede behoort te lewer.

Teen die agtergrond van die belangrike rol wat die dorperskaap in die klein-veebedryf van die Republiek van Suid-Afrika speel en die relatief min wetenskaplik gefundeerde inligting beskikbaar oor hierdie populêre ras, is hierdie ondersoek geloods.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN TEORETIESE BEREDENERING

Volgens Koch (1986 : 19) word algemeen aanvaar dat voorligting 'n verbintenis is om mense te help om hulself te help. Dit is dus in wese 'n oorreringsproses. Mulder (1984 : 11) noem dat oorrering so oud is soos die mensdom self. Reeds in die Griekse en Romeinse tyd is aandag gegee aan oorrering. Volgens Walter (1982 : 113) was Aristoteles se *Rhetorica* vir meer as 2000 jaar die mees gesaghebbende bron oor oorrering.

Van der Wateren (1980 : 33) noem dat Suid-Afrikaanse voorligting dieselfde uitgangspunt het as voorligting in die VSA, naamlik om te begin waar die boer of kliënt hom bevind. Volgens hom is die twee kritiese vrae dan:

- (1) Waar bevind die kliënt of boer hom?
- (2) Watter inligting is nodig om te begin met 'n voorligtingsprogram met die oog op doelgerigte landbou-ontwikkeling?

Dit wil voorkom asof daar dikwels onduidelikheid is oor die kritiese vraag soos deur Van der Wateren geformuleer, te wete: "Waar bevind die boer hom?". Terblanche (1987 : 5) identifiseer die min wetenskaplike voorligtingkundige navorsing wat ten opsigte van angorabokboerdery onderneem is, as een van die grootste probleme in dié bedryf. Die gevolg is dat daar geen beproefde doeltreffendheids- en praktyktoepassingsnorme bestaan nie. Dit skep 'n situasie waar die oordraging van kennis aan 'n gehoor dikwels geskied sonder dat die probleme en behoeftes bekend en duidelik gedefinieer is. 'n Soortgelyke probleem is deur die skrywer in die dorperskaapbedryf geïdentifiseer en gevolglik is hierdie ondersoek geloods.

Volgens Van Zyl (1967 : 11) moet die navorser in die sosiale wetenskappe hom dit ten doel stel om die verband tussen 'n bepaalde situasie waarin mense hul bevind en die gedrag wat daaruit volg, te bepaal. So sal 'n bepaalde droogtesituasie daartoe lei dat boere makliker beïnvloed word om kuiltvoer te maak of damme te bou.

Volgens die outeur is die verband tussen die situasie en gedrag die motief. Die voorligter moet daarom die situasie gedurig ondersoek om te bepaal waartoe dit aanleiding gee. Dit blyk dus dat 'n volledige situasiebepaling by dorperskaapboere

in die tradisionele dorperskaapgebiede 'n oplossingsmoontlikheid vir die geïdentifiseerde probleem (die min wetenskaplike voorligtingkundige inligting ten opsigte van dorperskaapboerdery) kan bied. Düvel (1987 : 1) stel die driedelige doelwit van 'n situasiebepaling as volg:

- (1) Die identifisering van probleme en die omvang daarvan asook die prioriteitsvolgorde van sodanige probleme.
- (2) Die voorsiening van 'n basislyn of verwysingspunt vir die doel van latere evaluasie.
- (3) Die voorsiening van 'n basis vir doelgerigte en wetenskaplike gedragsverandering.

Die vraag ontstaan dus watter inligting met behulp van die situasiebepaling ingewin moet word ten einde die geïdentifiseerde probleem doeltreffend op te los. Volgens Van der Wateren (1980 : 33) is dit juis in hierdie verband dat die tegniek van probleemkonseptualisering en -identifisering die moontlikheid bied om riglyne te vind wat betref die inligting van bestaande (of vermoedelik bestaande) probleme of probleemfasette wat ingesamel moet word asook wat die aangewese oplossings- en voorligtingstrategieë behoort te wees. Volgens Düvel (1980 : 26) voorsien so 'n konseptualisering die basis vir 'n gedetailleerde situasiebepaling met die oog op 'n doelgerigte kommunikasieprogram. Dit kan ook as 'n probleemoplossingstegniek met teikengehore gebruik word ten einde kennis oor te dra en insae in die probleemkompleks te verskaf.

Dit blyk dus dat die probleemkonseptualiseringstegniek, soos voorgestel deur Düvel (1987 : 6-9), met vrug gebruik kan word om te bepaal watter inligting deur middel van die situasiebepaling ingewin moet word.

Indien die geïdentifiseerde probleem, te wete die min wetenskaplike voorligtingkundige navorsing ten opsigte van die dorperskaapbedryf, gekonseptualiseer word, kan dit gedoen word aan die hand van die verwantskap tussen die hoofgroepe van gedragsbepalende veranderlikes. Hierdie verwantskap word grafies in Figuur 1.1 voorgestel.




FIG. 1.1 VERWANTSKAP TUSSEN DIE HOFGROEPE VAN GEDRAGSBEPALLENDE VERANDERLIKES (Düvel, 1987 : 4)

Bogenoemde sluit baie goed aan by Lewin (1947 : 239) se siening dat die gedrag (G) van 'n persoon gesien kan word as 'n funksie (f) van sy persoon (P) en sy subjektief gepersipeerde omgewing (O).

Die relevante faktore wat in die situasie-analise bepaal moet word, sal aan die hand van Figuur 1.1 bespreek word.

1.2.1 PSIGOLOGIESE VERANDERLIKES

Uit Figuur 1.1 is dit duidelik dat die psigologiese of menslike veranderlikes, soos Koch (1985a : 11) dit noem, in die onafhanklike en bemiddelende veranderlikes verdeel kan word.

1.2.1.1 ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES

Volgens Marincowitz (1990 : 28) is die onafhanklike veranderlikes hoofsaaklik gegewe en 'n voorligter kan nie veel doen om dit te verander nie alhoewel dit in aanmerking geneem moet word.

Aanduidings, ondersteun deur navorsingsbevindings, dui daarop dat veranderlikes in hierdie kategorie slegs 'n indirekte invloed op besluitneming en gevolglik die veldkragte het. Hierdie inligting gee egter die voorligter groter insig in en begrip vir die boere se aksies en reaksies omdat hy sekere aanleidende verwantskappe kan waarneem en verstaan. Die voorligter kan gevolglik gedrag beter antisipeer (Düvel, 1987 : 6).

De Klerk, Düvel en Terblanche (1983 : 24) en Terblanche (1987 : 110) identifiseer verskeie onafhanklike veranderlikes wat in so 'n situasiebepaling vasgestel moet word. Dit sluit onder andere die volgende in, naamlik verskeie aspekte van grondgrootte, boerderyondervinding, opleiding en produksiegebied. Hierdie veranderlikes is ook in hierdie studie as belangrik geïdentifiseer en sal gevolglik ook ondersoek word.

1.2.1.2 BEMIDDELENDE VERANDERLIKES

Dit wil voorkom asof bemiddelende veranderlikes 'n belangrike rol speel in die aanvaarding van verbeterde praktyke. De Klerk (1979 : 257) het byvoorbeeld gevind dat die bemiddelende veranderlikes 'n nouer verwantskap toon met verbeterde praktykvoering as die persoons- en omgewingsfaktore.

Volgens Figuur 1.1 is behoefte, persepsie en kennis as bemiddelende veranderlikes geïdentifiseer. Die rol van elk sal vervolgens bespreek word.

1.2.1.2.1 BEHOEFTE, ASPIRASIES EN DOELWITTE

Volgens Maslow (1954 : 80-91) vorm behoeftes die basis van menslike gedrag. Hierdie basiese behoeftes rangskik hulself in 'n redelike

definitiewe hiërargie op die basis van relatiewe sterkte. Die klassifikasie van menslike behoeftes word in Figuur 1.2 grafies voorgestel.




FIG. 1.2 DIE KLASSEKASIE VAN MENSlike BEOEFTE (MASLOW, 1954)

Hierdie groep veranderlikes is baie belangrik, want volgens Maslow (1954 : 102) word gedrag bepaal deur óf 'n paar van óf al die basiese behoeftes gelyktydig. Sekere van hierdie behoeftes, soos byvoorbeeld die behoefte aan veiligheid, behorendheid, liefde en respek kan slegs deur ander persone bevredig word, dit wil sê van buite die persoon (Maslow, 1962 : 33).

Volgens Marincowitz (1985 : 11) word 'n persoon aangevuur, of eintlik getrek, deur groeibehoeftes (growth needs) in teenstelling met die laer behoeftes (lower needs) wat 'n persoon dryf of stoot. Koch (1986 : 19) noem dat daar moontlik 'n onderskeid getref moet word tussen die dryfkrag van 'n behoefte, geassosieer met die begeerte om weg te breek van die bestaande situasie aan die een kant en die trekkrags van 'n behoefte, geassosieer met die psigologiese aantreklikheid van 'n nagestreefde doelwit aan die anderkant. Dit versterk die vermoede dat motivering gesien kan word as die somtotaal van behoeftes (as dryfkragte) en aspirasies (as trekkrags).

Taan hierdie agtergrond noem Marincowitz en Düvel (1987 : 12) dat dit daarom nodig is om die rol van behoeftes relatief tot ander gedragbepalende faktore te oorweeg. Volgens Düvel (1987 : 4) is die speelbeeld van behoeftes, naamlik doelwitte of aspirasies belangrik, want slegs deur die bereiking van doelwitte kan die behoeftes bevredig word. Doelwitte kan dus gesien word as dit waardeur die meer basiese behoeftes bevredig kan word. Die volgende kategorieë of tipes doelwitte is in die praktyk belangrik en behoort daarom deel van 'n situasiebepaling te wees:

- (1) Die primêre- of strewingsdoelwit. Dit verwys na die oorkoepelende doel waarna 'n individu of kliënt streef, soos byvoorbeeld boerderysukses, maksimum wins, maksimum opbrengs, ens. Hulle verteenwoordig die primêre fokuspunt of doelwit (D) van die psigiese veld.
- (2) Sekondêre doelwitte, wat in wese middele ter bereiking van die primêre strewingsdoelwit is, byvoorbeeld hoër inkomste of wins deur horisontale of vertikale uitbreiding.
- (3) Tersiêre doelwitte (praktykbehoefte). Dit word beskou as middele ter bereiking van die sekondêre doelwitte (Düvel, 1982 : 28-29). Toepaslike voorbeelde is byvoorbeeld verbeterde voedings- of seleksiepraktyke.

Die verskillende kategorieë of tipes doelwitte word skematies in Figuur 1.3 voorgestel.

Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat 'n persoon sekere hindernisse mag ervaar op die pad na doeltbereiking. Botha (1986 : 26) haal vir Payr en Sülzer (1981) aan om te illustreer hoe hindernisse of negatiewe kragte ondervind kan word op pad na die doel, wat volgens Düvel (1987 : 3) 'n aantrekkingskrag uitoefen as 'n positiewe valens of -krag. Dit word grafies in Figuur 1.4 voorgestel.




FIG. 1.3 PSIGOLOGIESE VELDMODEL VAN 'N PERSOON (P) MET ALTERNATIEWE SEKONDÊRE (SG) EN TERSIÊRE DOELWITTE (TG) AS MIDDELE TER BEREIKING VAN DIE PRIMÊRE DOEL (D) OF ASPIRASIE (DÜVEL, 1987 : 4)




FIG. 1.4 MODEL VAN DIE PSIGOLOGIESE VELDMODEL (PAYR & SÜLZER, 1981 - AANGEHAAL DEUR BOTHA, 1986 : 26)

Die omvang van hindernisse vir die persoon op sy weg na doelwitbereiking, is van groot belang by menslike gedrag en oefen groot beheer uit oor die persoon se behoeftes tot handeling (Marincowitz, 1985 : 21). Navorsers (De Klark *et al.*, 1983 : 24; Terblanche, 1987 : 11) bevestig dat dit nie net die aard nie, maar ook die omvang van die hindernisse is wat van belang is.

Daar sal dus in hierdie studie nie net aandag gegee word aan die doelwitte of behoeftes nie, maar ook aan die aard en omvang van die gepersepieerde hindernisse op die pad na doelbereiking.

Heyns en Düvel (1980 : 3) aanvaar, in 'n ondersoek na die rol van strewe as 'n gedragsbepalende faktor by oortreders van die grondbewaringswet, dat binne 'n kapitalistiese bestel geld en wat daarmee gekoop kan word, grootliks in die basiese behoeftes van die mens kan voorsien. Volgens die outeurs kan daar, in die lig van bogenoemde, verwag word dat netto boerderyinkomste 'n belangrike gedragsbepalende rol sal speel, beide as 'n strewingsobjek en as middel ter bereiking van ander behoeftes of strewes.

Vir die doel van hierdie studie is die jaarlikse bruto inkomste per dorperooi waarna gestreef word, gebruik ten einde die primêre- of strewingsdoelwit te bepaal. Deur dit te vergelyk met die huidige jaarlikse bruto inkomste per ooi kan die omvang of sterkte van die primêre- of strewingsdoelwit bepaal word.

Aangesien die sekondêre doelwitte in wese middele ter bereiking van die primêre doelwit is, moet vasgestel word wat die aard en omvang daarvan is. Daar 'n horisontale uitbreiding (aankoop of byhuur van meer grond) buite die bestek van hierdie studie val, sal die strewe van elke respondent in terme van vertikale uitbreiding bepaal word. Dit sal gedoen word aan die hand van die bepaling van respondente se strewes om hul lampersentasies te verhoog.

Vervolgens moet vasgestel word wat die aard en omvang van die tersiêre doelwitte is waardeur die sekondêre en primêre doelwitte bereik wil word. In hierdie studie sal dit gedoen word deur te bepaal hoe respondente te werk sal gaan om die doeltreffendheid van hul onderskeie

dorperskaapboerderye te verhoog en om dan telkens die drie belangrikste geïdentifiseerde metodes in volgorde van afnemende belangrikheid te rangskik.

Soos reeds aangedui, is dit ook noodsaaklik dat die hindernisse op die pad na doelbereiking, asook die omvang van sodanige hindernisse, geïdentifiseer moet word. Respondente sal daarom gevra word om die drie belangrikste probleme (in volgorde van afnemende belangrikheid) in hul poging om die doeltreffendheid van hul dorperskaapboerderye te verhoog, te identifiseer. Ten einde die omvang van hierdie hindernisse te bepaal, sal respondente gevra word om die grootte van die geïdentifiseerde probleme aan die hand van 'n 10-puntskaal, waar 10 baie belangrik en een onbelangrik is, te kwantifiseer.


1.2.1.2.2 Persepsies

Lewin (1946 : 243) verklaar dat daar 'n verskil is tussen die werklike wêreld en die subjektief gepersipieerde wêreld en dat dit daarom onmoontlik is om menslike gedrag te bestudeer sonder om ook sy gepersipieerde wêreld om hom in ag te neem. Dit is omdat wat objektief voorkom in die proses van persepsievorming, gefilter word deur die mens se behoeftes, gemoedstoestand, geestesingesteldheid, vorige ondervindings, verwagtings, strewes, referensiekader, persoonlikheid, ensovoorts en daardeur kan doelbewuste distorsie, selektiewe blootstelling en begripsvoltooiing verklaar word (Düvel, 1980 : 22).

Volgens Koch (1987 : 19) kan sulke subjektiewe persepsies aanleiding gee tot verwronge behoeftes. Dit kan tot die volgende lei:

- (1) 'n objektiewe behoeftereeks,
- (2) 'n oorwaardering van die behoeftereeks of
- (3) 'n onderwaardering van die behoeftereeks.

Dié behoeftereekse word grafies in Figuur 1.5 voorgestel.

**Skutel:**

- A = Behoefterees sonder verwronging
 B = Behoefterees met oorskatte verwronging
 C = Behoefterees met onderskatte verwronging
 D = Behoefterees met oorskatte verwronging
 E = Behoefterees met oorskatte verwronging

FIG. 1.5 'N ILLUSTRASIE VAN MOONTLIKE BEHOEFTEVERWRONGINGS (KOCH, 1987 : 19)

Volgens die navorsingsbevindings van verskeie navorsers (Düvel, 1975; Louw, 1976; De Klerk, 1980 - soos aangehaal deur Rix & Düvel, 1985 : 2) is dit veral die minder progressiewe boer of laat aanvaarder wat sy eie doeltreffendheid of situasie oorskat. Marincowitz (1985 : 240-242) het byvoorbeeld by swakke boere 'n wanpersepsie (oorskating van hul huidige relatief lae doeltreffendheidsvlakke ten opsigte van doeltreffendheidsmaatstawwe en praktyke) as een van die oorsake van lae stres na optimale boerbokboerdery geïdentifiseer. Daarteenoor is gevind dat beter bokboere se huidige en nagestreefde doeltreffendheidsvlakke baie hoër is as dié van swakke boere. Hierdie oorskating verminder die behoefte-spanning en gevolglik ook die neiging tot gedragsverandering.

Kashem (1986 : 11) som dit baie goed op wanneer hy noem dat, om eenvoudig die aanvaarding van 'n innovasie as rasioneel en goed en die nie-aanvaarding as irrasioneel en dom te beskou, is om nie te verstaan dat innovasiebesluite idiosinkraties en partikularisties is nie. Dit is gebaseer op die individu se persepsie(s) van die innovasie en meer spesifiek die eienskappe van die innovasieproses, wat volgens Rogers (1983 : 211) die volgende is:

- (1) relatiewe voordeel,
- (2) verenigbaarheid,
- (3) kompleksiteit,
- (4) toetsbaarheid en
- (5) waarneembaarheid.

Volgens Zimbardo (1969 : 161) sal die aanvaarding van 'n nuwe praktyk dus verband hou met 'n persoon se motivering om suksesvol te wees of 'n vorige mislukking(s) wat hy nog kan onthou.

Düvel (1980 : 22) voel dat 'n ontleding van persepsie, as onmiddellike voorloper tot gedrag, die voorligter van alle nodige inligting voorsien vir sistematiese en doelgerigte gedragsverandering.

Na aanleiding hiervan moet daar dus ondersoek ingestel word na die persepsies van die respondente ten opsigte van hul eie doeltreffendheid wat betref al die produksiepraktyke soos geïdentifiseer as die afhanklike veranderlikes.

1.2.1.2.3 Kennis

Koch (1985b : 149) stel dit dat kennis hoofsaaklik 'n regulerende funksie het in dié sin dat besluitneming in die teenwoordigheid van kennis meer objektief word. Irrasionaliteit, oorambisieuse en ekonomiese irrasionele besluitneming word waarskynlik veroorsaak deur 'n relatief hoë strewingspanning sonder voldoende kundighedsrugsteuning. Terblanche (1987 : 228) sluit hierby aan en noem dat 'n goeie kennis van bestuursaspekte en boerderypraktyke die basis vorm van rasionele besluitneming wat die doeltreffendheid van die boer positief kan beïnvloed. Die outeur bevind dat kennis oor angorabokboerdery 'n hoogs betekenisvolle verwantskap ($P < 0,001$) toon met onder andere strewes en die perseptuele doeltreffendheid vir die toepassing van die belangrikste voedings-, siektebeheer- en reproduksiepraktyke.

Düvel (1987 : 5-6) onderskei tussen die volgende kategorieë van kennis:

- (1) basiese kennis of kennis van beginsels,
- (2) kennis wat verband hou met bewustheid van die voordele (relatiewe voordele) en
- (3) kennis in verband met die toepassing van 'n innovasie of praktyk.

Volgens die outeur is veral die eerste twee tipes aan mekaar verwant. Vanuit 'n motiveringsoogpunt egter is dit eintlik net die kennis aangaande die relatiewe voordeel (2) wat belangrik is. Op hierdie wyse sal die voorligter 'n aanduiding kry van watter potensiële positiewe kragte teenwoordig of afwesig is. Hierdie tipe inligting kan beskou word as deel van die wyer konsep van persepsie. Dit behoort daarom die meeste aandag te geniet in situasiebepalings wat oorrëding voorafgaan. In die geval van situasiebepalings wat aksies, gemik op die toepassing van korrekte praktyke (waar praktyktoepassing verkeerd is) voorafgaan, is basiese kennis of kennis van beginsels (1) en kennis in verband met die toepassing van 'n innovasie of praktyk (3) meer belangrik. Praktiese kennis (3) is een van die laaste areas waardeur beweeg moet word voor doelwitbereiking.

Vir die doel van hierdie studie sal die basiese kennis of kennis van beginsels (1) en die kennis in verband met die toepassing van 'n innovasie of praktyk (3) saam gegroepeer word. Na wye persoonlike konsultasie met 'n aantal kundiges in 1989 (Campbell, Coetzee, Connan, Strauss, Terblanche, Van Niekerk), is sekere kennisvrae geïdentifiseer. Dit is gebruik vir die bepaling van die respondente se basiese kennis en die kennis in verband met die toepassing van 'n aantal praktyke of innovasies. In die bespreking van die bevindinge sal hierdie twee tipes kennis dus saam bespreek word.

Met behulp van dieselfde kundiges hierbo genoem, is vier praktyke geïdentifiseer wat besondere aandag in dorperboerdery verdien en dit sal dus spesiaal uitgesonder word in hierdie studie. Die respondente se kennis ten opsigte van die bewustheid van die voor- en nadele van dié praktyke sal getoets word. Die geïdentifiseerde praktyke is :

- (1) teelpraktyke,
- (2) kastrasie van ramlammers,
- (3) afronding van lammers en
- (4) kruisteling.

1.2.2 TEGNIESE/AFHANKLIKE VERANDERLIKES

Volgens Figuur 1.1 is die afhanklike veranderlikes ook van belang in 'n situasiebepaling en daarom is ondersoek hierna ingestel.

1.2.2.1 PRAKTYKAANVAARDING

Verskeie navorsers (De Klerk *et al.*, 1983 : 11; Terblanche, 1987 : 11) het reeds navorsing gedoen ten opsigte van die praktyke wat ondersoek behoort te word in die produksiesiklus van onderskeidelik wolskape en angorabokke. Die aard en belang van hierdie produksiepraktyke, in

terme van dorperskaapboerdery, sal vervolgens bespreek word ten einde dié aspekte wat toegelig behoort te word, te identifiseer.

1.2.2.1.1 Teel- en seleksiepraktyke

Seleksie beteken dat daar in 'n populasie of kudde 'n onderskeid gemaak word in die waarskynlikheid van die reproduksie van verskillende individue (Nel & Basson, 1968 : 514). Dit impliseer dus dat die meer voortreflike diere 'n groter kans of waarskynlikheid het om te reproduseer en dat die nageslag dus uit 'n groter proporsie van voortreflike diere sal bestaan as wat die geval sou wees as keuring en seleksie nie toegepas is nie. Jordaan (1968 : 20) stel dit as 'n belangrike vereiste in kuddeteling dat 'n streng stelsel van keuring en seleksie toegepas moet word. Volgens Campbell (1983 : 5) egter word teling deur te veel wanbegrippe en onbewese teorieë gekompliseer. Nogtans is seleksie die maak- of breekpunt van enige stoetery of kudde.

Omdat die handhawing van die kwaliteit van 'n kudde in 'n groot mate bevorder of vernietig word deur goeie of swak seleksie (Basson, Labuschagne, Ellis, Kotze, Barnard & Van Rensburg, 1968 : 185), moet daar ondersoek ingestel word na die persoon of instansie wat die seleksie van onderskeidelik die kudderamme en -ooie behartig of waarneem.

Volgens Robertson (1983 : 485) is die definisie van seleksiedoelwitte van kritieke belang vir elke skaapteler aangesien dit die sukses van die skaapboerdery sal bepaal. Die seleksiedoelwitte moet gemik wees op die bevordering van dié eienskappe wat tot die sukses van die boerdery sal lei. In die geval van dorperskaapboerdery behoort die seleksiedoelwitte dus te wees om soveel moontlik lammers, wat ook baie goed kan groei, aan te kry. Dit is dus van belang om die eienskappe waarvoor geselekteer word duidelik te omlyn en dan daarvoor te selekteer. Navorsing oor die jare het op sekere parameters gewys met behulp waarvan die sukses van kleinveeboerdery bevorder kan word.

Volgens Cloete en De Villiers (1987 : 8) beïnvloed ooi-ouderdom reproduksie. Volgens die outeurs blyk dit dat die aantal lammers gebore en gespeen per 100 ooie gepaar, toeneem met ooi-ouderdom om 'n

maksimum op vyf tot ses jaar te bereik, waarna dit neig om af te neem. As in ag geneem word dat lammers met moeders van sewe jaar en ouer swakker groei en dat min ooi-ouderdomsgroepe vir vinnige teelvoordering nodig is, beveel die outeurs aan dat ooie na hul sesde lamgeleentheid uitgeskot word.

Dit is dus duidelik dat ondersoek ingestel sal moet word na die doeltreffendheid van seleksie vir ouderdom by kudde-ooie.

Cloete en De Villiers (1987 : 8-9) het verder ook bevind dat die geboortestatus van 'n ooi 'n invloed op haar reproduksie sal hê. Die vooruitsigte om vir meerlinge te selekteer, deur ooie wat as meerlinge gebore is vir vervanging te hou, is dus gunstig. Volgens Bindon en Piper (1976 : 357-371) behoort seleksie vir ooie met meerlinge, weens die hoë herhaalbaarheid (4-28 persent) en oorerflikheid (4-26 persent) van hierdie eienskap, meer doeltreffend te wees in die verhoging van lewenslange reproduksie as seleksie teen oorslaan-ooie. Seleksie moet nogtans daarop toegespits wees om ooie wat oorslaan of hul lammers verloor, te identifiseer en uit te skakel (Van Dyk, 1985 : 17; Cloete & De Villiers, 1987 : 9). Volgens Cloete (1990 : 11) blyk dit dat herhaalde mislukkings van 'n klein persentasie ooie om te lam en hul lam(mers) tot op speenouderdom groot te maak, grootliks tot totale reproduksieverliese in 'n kudde bydra. Daar moet dus teen sulke ooie gediskrimineer word deur hulle te prul.

Ondersoek moet daarom ingestel word na seleksie vir meerlinge, vrugbaarheid en teen swak moederseienskappe.

Dit is ook belangrik om duidelike riglyne ten opsigte van die seleksie van ramme te hê. Campbell (1988 : 16) meld byvoorbeeld dat die probleem van onvrugbaarheid, gebrek aan libido en testikelprobleme by verskeie skaap- en bokrasse gereeld opduik. Coetzee (1989 : 10) wys ook daarop dat dit baie belangrik is om voor paartyd alle gebruiksramme vir vrugbaarheid te laat toets en bakteriologiese toetse op saadsmere uit te voer om vas te stel of daar nie ander probleme, soos byvoorbeeld geslagsiektes, is nie. Ondersoek moet dus ook ingestel word na die mate waartoe vir vrugbaarheid by dorperamme geselekteer word.

1.2.2.1.2 Bestuurspraktyke voor en tydens paartyd

Volgens Campbell (1983 : 43) het die dorper 'n redelike lang teel-seisoen, maar vanaf September tot einde Desember is dorperooie geneig om minder geslagsaktief te wees. Anoniem (1988 : 2) noem dat die dorper oor 'n lang teel-seisoen, wat nie seisoensgebonde is nie, beskik. 'n Bestuurder kan dus sy program so beplan dat lammers enige tyd van die jaar aankom.

'n Vooraanstaande dorperboer (Visagie, 1990 : 13) gebruik drie vaste paarseisoene alhoewel elke ooi net een maal per jaar lam. Hierteenoor noem Anoniem (1988 : 2) dat die dorperooi onder goeie veldtoestande en met goeie bestuur drie keer in twee jaar kan lam. Uit persoonlike mededelings deur 'n aantal kundiges in 1989 (Campbell, Terblanche, Van Niekerk) blyk dit dat dorperboere verskillende paringsfrekwensies toepas, naamlik hulle:

- (1) paar hul ooie een maal per jaar,
- (2) paar hul ooie drie keer in twee jaar en
- (3) die ram(me) is voortdurend by die ooie (met ander woorde aanhoudende paring).

Dit word as belangrik beskou om vas te stel in watter mate elk van hierdie drie praktyke deur die dorperboere toegepas word.

Volgens Cloete (1990 : 11) sal ooie wat op tweetand-ouderdom geen lammers gespeen het nie (nie gelam het nie of al hul nageslag verloor het), in later jare 15 persent minder lammers per paring speen as hul tydgenote wat minstens een lam gespeen het. Spesiale sorg moet aan die dag gelê word om te verseker dat sodanige jongooie doeltreffend gepaar word. Coetzee (1989 : 7) noem byvoorbeeld dat 'n hoër besettingspersentasie verwag kan word as jongooie apart van volwasse ooie gepaar word. Dit is dus 'n belangrike praktyk wat in hierdie studie ondersoek behoort te word.

Volgens Coetzee (1989 : 6) is koggelramme uiters geskik om ooie te stimuleer om op hitte te kom. 'n Verdere voordeel is dat 'n korter lamperiode verkry word wat weer bestuur vergemaklik. Volgens die outeur lam ongeveer 80 persent van die ooie gedurende die eerste 14 dae en het 90-100 persent van die ooie klaar gelam binne die eerste 21 dae van die lamseisoen. Onderzoek sal ingestel word na die mate waartoe koggelramme gebruik word.

Cloete (1972 : 245) noem dat die liggaamsmassa van die ooi tydens paring 'n betekenisvolle invloed uitoefen op die tempo van ovulasie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die liggaamsmassa met behulp van voeding gemanipuleer kan word.

Dit is eerstens noodsaaklik dat die teelooie in 'n goeie kondisie met paring moet wees. Volgens Campbell (1983 : 43) moet daar egter gewaak word teen oorvoerde ramme of ooie.

Tweedens dui navorsing (Coetzee, 1989 : 5) daarop dat 'n toename in die voedingspeil van ooie gedurende die laaste drie weke voor paring 'n massatoename veroorsaak. Laasgenoemde sal lei tot 'n verhoging in die ovulasietempo en gevolglik ook die lampersentasie. Volgens die outeur kan prikkelvoeding lei tot 'n verhoging van ongeveer 10 en selfs tot 20 persent in die lampersentasie mits die gemiddelde lampersentasie van die kudde nie meer as 20 persent meer is as die gemiddelde lampersentasie van die streek nie.

'n Verhoging in voedingspeil beteken nie noodwendig byvoeding nie, maar indien ooie in kampe met beter weiding of spaarkampe geplaas word, sal betekenisvolle resultate ook verkry word. Daar sal dus ondersoek ingestel word na die mate waartoe prikkelvoeding by beide ramme en ooie toegepas word, asook na die doeltreffendheid daarvan.

1.2.2.1.3 Voeding van dragtige en lakterende ooie

Volgens Spedding (1970 : 198) maak die inname van voer tydens dragtigheid van ooie 'n betekenisvolle gedeelte uit van die totale hoeveelheid voer benodig in 'n jaar. In die meeste gevalle is die benodigdhede eers krities in die tweede helfte van dragtigheid. Voervoorsiening raak egter krities in die laaste ses weke voor parturisie (Spedding, 1970 : 198; Robinson, 1983 : 11). Van der Merwe (1988 : 184) noem dat swak voeding gedurende die laaste periode van dragtigheid tot groot verliese onder ooie aanleiding kan gee as gevolg van 'n metaboliese versteuring, wat tot dragtigheidsstoksemie (domsiekte) lei. Die voeding van die ooi gedurende die laaste 40 tot 50 dae van die dragtigheidsperiode het volgens die outeur 'n besondere invloed op die grootte en vitaliteit (lewenskragtigheid) van die lam by geboorte.

Van der Merwe (1988 : 185) noem verder dat die oorlewingskanse van die lam en sy groeiselheid gedurende die eerste twee tot drie maande in 'n groot mate afhang van die voeding van die ooi gedurende laat-dragtigheid en laktasie.

Ondersoek sal daarom ingestel moet word na die doeltreffendheid van die voeding van die dragtige en lakterende ooi deur dorperboere.

1.2.2.1.4 Bestuurspraktyke tydens lamtyd

Cloete (1991 : 12) beweer dat die belangrikste oorsaak van lammervrektes swak bestuur is. Volgens die outeur is goeie bestuur tydens lamtyd van kardinale belang indien mortaliteit as gevolg van moeilike geboortes asook verhongering, blootstelling en verwaarlosing deur swak moeders beperk wil word. Alhoewel bestuur op 'n plaas afhang van faktore soos topografie, klimaat, beskikbare voeding en die boer se bestuursvermoë, moet daar 'n praktiese bestuurstelsel uitgewerk word wat die lam se kanse om te oorleef, sal verbeter.

Volgens Coetzee (1989 : 13) kan die lae speenpersentasie by skape (80 persent) in Suid-Afrika in 'n groot mate toegeskryf word aan die lamvrektes tydens geboorte (probleme met bevalling en veral lammers

swaarder as vyf kilogram) en die eerste drie tot sewe dae na geboorte (veral lammers ligter as drie kilogram).

Dit is dus nodig om ondersoek in te stel na die doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd en die aspekte wat daarmee verband hou.

1.2.2.1.5 Slekte- en parasietbeheer

Volgens Van Tonder (1989 : 5) is immunisasie teen bloednier, bloutong, ensoötiese aborsie, *Brucella ovis*, Slenkdalkkoers en Wesselsbronslekte essensiëel in die opnamegebied. Dit is in ooreenstemming met Campbell (1983 : 59) se aanhaling wat betref die aanbevelings van die Afdeling Veeartsenydiens in Bloemfontein.

Van Tonder (1989 : 5) noem verder dat dit ook nodig is om dorpers minstens vyf tot sewe maal per jaar, hoofsaaklik teen rondewurms en ander parasiete soos lintwurms (hoofsaaklik lammers), te doseer.

Daar sal dus in hierdie studie ondersoek ingestel word na die doeltreffendheid van immunisasie en interne parasietbeheer deur dorperboere.

1.2.2.1.6 Afronding van lammers

Die dorper is ontwikkel vir die uitsluitlike doel van vleisproduksie en dit verteenwoordig die enigste bron van inkomste uit hierdie skaapras (Swanepoel, 1966 : 1). Volgens Naudé (1986 : 23) moet die produsent, as eerste skakel in die ketting van vleisproduksie, onder andere aan afrondingsgroeï en -doeltreffendheid aandag gee.

Ten opsigte van die afronding van slaglammers is daar verskeie menings. Volgens Anoniem (1988 : 2) behaal die dorper 'n lewende massa van 36 kilogram op 3,5 tot 4 maande ouderdom, wat 'n hoë kwaliteit slaglam van 16 kilogram aan die hak lewer. Roux (1989 : 2) meld dat navorsing wat op die Aalwynrantproefplaas gedoen is daarop dui dat die mees ekonomiese manier van vleisproduksie uit lammers is om die lammers vroeg te speen en te voer tot 35 kilogram (12 weke oud). Indien dit nie gedoen word nie, sal die lam eers op 18 weke 'n

lewende massa van 35 kilogram bereik. Volgens die outeur lei vroegspeen en voer van lammers tot 'n marge van R30-00 per lam oor 'n 35 dae periode. Hierteenoor is Bosman (1986 : 15) van mening dat, met die geweldige styging in veevoerpryse, die klem al meer en meer op die bemarking van diere van die veld af moet val. Daarenteen noem die outeur (1988 : 3) egter dat die dorperlam uitstekend reageer onder toestande van intensiewe afronding.

Na aanleiding van die baie verskillende gedagterigtings wat betref die behandeling van lammers voor bemarking, sal ondersoek ingestel word na die lewende massa waarop die lam bemark word, sowel as die ouderdom van die lam op daardie stadium en die afrondingspraktyk wat gevolg word voor die lam bemark word.

1.2.2.1.7 Kastrasie van lammers

Campbell (1983 : 58) noem dat baie dorpertelers glad nie hul ramlammers kastreer nie. Die outeur het bevind dat ongekastrateerde lammers vinniger groei en beter oogspierontwikkeling asook minder rugvet vertoon as hamellammers. Ramlammers moet egter op 'n jong ouderdom geslag word anders word teen hulle gediskrimineer vir sekondêre manlike kenmerke soos dik nekke en te swaar voorkwarte. Navorsingsbevindings van Brand (1992 : 5) dui daarop dat half-gekastrateerde ($28,4 \pm 1,0$ kg) en intakte dorperamme ($29,6 \pm 1,0$ kg) betekenisvol ($P \leq 0,04$) vinniger in massa toeneem as hamels ($25,6 \pm 1,0$ kg). Die uitslagpersentasie van dorperhamels ($51,6 \pm 0,7$ persent) was betekenisvol ($P \leq 0,05$) hoër as dié van half-gekastrateerde ($49,4 \pm 0,7$ persent) en intakte dorperamme ($48,9 \pm 0,7$ persent). Teen die agtergrond van hierdie navorsingsbevindinge sal ondersoek ingestel word na die mate waartoe dorperboere hul lammers voor bemarking kastreer.

1.2.2.1.8 Kruisteling

Tydens die beplanning van hierdie studie gedurende 1989, het dit in onderhoude met 'n aantal kundiges (Campbell, Connan, Strauss,

Terblanche; Van Niekerk) geblyk dat sommige dorperboere hul dorpers met vetstert- of vetstuitte ramme kruis. In hierdie studie is dus ondersoek ingestel na die mate waartoe sodanige praktyk deur dorperboere toegepas word asook die gepersipieerde voor- en nadele daaraan verbunde.

1.2.2.1.9 Algemene weiveldbestuurspraktyke

Die potensiaal van die ekstensiewe weistreke word oorskot en dikwels oorskry (Maree, 1987 : 4). Die sukses van enige veldbestuursisteem draai dus om die regte aantal weidiers in verhouding tot die toestand van die veld (Opperman, 1985 : 13). Die outeur noem verder dat met te veel diere en te min kampe, die rusbehoefte van die veld nie bevredig kan word nie.

Aangesien dit blyk dat veldtoestand en die voorsiening van kampe so belangrik is, sal ondersoek ook ingestel word na hierdie twee aspekte.

1.2.2.2 DOELTREFFENDHEID VAN DORPERBOERERY

Verskeie navorsers (Campbell, 1983 : 37; Meyer, 1985 : 27) wys daarop dat reproduksie by die dorperskaap van kardinale belang is aangesien dit in 'n baie groot mate die winsgewindheid van so 'n boerdery sal bepaal. Ten einde dus die doeltreffendheid van 'n dorperskaapboerdery te bepaal, moet daar volledig ondersoek ingestel word na reproduksie en die jaarlikse bruto inkomste per dorperooi.

1.3 DOEL VAN STUDIE

Die doel van die studie is om ondersoek in te stel na die mate waartoe verskillende praktyke (wat aanbeveel word vir vleisproduksie met dorperskape) toegepas word deur dorperboere binne die ondersoekgebied, die gepersipieerde relatiewe voor- en nadele van vier prominente praktyke asook die differensiële persepsies wat mag

bestaan ten opsigte van die doeltreffendheid waarmee verskillende praktyke toegepas word.

Hierdie studie behels dus in wese 'n situasiebepaling van dorperboerdery in 'n gebied van die Republiek van Suid-Afrika wat as Dorperland bekend staan en die landdrostdistrikte van Calvinia en Kenhardt asook sekere gedeeltes van Carnarvon en Prieska insluit.

1.4 DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

De Klerk *et al.* (1983 : 24) het by 'n ondersoek na wolskaapboerdery in die Republiek van Suid-Afrika 'n model van interafhanklike veranderlikes aangebied wat die grondslag van hul ondersoek gevorm het. Terblanche (1987 : 11) het 'n soortgelyke model, met die nodige aanpassings om aan angorabokboerderybehoefte te voldoen, gekonstrueer. Vir die doel van hierdie studie is 'n soortgelyke model gekonstrueer en aanpassings is gedoen om aan die eiesoortige behoeftes van dorperskaapboerdery te voldoen (Figuur 1.6).

Waar die hoofdoel van die studie dus in wese 'n situasiebepaling is ten opsigte van dorperboerdery in die opnamegebied, vorm die volgende spesifieke doelwitte 'n integrale deel van die oorkoepelende doelstelling:

1.4.1 KOMMUNIKASIE-AANGELEENTHEDE VAN DORPERBOERE AS ONAFHANKLIKE VERANDERLIKE

- inligtingsbronne
- kontak met voorligters
- boereverenigings
- Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika

ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES	BEMIDDELENDE VERANDERLIKES	AFHANKLIKE VERANDERLIKES	
		GEDRAG	GEVOLGE VAN GEDRAG
<p>Persoonlike en omgewingsfaktore</p> <p>Grondgrootte besit Grondgrootte huur Grondgrootte verhuur Grondgrootte besproei- inggrond Lidmaatskap van SADTG Ouderdom Boerdery-ondervinding Boerdery-ondervinding met Dorperskape Vol-/deeltydse boer Opleiding Kursusse bygewoon</p>	<p>Strewes</p> <ul style="list-style-type: none"> - aard - omvang <p>Perspeksie</p> <ul style="list-style-type: none"> - eie en optimale doel- treffendheid - relatiewe voor- en nadele <p>Kennis</p> <ul style="list-style-type: none"> - objektiewe aanslag 	<p>Praktyktoepassing</p> <p>Teel- en seleksiepraktyke Wie doen seleksie van ooie Eienskappe geselekteer voor by ooie Seleksie vir ouderdom by ooie Seleksie vir ouderdom by ramme Seleksie vir vrugbaarheid by ooie Seleksie teen swak moeder- eienskappe Seleksie vir meerlinge Seleksie vir vrugbaarheid by ramme Wie doen seleksie van ramme Eienskappe geselekteer voor by ramme Kruisteling</p> <p>Bestuurspraktyke voor en tydens paartyd Paringstelsel Doeltreffendheid van paring van jongooie Gebruik van koggelramme Prikkelvoeding van ramme Prikkelvoeding van ooie Paarpraktyk gevolg</p> <p>Algemene voedingstoe- stande Voeding van dragtige en lakterende ooie</p> <p>Bestuurspraktyke tydens lamtyd Skeiding van meerlinge Toesighouding Uitskot van swak moeders</p> <p>Siektebeheer Doeltreffendheid van immunisering Interne parasietbeheer</p> <p>Bemarking van lammers Kastrasie Bemarkingskanaal Afronding van lammers</p> <p>Algemene bestuurspraktyke Toestand van weiveld Kampvoorsiening</p>	<p>Doeltreffendheid van van Dorperskaap-boerdery</p> <ul style="list-style-type: none"> - Reproduksietempo - Bruto inkomste per ooi

Fig. 1.6 Die interafhanklikhede van veranderlikes wat 'n invloed op doeltreffendheid van Dorperboerdery het

1.4.2 PERSEPSIES VAN DORPERBOERE OOR HUL EIE DOELTREFFENDHEID MET BETREKKING TOT:

- rekordhouding
- dorperboerdery
- individuele praktyke

1.4.3 KENNIS VAN DORPERBOERE TEN OPSIGTE VAN:

- terme
- begrippe
- norme

1.4.4 PRAKTYKTOEPASSING AS AFHANKLIKE VERANDERLIKE TEN OPSIGTE VAN:

- teel- en seleksiepraktyke
- bestuurspraktyke tydens paartyd
- algemene voedingstoestande
- bestuurspraktyke tydens lamtyd
- siekte- en parasietbeheer asook voorkomingspraktyke
- afronding van speenlammers
- kastrasie van ramlammers voor bemarking
- bemarkingskanaal vir speenlammers
- kruisteling met ander rasse

1.4.5 DOELTREFFENDHEID AS AFHANKLIKE VERANDERLIKE TEN OPSIGTE VAN:

- lampersentasie
- speenpersentasie
- bruto inkomste per dorperooi

Die bevindinge van hierdie studie, wat 'n situasiebepaling ten opsigte van dorperskaapboerdery in Dorperland is, behoort dit moontlik te maak om sekere knelpunte in die dorperskaapbedryf te identifiseer en bied ook sekere wetenskaplik gefundeerde doeltreffendheidsmaatstawwe wat as verwysingspunte vir toekomstige navorsing kan dien.

HOOFSTUK 2 METODE VAN ONDERSOEK

2.1 DIE ONDERSOEKGEBIED

Die ondersoekgebied vorm 'n integrale deel van die ondersoek en daarom is dit noodsaaklik dat kortliks aandag daaraan gegee word.

2.1.1 LIGGING

Tans vind dorperboerdery in feitlik die hele Republiek van Suid-Afrika en selfs in van die omringende buurstate soos onder andere Namibië (Hugo, 1989 : 3) en Zimbabwe (Campbell, 1989 : 10) plaas.

Volgens Erasmus (1968 : 55) het die behoefte aan 'n vleisskaap wat aangepas is by die ariede en ekstensiewe boerderygebiede, maar nogtans 'n slaglam van goeie kwaliteit kan produseer, aanleiding gegee tot die ontwikkeling van die dorperskaap. Die dorperskaap is dus spesifiek geteel vir die meer ekstensiewe gebiede van die Republiek van Suid-Afrika, (Anoniem, 1989 : 5).

Die ondersoekgebied vir hierdie studie is in Noord-Kaapland geleë en behels die Dorperlandgebied (Figuur 2.1). 'n Kleiner gedeelte van hierdie gebied kry winterreën en is vir die doeleindes van hierdie studie buite rekening gelaat.

Die opnamegebied bestaan uit die landbouvoorligtingswyke van Kenhardt en Prieska asook gedeeltes van Calvinia en Carnarvon soos aangetoon in Figuur 2.1.




FIG. 2.1 DIE OPNAMEGEBIED VAN DIE ONDERSOEK

2.1.2 FISIOGRAFIESE BESKRYWING VAN DIE OPNAMEGEBIED

Die topografie van die ondersoekgebied wissel van plat oop vlaktes met panne of vloere, tot redelik bergagtige dele met klowe en valleie. Die ondersoekgebied word in die suidweste [by Calvinia] deur die Hantam- en Roggeveldbergreeks begrens. By Loeriesfontein vorm die Kubiskowberge die westelike grens. In die omgewing van Carnarvon vorm die Kareeberge die suidoostelike grens, terwyl die Oranjerivier die noordelike grens van die opnamegebied vorm.

2.1.3 KLIMAAT VAN DIE OPNAMEGEBIED

Die klimaat van die opnamegebied word aan die hand van die gegewens in Tabel 2.1 aangetoon.

TABEL 2.1 KLIMAATSGEGEWENS VAN DIE OPNAMEGEBIED (DEPARTEMENT VAN LANDBOU-ONTWIKKELING: LANDBOUWEERKUNDE, 1991)

		Jan.	Feb.	Mrt.	April	Mei	Junie	Julie	Aug.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.	Totaal
Gemiddelde maksimum temperatuur	Calvinia - 4 jaar	37,7	37,4	35,1	31,5	27,4	23,4	24,8	26,5	31,9	32,3	35,8	38,9	
	Kenhardt - 5 jaar	36,1	34,3	32,7	27,4	25,0	19,8	19,8	23,0	25,9	29,4	32,7	34,6	
	Carnarvon - 24 jaar	36,4	35,1	33,3	29,6	25,1	21,1	21,8	24,4	29,7	32,3	34,1	36,1	
	Prieska - 8 jaar	36,4	33,8	31,9	27,2	23,8	19,6	19,4	23,1	26,5	29,3	32,2	34,3	
Gemiddelde minimum temperatuur	Calvinia - 4 jaar	12,8	14,5	12,3	9,0	7,1	4,0	2,7	3,9	5,7	6,5	9,9	11,9	
	Kenhardt - 5 jaar	19,7	19,5	17,3	12,8	8,2	3,0	2,4	5,1	8,6	12,5	16,6	18,5	
	Carnarvon - 14 jaar	14,7	14,9	12,6	8,9	5,0	1,7	0,9	2,4	5,0	8,2	11,0	13,5	
	Prieska - 8 jaar	19,4	17,9	15,4	10,9	5,5	1,5	0,9	3,7	7,7	11,9	15,0	17,5	
Gemiddelde reënval per maand (mm)	Calvinia - 4 jaar	5,5	10,0	19,9	61,8	10,4	23,4	19,6	16,1	17,7	0,6	0,9	9,5	195,4
	Kenhardt - 6 jaar	12,7	23,2	15,2	20,3	1,3	5,9	1,4	1,2	6,1	4,6	10,5	19,4	211,2
	Carnarvon - 59 jaar	18,3	28,9	42,0	27,8	15,3	8,1	7,1	8,3	6,7	13,2	19,3	16,2	211,2
	Prieska - 8 jaar	15,6	50,0	38,2	18,8	4,6	6,5	3,4	4,8	9,3	17,4	27,3	22,8	218,7
Gemiddelde verdamping per dag (mm)	Calvinia - 4 jaar	12,2	11,2	8,6	5,6	4,7	3,2	3,3	4,2	5,8	8,3	10,9	11,6	
	Kenhardt - 5 jaar	15,8	13,0	10,7	7,0	4,6	3,5	3,5	5,3	8,0	10,3	12,6	14,6	
	Carnarvon - 12 jaar	15,0	12,7	9,9	6,8	4,9	3,7	4,3	5,8	7,9	10,3	12,5	13,9	
	Prieska - 8 jaar	14,0	11,0	8,9	6,1	4,5	3,3	3,5	3,8	7,6	9,7	12,0	31,1	

Die gegewens in Tabel 2.1 dui daarop dat die opnamegebied gekenmerk word deur relatief hoë temperature in die somer. Dit is verder ook duidelik dat die reënval van so 'n aard is dat dit 'n beperking plaas op landbouproduksie. Die reën val oorwegend in die somer, terwyl dit ook duidelik is dat die gemiddelde maandelikse verdamping die gemiddelde jaarlikse reënval oorskry.

2.1.4 PLANTEGROEI

Volgens Acocks (1975 : 71-85) word sewe veldtipes in die opnamegebied aangetref. Drie van die veldtipes beslaan die grootste gedeelte van die opnamegebied, naamlik die:

- (1) Dorre Karoo en skyn-woestyngrasveld,
- (2) Westelike bergkaroo en
- (3) Oranjerivierse gebroke veld.

Die verspreiding van die sewe verskillende veldtipes binne die opnamegebied word in Figuur 2.2 voorgestel.

Die drie belangrikste veldtipes word vervolgens kortliks bespreek.

2.1.4.1 DORRE KAROO EN SKYN-WOESTYNGRASVELD

Die gemiddelde reënval wissel van 50 tot 200 mm per jaar. Die reën val oorwegend in die laat somer en herfs (Tabel 2.1). Die hoogte van die grootste gedeelte van die gebied is 900 meter en hoër bo seëpieël. Dit neem geleidelik toe tot 'n hoogte van 1200 meter in die suide en daal tot so laag as 450 meter aan die rant van die Oranjeriviervallei in die noorde.




FIG. 2.2 VELDTIPES WAT OORWEGEND IN DIE OPNAMEGEBIED AANGETREF WORD (ACOCKS, 1975)

Die Sakrivier, met sy onderskeie sytakke, dreineer die gebied in 'n noordelike rigting na die Oranjerivier. Hierdie rivier vorm groot panne of vloere, wat baie brak of sout is. So byvoorbeeld is een van die panne bekend as Groot Vloer. Sommige van hierdie panne of vloere word bedek deur Gannaveld (*Salsola aphylla* of brakganna en ander ganna-spesies). In ander gevalle is die panne of vloere weer besonder kaal, soos in die geval van Verneukpan.

Die Dorre Karoo en skyn-woestyngrasveld sluit verskeie silwerwit grasse in soos onder andere sekere *Stipagrostis*-spesies. In sommige gedeeltes is dit tans die enigste meerjarige gras omdat dit vinniger en meer suksesvol van saad regeneer as Karoobossies. Alhoewel verskillende Karoobossies soos die *Eriocephalus*- en *Pentzia*-spesies redelik volop is, is groter struik uiters skaars en ontbreek dit in groot gedeeltes.

Van die drie plantvariasies van die Dorre Karoo word twee binne die opnamegebied aangetref, te wete die Blomkoolgannaveld (*Salsola tuberculata*) op die noordelike rand van die plato en Driedoringveld (*Rhigozum trichotomum*) op die gruis en klipperige gronde van die sentrale gedeelte. Die derde vorm, bekend as die Suidelike vorm, word ten suide van die Carnarvon-Calviniapad aangetref en val dus buite die opnamegebied.

2.1.4.1.1 Blomkoolgannaveld

Hierdie veldtipe is waarskynlik die klimaks van die Dorre Karoo en skynwoestyngrasveld. Dit het ten beste oorleef op die sanderige en kalkagtige gronde wat hoofsaaklik voorkom in 'n strook langs die noordoostelike en noordelike grens van hierdie veldtipe (op graniet) en strek tot nie vër suid van die Kenhardt - Pofadderpad nie. Dit strek verder tot by die omgewing van Prieskapoort in die Doornberge net suid van Prieska.

Die veld is tipies 'n uniforme en redelik digte stand van *Salsola tuberculata* (blomkoolganna) afgewissel met *Stipagrostis obtusa* (kortbeenboesmangras) en *S. ciliata* (langbeenboesmangras). Alhoewel hier 'n redelike wye verskeidenheid flora aangetref word, is daar geen ander dominante soorte nie. Die gronde word soms redelik goed bedek met kort grasse te wete *Enneapogon desvauxii*, *Eragrostis nindensis*, *Sporobolus nervosus* en *Oropetium capense* met *Stipagrostis brevifolia* op die meer sanderige gedeeltes in die weste.

Eenjarige plante en geofiete kom redelik algemeen voor. Op die enkele koppies en klipperige rante is die plantegroei Namakwaland of Oranjerivier gebroke veld met selfs *Rhigozum trichotomum* (driedoring). Dit wil voorkom of laasgenoemde struik die Blomkoolgannaveld binnedring (Acocks, 1975 : 75). Oorbeweiding, veral in die minder droë dele soos Die Bult, neig om die voorkoms en groei van ander Karoobossies te stimuleer ten koste van *Salsola tuberculata* (blomkoolganna). Die gevolg is 'n meer gemengde veldtipe waarin selfs *Rhigozum trichotomum* (driedoring) ook aangemoedig word.

2.1.4.1.2 Driedoringveld

Die veldtipe kom hoofsaaklik op die Dwyka en Ekka skalies voor. Hierdie skalies varieer van bruin tot swart in kleur. Die bietjie grond wat wel teenwoordig is, is nie sanderig of gruiserig nie, maar meer silkgtig.

Feitlik die grootste gedeelte van hierdie vorm van die Dorre Karoo en skyn-woestyngasveld is destyds deur die trekboer se toedoen vertrap tot byna woestyntoestande (Acocks, 1975 : 76).

Hier en daar is daar gedeeltes waar *Salsola tuberculata* (blomkoolganna) nog die dominante bos is. *Stipagrostis obtusa* (kortbeenboesmangras) is egter ook taamlik volop. Die kaal oppervlakte is nie 'n natuurlike verskynsel nie, maar is in 'n groot mate die gevolg van aanhoudende oorbeweidning.

Die dominante bossie is *Pentzia spinescens* alhoewel *Eriocephalos spinescens* (doringkapokbossie) ook belangrik is op die donker klipperige gedeeltes. *Rhigozum trichotomum* kom voor in stroke en kolle. Vetplante soos die vygies is redelik volop, byvoorbeeld *Eberlanzia ferox*, *Ruschia leucanthera* en *R. muricata*.

2.1.4.2 WESTELIKE BERGKAROO

Dié veldtipe bestaan uit twee vorme naamlik 'n hoër en 'n laer vorm.

2.1.4.2.1 Die hoër vorm

Hierdie vorm is tipies van 'n nie-sukkulente Karoo. Dit strek vanaf die Hantamberge by Calvinia noordwaarts tot by Loeriesfontein. Hierdie vorm is natter en koeler en kom voor by hoogtes wat wissel van 900 tot 1700 meter bo seespieël. Die gemiddelde jaarlikse reënval is 150 tot 250 mm. Aan die westekant grens dit aan die winterreënvalgebied.

Die dominante en karakteristieke bos van hierdie veldtipe is *Pentzia incana* (ankerkaroo) wat tot een meter hoog word (Acocks,

1975 : 73). In gebiede wat straf oorbeweis is, word die *Galenia africana* var. *africana* (muisbos) dominant.

Met die uitsondering van *Ehrharta calycina* (polgras) en soms ook *Merxmuellera stricta*, is meerjarige grasse baie skaars by hierdie veldtipe.

2.1.4.2.2 Die laer vorm

Dit is 'n semi-sukkulente vorm en kom voor in die laer en droër dele ten noorde van Loeriesfontein. Dit is 'n korter semi-sukkulente vorm wat neig om in 'n sukkulente Karoo-tipe te verander met *Salsola zeyheri* (witkoolganna/regte koolganna). Hoogte bo seespieël wissel van 600 tot 1000 meter en die gebied ontvang 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 150 mm en minder.

Alhoewel *Salsola zeyheri* baie algemeen voorkom, kom daar ook verskeie vygiespesies voor. Hulle word meer dominant in die meer oorbeweide dele.

2.1.4.3 ORANJERIVIERSE GEBROKE VELD

Hierdie veldtipe bestaan uit drie vorme, naamlik die tipiese Oranjerivierse gebroke veld, die *Rhigozum trichotomum* veld en die *Acacia mellifera* subsp. *detinens* veld. Elk van hierdie veldtipes sal vervolgens meer breedvoerig bespreek word.

2.1.4.3.1 Tipiese Oranjerivierse gebroke veld

Die tipiese vorm van hierdie veldtipe kom voor op klipperige koppies waarop *Aloe dichotoma* (kokerboom) en *Euphorbia avasmontana* (gifboom) groei.

Dié veldtipe kom voor in gebiede wat wissel van 750 tot 1350 meter bo seespieël en met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 150 tot 350 mm.

Omdat dit redelik naby aan die permanente water van die Oranjerivier voorkom, is dit as 'n reël baie erg uitgetrap.

Van die vernaamste spesies wat hier voorkom, is: *Aloe dichotoma*, *Euphorbia avasmontana*, *Leuco-sphaera bainesii* (perdebossie), *Euphorbia dregeana* (bergmelkbos), *Boscia foetida* subsp. *foetida* (stinkbos), *Setaria appendiculata* (berggras), en *Montinia caryophyllacea* (klapperbos).

2.1.4.3.2 *Rhigozum trichotomum* veld

Hierdie veldtipe kom hoofsaaklik voor op die gruise en klippe vlaktes waar die Oranjerivierse gebroke veld oorgaan in die Dorre Karoo en skyn-woestyngrasveld. Dit is 'n eenvoudiger veldtipe met die dominante struik *Rhigozum trichotomum* (driedoring). As 'n reël kom dit voor saam met ander struik en dwergbome soos *Boscia albitrunca* (grootwitgatboom), *B. foetida* subsp. *foetida* (stinkbos), *Phaeoptulum spinosum* (bloudoringbos), *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (swarthaak) en *Parkinsonia africana* (lemoendoring). In hierdie veldtipe is daar meer Karoobossies as in die tipiese vorm.

Die dominante grassoorte is *Stipagrostis obtusa* (kortbeenboesman-gras) en *S. ciliata* (langbeenboesman-gras) saam met *Cenchrus ciliaris* (bloubuffelsgras), *Eragrostis lehmanniana* (krietjiesgras) en eenjarige soos *Eragrostis annulata* (soetgras), *E. brizantha* (kwaggagrass), *Aristida congesta* subsp. *barbicollis* (witsteekgras) en ander.

2.1.4.3.3 *Acacia mellifera* subsp. *detinens* veld

Hierdie veldtipe word oorwegend aangetref in dié deel van die Oranjeriviervallei ten noorde van Prieska in 'n gebied bekend as die Swartklipveld (Acocks, 1975 : 83).

Die veld bestaan uit 'n redelike digte stand van *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (swarthaak) van tot twee meter hoog tesame met 'n groot verskeidenheid karoobossies en grasse soos *Aristida adscensionis*

(besemgras), *Digitaria* spp., *Sporobolus fimbriatus* (bloussadgras) en *Cenchrus ciliaris* (bloubuffelsgras).

Alhoewel dit amper 'n volmaakte Karoo is ontbreek die sukkulente komponent in 'n groot mate. Grasse was heelwaarskynlik in die verlede meer volop, maar dit is nogtans potensieel 'n goeie veld.

2.2 STEEKPROEF

By die beplanning en die neem van die steekproef is verskeie kundige persone betrek. Die Landbouvoorligters van die Departement van Landbou-Ontwikkeling in die Karoostreek wat die voorligtingswyke Kenhardt, Prieska, Carnarvon en Calvinia bedien, is gevra om adreslyste van alle dorperboere in die betrokke voorligtingswyke te voorsien.

Die adreslyste is gekontroleer met adreslyste van plaaslike koöperasies [byvoorbeeld Kenhardt Vleiskoöperasie en Prieska Vleiskoöperasie] aangesien 'n groot aantal van die dorperboere hul diere deur vermelde koöperasies bemark.

'n Totaal van 672 dorperboere is in die opnamegebied geïdentifiseer. Die name van boere is weer aan die voorligters in die vier wyke gestuur vir kontroledoelendes. Hierdie 672 dorperboere is geneem as die universum vir die doeleindes van die steekproef.

In die geval van geïdentifiseerde stoetboere is die opname beperk tot die kommersiële kuddes van sodanige boere aangesien die studie gehandel het oor die kommersiële produksie van vleis.

'n Verteenwoordigende sistematiese steekproef is vir elk van die vier voorligtingswyke gedoen. Sodoende is 20 persent van die dorperboere in elk van die vier voorligtingswyke geloot om as respondente vir hierdie ondersoek op te tree. In elke voorligtingswyk is twee addisionele respondente geloot wat as plaasvervaardigers sou optree indien van die ander respondente nie beskikbaar of nie bereid sou wees om aan die opname deel te neem nie.

Die name van die gelote respondente in elke voorligtingswyk is hierna weer aan die voorligters voorgelê met die doel om te verseker dat die gelote respondente wel nog aktief boer.

Loting het so na as prakties moontlik aan die beplande datum van opname geskied ten einde te verseker dat so veel as moontlik van die gelote respondente nog beskikbaar sou wees ten tye van die opname.

2.3 OPNAMEBEPLANNING

Die beplanning en opstel van die onderhoudskedule (Bylaag A) het 10 maande voor die beplande datum van die opname begin. Aanvanklik is 'n afvaardiging, bestaande uit drie bestuurslede van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika, geraadpleeg ten einde breë riglyne vir 'n moontlike onderhoudskedule neer te lê. Hierna is begin met die opstel van die onderhoudskedule in ooreenstemming met verskeie kundiges, nie net op die gebied van dorperboerdery nie, maar ook kundiges wat betref die opstel van onderhoudskedules.

Met verloop van tyd en na vele kontakte met bedryfsleiers is verskeie wysigings aan die onderhoudskedule aangebring. Gedurende hierdie tydperk is verskeie konsep-onderhoudskedules aan bedryfsleiers en kundiges gesirkuleer met die oog op die moontlike verbetering van vermeldde onderhoudskedule. Geen proef-opnames is by dorperboere onderneem nie aangesien die tyd dit nie toegelaat het nie.

Aangesien die finale onderhoudskedule redelik lywig was en dit onmoontlik vir een persoon sou wees om alle respondente persoonlik te besoek, is besluit om van mede-opnemers gebruik te maak. As 'n kostebesparende maatreël is besluit om in elk van die vier voorligtingswyke van twee mede-opnemers gebruik te maak.

Elke voorligtingsbeambte in elk van die vier voorligtingswyke het geskikte plaaslike mede-opnemers geïdentifiseer. Op hierdie wyse is agt mede-opnemers, wat almal oor goeie kennis van dorperboerdery beskik, as mede-opnemers geïdentifiseer en geverf.

Die twee mede-opnemers in elke voorligtingswyk is vooraf deeglik deur die hoof-opnemer ingelig en opgelei in die hantering van die onderhoudskedule. Die hoof-opnemer en die twee mede-opnemers is vervolgens na een van die respondente waar die hoof-opnemer die opname self gedoen het. Die twee mede-opnemers was by ten tye van die opname waarna die hoof-opnemer die voltooide opname weer met die twee mede-opnemers bespreek het. Enige onduidelikhede is dan opgeklar en sodoende is gepoog om 'n uniforme interpretasie te verkry.

Kennisgewings rakende die opname en die doel daarvan is vooraf aan die gelote respondente gepos om die respondente vir die opname voor te berei (Bylaag B). Hierdeur is ook gepoog om te verseker dat hulle nie onverhoeds genader sou word nie.

In verkennende gesprekke met bedryfsleiers ten tye van die opstel van die onderhoudskedule is vasgestel dat die dorperboere in die opnamegebied oorwegend hul ooie in die vroeë somer paar sodat lamtyd saamval met die maande waarin die reënseisoen 'n aanvang neem (laat somer, vroeë herfs). Die tyd van die opname is geskeduleer om saam te val met 'n tyd wanneer die meeste boere se lammers net klaar gespeen sou wees. So sou die beste inligting, van die respondente sonder goeie rekords, verkry word ten opsigte van hul ooie se reproduksiegegewens.

2.4 METODIEK BY OPNAME

Respondente in die onderskeie voorligtingswyke is per afspraak deur die hoofopnemer of een van die twee mede-opnemers op die plaas besoek. Tydens die besoek is die onderhoudskedule volledig deur die betrokke opnemer ingevul en daarna vir volledigheid gekontroleer.

Voltooide vraelyste is so spoedig moontlik aan die hoofopnemer terugbesorg wie vir die finale kontrole en berekeninge aangaande die reproduksiegegewens verantwoordelik was.

Na afloop van die hele opname is 'n skrywe aan die onderskeie voorligters in die betrokke voorligtingswyke gerig waarin hulle versoek is om die drakragnorme van elke respondent se boerdery-eenheid te verskaf (Bylaag C). Dié is gekontroleer met die antwoord soos deur die respondent verskaf in Vraag 201 (Bylaag A). Ook moes die voorligters 'n aanslag maak van elke respondent se gesindheid teenoor weiveld en weiveldbeheer volgens die maatstawwe in Vraag 203 (Bylaag A).

2.5 KONSTRUKSIE VAN MAATSTAWWE

Ten einde kwalitatiewe verskille tussen die verskillende respondente te meet, is gebruik gemaak van 'n groot aantal skale wat van baie swak tot baie goed op 'n kon-

tinuum varieer. Met die opstel van sodanige skale is van die hulp van 'n aantal kundiges en bedryfsleiers gebruik gemaak.

2.5.1 MAATSTAWWE VIR PRAKTYKTOEPASSING

Vir die doel van hierdie ondersoek is verskeie boerderypraktyke, wat tot 'n mindere of meerdere mate die sukses van dorperskaapboerdery kan beïnvloed, in die onderhoudskedule opgeneem. Suksesvolle dorperskaapboerdery vereis dat sekere praktyke, wat direk of indirek sal bydra tot 'n hoë reproduksietempo asook die produksie van 'n lamkarkas met goeie kwaliteit en massa op 'n jong ouderdom, toegepas word.

Maatstawwe vir praktyktoepassing is opgestel wat op 'n kontinuum strek, waar die hoogste getal " baie goed" en die laagste getal " baie swak" verteenwoordig. Die maatstawwe vir praktyktoepassing asook die hoogste en laagste getalle op die kontinuum word volledig in Tabel 2.2 aangetoon.

Tabel 2.2 Maatstawwe vir praktyktoepassing

Praktyke	Hoogste getal Bylaag A*	Laagste getal Bylaag A*	Vraag in Bylaag A*
Seleksiepraktyke			
Seleksie vir ouderdom by ooie	5	1	90
Seleksie vir ouderdom by ramme	5	1	92
Seleksie vir vrugbaarheid by ooie	5	1	93
Seleksie vir vrugbaarheid by ramme	5	1	103
Gehalte van ramme	R1660-00	R250-00	105
Bestuurspraktyke tydens peartyd			
Persentasie ramme in ooi- kuddes met paring	4	1	104
Paring van jongooie met eerste dekking	5	1	164
Prikkelvoeding van ooie	5	1	196
Prikkelvoeding van ramme	5	1	198
Algemene voedingspraktyke			
Getal kampe per trop	7	1	205
Bestuurspraktyke tydens lamtyd			
Voeding van dragtige en lakterende ooie	5	1	199
Toesig tydens lamtyd	5	1	194
Siekte- en parasietbeheerpraktyke			
Immunisering teen siektes	5	1	224
Dosering teen interne parasiete	3	1	227

* 'n Volledige uiteensetting van die skale wat gebruik is om sekere van die elemente te beoordeel word saam met die betrokke vrae in Bylaag A aangebied.

Sommige van die skale wat van toepassing is op skaapboerdery (De Klerk *et al.*, 1983 : 32-41), boerbokboerdery (Marincowitz, 1985 : 42-58) en angorbokboerdery (Terblanche, 1987 : 23-33) kon vir die doel van hierdie ondersoek gebruik word. Sekere skale moes egter ontwerp word om in te pas by die eiesoortige karakter van dorperskaapboerdery. Voor- en nadele van verskillende praktyke, wat die dorperboer in 'n mindere of meerdere mate kan toepas, is ook geïdentifiseer.

2.5.2 MAATSTAWWE VIR SEKERE PERSOONLIKHEIDSEIENSAPPE EN OMGEWINGSINVLOEDE

Maatstawwe om persoonlikheidseienskappe en omgewingsinvloede te identifiseer, word in die onderhoudskedule (Bylaag A) uiteengesit en behels die volgende:

	<u>Vraag</u>	
2.5.2.1	Stoet-, kuddeboer of kombinasie	5
2.5.2.2	Aantal kudde-ooie	6
2.5.2.3	Grondgrootte [Besit, huur, verhuur en besproeiingsgrond] waarop dorperboerdery plaasvind	7-11
2.5.2.4	Lid van Dorperskaaptelersgenootskap	17
2.5.2.5	Ouderdom	18
2.5.2.6	Totale jare selfstandige boerderyondervinding	19
2.5.2.7	Jare selfstandige boerderyondervinding met dorpers	20
2.5.2.8	Voltydse of deeltydse boer	21
2.5.2.9	Hoogste opvoedkundige kwalifikasies	22
2.5.2.10	Dorperkursusse bygewoon	23-24

Die vrae in Bylaag A wat op kommunikasie-aangeleenthede betrekking het, is die volgende:

	<u>Vrae</u>
2.5.3.1	Die drie belangrikste inligtingsbronne 27-29
2.5.3.2	Bywoning van boereverenigingvergaderings 38
2.5.3.3	Kontak met Landbouvoorligter 39

2.5.4 MAATSTAWWE VIR TENDENSE, OPINIES EN GESINDHEDE IN DIE BEOEFENING VAN DORPERSKAAPBOERDERY

Die vrae in Bylaag A wat op tendense, opinies en gesindhede van toepassing is, is die volgende:

	<u>Vrae</u>
2.5.4.1	Of die persentasie dorpers vermeerder of verminder wil word en met hoeveel 13-16
2.5.4.2	Persepsie van die langtermyndrakrag van veld 202
2.5.4.3	Gesindheid teenoor weiveld en weiveldbestuur 203
2.5.4.4	Persepsies oor SADTG 68-74

2.5.5 MAATSTAWWE MET BETREKking TOT DIE JAARLIKSE BRUTO INKOMSTE PER OOI BEHAAL, BEREIKBAAR EN NAGESTREEF

Die vrae in Bylaag A wat op die bruto inkomste per ooi behaal, bereikbaar en waarna gestreef word van toepassing is, is die volgende:

	<u>Vrae</u>
2.5.5.1	Huidige bruto inkomste per ooi per jaar 75
2.5.5.2	Bruto inkomste per ooi bereikbaar per jaar 76
2.5.5.3	Nagestreefde bruto inkomste per ooi per jaar 77

2.5.6 MAATSTAWWE MET BETREKKING TOT DOELTREFFENDHEID VAN DORPERBOERDERY EN REKORDHOUDING

Die vrae in Bylaag A wat betrekking het op die doeltreffendheid van dorper-skaapboerdery en rekordhouding, is die volgende:

	<u>Vrae</u>
2.5.6.1 Doeltreffendheid van rekordhouding	25-26
2.5.6.2 Gepersipieerde doeltreffendheid	41-42
2.5.6.3 Metodes om doeltreffendheid te verhoog	43-45
2.5.6.4 Probleme om doeltreffendheid te verhoog	47-49

2.5.7 MAATSTAWWE VIR KENNIS VAN PRAKTYKE EN ANDER ASPEKTE VAN DORPERBOERDERY

Die volgende tien vrae is as kennisvrae in die onderhoudskedule ingesluit:

- Wat is die minimum massa (as persentasie van die volwasse liggaams-massa) wat jongooie moet bereik voordat hulle suksesvol gepaar kan word? (Vraag 163, Bylaag A)
- Wat sou u sê is die belangrikste redes waarom dit belangrik is om 'n hoë lampersentasie by u dorperskape te verseker? (Vraag 200, Bylaag A)
- Weet u wat die vasgestelde drakrag vir die omgewing waar u boer, is? Indien ja, noem. (Vraag 201, Bylaag A)
- Watter gedeelte van die toegelate vee, volgens die toekende weidings-kapasiteit, moet van die plaas verwyder word voordat u finansiële voor-deel kan ontvang onder die Droogtehulpskema? (Vraag 208, Bylaag A)
- Uit watter twee skaaprasse is die dorperskaap geteel? (Vraag 330, Bylaag A)

- Die bewering word gemaak dat die dorperskaap 'n veldvernieler is. Stem u hiermee saam of nie? (Vraag 332, Bylaag A)
- Kan u die redes gee waarom u met hierdie stelling saamstem of verskil? (Vraag 333, Bylaag A)
- Wat verstaan u onder die term gehard? (Vraag 334, Bylaag A)
- Wat verstaan u onder die term funksioneel doeltreffend? (Vraag 335, Bylaag A)

'n Maksimum van 30 punte kon behaal word indien alle vrae korrek beantwoord is. Die volgende puntekategorieë word gebruik om die respondente ooreenkomstig die antwoorde wat hulle verskaf het in die onderskeie kennisgroepe te plaas:

<u>Puntekategorieë</u>			<u>Kennisgroepe</u>
0	-	5	Baie swak
6	-	10	Swak
11	-	15	Redelik
16	-	20	Goed
21	-	30	Baie goed

Die vrae in Bylaag A wat ten doel het om die kennis van die respondente te evalueer, word in Tabel 2.3 aangetoon.

2.5.8 MAATSTAWWE VIR DIE BEPALING VAN PERSEPSIES OOR DIE DOELTREFFENDHEID VAN PRAKTYKVOERING

Praktykbeoefening is in die onderhoudskedule deur die opnemers volgens sekere doeltreffendheidsmaatstawwe geëvalueer (Afdeling 2.5.1). Die persepsie-aanslag van die respondente ten opsigte van die doeltreffendheid van praktyktoepassing is ook bepaal aan die hand van 'n vyfpunt skaal waar

Tabel 2.3 Maatstawwe vir kennis van praktyke en ander aspekte van dorperboerdery

Praktyke	Hoogste punt*	Laagste punt*	Vraag in Bylaag A*
<u>Paaringsloting</u>			
Minimum paarmassa	3	0	163
<u>Reproduksiepraktyke</u>			
Belang van hoë lampersentasie	3	0	200
<u>Drakrag</u>			
Vasgestelde drakrag	2	0	201
<u>Droogtehulpskema</u>			
Gedeelte van vee wat verminder moet word voor hulp toegestaan word	2	0	208
<u>Ontwikkeling van Dorper</u>			
Rasse waaruit Dorper geteel is	2	0	330
<u>Algemene terme</u>			
Aanpasbaarheid	5	0	331
Veldvernieler	2	0	332
Redes ten opsigte van veldvernieler	5	0	333
Gehardheid	3	0	334
Funksioneel doeltreffend	3	0	335

* 'n Volledige uiteensetting van die skale wat gebruik is om sekere van die elemente te beoordeel word saam met die betrokke vrae in Bylaag A aangebied.

vyf besonder goed en 1 besonder swak is. Vrae wat hierop betrekking het, is in Bylaag A (Vraag 53-67) vervat.

2.5.9 MAATSTAWWE VIR DIE BEPALING VAN REPRODUKSIEGEGEWENS

Tot op hede is daar nog nie eenvormigheid wat betref die interpretasie van die begrippe lam- en speenpersentasie nie. Ten einde dieselfde betekenis vir al die respondente te hê, is lam- en speenpersentasie telkens gedefinieer wanneer 'n vraag wat daarop betrekking het aan die respondent gestel is. Die doel was om 'n uniforme interpretasie te verkry.

Vir die doel van hierdie ondersoek word lampersentasie uitgedruk as lammers gebore per 100 ooie gepaar terwyl speenpersentasie uitgedruk word as lammers gespeen per 100 ooie gepaar.

Ten opsigte van lampersentasie is die lampersentasie volgens die boer se persepsie (Vraag 78, Bylaag A) volgens die gegewens soos deur hom verskaf (Vraag 169, Bylaag A) en ook volgens sy persepsie van die aantal meerlinge gebore per 100 ooie gepaar (Vraag 343, Bylaag A), bepaal en sal dit met mekaar vergelyk word.

Die speenpersentasie volgens die boer se persepsie (Vraag 79, Bylaag A) en volgens die gegewens soos verskaf deur die boer (Vraag 172, Bylaag A) is bepaal en sal met mekaar vergelyk word.

2.6 STATISTIESE ONTLEDINGS

Die data is na afloop van die opname deur middel van 'n statistiese rekenaarprogram (SAS/Stat weergawe 6.04) en 'n mikrorekenaar verwerk.

Eenrigting variansie-analises (Snedecor & Cochran, 1967 : 172-175) is op die parametriese data uitgevoer om verskille tussen gemiddeldes te bepaal. Student se t-KBV is in elke geval by 'n peil van 5 persent bereken. Chi-kwadraattoetse vir onafhanklikheid is vir die tweerigting gebeurlikheidstabelle gedoen. Die mediaan- en gemiddelde waardes is ook in sekere gevalle bereken.

Korrelasie-ontledings (Snedecor & Cochran, 1967 : 172-175) is tussen drie doeltreffendheidsmaatstawwe aan die een kant en sekere ander biologies-tegniese, sosio-ekonomiese, sosio-psigologiese en persoonlike veranderlikes aan die ander kant gedoen. Sodoende is gepoog om geassosieerde veranderlikes te identifiseer. Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings (Snedecor & Cochran, 1967 : 412-413) is ook gedoen om die biologies-tegniese, sosio-ekonomiese, sosio-psigologiese en persoonlike veranderlikes te bepaal wat 'n rol speel in die variansie van die drie doeltreffendheidsmaatstawwe .

2.7 KWALITATIEWE BETROUBAARHEID

Besondere sorg is getref om te verseker dat die resultate van dié besonder omvangryke ondersoek so betroubaar moontlik sou wees.

Die respondente is vooraf per brief (Bylaag B) in kennis gestel van die opname, die doelstellings van die opname en op welke wyse die inligting soos deur hulle verskaf 'n bydrae kan maak tot 'n situasiebepaling van dorperskaapboerdery in die Dorperlandgebied.

Die mede-opnemers is vooraf deeglik ingelig aangaande die doel van die studie en daar is met opnames, waar die hoofopnemer ook teenwoordig was, probeer om uniformiteit ten opsigte van die aanslag by al die mede-opnemers te bewerkstellig. Verder is mede-opnemers, wat betrokke is by dorperskaapboerdery, geselekteer en hierdeur is die grootste mate van uniformiteit prakties moontlik bewerkstellig ten opsigte van die opname self.

Tydens die opstel van die onderhoudskedule is vrae so bewoord dat onduidelikhede, verkeerde interpretasies, vooroordele en partydigheid tot die minimum beperk sou word.

HOOFSUK 3

PERSOONLIKE- EN OMGEWINGSFAKTORE WAT DORPERBOERE BEÏNVLOED

3.1 INLEIDING

Volgens beide Koch (1985a : 11) en Düvel (1987 : 4) kan die persoonlike- en omgewingsfaktore wat 'n individu beïnvloed, beskou word as die onafhanklike veranderlikes (Figuur 1.1). Volgens Marincowitz (1990 : 28) is die onafhanklike veranderlikes hoofsaaklik gegewe en kan die voorligter nie veel daaraan doen om dit te verander nie. Die outeur noem egter dat die voorligter bogenoemde veranderlikes deeglik in aanmerking behoort te neem waar aksies beplan word wat daarop gerig is om genoemde individu se gedrag te verander.

Terblanche (1987 : 279) beskou dit as 'n basiese beginsel in die kommunikasieproses om eers die gehoor te identifiseer en te ken, want dit skep die geleentheid vir die kommunikator om sy boodskap volgens die ontwikkelingsvlak en ontvanklikheid van sy gehoor te rig. Volgens hom beskik die individue, wat die gehoor uitmaak, oor sekere persoonlikheidsienskappe en kwaliteite wat hul nuwigheidsgeneigdheid en gedragsveranderingspotensiaal bepaal. Dit word daarom as belangrik beskou om enkele prominente persoonlikheids- en omgewingsienskappe van die dorperboere in oënskou te neem, ten einde 'n beeld te kry van moontlike of verwagte reaksies van sodanige boere op voorligtingsaksies waaraan hulle onderwerp sou kon word.

Volgens Figuur 1.1, soos voorgestel deur Düvel (1987 : 4), speel hierdie persoonlike- en omgewingsfaktore 'n belangrike rol aangesien dit uiteindelik die doeltreffendheid van dorperboere (in hierdie studie) sal beïnvloed, via die invloed op beide die bemiddelende veranderlikes (behoefte, persepsies en kennis) en die gedrag (praktykaanvaarding). Om hierdie rede is die persoonlike- en omgewingsfaktore van die dorperboere meer breedvoerig ondersoek en sal die bevindinge vervolgens bespreek word.

3.2 AARD VAN DORPERBOERDERY

Die aard van 'n dorperboer se boerdery (stoet-, kudde of 'n kombinasie van stoet- en kuddeboerdery) sal, alhoewel die voorligter nie veel beheer daaroor het nie, in 'n groot mate 'n bepalende invloed op die toepassing van sekere praktyke uitoefen. Net so mag dit die gepersipeerde voor- en nadele, asook die relatiewe belangrikheid van elk, beïnvloed. As voorbeeld kan genoem word dat 'n stoetboer kleiner as 'n belangriker seleksie-eienskap in sy dorperstoet mag beskou terwyl dieselfde seleksie-eienskap van minder belang in sy kommersiële kudde kan wees.

In die vraelys is onderskei tussen respondente wat hulself as kudde-, stoet- of 'n kombinasie van stoet- en kuddeboere beskou en die bevindinge word in Tabel 3.1 aangetoon.

Tabel 3.1 Aard van die dorperboerderye (ten opsigte van kudde en stoet) in die opnamegebied, 1990

Tipe boerdery	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Kuddeboer	19	82,6	49	81,7	19	79,2	15	65,2	102	78,5
Stoet en kudde	4	17,4	11	18,3	5	20,8	8	34,8	28	21,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,393; Vge = 3 : P > 0,05

Uit die gegewens in Tabel 3.1 blyk dit dat 78,5 persent van die respondente slegs kudde dorperboerdery beoefen terwyl 21,5 persent van die respondente oor 'n kombinasie van 'n dorperstoet en 'n kommersiële kudde beskik. Daar is geen betekenisvolle verskille ($P = 0,393$) in die tendense tussen die verskillende distrikte nie. Dit blyk egter dat die grootste persentasie stoetboere in die Prieskavoortligtingswyk voorkom (34,8 persent, Tabel 3.1).

Die implikasie van hierdie bevindinge is dus dat relatief baie boere, ongeveer 20 persent, hulself daarop toespits om diere van besondere voortreflikheid te teel. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat voortreflike teelmateriaal geredelik beskikbaar is sodat kommersiële boere hul kuddes ook verder kan verbeter.

Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat in die geval van respondente wat oor beide 'n stoet en kommersiële kudde beskik, hierdie opname beperk was tot inligting ten opsigte van so 'n respondent se kommersiële kudde.

3.3 GRONDOPPERVLAKTE

Die oppervlakte grond besit, bygehuur, verhuur asook dié onder besproeiing (tesame met die vasgestelde drakragnorme van sodanige grond), sal in 'n groot mate bepaal hoeveel diere elke dorperboer aanhou. Dit sal dus 'n bepalende invloed op beide die bruto sowel as netto boerderyinkomste uitoefen. Grondoppervlakte kan ook die doeltreffendheid van bestuur beïnvloed. Hoe groter die plase is, hoe moeiliker is dit om onder andere al die bestuurspligte na te kom.

Volgens De Klerk *et al.* (1983 : 155) word die sosio-ekonomiese status van boere in 'n gemeenskap onder andere bepaal deur hul aansien. Laasgenoemde is onder meer gegrond op die besittings wat die boere besit. Boere se besittings manifesteer hulself hoofsaaklik in terme van die hoeveelheid grond wat hulle besit aangesien dit normaalweg die grootste kapitale bate van die veeboer is.

Ten opsigte van die totale oppervlakte grond besit, gehuur, verhuur en besproeiingsgrond is slegs die oppervlakte binne die opnamegebied in berekening gebring aangesien grond in ander gebiede (byvoorbeeld winterreëvalareas) die boer tot ander praktyke en seleksiekriteria mag noodsaak.

3.3.1 OPPERVLAKTE GROND BESIT

Die bevindinge ten opsigte van die oppervlakte grond deur dorperboere besit, word in Tabel 3.2 aangetoon.

Tabel 3.2 Oppervlakte grond (hektaar) wat dorperboere besit, 1990

Kategorieë (hektaar)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤5 000	3	13,0	9	15,0	9	37,5	7	30,4	28	21,5
5 001-7 500	6	26,1	10	16,7	1	4,2	6	26,1	23	17,7
7 501-10 000	3	13,0	13	21,7	6	25,0	4	17,4	26	20,0
10 001-12 500	1	4,4	8	13,3	2	8,3	4	17,4	15	11,5
>12 500	10	43,5	20	33,3	6	25,0	2	8,7	38	29,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	10 737		11 232		9 960		7 472		10 248	
Mediaan	8 247		9 175		7 888		5 842		8 232	

*P = 0,1297 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol nie

Uit die gegewens in Tabel 3.2 is daar veral twee duidelike tendense waarneembaar. In die voorligtingswyke van Calvinia en Kenhardt word gevind dat onderskeidelik 47,9 en 46,6 persent van die respondente meer as 10 000 hektaar grond besit teenoor die 33,3 en 26,1 persent in die voorligtingswyke Carnarvon en Prieska onderskeidelik. Hierdie verskynsel kan waarskynlik toegeskryf word aan die meer westelike ligging van eersgenoemde twee voorligtingswyke, teenoor die meer oostelike ligging van laasgenoemde twee, asook die gepaardgaande verhoging in gemiddelde jaarlikse reënval van wes na oos (Tabel 2.1) wat 'n direkte invloed op die weidingskapasiteit het.

Hierdie vermoede word versterk deur die feit dat in Calvinia- en Kenhardt-voorligtingswyke (westelik) onderskeidelik 13 en 15 persent van die respondente aangedui het dat hulle oor 5 000 hektaar en minder grond beskik, teenoor die 37,5 en 30,4 persent van die respondente in Carnarvon en Prieska (oostelik) onderskeidelik.

'n Verdere duidelike tendens is dat 29,2 persent van die respondente meer as 12 500 hektaar grond besit, terwyl 'n totaal van 40,7 persent meer as 10 000 hektaar grond besit (Tabel 3.2).

In Tabel 3.2 word ook die mediaan oppervlakte per distrik aangetoon aangesien die enkele boere, wat oor groot oppervlakte grond beskik, daartoe mag lei dat die rekenkundige gemiddelde buite verband geruk word.

Die mediaanoppervlakte is 8 232 hektaar teenoor die rekenkundige gemiddelde oppervlakte van 10 246 hektaar. Dit blyk dus dat die gemiddelde 'n verwronge beeld gee as gevolg van die feit dat enkele van die respondente meer as 20 000 hektaar grond besit.

3.3.2 OPPERVLAKTE GROND GEHUUR

Alhoewel die oppervlakte grond wat 'n boer byhuur ook as 'n bemiddelende veranderlike gesien kan word, aangesien dit in wese die strewe van 'n respondent is om sy boerdery te vergroot, is dit vir die doel van hierdie studie as 'n onafhanklike veranderlike beskou. Dit is so gedoen omdat dit hoofsaaklik 'n gegewe is en die voorligter nie veel kan doen om dit te verander nie.

Die oppervlakte grond wat dorperboere byhuur, is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 3.3 aangetoon.

Tabel 3.3 Oppervlakte grond (hektaar) deur dorperboere bygehuur, 1990

Kategorieë (hektaar)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen	15	65,2	42	70,0	17	70,8	17	73,9	91	70,0
≤2 000	2	8,7	1	1,7	0	0,0	1	4,3	4	3,1
2 001-4 000	4	17,4	2	3,3	3	12,5	4	17,4	13	10,0
4 001-6 000	1	4,4	5	8,3	1	4,2	0	0,0	7	5,4
6 001-8 000	0	0,0	4	6,7	1	4,2	0	0,0	5	3,8
>8 000	1	4,3	6	10,0	2	8,3	1	4,4	10	7,7
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld van respondente wat wel grond byhuur	3678		8127		6879		3275		6796	

*P = 0,3690 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol nie

Die bevindinge toon dat 30,0 persent van die respondente (Tabel 3.3) wel grond binne die opnamegebied byhuur. Hierdie waarde mag egter heelwat hoër wees indien die boere deur droogtes gedwing word om addisionele grond by te huur. Indien die oppervlakte grond bygehuur buite die opnamegebied ook in berekening gebring word, mag hierdie waarde ook heel anders daar uitsien.

Die bevindinge dui op 'n redelike groot behoefte aan addisionele grond. In hierdie studie is egter nie ondersoek ingestel na die redes waarom die respondente dit nodig geag het om addisionele grond by te huur nie.

3.3.3 OPPERVLAKTE GROND VERHUUR

Slegs een respondent (en wel in die Calvinia-voorligtingswyk) verhuur grond. Die mate waartoe dorperboere grond verhuur, is dus baie beperk en verdien nie verdere bespreking nie.

3.3.4 OPPERVLAKTE BESPROEINGSGROND

Aangesien die beskikbaarheid van besproeiingsgrond 'n invloed mag uitoefen in die mate waartoe sekere praktyke in 'n dorperboerdery toegepas word, soos byvoorbeeld om oëie op die lande te paar en te laat lam, is die oppervlakte besproeiingsgrond wat dorperboere binne die opnamegebied besit, bepaal (Tabel 3.4).

Tabel 3.4 Oppervlakte (hektaar) besproeiingsgrond van dorperboere binne die opnamegebied, 1990

Kategorieë (hektaar)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen	17	73,9	59	98,3	22	91,7	21	91,4	119	91,5
≤50	2	8,7	0	0,0	2	8,3	1	4,3	5	3,8
>50	4	17,4	1	1,7	0	0,0	1	4,3	6	4,7
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld van respondente wat oor besproeiingsgrond beskik	119		85		7		11		88,8	

*P = 0,0016 : KBV (P = 0,01) = Hoogs betekenisvolle verskille kom voor

Hoogs betekenisvolle verskille (P = 0,0016) word tussen die onderskeie voorligtingswyke waargeneem ten opsigte van die gemiddelde oppervlakte besproeiingsgrond per respondent. In die Calvinia-voorligtingswyk beskik 26,1 persent van die respondente (Tabel 3.4) oor gemiddeld 119 hektar besproeiingsgrond. Die gemiddelde oppervlakte besproeiingsgrond waarvoor die respondente in die voorligtingswyke van Kenhardt, Carnarvon en Prieska beskik, is hoogs betekenisvol minder (P = 0,0016) as in die Calvinia-voorligtingswyk.

Dit is ten tye van die opname egter waargeneem dat hierdie besproeiingsgrond grootliks uit saaidamme, wat vir koringverbouing aangewend word, bestaan. 'n Groot gedeelte van die besproeiingsgrond bestaan verder uit lande wat ook vir die verbouing van graangewasse aangewend word. Die oesreste word deur die vee benut en sodoende word die druk op die natuurlike weiding sekere tye van die jaar verlig.

3.4 OUDERDOM VAN DORPERBOERE

Verskeie navorsers (Van Zyl, 1962 : 42; Terblanche, 1967 : 78; Bembridge, 1975 : 208) het ouderdom as 'n belangrike eienskap geïdentifiseer om mee rekening te hou by die aanvaarding van praktyke.

Alhoewel Kolbé (1965 : 76) gevind het dat die aantal verbeterde praktyke wat 'n boer aanvaar met 'n toename in ouderdom afneem, wys Rogers (1983 : 251) daarop dat daar uitsonderings is. In ongeveer die helfte van 228 studies het die outeur gevind dat daar geen verwantskap bestaan tussen die ouderdom van vroeë aanvaarders en nuwigheidsgeneigdheid nie. Volgens De Klerk *et al.* (1983 : 145) wys Düvel (1974) daarop dat daar 'n nie-liniêre verwantskap tussen ouderdom en nuwigheidsgeneigdheid bestaan. Die jongste en oudste boere is geneig om later as die middel ouderdomsgroepe te aanvaar.

Omdat die ouderdom van dorperboere dus hul nuwigheidsgeneigdheid kan beïnvloed, is dit ondersoek en die bevindinge word in Tabel 3.5 aangetoon.

Tabel 3.5 Ouderdom van dorperboere, 1990

Ouderdomskategorieë (jare)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤30	3	13,0	2	3,3	4	16,7	2	8,7	11	8,5
31-40	5	21,7	16	26,7	4	16,7	6	26,1	31	23,8
41-50	6	26,1	19	31,7	4	16,7	4	17,4	33	25,4
51-60	2	8,7	16	26,7	11	45,8	5	21,7	34	26,2
61-70	7	30,4	6	10,0	1	4,2	5	21,7	19	14,6
>70	0	0,0	1	1,7	0	0,0	1	4,3	2	1,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddelde	48		47		46		49		48	

*P = 0,85 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

Vanuit Tabel 3.5 blyk dit dat 42,3 persent van die respondente ouer as 50 jaar is. Hierteenoor is 49,2 persent van die respondente tussen 30 tot 50 jaar oud. Slegs

8,5 persent van die respondente is 30 jaar en jonger terwyl 16,1 persent ouer as 60 jaar is. Laasgenoemde syfer vergelyk gunstig met bevindinge van Bembridge (1975 : 207) waar hy bevind het dat soveel as 38 persent van die boere in 'n ondersoek na vleisbeesboerdery in Rhodesië ouer as 60 jaar was.

Hierdie bevindinge dui waarskynlik op 'n toename in die gemiddelde ouderdom van dorperboere. Indien hierdie geleidelike veroudering van dorperboere 'n verskynsel is wat gaan voortduur, sal persone of instansies betrokke by voorligting in die dorperskaapbedryf, deeglik hiervan kennis moet neem. Verskeie navorsers (Kolbé, 1965 : 76; Rogers, 1983 : 251) het reeds gewys op 'n negatiewe verband tussen die ouderdom van boere en hul nuwigheidsgeneigdheid.

Aangesien De Klerk *et al.* (1983 : 145) en Terblanche (1987 : 281) reeds ondersoek ingestel het na die ouderdom van onderskeidelik wolskaap- en angorabokboere, word hulle bevindinge vergelyk met dié van hierdie studie (Figuur 3.1).




FIG. 3.1: VERGELYKING VAN DIE OUDERDOMSPREIDING TUSSEN WOL- (DE KLERK *et al.*, 1983 : 145), ANGORABOK- (TERBLANCHE, 1987 : 281) EN DORPERBOERE, 1990 [N = 130]

Hieruit blyk dit duidelik dat die ouderdomsverspreiding van die dorperboere min of meer in ooreenstemming is met dié van die wolboere. In beide gevalle is die ouderdomsverspreiding effens skeef na die hoër ouderdomsgroepe. Die ouderdomsverspreiding by angoraboere wyk af van hierdie patroon deurdat 'n meer normale verspreiding aangetref word. 'n Rede hiervoor mag wees dat relatief baie jong boere tydens die bloeitydperk van die angoras tot dié bedryf toegetree het (Terblanche, 1987 : 280-281).

Die studie dui dus daarop dat 'n relatief groot persentasie dorperboere met ekstensiewe dorperboerdery voortgaan al het hulle reeds 'n ouderdom van meer as 60 jaar bereik.

3.5 BOERDERY-ONDERVINDING

Bembridge (1975 : 211) het gevind dat jarelange boerdery-ondervinding negatief kan inwerk op die gesindheid van die boerdery-ondernemer om verandering te ondergaan en verbeterde boerderypraktyke te aanvaar. Omdat die aantal jare boerdery-ondervinding dus 'n invloed mag uitoefen op die sukses al dan nie wat voorligters met voorligtingsaksies onder dorperboere sal behaal, is dit in hierdie studie ondersoek.

Vir die doel van hierdie studie is die jare selfstandige boerdery-ondervinding asook dié spesifiek met dorperskape opgedoen, ondersoek. Die rasionaal hieragter was om die respondente te beperk tot jare ondervinding opgedoen waartydens hulle in eie reg besluite ten opsigte van die boerdery en ook dorperboerdery spesifiek kon neem. Sodoende is algemene boerdery-ondervinding en boerdery-ondervinding ten opsigte van dorperboerdery opgedoen in 'n pa-seun en werkgewer-werknemer situasie uitgeskakel. Dit is geoen omdat daar in geeneen van hierdie twee situasies volle onafhanklike besluitnemingsbevoegdheid by die respondent sou berus nie. Die bevindinge in hierdie verband word in Tabela 3.6 en 3.7 aangetoon.

Uit Tabel 3.6 blyk dit dat 50 persent van die respondente oor 20 jaar en minder selfstandige boerdery-ondervinding beskik het. Dit staan in kontras met bevindinge in Tabel 3.5 waar aangedui is dat slegs 32,3 persent van die respondente 40 jaar en jonger is. Met so 'n relatief groot persentasie dorperboere ouer as 40 jaar, is die verwagting dat daar 'n relatief groot persentasie van die respondente sou wees wat oor meer as 20 jaar selfstandige boerdery-ondervinding beskik.

Tabel 3.6 **Jare selfstandige boerdery-ondervinding van dorperboere, 1990**

Ondervindings- kategorieë (Jare)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤10	4	17,4	11	18,3	8	33,3	4	17,4	27	20,8
11-20	7	30,4	18	30,0	7	29,2	6	26,1	38	29,2
21-30	5	21,7	13	21,7	2	8,3	4	17,4	24	18,5
31-40	3	13,0	12	20,0	7	29,2	4	17,4	26	20,0
>40	4	17,4	6	10,0	0	0,0	5	21,7	15	11,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddelde	25		24		20		26		24	

*P = 0,4687 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

Die ietwat teenstellende bevindinge dui daarop dat 'n beduidende persentasie van die respondente óf 'n aantal jaar hulself in 'n werkgewer-werknemer/pa-seun situasie bevind het óf dat sodanige respondente eers op 'n relatief laat stadium van hul lewens tot die boerderybedryf toegetree het. Hierdie verskynsel blyk meer algemeen in die Carnarvon-voorigtingswyk te wees, waar slegs 33,4 persent van die boere 40 jaar of jonger is (Tabel 3.5) terwyl 62,5 persent van boere minder as 20 jaar selfstandige boerdery-ondervinding het (Tabel 3.6).

Hierdie tendens word ook gevind indien die bevindinge in Tabel 3.7 ge-analiseer word.

Ten opsigte van jare selfstandige boerdery-ondervinding spesifiek met dorperskape, moet in gedagte gehou word dat dié ras sy ontstaan eers in die vyftiger jare gehad het.

'n Statistiese ontleding van die data toon dat daar geen betekenisvolle verskille (P = 0,4509) tussen die verskillende voorligtingswyke voorkom nie. Die gemiddelde jare selfstandige boerdery-ondervinding met dorperskape stem baie ooreen in die verskillende voorligtingswyke.

Tabel 3.7 Dorperboere se jare selfstandige boerdery-ondervinding met dorperskape, 1990

Ondervindings- kategorieë (Jare)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤5	3	13,0	4	6,7	1	4,2	3	13,0	11	8,5
5-15	10	43,5	26	43,3	14	58,3	6	26,1	66	43,1
16-25	9	39,1	20	33,3	6	25,0	8	34,8	43	33,1
26-35	1	4,3	7	11,7	3	12,5	5	21,7	16	12,3
>35	0	0,0	3	5,0	0	0,0	1	4,3	4	3,1
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddelde	16		17		15		18		17	

*P = 0,4509 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

'n Duidelike verskil word egter ten opsigte van jare selfstandige boerdery-ondervinding met dorperskape tussen die Prieska-voorigtingswyk aan die een kant en die drie ander voorigtingswyke aan die anderkant aangetre. In die geval van die Prieska-voorigtingswyk, is gevind dat 60,8 persent van die respondente oor 16 jaar en langer selfstandige boerdery-ondervinding met dorpers beskik (Tabel 3.7).

Volgens Marais en Schoeman (1990 : 4), wat ondersoek ingestel het na die geografiese verspreiding van die dorperskaap in die Republiek van Suid-Afrika, is Prieska reeds in 1963/64 as 'n sekondêre verspreidingsgebied (tweede grootste konsentrasie) van die dorperskaap geklassifiseer. Gebiede soos Kenhardt en Carnarvon is eers teen 1976 as sekondêre verspreidingsgebiede beskou. Tydens 'n opname in 1987 is bevind dat Calvinia van 'n sekondêre verspreidingsgebied na 'n nukleus gebied (grootste verspreiding) beweeg het. Hierdie inligting strook met die bevinding van hierdie studie. Die inligting in Tabel 3.7 dui ook daarop dat 26 persent van die respondente in die Prieska-voorigtingswyk oor 26 en meer jare selfstandige boerdery-ondervinding met dorperskape beskik teenoor die 4,3; 16,7 en 12,5 persent van Calvinia, Kenhardt en Carnarvon onderskeidelik.

Hierdie bevindinge sal noodwendig sekere implikasies vir die voorigter hê. Die bevindinge dui daarop dat dorperskaapboerdery reeds 'n gevestigde bedryf in die Prieska-, Kenhardt- en Carnarvon-voorigtingswyke is en in 'n mindere mate ook in

die Calvinia-voortligtingswyk. Dit impliseer dat sekere praktyke reeds vasgelê is en dat die betrokke boere moeiliker ooreed sal word om ander praktyke te aanvaar of toe te pas.

3.6 OPLEIDING

Heelparty navorsers het al ondersoek ingestel na die vlak van opleiding van boere en die verband wat dit met praktykaanvaarding hou. Kolbé (1965 : 136), Bembridge (1975 : 208) en Rogers (1983 : 261) het 'n positiewe verband tussen die vlak van opleiding en praktykaanvaarding gevind. 'n Hoë vlak van opleiding reflekteer begripsvaardigheid by die respondente en 'n gesonde situasie vir die oordra van kennis asook die belofte van 'n aanvaardingsgeneigdheid ten opsigte van wetenskaplik beproefde boerderypraktyke (Terblanche, 1987 : 282).

3.6.1 FORMELE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES

Dorperboere is gevra na hul hoogste formele opvoedkundige kwalifikasie en die bevindinge word in Tabel 3.8 aangetoon.

Tabel 3.8 Hoogste opvoedkundige kwalifikasies van dorperboere, 1990

Opvoedkundige kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
< Matriek	4	17,4	19	31,7	3	12,5	5	21,7	31	23,8
Matriek	13	56,5	20	33,3	9	37,5	9	39,1	51	39,2
St6-10+ ambeg	0	0,0	3	5,0	2	8,3	0	0,0	5	3,8
St10+ diploma	0	0,0	0	0,0	1	4,2	1	4,3	2	1,5
Landbou diploma	5	21,7	11	18,3	7	29,2	6	26,1	29	22,3
B-graad of verder	1	4,3	5	8,3	2	8,3	2	8,7	10	7,7
B/BSc Agric of verder	0	0,0	2	3,3	0	0,0	0	0,0	2	1,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,580; Vge = 18 : P > 0,05

Die gegewens in Tabel 3.8 toon dat 23,8 persent van die respondente 'n opleidingsvlak laer as matriek het. Hierdie waarde varieer van 12,5 persent in die geval van Carnarvon tot 31,7 persent in die geval van Kenhardt. Dit is egter opvallend dat in die geval van Carnarvon 16,7 persent van die respondente 30 jaar en jonger was teenoor die 3,3 persent in die geval van Kenhardt (Tabel 3.5). Dit kan daarop dui dat jonger boere as 'n reël oor 'n hoër vlak van opleiding beskik as die ouer boere. Dit is in ooreenstemming met 'n stelling wat deur Terblanche (1987 : 282) gemaak is, naamlik dat die gebruik dat die seun wat op skool nie kan of wil leer nie die boer word, deesdae blykbaar al hoe meer verwerp word. Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,580$) kom egter tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie.

Daar word verder waargeneem dat 23,8 persent van die respondente oor 'n formele naskoolse kwalifikasie in die landbou beskik (Tabel 3.8). Hierdie kwalifikasies is in die vorm van 'n landboudiploma, 'n B. Agric.- of 'n B.Sc Agric.-graad en verder. Hierdie waarde vergelyk goed met die bevindinge van De Klerk *et al.* (1983 : 147) en Terblanche (1987 : 282) wat gevind het dat 25,3 en 32,7 persent van die wol- en angorabokboere respektiewelik oor 'n formele naskoolse kwalifikasie in die landbou beskik.

Die inligting dui dus daarop dat voorligters, veral in 'n voorligtingswyk soos Carnarvon, met 'n goed opgeleide gehoor werk wat ontvanklik ten opsigte van die voorligtingsboodskap kan staan.

3.6.2 SPESIFIEKE OPLEIDING

Afgesien van formele opvoedkundige opleiding word daar in die dorperbedryf nog verder geleentheid vir boere geskep om hulself beter te bekwaam ten opsigte van die ras waarmee hulle boer.

Van die tien Dorperskaapklubs wat gedurende 1990 in die Republiek bestaan het, het nege klubs beide 'n junior en senior dorperkursus in daardie betrokke jaar aangebied. Die tiende klub het slegs 'n junior kursus aangebied. Die klubs poog dus om aan dorperboere die geleentheid te bied om spesifieke opleiding ten opsigte van dorperskape te ontvang.

In die opname is ondersoek ingestel na die mate waartoe die dorperboere die betrokke kursusse bygewoon het en die bevindings word in Tabela 3.9 en 3.10 aangetoon.

Tabel 3.9 Bywoning van junior kursus deur dorperboere, 1990

Bywoning- kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nee	17	73,9	37	61,7	14	58,3	10	43,5	78	60,0
Ja	6	26,1	23	38,3	10	41,7	13	56,5	52	40,0
Totaal	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,206; Vge = 3 : P > 0,05

Volgens Tabel 3.9 het slegs 40 persent van die respondente reeds die junior kursus gevolg. Alhoewel daar nie betekenisvolle verskille (P = 0,206) tussen die verskillende voorligtingswyke voorkom nie, varieer bywoning van 26,1 persent in die geval van Calvinia tot 56,5 persent in Prieska-voorligtingswyk.

Tabel 3.10 Bywoning van senior kursus deur dorperboere, 1990

Bywoning- kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nee	19	82,6	46	76,7	18	75,0	17	73,9	100	76,9
Ja	4	17,4	14	23,3	6	25,0	6	26,1	30	23,1
Totaal	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,899; Vge = 3 : P > 0,05

Die mate waartoe respondente in die onderskeie voorligtingswyke die junior kursus gevolg het, is in ooreenstemming met die verspreidingspatroon van die dorper (Tabel 1.1) soos aangetoon deur Marais en Schoeman (1990 : 4). Volgens hierdie navorsers is Prieska reeds in 1963/64, Carnarvon en Kenhardt in 1976 en Calvinia eers daarna as 'n sekondêre verspreidingsgebied beskou.

Dit blyk dat slegs 23,1 persent van die respondente reeds die senior kursus bygewoon het (Tabel 3.10). Ten opsigte van die senior kursus kom daar geen betekenisvolle ($P = 0,899$) verskille in bywoning tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie. Die Calvinia-voorligtingswyk het egter die laagste bywoningsyfer van 17,4 persent gehad.

'n Berekening is gemaak van die aantal respondente wat die senior kursus bygewoon het, uitgedruk as persentasie van die aantal respondente wat die junior kursus gevolg het. Dit toon dat 57,7 persent van die respondente wat die junior kursus gevolg het ook die senior kursus bygewoon het. Hierdie waarde varieer van 46,2 persent in die Prieska-voorligtingswyk tot onderskeidelik 60; 60,8 en 66,7 persent in die voorligtingswyke van Carnarvon, Kenhardt en Calvinia. Hieruit kan afgelei word dat individue wat bereid was om die junior kursus te volg, meer gereedlik ook die senior kursus bygewoon het. Hierdie persone het dus nie net noodwendig 'n groter behoefte aan verdere opleiding en ontwikkeling nie, maar wend ook 'n daadwerklike poging aan om verdere opleiding en ontwikkeling te ondergaan.

3.7 KOMMUNIKASIE-AANGELEENTHEDE

Rogers en Shoemaker (1971 : 11) definieer die begrip kommunikasie as die proses waardeur boodskappe oorgedra word vanaf 'n bron na 'n ontvanger. Kommunikasie word deur hierdie twee navorsers aan die hand van die "SMCR" model beskryf. Hiervolgens stuur 'n bron (source) 'n boodskap (message) via sekere kanale (channels) na 'n ontvanger (receiver). Kommunikasie is dus 'n proses waardeur deelnemers inligting skep en onder mekaar uitruil ten einde wedersydse begrip te ontwikkel (Rogers, 1983 : 5).

Volgens Troskie (1990 : 36) doen boere baie kennis op deur middel van informele kommunikasie met onder andere medeboere, landbouvoorligters, landbou-

navorsers en die massamedia. Kennis het hoofsaaklik 'n regulerende funksie in dié sin dat besluitneming in die teenwoordigheid van kennis meer objektief word (Koch, 1985b : 149). Teen hierdie agtergrond is ondersoek ingestel na die kommunikasie-aangeleenthede van dorperboere aangesien kennis ook op hierdie wyse opgedoen kan word.

In hierdie verband is ondersoek ingestel na die inligtingsbronne waarvan dorperboere gebruik maak, hul skakeling met die plaaslike landbou-voorigter, die mate waartoe hulle betrokke is by 'n boerevereniging se aktiwiteite asook die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika. Al drie hierdie aspekte gaan nie net 'n invloed uitoefen op die kennis van dorperskaapboere nie, maar die mate waartoe van elkeen gebruik gemaak word, gaan ook grootliks vir die voorligter 'n aanduiding gee van die kommunikasiekanale wat aangewend kan word om die gehoor te bereik.

3.7.1 INLIGTINGSBRONNE

Die drie populêrste inligtingsbronne (in volgorde van afnemende belangrikheid) waarvan dorperboere in hul dorperboerdery gebruik maak, is bepaal en die bevindinge word in Tabel 3.11 aangetoon.

Die gegewens in Tabel 3.11 dui daarop dat 31,5 persent van die respondente medeboere as hul populêrste inligtingsbron geïdentifiseer het. King (1985 : 20) het in 'n ondersoek na die eienskappe en rol van opinieleiers in die Stutterheim-voorigtingswyk ook gevind dat medeboere die belangrikste bron van inligting vir boere is. Volgens Kolbé (1965 : 120) word die invloed van hierdie interpersoonlike kontak dikwels onderskat.

Die Departement van Landbou-Ontwikkeling en die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika word deur onderskeidelik 14,6 en 12,3 persent van die respondente as tweede en derde populêrste inligtingsbron aangewys (Tabel 3.11).

Geen betekenisvolle verskille kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die belangrikste ($P = 0,184$), tweede belangrikste ($P = 0,353$) en derde belangrikste ($P = 0,226$) inligtingsbronne nie.

Tabel 3.11 Die drie populêrste inligtingsbronne van dorperboere, 1990


Inligtingsbronne	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 80		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
<u>Weet nie</u>										
Belangrikste	1	4,3	3	5,0	2	8,3	3	13,0	9	6,9
2de Belangrikste	5	21,7	13	21,7	1	4,2	3	13,0	22	16,9
3de Belangrikste	12	52,2	30	50,0	9	37,5	10	43,5	61	46,9
<u>Medsboere</u>										
Belangrikste	6	26,1	18	30,0	9	37,5	8	34,8	41	31,5
2de Belangrikste	6	26,1	13	21,7	6	25,0	5	21,7	30	23,1
3de Belangrikste	1	4,3	9	15,0	4	16,7	4	17,4	18	13,8
<u>Dact. van Landbou- Ontwikkeling</u>										
Belangrikste	3	13,0	11	18,3	4	16,7	1	4,2	19	14,6
2de Belangrikste	3	13,0	6	10,0	1	4,2	1	4,3	11	8,5
3de Belangrikste	0	0,0	2	3,3	0	0,0	0	0,0	2	1,5
<u>Dorperkanaleiers- verenigings van Suid-Afrika</u>										
Belangrikste	3	13,0	8	13,3	2	8,3	3	13,0	16	12,3
2de Belangrikste	0	0,0	4	6,7	2	8,3	0	0,0	6	4,6
3de Belangrikste	0	0,0	3	5,0	2	8,3	3	13,0	8	6,2
<u>Lewendshewebe- amptenare</u>										
Belangrikste	3	13,0	7	11,7	4	16,7	0	0,0	14	10,8
2de Belangrikste	1	4,3	7	11,7	6	25,0	3	13,0	17	13,1
3de Belangrikste	1	4,3	2	3,3	2	8,3	1	4,3	6	4,6
<u>Dorperland Nuusbrief</u>										
Belangrikste	2	8,7	2	3,3	2	8,3	6	26,1	12	9,2
2de Belangrikste	3	13,0	8	13,3	0	0,0	4	17,4	15	11,5
3de Belangrikste	0	0,0	8	13,3	3	12,5	1	4,3	12	9,2
<u>Dorper Nuusbrief</u>										
Belangrikste	5	21,7	6	10,0	0	0,0	0	0,0	11	8,5
2de Belangrikste	5	21,7	5	8,3	7	29,2	4	17,4	21	16,2
3de Belangrikste	4	17,4	2	3,3	3	12,5	1	4,3	10	7,7
<u>Koöperasie- amptenare</u>										
Belangrik	0	0,0	4	6,7	1	4,2	2	8,7	7	5,4
2de Belangrikste	0	0,0	2	3,3	1	4,2	2	8,7	5	3,8
3de Belangrikste	1	4,3	0	0,0	1	4,2	2	8,7	4	3,1
<u>Ander</u>										
Belangrikste	1	4,3	3	5,0	2	8,3	3	13,0	9	6,9
2de Belangrikste	0	0,0	2	3,3	0	0,0	1	4,3	3	2,3
3de Belangrikste	4	17,4	4	6,7	0	0,0	1	4,3	9	6,9

Belangrikste: Chi-kwadraat = 0,184; Vge = 24 : P > 0,05

2de Belangrikste: Chi-kwadraat = 0,353; Vge = 24 : P > 0,05

3de Belangrikste: Chi-kwadraat = 0,226; Vge = 24 : P > 0,05

Sewe verskillende inligtingsbronne is verder individueel aan die respondente voorgedou vir 'n aanslag van die relatiewe doeltreffendheid as inligtingsbronne ten opsigte van dorperboerdery. Dit is gedoen ooreenkomstig 'n 10-puntskaal waar 10 baie doeltreffend en een ondoeltreffend is. Die bevindinge word in Figuur 3.2 aangetoon.



Sleutel:

A - Departement van Landbou-Ontwikkeling
 B - Suid-Afrikaanse
 Dorperskaaptelersgenootskap
 C - Lewendehawebeamptes

D - Medeboere
 E - Koöperasie-amptenare
 F - Dorper Nuusbrief
 G - Dorperland Nuusbrief

FIG. 3.2 RELATIEWE DOELTREFFENDHEID VAN SEWE VERSKILLEDE INLIGTINGSBRONNE VOLGENS DIE PERSEPSIE VAN DORPERBOERE, 1990 [N=130]

Die bevindinge in Figuur 3.2 dui daarop dat medeboere die hoogste gemiddelde aanslag (gemiddeld = 6,1) vir doeltreffendheid as inligtingsbron ontvang het. Koöperasie-amptenare het die laagste aanslag (gemiddeld = 4,1) vir doeltreffendheid as inligtingsbron ontvang en die ander 'n gemiddelde aanslag.

Die invloed van die massamedia (in hierdie geval die Dorper Nuusbrief en Dorperland Nuusbrief) is belangrik in die bewusmakingsproses (Hattingh, 1965 : 63; King, 1985 : 32). Volgens Rogers (1983 : 297) is dit omdat 'n persoon se intieme vriende gewoonlik ook vriende van mekaar is en hulle selde iets weet wat die persoon nie ook weet nie. 'n Persoon se verlangse kennis is 'n meer bruikbare kanaal vir die inwin van inligting omdat hulle heel waarskynlik oor inligting beskik waarvan die persoon nie bewus is nie.

Die Departement van Landbou-Ontwikkeling het 'n baie gemiddelde aanslag (mediaan = 5) vir doeltreffendheid as bron van inligting ontvang. Die relatiewe lae aanslag mag die gevolg van 'n verskeidenheid van redes wees. In al vier voorligtingswyke mag die groot afstand wat sommige boere van die naaste voorligtingsbeampte/tegnikus is, daartoe lei dat die ander inligtingsbronne (wat meer geredelik bereikbaar is) vir so 'n boer belangriker word. Dit moet in gedagte gehou word dat die respondente die Departement van Landbou-Ontwikkeling moes aanslaan as bron van inligting slegs vir dorper-skaapboerdery. Die Departement se voorligtingsbeamptes/tegnici speel ook 'n belangrike rol ten opsigte van ander aktiwiteite, soos byvoorbeeld droogte- en vloedhulp.

In hierdie verband is dit belangrik om die navorsingsresultate van King (1985 : 32) ingedagte te hou. Die outeur het naamlik bevind dat opinieleiers meer waarde heg aan die voorligtingsagent as die instansie/inrigting wat hy verteenwoordig.

3.7.2 KONTAK MET LANDBOUVOORLIGTER

Alhoewel sommige navorsers (Van Zyl, 1962 : 86; Baard, 1965 : 156) bevind het dat kontak met voorligters 'n wesentlike invloed op die gedrag van 'n respondent het, is daar weer navorsing (Hattingh, 1965 : 58) wat op die teen-

deel dui. Alhoewel daar dus uiteenlopende menings oor die belang van kontak tussen boere en voorligters is, kan die rol van voorligters as bron van inligting nie buite rekening gelaat word nie.

Die mate waartoe dorperboere in die jaar wat die studie voorafgegaan het kontak met voorligters gehad het, is ondersoek aan die hand van sekere aspekte soos deur Kolbé (1962 : 25-26) in 'n indeks voorgestel, naamlik:

- Aantal besoeke wat 'n voorligter die afgelope jaar aan 'n respondent se plaas gebring het.
- Aantal kere wat die respondent, bogenoemde uitgesluit, die afgelope jaar by 'n voorligter advies ingewin het.

Vir die doel van hierdie ondersoek is bogenoemde twee aspekte gekombineer en die bevindinge word in Tabel 3.12 aangetoon.

Tabel 3.12 Mate waartoe dorperboere die afgelope jaar met voorligters kontak gemaak het, 1990

Kontak-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Beie gereeld	1	4,3	4	6,7	1	4,2	0	0,0	6	4,6
Gereeld	0	0,0	9	15,0	3	12,5	3	13,0	15	11,5
Soms	2	8,7	17	28,3	3	12,5	1	4,3	23	17,7
Af en toe	8	34,8	17	28,3	11	45,8	14	60,9	50	38,5
Glad nie	12	52,2	13	21,7	6	25,0	5	21,7	36	27,7
Totaal	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,022; Vge = 12 : P < 0,05

Indien die bevindinge in Tabel 3.12 ontleed word, is dit opvallend dat 66,2 persent van die respondente glad nie of slegs af en toe met die plaaslike voorligter kontak maak. Meer as 80 persent van die respondente in die Calvinia- en Prieska-voorligtingswyke val in hierdie kategorieë.

Betekenisvolle verskille ($P = 0,022$) wat betref die mate waartoe die respondente met die plaaslike landbouvoorligter kontak maak, kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor. Die bevindinge (Tabel 3.12) dui daarop dat die tendens in die Calvinia-voorligtingswyk verskil van dié in die drie ander voorligtingswyke. In die Calvinia-voorligtingswyk was die grootste persentasie van die respondente in die kategorie glad nie terwyl in die Carnarvon en Prieska in die kategorie af en toe voorgekom het. In die Kenhardt-voorligtingswyk het die kategorieë soms en af en toe gesamentlik die meeste nominasies ontvang (28,3 persent).

Hierdie bevindinge het belangrike implikasies ten opsigte van die kommunikasiekanaal wat gevolg gaan word om die dorperboere in die Calvinia-voorligtingswyk te bereik. In hierdie verband is dit duidelik dat meer as 50 persent van die respondente in die Calvinia-voorligtingswyk glad nie kontak met hul plaaslike landbouvoorligter het nie.

Ondersoek is nie ingestel na die redes waarom die respondente nie kontak met die landbouvoorligters het nie. Moontlike redes wat aangevoer mag word, is onder andere die groot afstand vanaf sekere respondente tot by hul plaaslike landbouvoorligter. Nie een van die voorligtingskantore was vakant gedurende die betrokke jaar nie en dit kan dus nie as rede vir swak kontak aangevoer word nie.

3.7.3 INSKAKELING BY BOEREVERENIGINGAKTIWITEITE

Daar is reeds gewys op die belangrike rol wat kontak met medeboere speel. Omdat baie van die kontak met medeboere, anders as die in die onmiddellike vriendekring, by boereverenigingaktiwiteite plaasvind, is ondersoek ingestel na die mate waartoe dorperboere die plaaslike boerevereniging se vergaderings bywoon en die bevindinge word in Tabel 3.13 aangetoon.

Tabel 3.13 Mate waartoe dorperboere die plaaslike boerevereniging se vergaderings bywoon, 1990

Bywoningskategorieë (%)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nooit nie	2	8,7	1	1,7	2	8,3	8	34,8	13	10,0
1-20	6	26,1	6	10,0	4	16,7	2	8,7	18	13,8
21-40	2	8,7	4	6,7	4	16,7	0	0,0	10	7,7
41-60	4	17,4	4	6,7	5	20,8	2	8,7	15	11,5
61-80	3	13,0	8	13,3	4	16,7	1	4,3	16	12,3
81-100	6	26,1	37	61,7	5	20,8	10	43,5	58	44,6
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,000; Vge = 15 : P < 0,01

Ongeveer 57 persent van die respondente (Tabel 3.13) woon die plaaslike boerevereniging se vergaderings gereeld of baie gereeld by. In die Kenhardt-voorligtingswyk styg hierdie waarde tot so hoog as 75,0 persent.

'n Ontleding van die data in Tabel 3.13 toon dat daar hoogs betekenisvolle verskille ($P < 0,01$) voorkom tussen die verskillende voorligtingswyke wat betref die mate waartoe die plaaslike boerevereniging se vergaderings bygevoon word. In die Prieska-voorligtingswyk het soveel as 34,8 persent van die respondente aangetoon dat hulle nooit die plaaslike boerevereniging se vergaderings bywoon nie. Daar mag verskeie redes vir hierdie situasie aangevoer word. Die persepsie mag by die respondente bestaan dat die aktiwiteite van die plaaslike boerevereniging van so 'n aard is dat hulle nie veel baat daarby sal vind nie. Dit is ook in hierdie voorligtingswyk waar 82,6 persent van die respondente aangedui het dat hulle nooit of slegs af en toe met die voorligter kontak het (Tabel 3.12). 'n Redelike groot persentasie van die dorperboere in die Prieska-voorligtingswyk sal dus nie deur inligting via die voorligter of die boerevereniging bereik word nie.

Die bevindinge ten opsigte van die kommunikasie-aangeleentheid van dorperboere behoort dus 'n aanduiding te gee van die wyse waarop boodskappe of inligting wat met dorperskaapboerdery verband hou, gekom-

munikeer kan word. Dit is veral die Dorperskaaptelersgenootskap, medeboere en die twee nuusbriewe wat as waardevolle kommunikasiekanaal kan dien. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die Dorperskaaptelersgenootskap en die twee nuusbriewe, alhoewel hulle redelik hoog aangeslaan word, deur 'n relatief klein persentasie van die dorperboere benut word. In sekere voorligtingswyke, soos byvoorbeeld Kenhardt, kan die plaaslike boerevereniging ook as 'n belangrike kommunikasiekanaal dien.

3.8 DIE NUT VAN DIE DORPERSKAAPTELEERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA VIR DORPERBOERE

Die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika is op 19 Julie 1950 te Grootfontein Landboukollege gestig (Campbell, 1983 : 12). Die telers van wit dorpers het aanvanklik 'n aparte telersgenootskap gestig, maar het in 1964 by die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika (hierna die Genootskap genoem) geaffilieer (Anoniem, 1988 : 10).

Volgens Anoniem (1988 : 10) het die Genootskap die volgende doelstellings:

1. Om die teel van dorperskape aan te moedig en te bevorder.
2. Die beskikbaarstelling van 'n administratiewe kantoor wat deur 'n ras direkteur word.
3. Om geld in te samel en te spandeer in belang van die Genootskap en dorperas.
4. Die plaaslike bevordering van die dorper deur die vestiging van geaffilieerde Dorperklubs.
5. Die instelling van 'n inspeksiediens waardeur kuddes geklasseer, individuele skape geïnspekteer en advies aan telers gegee word.
6. Die opleiding van beoordelaars en inspekteurs.
7. Die verspreiding van kennis van die ras deur die uitgee van brosjures, nuusbriewe en organisering van kortkursusse.

8. Die bevordering van beter teeltmetodes deur die aanbeveling van rekordhouding en nageslagtoetsing.
9. Die organisasie van Kampioenskapskoue en die samestelling van pryslyste vir ander skoue.
10. Die organisasie van amptelike veilings.
11. Om dit vir sy lede so gerieflik moontlik te maak om met dorpers te boer en handel te dryf.

Die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika is dus 'n genootskap uit dorper-telers vir dorper-telers. Ondersoek is ingestel na die mate waartoe dorperboere tot die Genootskap geaffilieer is en die bevindinge word in Tabel 3.14 aangetoon.

Tabel 3.14 Mate waartoe dorperboere aan die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika behoort, 1990

Affiliasie-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Ja	4	17,4	11	18,3	6	25,0	8	34,8	29	22,3
Nee	19	82,6	49	81,7	18	75,0	15	65,2	101	77,7
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,387; Vge = 3 : P > 0,05

Die gegewens in Tabel 3.14 dui daarop dat slegs 22,3 persent van die respondente lede van die Genootskap is. Omdat stoetboere, wie in hierdie studie 21,5 persent van die respondente verteenwoordig (Tabel 3.1), verplig is om aan die Genootskap te behoort, is dit duidelik dat slegs enkele kuddeboere lid is.

Daar is ondersoek ingestel om te bepaal in watter mate die Genootskap aan die behoeftes en verwagtinge van dorperboere voldoen.

Vir die doel van hierdie ondersoek is alle dorperboere wat as respondente opgetree het, gevra om 'n aanslag van die belangrikheid van lidmaatskap van die Dorpertelersgenootskap van Suid-Afrika te maak. Nie-lede is ook by die opname ingesluit aangesien hulle ook 'n sekere persepsie het van die mate waartoe lidmaatskap as belangrik beskou word. 'n Negatiewe persepsie mag miskien die rede wees waarom 'n bepaalde dorperboer nie lid is nie. Die aanslag vir belang van lidmaatskap is gedoen aan die hand van 'n 10-puntyskaal waar 10 van baie waarde en een van geen waarde is nie. Die bevindinge word in Tabel 3.15 aange-
toon.

Tabel 3.15 Die belang van lidmaatskap, volgens die persepsie van dorperboere, van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika, 1990

Waarde van lidmaatskap-kategorieë	Dorperboere per distrik								N = 130	
	CalviniaKenhardt N = 23		Carnarvon N = 60		Prieska N = 24		TOTAAL N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie min waarde	4	17,3	13	21,6	5	20,8	3	13,0	25	19,2
Min waarde	3	13,0	11	18,3	6	25,0	4	17,4	24	18,4
Redelike waarde	7	30,4	17	28,3	4	16,6	7	30,4	35	26,9
Redelik baie waarde	6	26,1	14	23,3	6	25,0	7	30,4	33	25,4
Baie waarde	3	13,0	5	8,3	3	12,5	2	8,6	13	10,0
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	5,4		5,1		5,1		5,5		5,2	


Chi-kwadraat = 0,998; Vge = 27 : P > 0,05

Die 37,6 persent van die respondente wat van mening was dat die Genootskap van min of baie min waarde is (Tabel 3.15), moet gesien word teen die agtergrond van die bevindinge ten opsigte van lidmaatskap (Tabel 3.14). Hiervolgens is slegs 22,3 persent van die respondente lid van die Genootskap. Desnieteenstaande het 35,4 persent van die respondente aangetoon dat dit van redelik baie en baie waarde is.

Dit blyk dat 'n persentasie van die respondente, ondanks die feit dat hulle nie lid van die Genootskap is nie, van mening is dat lidmaatskap van redelik baie en baie waarde sal wees.

Die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika is op 'n soortgelyke wyse geëvalueer aan die hand van sekere van sy verklaarde doelstellings. Die opname is by lede sowel as nie-lede gedoen alhoewel sekere dorperboere (nie-lede) nie 'n mening wou uitspreek nie.

Die bevindinge, volgens die persepsie van dorperboere, ten opsigte van die doeltreffendheid van die Dorpertelersgenootskap van Suid-Afrika om 'n teelbeleid te bepaal, om die dorperras te bevorder en om na lede se belange om te sien, is ondersoek en die bevindinge in hierdie verband word in Figuur 3.3 aangetoon. In hierdie geval word die aanslae van die respondente geskei op grond van lidmaatskap al dan nie.



* Dorperskaaptelersgenootskap van S.A.

FIG. 3.3 VERGELYKING TUSSEN LEDE EN NIE-LEDE VAN DIE DORPERSKAAPTELEERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA TEN OPSIGTE VAN DIE DOELTREFFENDHEIDSAANSLAG VIR DRIE DOELSTELLINGS, 1990 [N = 130]

Die mediaanaanslag van lede vir die drie verskillende doelstellings is baie konstant op agt. Dit impliseer dat die lede as baie tevrede bestempel kan word met die doeltreffendheid van die Genootskap om:

1. teelbeleid te bepaal,
2. die dorperas te bevorder en om
3. na die lede se belange om te sien.

Alhoewel die nie-lede se aanslag ten opsigte van die doeltreffendheid om teelbeleid te bepaal en om na lede se belange om te sien laer as dié van lede is, slaan selfs hulle die Genootskap oor die algemeen redelik hoog aan vir die doeltreffendheid waarmee hierdie drie doelstellings uitgevoer word.

Ondersoek is ingestel na die drie belangrikste nadele, soos geperspieer deur dorperboere, verbonde aan lidmaatskap tot die Dorper telersgenootskap van Suid-Afrika en die bevindinge ten opsigte van die enkele belangrikste nadeel word in Tabel 3.16 aangetoon.

Die meeste van die respondente (53,8 persent) is van mening dat daar geen nadele verbonde aan lidmaatskap van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika is nie (Tabel 3.16). Koste van lidmaatskap is in die geval van 26,2 persent van die respondente as die belangrikste nadeel geïdentifiseer. Alhoewel daar redelike groot verskille is tussen die Carnarvon- en Prieska-voorigtingswyke wat betref die getal respondente wat aangedui het dat die koste van lidmaatskap die belangrikste probleem is, is hierdie verskille nie betekenisvol ($P = 0,558$) nie.

Die bevindinge toon, dat alhoewel daar in die geval van meer as 50 persent van die respondente geen nadele aan lidmaatskap van die Genootskap verbonde was nie, slegs 22,3 persent wel lid was. Die vraag ontstaan dus waarom die dorperboere nie in 'n groter mate as lede by die Genootskap aansluit nie? Die antwoord op hier

Tabel 3.16 Belangrikste nadeel, soos geperspieer deur dorperboere, verbonde aan affiliasie tot die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika, 1990

Nadele	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
*Nvt	1	4,3	4	6,7	4	16,7	1	4,3	10	7,7
Geen nadele	14	60,9	33	55,0	13	54,2	10	43,5	70	53,8
Koete verbonde aan lidmaatskap	5	21,7	17	28,3	2	8,3	10	43,5	34	26,2
Swak verspreiding van inspekteurs	1	4,3	2	3,3	2	8,3	1	4,3	6	4,6
Koete verbonde aan verpligte inspeksies	1	4,3	1	1,7	2	8,3	1	4,3	5	3,8
Verpligte inspeksies	1	4,3	1	1,7	1	4,2	0	0,0	3	2,3
Ander	0	0,0	2	3,3	0	0,0	0	0,0	2	1,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

* Nie-lede wat nie 'n mening wou uitspreek nie
Chi-kwadraat = 0,558; Vge = 18 : P > 0,05

die vraag mag gesetel wees in die persepsie dat daar geen voordele vir die kuddeboer aan lidmaatskap verbonde is nie. 'n Ondersoek na die voordele van lidmaatskap sou meer lig hierop gewerp het.

3.9 SAMEVATTING

Wanneer die hoeveelheid grond wat die respondente in die verskillende voorligtingswyke besit, ondersoek word, blyk daar 'n ooreenkoms tussen die gemiddelde jaarlikse reënval van 'n betrokke voorligtingswyk en die grondoppervlakte in respondente se besit te wees.

Die bevindinge toon dat verhuring van grond nie 'n baie groot rol in die opnamegebied speel nie. Eweso is die beskikbaarheid van besproeiingsgrond beperk en

beskik 91,5 persent van die respondente nie oor besproeiingsgrond nie (Tabel 3.4).

Die bevindinge toon dat 51,6 persent van die respondente (Tabel 3.7) oor 15 jaar en minder selfstandige ondervinding van dorperboerdery beskik. Alhoewel dit mag blyk dat sommige van hulle ondervinding van dorperskaapboerdery opgedoen het in 'n pa-seun of werkgewer/werknemer situasie, is hierdie groot groep relatief nuwe toetreders tot die dorperskaapbedryf heelwaarskynlik nog ontvanklik vir ver-nuwing.

Ten opsigte van formele opleiding (Tabel 3.8) blyk dit (indien na vergelykbare ondersoek se bevindinge gekyk word) dat dorperboere binne die opnamegebied oor 'n redelike hoë vlak (33 persent) van naskoolse opleiding, anders as 'n ambag, beskik. Globaal gesien weerspieël die resultate dus 'n redelik goed opgeleide gehoor wat ontvanklik teenoor die voorligtingsboodskap kan staan.

Wat betref spesifieke opleiding ten opsigte van die junior en senior kursusse, is dit duidelik dat die dorperboere 'n redelike behoefte aan hierdie tipe opleiding ervaar. Dit is ook gevind dat 57,7 persent van die boere wat wel die junior kursus byge-woon het ook die senior kursus gevolg het. Die behoefte aan voortgesette spe-sifieke opleiding is dus groter by hierdie boere as by boere wat nie daarin belang stel om die junior kursus by te woon nie.

Die bevindinge in hierdie hoofstuk bevestig weereens navorsing van vorige navorsers wat gedui het op die belangrike rol wat veral medeboere as bron van inligting speel. Dit is verder insiggewend dat die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika, die Dorper Nuusbrief en Dorperland Nuusbrief almal 'n relatief hoë mediaaanaanslag ontvang wat betref die doeltreffendheid as inligtingsbron vir dorperboere. Laasgenoemde drie inligtingsbronne se mediaaanaanslag van ses is net so hoog as dié vir medeboere. Dit beteken egter nie noodwendig dat bogenoemde drie inligtingsbronne sonder meer as kommunikasiekanaal gebruik moet word in die hoop dat alle dorperboere in die opnamegebied daardeur bereik sal word nie. Dit is belangrik om ingedagte te hou dat die Genootskap heel waarskynlik net vir sy lede (meestal stoetboere) van groot waarde as inligtingsbron is. Dieselfde argument kan ten opsigte van die Dorper Nuusbrief aangevoer word. Dorperland Nuusbrief bereik hoofsaaklik die dorperboere van die Kenhardt-voorligtingswyk en nie dié van die ander drie voorligtingswyke nie. Die teikengehoor tot wie se adres die voorligtingsboodskap gerig word, sal dus dikteer watter kommunikasiekanaal die beste resultate sal lewer.

Alhoewel kontak van dorperboere met die plaaslike landbouvoorligters oor die algemeen nie baie gereeld is nie, is dit opvallend dat die vergaderings van die plaaslike boerevereniging in die geval van die Kenhardt-voorligtingswyk redelik goed bygewoon word. Dit sou dus moontlik wees om 'n redelike groot persentasie van die dorperboere in die Kenhardt-voorligtingswyk deur middel van die plaaslike boerevereniging te bereik. In die ander drie voorligtingswyke is die bywoning van vergaderings van die boerevereniging van so 'n aard dat die gebruik daarvan as kommunikasiekanaal 'n kleiner deel van die beoogde gehoor (in dié geval dorperboere) sal bereik.

Die bevindinge dui verder daarop dat die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika deur beide lede en nie-ledes as besonder doeltreffend beskou word wat betref die bevordering van die dorperboere. Die lede beskou ook die Genootskap as besonder doeltreffend wat betref die bepaling van teelbeleid en die mate waartoe na die lede se belange omgesien word. Daar bestaan verder geen ernstige hindernisse wat dorperboere verhinder om lid van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika te word nie.

HOOFSTUK 4

STREWES EN HINDERNISSE TEN OPSIGTE VAN DOELBEREIKING ASOOK KENNIS VAN DORPER- SKAAPBOERE

4.1 INLEIDING

Indien Düvel (1987 : 4) se skema van gedragsbepalende veranderlikes (Figuur 1.1) ondersoek word, blyk dit dat die bemiddelende veranderlikes (behoefte, persepsie en kennis) as 'n belangrike komponent van die psigologiese veranderlikes geïdentifiseer word. Hierdie psigologiese veranderlikes kan baie goed in verband gebring word met Lewin (1947 : 239) se teorie dat die gedrag (G) van 'n persoon gesien kan word as 'n funksie (f) van die persoon (P) en sy subjektief gepersepsieerde omgewing (O).

De Klerk (1979 : 257) het gevind dat die bemiddelende veranderlikes 'n nouer verwantskap met verbeterde praktykvoering toon as persoonlike- en omgewingsfaktore. Volgens Koch (1985a : 12) is dit nodig om die samestelling van 'n mens se psigologiese veld te verander ten einde sy gedrag te verander. Indien daar dus tussen dorperboere onderskei kan word op grond van die samestelling van die psigologiese veld, ontstaan daar 'n gunstige situasie om op 'n objektiewe wyse oorsake te bepaal van die verskille in optrede of gedrag van individue of groepe.

Düvel (1987 : 4) identifiseer as die belangrikste bemiddelende veranderlikes die behoeftes (strewes of aspirasies), persepsies en kennis van 'n individu. Die persepsies van dorperboere word in 'n latere afdeling saam met praktyktoepassing behandel. Vervolgens sal die strewes van dorperboere en hindernisse op die weg na doelbereiking asook hul kennis bespreek word. Sekere kommunikasie-aanleenthede word ook aangebied aangesien dit 'n invloed kan uitoefen op die strewes, hindernisse en kennis van dorperboere.

4.2 STREWES VAN DORPERSKAAPBOERE

Van Zyl (1967 : 71) noem dat elke mens 'n innerlike dryfkrag het wat hom motiveer om iets te bereik. Volgens De Klerk *et al.* (1983 : 153-154) moet dit in gedagte gehou word dat daar verskille is tussen die strewes van individue. Hattingh (1965 : 41) het dan ook gevind dat meer boere met 'n hoër aspirasieniveau onder die tegnies meer suksesvolle boere aangetref word as by die tegnies minder suksesvolle boere. Hierdie strewes kan as maatstaf van innerlike dryfkrag in 'n persoon se stukrag en besieling tot uiting kom.

Soos aangetoon in Hoofstuk 1 sal daar onderskei word tussen die primêre, sekondêre en tersiêre doelwitte van dorperskaapboere.

4.2.1 PRIMÊRE- OF STREWINGSDOELWIT

Volgens Düvel (1982 : 28) kan die primêre strewingsdoelwit beskou word as die oorkoepelende doel waarna 'n individu streef en dit verteenwoordig die primêre fokuspunt of doelwit (D) van die psigiese veld.

Die primêre- of strewingsdoelwit is bepaal aan die hand van 'n metode soos voorgestel deur De Klerk *et al.* (1983 : 37) en wat ook deur Troskie (1990 : 46) gebruik is. Ten einde hierdie doelwit te bepaal, is besluit om slegs een faktor as maatstaf te gebruik, naamlik die bruto jaarlikse inkomste per dorperooi soos deur dorperboere in die vorige boekjaar (1989/90) behaal. Dit is so gedoen aangesien volgens Heyns en Düvel (1980 : 3) aanvaar kan word dat in 'n kapitalistiese stelsel geld, en dit wat daarmee gekoop kan word, grootliks in die basiese behoeftes van die mens kan voorsien. Omdat hierdie egter nie 'n ekonomiese ondersoek is nie, is die bruto inkomste per ooi as maatstaf geneem.

Dorperskaapboere is gevra na hul gepersipieerde huidige en ook hul nagestreefde jaarlikse bruto inkomste per ooi. Deur hierdie waardes met mekaar in verband te bring, kan die strewingsomvang van die primêre doelwit bepaal word.

Die bruto inkomste per dorperooi wat in die vorige jaar deur dorperboere gerealiseer is, is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 4.1 aangetoon.

Tabel 4.1 Jaarlikse bruto inkomste per dorperooi volgens dorperboere se siening, 1990

Inkomste/ooi (Rand)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Weet nie	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8
≤100	7	30,4	21	35,0	6	25,0	11	47,8	45	34,6
101-120	7	30,4	20	33,3	6	25,0	7	30,4	40	30,8
121-140	3	13,0	10	16,7	6	25,0	2	8,7	21	16,2
141-160	5	21,7	6	10,0	3	12,5	1	4,3	15	11,5
> 160	1	4,3	2	3,3	3	12,5	2	8,7	8	6,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	R125-00		R115-07		R129-21		R115-30		R119-70	

*P = 0,1156 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

Volgens die gegewens in Tabel 4.1 is die rekenkundige gemiddelde R119-70. Hierdie waarde is in ooreenstemming met die Posrekordresultate vir die Noordwes Karoo in die 1988/89 finansiële jaar wat dui op 'n gemiddelde jaarlikse bruto inkomste van R120-22 per ooi. Geen betekenisvolle verskille (P = 0,1156) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die gemiddelde jaarlikse bruto inkomste per dorperooi, soos deur die respondente geïnterpreteer, nie.

Ten einde die omvang van dorperskaapboere se strewes, wat betref die jaarlikse bruto inkomste per ooi te bepaal, is ondersoek ingestel na die nagestreefde jaarlikse bruto inkomste per ooi en die gegewens word in Tabel 4.2 aangebied.

Tabel 4.2 Dorperboere se nagestreefde jaarlikse bruto inkomste per dorper-ooi, 1990

Inkomste/ooi (Rand)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤100	0	0,0	4	6,7	0	0,0	0	0,0	4	3,1
101-120	6	26,1	14	23,3	5	20,8	10	43,5	35	26,9
121-140	9	39,1	16	26,7	7	29,2	6	26,1	38	29,2
141-160	2	8,7	16	26,7	9	37,5	3	13,0	30	23,1
>160	6	26,1	10	16,7	3	12,5	4	17,4	23	17,7
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	R147-17		R145-92		R143-67		R137-17		R144-20	

*P = 0,7658 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

Volgens die gegewens in Tabel 4.2 is die gemiddelde jaarlikse bruto inkomste per ooi waarna gestreef word R144-20. Geen betekenisvolle verskille (P = 0,7658) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie.

Deur die bevindinge van Tabele 4.1 en 4.2 met mekaar in verband te bring, kan die strewingsomvang van dorperboere wat betref die jaarlikse bruto inkomste per dorperooi in Figuur 4.1 voorgestel word.

Uit Figuur 4.1 blyk dit dat die strewingsomvang ten opsigte van die primêre doelwit R24-50 is. Hierdie relatief groot omvang dui daarop dat die respondente bepaald na 'n vlak van prestasie strewende wat beter/hoër is as die huidige vlak. Hulle behoort dus oor die algemeen ontvanklik te wees vir 'n goed geformuleerde voorligtingsboodskap wat via die regte kanale aan hulle gerig word en wat daartoe sal lei dat die primêre strewingsdoelwit verwesenlik word. In 'n konstellasie van kragte behoort die relatief groot strewingsomvang, ten opsigte van die primêre strewingsdoelwit, as 'n sterk positiewe krag na vore te tree.




FIG. 4.1 DIE STREWINGSOMVANG VAN DORPERBOERE TEN OPSIGTE VAN DIE GEMIDDELTE JAARLIKSE BRUTO INKOMSTE PER DORPEROOL, 1990 [N=130]

Die relatief groot strewingsomvang impliseer nie dat daar geen hindernisse op die weg na die bereiking van die primêre strewingsdoelwit is nie. Die teendeel is egter waar, naamlik dat hierdie strewes reeds getemper is deur die blote bestaan/teenwoordigheid van sekere hindernisse. Die hindernisse sal egter op 'n later stadium meer volledig bespreek word.

4.2.2 SEKONDÊRE DOELWIT(TE)

Volgens Düvel (1982 : 28) is die sekondêre doelwitte in wese middele ter bereiking van die primêre doelwit. Daar moet dus vasgestel word wat die omvang van die sekondêre doelwitte, soos geïdentifiseer in die teoretiese berekening, is.

In hierdie studie is die geperspeerde, die nagestreefde asook die voorafgaande lamseisoen se lampercentasie (uitgedruk as lammers gebore per 100

oosie gepaar) volgens die gegewens van dorperboere ondersoek en die bevindinge word onderskeidelik in Tabelle 4.3; 4.4 en 4.5 aangetoon.

Tabel 4.3 Die gepersipieerde lampersentasie van dorperskape volgens dorperboere, 1989

Lampersentasie	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤80	1	4,3	5	8,3	3	12,5	1	4,3	10	7,7
81-95	2	8,7	17	28,3	4	16,7	5	21,7	28	21,5
96-110	4	17,4	17	28,3	6	25,0	10	43,5	37	28,5
111-125	10	43,5	13	21,7	9	37,5	5	21,7	37	28,5
>125	6	26,1	8	13,3	2	8,3	2	8,7	18	13,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	117,2		103,6		104,8		104,8		106,4	

*P = 0,0201 : KBV (P = 0,05) = Betekenisvolle verskille

Volgens die persepsie van die respondente was die gemiddelde lampersentasie in 1989 (die jaar voorafgaande van die ondersoek) 106,4 persent (Tabel 4.3). Volgens die bevindinge is die gepersipieerde lampersentasie van die respondente in die Calvinia-voorigtingswyk betekenisvol hoër (P = 0,0201) as dié van Kenhardt, Calvinia en Carnarvon. Alvorens 'n verklaring hiervoor aangebied word, moet eers bepaal word of die lampersentasie in die geval van Calvinia werklik hoër is as dié van die ander drie voorligtingswyke en of dit nie oorskat word nie.

Die gemiddelde nagestreefde lampersentasie beloop 117,2 persent (Tabel 4.4). Alhoewel daar nie betekenisvolle verskille (P = 0,1111) tussen die verskillende voorligtingswyke voorkom nie, het 43,5 persent van die respondente in die Calvinia-voorigtingswyk aangetoon dat hul nagestreefde lampersentasie hoër as 125 persent is. Hierteenoor was die ooreenstemmende syfer vir die Prieska-voorigtingswyk slegs 13,0 persent.

Tabel 4.4 Dorperboere se nagestreefde lampersentasie, 1990

Lampersentasie	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤80	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8
81-95	0	0,0	1	1,7	1	4,2	1	4,3	3	2,3
96-110	8	34,8	27	45,0	7	29,2	12	52,2	54	41,5
111-125	5	21,7	16	26,7	7	29,2	7	30,4	35	26,9
>125	10	43,5	15	25,0	9	37,5	3	13,0	37	28,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	123,0		115,8		121,3		111,1		117,2	

*P = 0,1111 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

Tabel 4.5 Die lampersentasie (volgens gegewens) van dorperboere se dorperskape, 1990

Lampersentasie	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤80	0	0,0	5	8,3	3	12,5	1	4,3	9	6,9
81-95	1	4,3	15	25,0	6	25,0	11	47,8	33	25,5
96-110	8	34,8	24	40,0	6	25,0	3	13,0	41	31,5
111-125	10	43,5	13	21,7	5	20,8	7	30,4	35	26,9
>125	4	17,4	3	5,0	4	16,7	1	4,3	12	9,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	112,3		101,4		104,4		100,9		103,8	

*P = 0,0284 : KBV (P = 0,05) = Betekenisvolle verskille

Die bevindinge in Tabel 4.5 dui daarop dat die werklike lampersentasie effens laer is as die gepersipieerde lampersentasie (Tabel 4.3) en dat die respondente die lampersentasie in 'n geringe mate oorskot. Volgens hul persepsie

is hulle dus op 'n hoër prestasievlak ten opsigte van lampersentasie as wat werklik die geval is.

'n Statistiese ontleding van die data toon dat die respondente in die Calvinia-voorkligtingswyk 'n betekenisvol hoër ($P = 0,0284$) lampersentasie by hul dorperskape behaal as in die geval van die Kenhardt- en Prieska-voorkligtingswyke. 'n Verskeidenheid van verbandhoudende oorsake kan vir hierdie verskynsel aangevoer word. Die mees waarskynlike rede is die hoër gemiddelde jaarlikse reënval in die Calvinia-voorkligtingswyk (Tabel 2.1). Dit lei daartoe dat omstandighede gunstiger is vir die bereiking van 'n hoër lampersentasie by dorperskape omdat die voedingstoestande onder andere beter is.

Die strewingsomvang ten opsigte van die sekondêre doelwit word in Figuur 4.2 voorgestel.




FIG. 4.2 DIE STREWINGSOMVANG VAN DORPERBOERE TEN OPSIGTE VAN LAMPERSENTASIE, 1990 [N=130]

Volgens die gegewens in Figuur 4.2 is die omvang van die strewe ten opsigte van die sekondêre doelwit (gebaseer op die gepersipieerde en nagestreefde lampersentasie) 10,8 persent. Dit blyk dus dat hierdie situasie 'n voorbeeld van 'n behoeftereeks met 'n onderskatte distorsie (Koch, 1987 : 19) is aangesien die gepersipieerde lampersentasie hoër is as die werklike lampersentasie.

Die bevindinge dui daarop dat die respondente bepaald na 'n hoër lampersentasie strewe. Hierdie strewe kan dus as 'n positiewe krag gesien word in die verandering van die betrokke respondent se gedrag en behoort deur voorligters benut te word. Hierdie positiewe krag kan vergroot of versterk word indien die respondente bewus gemaak kan word dat hulle die lampersentasie van hulle dorperkrupe oorskot (106 vs 104 persent).

Volgens die huidige studie is die grootte van die strewingskrag, wat betref die lampersentasie, dus 10,8 persent (Figuur 4.2). Die potensiële grootte van dié krag, in terme van die verskil tussen die nagestreefde en die werklike lampersentasie, is egter 13,4 persent (Figuur 4.2). Hierdie bevindinge is van groot belang vir voorligters in die betrokke gebied aangesien dit 'n manier is waardeur die positiewe kragte in 'n konstellasie van kragte aansienlik versterk kan word. Indien die gewenste lampersentasie nog hoër is as die nagestreefde lampersentasie, is die potensiaal vir 'n vergroting van die positiewe krag nog groter.

4.2.3 TERSIËRE DOELWIT(TE)

Volgens Düvel (1982 : 29) is die tersiëre doelwitte instrumenteel in die bereiking van die sekondêre doelwitte. Daar moet dus ook verder vasgestel word wat die aard van die tersiëre doelwitte van dorperboere is.

Gevoelglik is ondersoek ingestel na die drie belangrikste metodes (in volgorde van afnemende belangrikheid) waardeur dorperboere hul doeltreffendheid wil verbeter en die bevindings word in Tabel 4.6 weergegee.

'n Ontleding van die data toon dat daar geen betekenisvolle verskille tussen die verskillende voorligtingstye voorkom ten opsigte van die belangrikste ($P = 0,767$); die tweede belangrikste ($P = 0,132$) en die derde belangrikste ($P = 0,501$) metodes waardeur die respondente die doeltreffend van hul onderskeie dorperskaapboerderye wil verhoog nie.

Volgens die gegewens in Tabel 4.6 is 48,5 persent van die respondente van mening dat 'n verbetering van hul toegepaste teel- en seleksiemetodes die enkele belangrikste metode is waardeur die doeltreffendheid van hul onderskeie dorperskaapboerderye verhoog kan word. Verbeterde bestuur en verbeterde voedingspraktyke word deur onderskeidelik 21,5 en 13,1 persent van die respondente as die enkele belangrikste metode om doeltreffendheid te verhoog, beskou.

As tweede belangrikste metode het 28,5 persent van die respondente aangedui dat hulle geen definitiewe planne het nie. Dit word gevolg deur verbeterde bestuur wat deur 26,9 persent van die respondente as die tweede belangrikste metode geïdentifiseer is.

Dit is duidelik dat 'n verbetering in seleksiepraktyke en bestuur as belangrike tersiêre doelwitte deur dorperboere geïdentifiseer is ter bereiking van die primêre doelwit (hoër bruto inkomste per ooi) via die bereiking van die sekondêre doelwitte (hoër lampercentasie). Praktyke wat verband hou met seleksie en bestuur is meer volledig ondersoek en word in 'n latere afdeling aangebied.

Tabel 4.6 Drie belangrikste metodes waardeur dorperboere hul doeltreffendheid wil verhoog, 1990

Metode	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
<u>Wil nie verhoog nie of doeltreffend genoeg</u>	0	0,0	2	3,3	1	4,2	2	8,7	5	3,8
<u>Geen definities planne</u>										
Belangrikste	0	0,0	2	3,3	2	8,3	2	8,7	6	4,6
2de Belangrikste	4	17,4	21	35,0	4	16,7	8	34,8	37	28,5
3de Belangrikste	11	47,8	44	73,3	13	54,2	12	52,2	80	61,5
<u>Beter teel- en seleksiepraktyke/metodes</u>										
Belangrikste	13	56,5	28	46,7	11	45,8	11	47,8	63	48,5
2de Belangrikste	4	17,4	8	13,3	7	29,2	5	21,7	24	18,5
3de Belangrikste	2	8,7	1	1,7	1	4,2	0	0,0	4	3,1
<u>Beter bestuur</u>										
Belangrikste	5	21,7	15	25,0	4	16,7	4	17,4	28	21,5
2de Belangrikste	6	26,1	15	25,0	8	33,3	6	26,1	35	26,9
3de Belangrikste	4	17,4	5	8,3	3	12,5	2	8,7	14	10,8
<u>Beter voedingpraktysie</u>										
Belangrikste	4	17,4	5	8,3	5	20,8	3	13,0	17	13,1
2de Belangrikste	8	34,8	6	10,0	1	4,2	1	4,3	16	12,3
3de Belangrikste	2	8,7	5	8,3	2	8,3	2	8,7	11	8,5
<u>Meer kennis inwin</u>										
Belangrikste	1	4,3	5	8,3	1	4,2	0	0,0	7	5,4
2de Belangrikste	1	4,3	6	10,0	3	12,5	1	4,3	11	8,5
3de Belangrikste	2	8,7	3	5,0	2	8,3	2	8,7	9	6,9
<u>Beter siekte- en parasietbeheer</u>										
Belangrikste	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
2de Belangrikste	0	0,0	2	3,3	0	0,0	0	0,0	2	1,5
3de Belangrikste	2	8,7	0	0,0	2	8,3	2	8,7	6	4,6
<u>Ander</u>										
Belangrikste	0	0,0	3	5,0	0	0,0	1	4,3	4	3,1
2de Belangrikste	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
3de Belangrikste	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0

Belangrikste: Chi-kwadraat = 0,767; Vge = 18 : P > 0,05

2de Belangrikste: Chi-kwadraat = 0,132; Vge = 18 : P > 0,05

3de Belangrikste: Chi-kwadraat = 0,501; Vge = 21 : P > 0,05

4.3 PERSEPSIES

Terblanche (1987 : 291) was blykbaar die eerste Suid-Afrikaanse navorser wat ondersoek ingestel het na die moontlike invloed van differensiële persepsie op gesindheidsverandering en die aanvaarding van verbeterde boerderypraktyke. Hy het die persepsie van boere en opnemers (wat in sy geval almal departementele voorligtingsbeamptes was) ten opsigte van weiveldkwaliteit en -digtheid bestudeer en 'n fenomenale meningsverskil tussen die boerderykomponent (grondbewaringskomiteelede ingesluit) en die departementele beamptes bevind (Terblanche, 1967 : 43 - 45 & 101 - 105).

Verskeie navorsers het sederdien aandag aan persepsie as bemiddelende faktor en as hindernis in die aanvaardingsproses geskenk.

4.3.1 PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN DOELTREFFENDHEID VAN DORPERSKAAPBOERDERY

Ondersoek is ingestel na die persepsieverskille (tussen dorperboere en opnemers) ten opsigte van die doeltreffendheid waarmee dorperskaapboerdery bedryf word. Dit is gedoen aan die hand van 'n 10-puntskaal en die gegewens word in Tabelle 4.7 en 4.8 aangebied.

Ongeveer 62 persent van die respondente beskou die doeltreffendheid van hul onderskeie dorperskaapboerderye as goed en baie goed (Tabel 4.7). Alhoewel daar nie betekenisvolle verskille tussen die verskillende voorligtingswyke voorkom nie ($P = 0,07$), styg die waarde vir goed en baie goed tot so hoog as ongeveer 82 persent in die geval van die Calvinia-voorligtingswyk (Tabel 4.7). Dit veroorsaak dat die gemiddelde in dié betrokke voorligtingswyk heelwat hoër is (7,6; Tabel 4.7) as in die ander drie voorligtingswyke.

Die gegewens in Tabel 4.7 toon verder dat slegs 4,6 persent van die respondente die doeltreffendheid van hul dorperskaapboerdery as swak beskou. Dit is vergelykbaar met Terblanche (1987 : 292) se bevindinge ten opsigte van angorabokboerdery. Hy het naamlik bevind dat slegs 2,9 persent van die respondente die doeltreffendheid van hul onderskeie angorabokboerderye as swak beskou het.

Tabel 4.7 Die persepsie van dorperboere ten opsigte van die doeltreffendheid van hul dorperboerderye, 1990

Persepsie-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie swak	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Swak	0	0,0	2	3,4	1	4,2	3	13,0	6	4,6
Redelik	4	17,3	22	36,7	10	41,7	7	30,4	43	33,1
Goed	15	65,2	34	56,7	11	45,8	13	56,5	73	56,1
Baie goed	4	17,4	2	3,3	2	8,3	0	0,0	8	6,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	7,6		6,7		6,9		6,7		6,9	

Chi-kwadraat = 0,070; Vge = 18 : P > 0,05

Tabel 4.8 Die persepsie van opnemers ten opsigte van die doeltreffendheid van respondente se onderskeie dorperboerderye, 1990

Persepsie-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie swak	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Swak	3	13,0	6	10,0	6	25,0	5	21,7	20	15,4
Redelik	18	78,3	32	53,4	10	41,6	11	47,8	71	54,8
Goed	2	8,7	21	35,0	8	33,3	6	26,0	37	28,4
Baie goed	0	0,0	1	1,7	0	0,0	1	4,3	2	1,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	5,5		6,0		5,7		5,7		5,8	

Chi-kwadraat = 0,395; Vge = 18 : P > 0,05

Die bevindinge toon dat die doeltreffendheid van dorperskaapboerdery in die geval van slegs ongeveer 30 persent van die respondente deur die opnemers as goed en baie goed beskou is (Tabel 4.8). In die geval van die Calvinia-

voorigtigswyk daal hierdie waarde tot so laag as 8,7 persent van die respondente.

Ten einde ondersoek in te stel na die moontlike bestaan van 'n wanpersepsie tussen die respondente en die opnemers wat betref die doeltreffendheid van dorperboerdery, word die bevindinge van Tabela 4.7 en 4.8 grafies in Figuur 4.3 voorgestel.




FIG. 4.3 'N VERGELYKING TUSSEN OPNEMERS EN DORPERBOERE TEN OPSIGTE VAN DOELTREFFENDHEID VAN DORPERBOERDERY, 1990

Vanuit Figuur 4.3 is dit duidelik dat 62,3 persent van die respondente van mening is dat die doeltreffendheid van hul onderskeie dorperskaapboerderye as goed en baie goed bestempel kan word. Die ooreenstemmende waarde in geval van die opnemers is slegs 29,9 persent.

Die oorskatting deur dorperskaapboere ten opsigte van die doeltreffendheid waarmee hulle hul dorperskaapboerderye bedryf, kan stremmend inwerk op pogings om hulle te oorreed tot die aanvaarding van verbeterde praktyke. Pogings sal eers aangewend moet word om ooreenstemming te bewerkstellig

tussen die dorperboere en die voorligters wat betref die doeltreffendheidsvlakke van die onderskeie dorperskaapboerderye. Eers hierna kan daar voorligtingkundige programme geïmplementeer word waardeur gepoog word om die doeltreffendheidsvlakke te verhoog.

4.3.2 PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN REKORDBOUDING

Die belang van rekordhouding ten opsigte van dorperskaapboerdery kan nie onderskat word nie. Doeltreffende seleksie vereis dat daar ten opsigte van sekere aspekte in dorperskaapboerdery 'n doeltreffende rekordhoudingstelsel bestaan en dat genoemde rekordhoudingstelsel effektief bygehou word.

'n Dorperboer kan onder andere nie vir meerlinge, teen swak moederseienskappe, teen oorslaanooie en teen ouderdom selekteer indien daar nie 'n doeltreffende rekordhoudingstelsel is nie. Eweso vereis 'n doeltreffende wisselweidingstelsel dat daar ten opsigte van verskeie aspekte van dorperskaapboerdery effektief rekords gehou word.

Vir die doel van hierdie ondersoek is finansiële rekordhouding buite rekening gelaat en is die ondersoek spesifiek gerig op rekordhouding wat met dorperskaapboerdery verband hou.

In hierdie studie is ondersoek ingestel na die perseptuele verskille tussen dorperboere en opnemers ten opsigte van die doeltreffendheid van rekordhouding wat verband hou met die respondente se onderskeie dorperskaapboerderye. Dit is in beide gevalle ooreenkomstig 'n 10-puntskaal gedoen waar 10 'n baie volledige stel rekords en een geen rekords nie verteenwoordig. Die bevindinge word in Tabelle 4.9 en 4.10 aangetoon.

Tabel 4.9 Die persepsie van dorperboere ten opsigte van rekordhouding wat met dorperboerdery verband hou, 1990

Persepsie-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie swak	0	0,0	2	3,3	2	8,4	3	13,0	7	5,4
Swak	1	4,3	9	15,0	4	16,6	2	8,7	16	12,3
Redelik	5	21,7	35	58,3	9	37,5	12	52,1	61	46,9
Goed	13	56,5	11	18,3	7	29,1	3	13,0	34	26,2
Baie goed	4	17,3	3	5,0	2	8,4	3	13,0	12	9,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	7,2		5,5		5,7		5,4		5,8	

Chi-kwadraat = 0,007; Vge = 27 : P < 0,05

Dit blyk uit die gegewens in Tabel 4.9 dat 35,4 persent van die respondente, volgens hul eie persepsie, goed en baie goed presteer het ten opsigte van die rekordhouding wat met hul onderskeie dorperskaapboerderye verband hou. Slegs 17,8 persent het hul doeltreffendheid in hierdie verband as baie swak en swak gepersepsieer.

'n Statistiese ontleding van die data toon dat daar betekenisvolle verskille (P = 0,007) tussen die verskillende voorligtingswyke voorkom. In die voorligtingswyke Kenhardt, Carnarvon en Prieska het die kategorie redelik die grootste persentasie nominasies ontvang met die kategorie goed die tweede grootste. In die Calvinia-voorligtingswyk is dit net die teenoorgestelde naamlik die kategorie goed het die grootste persentasie nominasies ontvang en die kategorie redelik die tweede grootste.

Hierdie tendens lei dan ook daartoe dat die gemiddelde aanslag in die Calvinia-voorligtingswyk hoër is as dié van die drie ander voorligtingswyke.

Daar kan verskeie redes vir hierdie verskynsel aangevoer word. 'n Eerste rede mag wees dat die respondente in die Calvinia-voorligtingswyk hul doeltreffendheid oorskakel. Tweedens mag hul doeltreffendheid werklik soveel beter wees as die respondente in die ander drie voorligtingswyke. Die derde

rede mag wees dat die respondente in die ander drie voorligtingswyke hul doeltreffendheid in hierdie verband onderskat. Die mees waarskynlik oorsaak van die betekenisvolle verskil sal egter heelwaarskynlik aan 'n kombinasie van bogenoemde drie redes toegeskryf kan word.

Tabel 4.10 Die persepsie van opnemers ten opsigte van doeltreffendheid van dorperboere se rekordhouding wat met dorperboerdery verband hou, 1990

Persepsie-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Bale swak	1	4,3	3	5,0	0	0,0	0	0,0	4	3,0
Swak	3	13,0	20	33,3	7	29,2	3	13,0	33	25,4
Redelik	16	69,6	23	38,4	12	50,0	13	56,5	64	48,3
Goed	3	13,0	13	21,7	5	20,9	5	21,7	26	20,0
Bale goed	0	0,0	1	1,7	0	0,0	2	8,7	3	2,3
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	5,5		5,1		5,3		5,8		5,3	

Chi-kwadraat = 0,086; Vge = 24 : P > 0,05

Die bevindinge van Tabel 4.10 toon dat die doeltreffendheid van rekordhouding in die geval van 22,3 persent van die respondente deur die opnemers as goed en baie goed beskou is. Alhoewel dié waarde in die Calvinia-voorligtingswyk tot so laag as 13,0 persent daal, kom daar nie betekenisvolle verskille tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie (P = 0,086).

Net soos in die geval van die doeltreffendheid van dorperskaapboerdery, blyk dit dat veral in die Calvinia-voorligtingswyk daar groot perseptuele verskille tussen die opnemers en die respondente bestaan wat betref die doeltreffendheid van rekordhouding in verband met dorperskaapboerdery.

Ten einde die bestaan van hierdie perseptuele verskille ten opsigte van die doeltreffendheid van rekordhouding te ondersoek, word die bevindinge van Tabele 4.9 en 4.10 grafies in Figuur 4.4 voorgestel.




FIG. 4.4 'N VERGELYKING TUSSEN OPNEMERS EN DORPERBOÛRE TEN OPSIGTE VAN DOELTREFFENDHEID VAN REKORDHOUDING WAT MET DORPERBOERDERY VERBAND HOU, 1990

Die bevindinge toon dat daar duidelike verskille tussen die respondente en opnemers bestaan ten opsigte van die perseptuele doeltreffendheid van rekordhouding wat direk met dorperskaapboerdery verband hou.

Die oorskatting van respondente van hul eie doeltreffendheid ten opsigte van rekordhouding mag voorligters se pogings om respondente tot verbeterde rekordhouding te ooreed, benadeel aangesien die boere van mening is dat hul rekordhouding reeds goed is. So byvoorbeeld het 17,7 persent van die respondente hul eie rekordhouding ten opsigte van dorperskaapboerdery as baie swak en swak gepersepieer in vergelyking met 28,4 persent in die geval van opnemers. Ewese het 35,4 persent van die respondente hul rekordhouding ten opsigte van dorperskaapboerdery as goed en baie goed gepersepieer teenoor die ooreenstemmende waarde van 22,3 persent in die geval van opnemers.

Respondente het hulle eie doeltreffendheid van rekordhouding ten opsigte van dorperskaapboerdery oor die algemeen hoër aangeslaan as die opnemers.

Hierdie bevindinge hou noodwendig sekere voorligtingkundige implikasies in. Die hoër aanslag deur die respondente, relatief tot die opnemers, wat betref hul doeltreffendheid van rekordhouding, dui daarop dat die huidige vlak van rekordhouding nie deur die respondente as so 'n belangrike hindernis in die weg van doelbereiking beskou word nie.

Voorligters sal egter deeglik van hierdie oorwaarding deur die respondente van hul rekordhouding kennis moet neem. Dit impliseer dat die akkuraatheid van rekordhouding ten opsigte van 'n wye verskeidenheid van aspekte soos byvoorbeeld veegetalle, lam- en speenpersentasies asook lamvrektes nie so betroubaar is as wat algemeen aanvaar word nie. Die doeltreffendheid van seleksie teen byvoorbeeld swak moederseienskappe, vir meerlinge en teen onvrugbare of oorslaanoë behoort ook laer te wees as wat deur die respondente geperspieer word. Hierdie waarnemings sal op 'n latere stadium deur 'n bespreking van die bevindinge bevestig word.

4.4 HINDERNISSE

Volgens verskeie navorsers (De Klerk *et al.*, 1983 : 24; Marincowitz, 1985 : 21 en Terblanche, 1987 : 11) is dit noodsaaklik dat die aard en omvang van hindernisse wat in die weg van doelbereiking staan noukeurig bepaal word alvorens strategieë ontwikkel kan word om dit te omseil of uit die weg te ruim.

Nie alleen is die hindernisse in die proses van 'n verhoging van doeltreffendheid geïdentifiseer en omlyn nie, maar die geperspieerde omvang van sodanige hindernisse is aan die hand van 'n 10-puntskaal bepaal. Die bevindinge word in Figuur 4.5 aangetoon.




FIG. 4.5 DIE AARD EN GEPERSIPEERDE OMVANG VAN HINDERNISSE OP WEG NA HOËR DOELTREFFENDHEID IN DORPERBOERDERY, 1990 [N = 130]

Volgens Figuur 4.5 blyk dit dat droogtes (gemiddeld = 7,9) en voedingsprobleme (gemiddeld = 7,3) as die twee belangrikste hindernisse op die weg na 'n verhoging van doeltreffendheid geïdentifiseer is. Die relatief hoë aanslag vir die swak toekoms van die vleisbedryf (gemiddeld = 6,8), dui daarop dat die respondente redelik pessimisties is oor die vooruitsigte van die produk wat hulle produseer.

Dit mag wees dat hierdie pessimisme, wat betref die toekoms van die vleisbedryf, net ten opsigte van die korttermyn is. In so 'n geval behoort dit nie as 'n baie belangrike hindernis op die weg na doelbereiking gesien te word nie, maar eerder as

'n tydelike verskynsel. Indien dit egter sou blyk dat die pessimisme eerder betrekking het op die langtermyn vooruitsigte van rooivleis, moet dit as 'n belangrike hindernis beskou word. Respondente sal dan heel waarskynlik oorweeg om die bedryf te verlaat. Voorligters moet dit dan ook as 'n belangrike negatiewe krag sien in 'n konstellasie van kragte wat elke respondent se gedrag beïnvloed.

Hierdie geïdentifiseerde hindernisse, elk met hul onderskeie kragsterktes, kan almal as negatiewe kragte in 'n konstellasie van kragte gesien word. Een van die wyses waarop voorligters dorperboere tot die aanvaarding van nuwe innovasies of die toepassing van verbeterde boerderypraktyke kan laat beweeg, sal wees deur die omvang van hierdie negatiewe kragte te verminder.

Die vraag kan tereg gevra word of die invloed van droogtes, wat as die hindernis met die grootste relatiewe belangrikheid geïdentifiseer is, oorkom of verminder kan word? In hierdie verband kan die aanplant van droogtebestande voergewasse, verbeterde weiveldbestuur, laer veebeladings op die veld en verbeterde kennis en bestuur in die algemeen daartoe lei dat die impak van droogtes verminder word.

4.5 KENNIS

Volgens Koch (1985b : 149) het kennis hoofsaaklik 'n regulerende funksie in dié sin dat besluitneming in die teenwoordigheid van kennis meer objektief word. Terblanche (1987 : 283-290) bevind dat kennis oor angorabokboerdery 'n hoogs betekenisvolle verwantskap ($P < 0,001$) toon met onder andere strewes en die perseptuele doeltreffendheid van die toepassing van die belangrikste voedings-, siektebeheer- en reproduksiepraktyke. Die outeur noem verder dat 'n goeie kennis van bestuursaspekte en boerderypraktyke wat op angorabokboerdery van toepassing is, die basis vorm vir rasionele besluitneming wat die doeltreffendheid van die angorabokboer positief kan beïnvloed. Dieselfde argument kan ook vir dorperskaapboerdery aangevoer word.

Om hierdie rede is tien kennisvrae, wat 'n wye spektrum van dorperskaapboerdery dek, in die vraelys ingesluit. Respondente kon 'n maksimum van 30 punte verwerf indien al die kennisvrae korrek beantwoord is. Die vrae het gehandel oor onder andere paring, reproduksie, drakragnorme, Droogtehulpskema, oorsprong van die dorperskaap en sekere begrippe soos aanpasbaarheid, gehardheid, funksionele

doeltreffendheid en die dorperskaap as veldvernieler. Die bevindings ten opsigte van die kennisvrae volgens punte behaal, word in Tabel 4.11 aangetoon.

Tabel 4.11 Kennis wat dorperboere ten opsigte van verskeie dorperskaapboerdery- en bestuursaspekte openbaar, 1990

Kennis-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤13 Baie swak	3	13,0	14	23,3	6	25,0	4	17,4	27	20,8
14-16 Swak	5	21,7	10	16,7	7	29,1	3	13,0	25	19,2
17-19 Redelik	11	47,8	14	23,3	4	16,7	7	30,4	36	27,7
20-22 Goed	2	8,7	12	20,0	3	12,5	5	21,7	22	16,9
≥23 Baie goed	2	8,7	10	16,7	4	16,7	4	17,4	20	15,4
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	17,4		17,3		14,9		18,3		17,1	

Dit is ietwat verontrustend dat slegs 32,3 persent van die respondente oor 'n goeie en baie goeie kennis beskik teenoor die 40 persent van die respondente wie se kennis as baie swak en swak beskou kan word (Tabel 4.11).

Reproduksie is belangrik in dorperskaapboerdery, want dit bepaal nie net in 'n groot mate die bruto inkomste (uit vleis afkomstig) nie (Swanepoel, 1966 : 1), maar ook in 'n groot mate die seleksievordering wat in 'n kudde gemaak word (Coetzee, 1991 : 12). Die respondente se kennis wat betref die belang van 'n hoë lampersentasie by dorperskape is daarom ondersoek. Dit is verontrustend dat 69,2 persent van die respondente se kennis in hierdie verband as swak bevind is. Voorligters moet hiervan kennis neem aangesien swak kennis wat betref die belang van 'n hoë lampersentasie ook as 'n hindernis in die weg van pogings om dit te verhoog, kan staan.

Die bevindings ten opsigte van die respondente se kennis wat betref die vasgestelde drakrag van die grond waarop hulle boer, toon dat 75,4 persent bewus was wat die neergelegde riglyne is. Die persentasie van die respondente wat nie

geweet het nie (24,6 persent) is min of meer in ooreenstemming met soortgelyke bevindinge by Zngorabokboere (23,9 persent : Terblanche, 1987 : 290).

In die Calvinia-voorligtingswyk het 'n relatief groot persentasie (43,5 persent) van die respondente egter nie geweet wat die vasgestelde drakragte is nie. Dit is onrusbarend aangesien die weiveld seker enige ekstensiewe skaapboer se kosbaarste bate is. Onkunde ten opsigte van die vasgestelde drakrag kan lei tot oorbenutting van die veld.

In die Calvinia-voorligtingswyk beskik 'n hele aantal boere oor veld in die winter- en somerreëvalgebiede en trek hulle jaarliks met hul vee tussen die verskillende gebiede. Dit mag dus meebring dat die drakragnorme van die verskillende gebiede verwar word.

Respondente se kennis oor die gedeelte van die toegelate vee wat volgens die toegekende weidingskapasiteit van die veld verwyder moet word alvorens finansiële voordeel onder die Droogtehulpskema ontvang kan word, kan as baie goed bestempel word aangesien 87,7 persent van die respondente die vraag reg beantwoord het. Die feit dat vele van die respondente in die jare wat hierdie ondersoek voorafgegaan het deur droogte daartoe gedwing is om van die Droogtehulpskema gebruik te maak, mag daartoe aanleiding gegee het.

Ten opsigte van die twee skaaprasse waaruit die dorperskaap geteel is, was respondente se kennis oor die algemeen goed. 'n Totaal van 79,2 persent van die respondente het die rasse reg as die Dorset Horn en die Persie geïdentifiseer. Hierdie waarde styg tot so hoog as 95,7 persent in die Prieska-voorligtingswyk.

Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat Prieska reeds in 1963/64 as 'n nukleusverspreidingsgebied van dorperskape beskou is (Marais & Schoeman, 1990 : 4-5). Die dorper is dus alreeds vir jare 'n bekende ras vir die betrokke boere. Die boere van Prieska is verder ook ouer (Tabel 3.5) en het meer jare selfstandige boerdery-ondervinding (Tabel 3.6) asook ondervinding spesifiek met dorperskape (Tabel 3.7). Dit lei daartoe dat hulle meer vertrouwd is met die vroeë ontwikkelingsgeskiedenis van die dorperskaap.

Indien die amptelike blad (Dorper Nuus) van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika bestudeer woru, is dit opvallend dat daar sekere terme of begrippe is wat baie algemeen gebruik word. Begrippe soos aangepasbaarheid, gehard en funksioneel doeltreffend figureer baie prominent in advertensies van veral stoet-

telers. Onderzoek is daarom ingestel na dorperboere se kennis wat betref hierdie begrippe.

Die bevindinge dui daarop dat, wat betref die begrippe aanpasbaarheid, gehard en funksioneel doeltreffend, onderskeidelik 43,8; 33,1 en 62,3 persent van die respondente se kennis as baie swak en swak bestempel kan word. Dit dui daarop dat, alhoewel hierdie begrippe redelik algemeen gebruik word (veral deur stoettelers in advertensies), die respondente se kennis in hierdie verband beperk is. Dit mag daartoe aanleiding gee dat die sender en die ontvanger van die boodskap dit nie dieselfde interpreteer nie.

Geen betekenisvolle verskille kom egter tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die kennis van die respondente van die begrippe aanpasbaar ($P = 0,301$); gehard ($P = 0,588$) en funksioneel doeltreffend ($P = 0,186$) nie.

Baie dikwels word gehoor dat die dorperskaap 'n veldvernieler is. Dit is dan ook veral persone wat nie met dorpers boer nie wat maklik hierdie eienskap aan die dorper toedig. Hierdie persepsie spruit heel waarskynlik uit onkunde asook die feit dat die dorper nie so 'n selektiewe beweider (Muller, 1989 : 19) as van die ander kleinveerasse is nie. Volgens Campbell (ongepubliseerd) word oorsaak en gevolg egter dikwels verwar. Wanneer die weiding in so 'n mate verswak het dat ander skaaprasse nie meer op die plaas kan bestaan nie, word daar na die dorper as laaste uitweg gegryp om die mas te probeer opkom.

Teen hierdie agtergrond is ondersoek ingestel na die oordeel van dorperboere of die dorper 'n veldvernieler is al dan nie asook die redes waarom hulle met dié stelling saamstem of verskil. Volgens die bevindinge het amper 80 persent van die respondente aangetoon dat die dorperskaap nie 'n veldvernieler is nie. Hierteenoor was die kennis van die respondente wat betref die redes waarom die dorperskaap nie as 'n veldvernieler bestempel kan word nie, nie so goed nie. Slegs 30,8 persent van die respondente se kennis in hierdie verband was goed en baie goed.

4.7 SAMEVATTING

In hierdie studie is gepoog om die omvang wat betref die primêre, sekondêre en tersiêre doelwitte te bepaal. In terme van die doelwitte, soos geïdentifiseer in hier-

die ondersoek, blyk dit dat die dorperskaapboere beslis daarna streef om hul posisie te verbeter.

Die relatief groot strewingsomvang van elk van die doelwitte dui daarop dat die gehoor (in hierdie geval die dorperskaapboere van die opnamegebied) oor die algemeen redelik onvanklik sal wees vir 'n goed geformuleerde en behoeftegesentreerde voorligtingkundige boodskap.

Dit bestaan van differensiële persepsies tussen die opnemers en die dorperboere ten opsigte van verskeie aspekte, word deur die bevindinge van hierdie studie bevestig. Die bevestiging van die bestaan van differensiële persepsies asook die omvang daarvan, maak dit vir voorligters moontlik om in die beplanning van voorligtingkundige programme ook hieraan aandag te skenk.

Volgens hierdie ondersoek is die belangrikste hindernis in die weg van doelbereiking droogtes (mediaan = 7,3). Enige voorligtingkundige aksies wat dus geloods wil word ter bereiking van die primêre, sekondêre en tersiêre doelwitte sal die geïdentifiseerde hindernisse asook die relatiewe omvang van elk deeglik in aanmerking moet neem.

Hierdie hindernisse moet as negatiewe kragte in 'n kragtekonstellasie in die psigiese veld van elke dorperboer binne die opnamegebied beskou word. Pogings sal dus aangewend moet word om die impak van hierdie negatiewe kragte te verminder, die positiewe kragte te versterk of 'n kombinasie van eersgenoemde twee.

Navorsers het reeds ook gedui op die belang van kennis en dat besluitneming in die teenwoordigheid van kennis meer objektief is. In hierdie verband is die bevindinge van hierdie ondersoek ietwat verontrustend aangesien ongeveer 40 persent van die respondente se kennis as baie swak en swak bevind is.

HOOFSTUK 5

VOEDINGS- EN WEIVELDBEHEERPRAKTYKE EN PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN DIE DOELTREFFENDHEID DAARVAN

5.1 INLEIDING

Die opnamegebied (Figuur 2.1) is 'n ariede, ekstensiewe veeboerderygebied. Die langtermyn gemiddelde jaarlikse reënval is laag (Tabel 2.1) en dit plaas 'n beperking op die beskikbare natuurlike veldweiding. Meer as 90 persent (Tabel 3.4) van die respondente beskik nie oor besproeiingsgrond wat hulle kan aanwend vir die produksie van voer vir dorperskaapboerdery nie. Dit volg dus dat die dorperboere binne die opnamegebied feitlik uitsluitlik van die natuurlike veldweiding afhanklik is om in die behoeftes van die dorperskape te voldoen. Verskeie aspekte wat met die weiveld en weiveldbeheer verband hou, is daarom ondersoek.

Die voedingsbehoefte van die reprodusiewe ooi en haar nageslag varieer gedurende die jaar afhangende van die fisiologiese toestand van die ooi of haar lam(mers). Dit volg dus dat die voorsiening van voedingstowwe aan die diere gemanipuleer kan word om ten beste aan hul behoeftes te voldoen. Om hierdie rede is verskeie aspekte asook sekere persepsies wat met die voeding van die dorperskaap verband hou, volledig ondersoek en die bevindinge sal vervolgens meer breedvoerig bespreek word.

5.2 PRIKKELVOEDING

Prikkelvoeding behels 'n verhoging van die voedingspeil van diere net voor paring (Van der Merwe & Smith; 1991 : 147) met die doel om die lampercentasie te verhoog.

5.2.1 PRIKKELVOEDING VAN OOIE

Eksperimentele getuienis, sowel as praktiese ondervinding, dui daarop dat prikkelvoeding 'n betekenisvolle verhoging in die getal tweelinggeboortes kan veroorsaak (Van der Merwe, 1988 : 184). Volgens Coetzee (1989 : 5) dui navorsing daarop dat 'n toename in voedingspeil van oole gedurende die laaste drie weke voor paring 'n massatoename veroorsaak wat lei tot 'n verhoging in die ovulasietempo en gevolglik ook die lampersentasie. Volgens die outeur kan prikkelvoeding onder normale omstandighede lei tot 'n verhoging in lampersentasie van 10 tot soveel as 20 persent mits die lampersentasie van die kudde nie meer as 20 persent hoër as die gemiddelde van die spesifieke ras in 'n bepaalde omgewing is nie. Vosloo (185 : 36 - soos aangehaal deur Terblanche, 1987 : 237), wys daarop dat dit belangrik is dat die voedingstoestand wat gedurende paartyd geheers het tot ongeveer drie weke nadat die ramme uitgehaal is, gehandhaaf moet word. Die rede hiervoor is dat die bevrugte eisel tussen dag 14 en dag 28 tot 35 na bevrugting aan die baarmoederwand heg. So 'n bevrugte eisel kan sterf of geresorbeer word indien swak voedingstoestand gedurende hierdie periode voorkom.

Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat prikkelvoeding nie noodwendig byvoeding beteken nie, maar indien ooie in kampe geplaas kan word met beter weiding of spaarkampe sal betekenisvolle resultate ook verkry word.

5.2.1.1 MATE WAARTOE OOIE PRIKKELVOEDING ONTVANG

Ondersoek is ingestel na die mate waartoe dorperboere voor paartyd prikkelvoeding aan hul ooie gee en die bevindinge word in Tabel 5.1 aangetoon.

Die gegewens in Tabel 5.1 dui daarop dat slegs 30,0 persent van die respondente aangedui het dat hulle wel prikkelvoeding op 'n gereelde basis aan hul ooie gee. Soveel as 43,8 persent van die respondente het aangetoon dat hulle net soms of gedeeltelik prikkelvoeding gee. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie respondente hulle laat lei deur die omstandighede waaronder paring plaasvind.

Tabel 5.1 Mate waartoe dorperboere prikkelvoeding aan ooie voor paartyd gee, 1990

Toepasseings-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Ja	3	13,0	22	36,7	8	33,3	6	26,1	39	30,0
Gedeeltelik of soms	13	56,5	25	41,7	8	33,3	11	47,8	57	43,8
Nee	7	30,4	13	21,7	8	33,3	6	26,1	34	26,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,424; Vge = 6 : P > 0,05

Slegs 26,2 persent van die respondente het aangetoon dat hulle glad nie prikkelvoeding aan hul ooie gee nie (Tabel 5.1). Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,424$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die mate waartoe prikkelvoeding gegee word nie.

5.2.1.2 DOELTREFFENDHEID VAN PRIKKELVOEDING VAN OOIE

Om die doeltreffendheid te bepaal waarvolgens respondente prikkelvoeding by teelooie toepas, het opnemers volgens sekere doeltreffendheidsnorme 'n aanslag daarvan gemaak en die bevindinge word in Tabel 5.2 aangetoon.

Die gegewens in Tabel 5.2 dui daarop dat prikkelvoeding in die geval van slegs 13,9 persent van die respondente as goed of baie goed beskou kan word. Hierteenoor was prikkelvoeding van ooie in die geval van 45,4 persent van die respondente baie swak en swak.

Tabel 5.2 Doeltreffendheid, volgens opnemers, van prikkelvoeding van dorperooie voor paartyd, 1990

Prikkelvoedingskategorieë	Dorperooie per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nvt Prikkelvoeding is onvoldoende-ooie verloor gewig (Baie swak)	4	17,4	1	1,7	0	0,0	1	4,3	6	4,6
Prikkelvoeding gedeeltlik maar onvoldoende (Swak)	4	17,4	14	23,3	8	33,3	7	30,4	33	26,4
Prikkelvoeding sodanig dat ooie se massa siegs gehandhaaf word (Redelik)	5	21,7	12	20,0	6	25,0	3	13,0	26	20,0
Prikkelvoeding lei tot geringe massatoename (Goed)	7	30,4	24	40,0	9	37,5	7	30,4	47	36,2
Goë veldweiding + byvoeding vanaf drie weke voor pering (Baie goed)	2	8,7	7	11,7	1	4,2	4	17,4	14	10,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,351; Vge = 15 : P > 0,05

Indien die bevindinge van Tabele 5.1 en 5.2 met mekaar vergelyk word, blyk daar sekere duidelike teenstrydighede te wees. So byvoorbeeld het 26,2 persent van die respondente te kenne gegae dat hulle glad nie prikkelvoeding aan hul dorperooie voor paartyd gee nie (Tabel 5.1). Toe respondente egter gevra is na die doeltreffendheid van prikkelvoeding het slegs 4,6 persent van hulle aangetoon dat hulle glad nie prikkelvoeding toepas nie (Tabel 5.2). Wanneer die totaal van die kategorieë N.v.t. en Baie swak in Tabel 5.2 (30 persent van respondente) met die bevindinge van Tabel 5.1 wat betref die kategorie Nee (26,2 persent van respondente) vergelyk word, is daar nie sulke groot

teenstrydighede nie. Dit Jui daarop dat 'n redelike groot persentasie van die respondente wat in Tabel 5.2 aangetoon het dat prikkelvoeding in hulle geval onvoldoende is (baie swak) in Tabel 5.1 aangetoon het dat hulle nie prikkelvoeding gee nie.

In hierdie studie is ook die siening van respondente ten opsigte van die doeltreffendheid waarmee hulle prikkelvoeding toepas, ingewin en die gegewens word in Tabel 5.3 aangebied.

Tabel 5.3 Doeltreffendheid, volgens dorperboere, van prikkelvoeding van dorperooie, 1990

Doeltreffendheidskategorieë (5-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie swak (1)	4	17,4	16	26,7	7	29,2	6	26,1	33	25,4
Swak (2)	8	34,8	6	10,0	6	25,0	1	4,3	21	16,2
Redelik (3)	4	17,4	11	18,3	3	12,5	4	17,4	22	16,9
Goed (4)	6	26,1	25	41,7	7	29,2	10	43,5	48	36,9
Baie goed (5)	1	4,3	2	3,3	1	4,2	2	8,7	6	4,6
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	2,7		2,9		2,5		3,0		2,8	

Chi-kwadraat = 0,339; Vge = 12 : P > 0,05

'n Totaal van 41,5 persent van die respondente het die doeltreffendheid van prikkelvoeding as goed en baie goed bestempel terwyl 41,6 persent dit as swak en baie swak bestempel het (Tabel 5.3). In die geval van die Calvinia- en Carnarvon-voorligtingswyke styg laasgenoemde waardes tot meer as 50 persent van die respondente.

Slegs 16,9 persent van die respondente het aangetoon dat hul doeltreffendheid ten opsigte van prikkelvoeding in die neutrale kategorie (redelik) val. Dit wil dus voorkom asof die respondente óf hul doeltreffendheid as bo- óf as ondergemiddeld aanslaan.

Die bevindinge van Tabele 5.2 en 5.3 word grafies in Figuur 5.1 voorgestel.




FIG. 5.1 PERSEPSIE VAN RESPONDENTE EN EVALUERINGSAAANSLAG VAN OPNEMERS WAT BETREF DIE DOELTREFFENDHEID VAN PRIKKELVOEDINGVOEDING VAN OOIE, 1990 [N = 130]

Vanuit Figuur 5.1 is dit duidelik dat daar sekere merkwaardige ooreenkomste maar ook duidelike verskille tussen die opnemers en respondente bestaan wat betref die doeltreffendheid van prikkelvoeding van die dorperooie voor paartyd.

Dit is veral in die geval van die laagste twee kategorieë (baie swak en swak) wat daar merkwaardige ooreenkomste tussen die opnemers en die respondente bestaan. In die hoër kategorieë word weer duidelike perseptuele verskille waargeneem. So het 41,5 persent van die respondente hul doeltreffendheid ten opsigte van hierdie praktyk as goed en baie goed beskou teenoor 'n ooreenstemmende syfer van 13,9 persent in die geval van die opnemers (Figuur 5.1).

Dit dui daarop dat die respondente die doeltreffendheid van prikkelvoeding in 'n redelike groot mate oorskat. Dit mag egter wees dat die respondente heel tevrede is met die resultate wat hulle met prikkelvoeding behaal veral gesien teen die agtergrond van die redelike negatiewe houding teenoor meerlinge. Prikkelvoeding lei juis tot meerlinge-geboortes aangesien dit die ovulasietempo beïnvloed (Spedding, 1970 : 85). Voorligters sal dus daarteen moet waak dat hulle nie die doeltreffende toepassing van 'n praktyk propageer (prikkelvoeding) wat sal lei tot resultate (meerlingegeboortes) wat nie in ooreenstemming met die boere se strewes of aspirasies is nie.

5.2.2 PRIKKELVOEDING VAN RAMME

Omdat ramme oor die algemeen teen 'n relatief lae verhouding (2-5 persent) tussen oöie geplaas word tydens dektyd, is dit van die allergrootste belang om te verseker dat die betrokke ramme in 'n goeie fisiese toestand moet wees vir die belangrike taak wat verrig moet word. Coetzee (1989 : 7) wys daarop dat gebruiksramme daarom ook addisionele voeding (prikkelvoeding) voor paartyd moet ontvang.

5.2.2.1 MATE WAARTOE RAMME PRIKKELVOEDING ONTVANG

Ondersoek is ingestel na die mate waartoe dorperboere prikkelvoeding aan ramme voor paartyd gee en die gegewens word in Tabel 5.4 aangetoon.

Nieteenstaande die feit dat prikkelvoeding van ramme voor paartyd as 'n belangrike praktyk beskou word, word prikkelvoeding van ramme deur slegs 50.0 persent (Tabel 5.4) van die respondente op 'n gereelde basis toegepas. Voeg hierby die verdere 24,6 persent van die respondente wat aangedui het dat hulle soms prikkelvoeding gee of dit slegs gedeeltelik toepas, dan blyk dit dat prikkelvoeding van ramme voor paartyd oor die algemeen as 'n belangrike praktyk by dorperboere figureer.

Tabel 5.4 Mate waartoe dorperboere prikkelvoeding aan dorperramme voor paartyd gee, 1990

Toesingskategorie	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Camraron N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Ja	8	34,8	32	53,3	13	54,2	12	52,2	65	50,0
Gedeeltelik of soms	9	39,1	14	23,3	3	12,5	6	26,1	32	24,6
Nee	6	26,1	14	23,3	8	33,3	5	21,7	33	25,4
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,471; Vge = 6 : P > 0,05

Indien die bevindinge ten opsigte van die mate waartoe ramme prikkelvoeding ontvang (Tabel 5.4) vergelyk word met die ooreenstemmende bevindinge by ooie (Tabel 5.1), is dit opvallend dat daar in die geval van beide die ramme en ooie ongeveer 25 tot 26 persent van die respondente is wat glad nie prikkelvoeding gee nie. Hierteenoor verminder die persentasie van die respondente wat slegs soms of gedeeltelike prikkelvoeding gee van 43,8 persent (Tabel 5.1) in die geval van ooie tot 24,8 persent (Tabel 5.4) in die geval van ramme. Die aantal wat wel prikkelvoeding op 'n gereelde basis gee, styg van 30,0 persent by die ooie (Tabel 5.1) tot 50,0 persent by die ramme (Tabel 5.4). Dit dui daarop dat die respondente die belang van prikkelvoeding as van groter waarde by die ramme as by die ooie beskou.

5.2.2.2 DOELTREFFENDHEID VAN PRIKKELVOEDING VAN RAMME

Ramme behoort ten minste twee maande voor paartyd op 'n verhoogde voedingspeil, wat genoegsame proteïen asook vitamien A en E vir testis-ontwikkeling en optimum spermproduksie bevat, geplaas te word (Coetzee, 1989 : 15). Alhoewel prikkelvoeding van ramme net so belangrik is as dié van ooie, moet dit langer voor die paarseisoen 'n aanvang neem, ten einde die gewenste invloed te hê (Coetzee, 1989 : 10).

Die opnemers se aanslag vir die doeltreffendheid van prikkelvoeding van ramme is volgens sekere doeltreffendheidsnorme geëvalueer en die bevindinge word in Tabel 5.5 aangetoon.

Tabel 5.5 Doeltreffendheid, volgens opnemers, van prikkelvoeding van ramme voor paartyd, 1990

Doeltreffendheids-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Gee geen byvoeding nie (Baie swak)	6	26,1	14	23,3	8	33,3	5	21,7	33	25,4
Byvoeding is onvoldoende - ramme verloor massa (Swak)	2	8,7	8	13,3	2	8,3	2	8,7	14	10,8
Bietjie byvoeding-ramme handhaaf liggaamsmassa (Redelik)	7	30,4	15	25,0	8	33,3	6	26,1	36	27,7
Ontvang byvoeding vanaf 3 weke voor pering (Goed)	6	26,1	16	26,7	4	16,7	7	30,4	33	25,4
Ontvang byvoeding vanaf 2-3 maande voor paartyd (Baie goed)	2	8,7	7	11,7	2	8,3	3	13,0	14	10,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,992; Vge = 12 : P > 0,05

Volgens die siening van die opnemers is die doeltreffendheid van prikkelvoeding van kudderamme by 25,4 persent van die respondente baie swak terwyl dit by 'n verdere 10,8 persent as swak bestempel is (Tabel 5.5). Slegs in die geval van 36,2 persent van die respondente is die doeltreffendheid van prikkelvoeding as goed en baie goed beskou. Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,992$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die doeltreffendheid van prikkelvoeding van ramme nie. Dit blyk eerder dat die streke merkwaardige ooreen-

komste toon in die sin dat die verspreiding van respondente tussen die verskillende kategorieë n in of meer dieselfde is in die verskillende voorligtingswyke.

Ondersoek is ook ingestel na die doeltreffendheid van prikkelvoeding van ramme volgens die persepsie van dorperboere en die bevindings word in Tabel 5.6 aangebied.

Tabel 5.6 Doeltreffendheid, volgens dorperboere, van prikkelvoeding van ramme, 1990

Doeltreffendheids-kategorieë (5-puntekaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie swak (1)	2	8,7	14	23,3	4	16,7	3	13,0	23	17,7
Swak (2)	5	21,7	9	15,0	3	12,5	1	4,3	18	13,8
Redelik (3)	4	17,4	10	16,7	3	12,5	5	21,7	22	16,9
Goed (4)	7	30,4	17	28,3	11	45,8	8	34,8	43	33,1
Baie goed (5)	5	21,7	10	16,7	3	12,5	6	26,1	24	18,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	3,3		3,0		3,3		4,0		3,2	

Chi-kwadraat = 0,726; Vge = 12 : P > 0,05

Volgens die gegewens in Tabel 5.6 is die doeltreffendheid van prikkelvoeding in die geval van 51,6 persent van die respondente as goed en baie goed gepersepieer. Hierdie waarde varieer van 45 persent in die geval van Kenhardt tot amper 61 persent van die respondente in die Prieska-voorligtingswyk.

Die gemiddelde aanslag is 3,2 en daar is geen betekenisvolle verskille (P = 0,726) tussen die verskillende voorligtingswyke wat betref die gepersepieerde doeltreffendheid van prikkelvoeding nie (Tabel 5.6).

Indien die bevindinge ten opsigte van die doeltreffendheid van prikkelvoeding van ramme, soos aangeslaan deur die opnemers (Tabel 5.5) en die respondente (Tabel 5.6), met mekaar vergelyk word, blyk dit dat daar tot 'n mate 'n wanpersepsie in hierdie verband bestaan. So byvoorbeeld het die opnemers aangetoon dat die doeltreffendheid in die geval van 36,2 persent van die respondente as goed en baie goed (Tabel 5.5) beskou kan word, teenoor 'n ooreenstemmende waarde van 41,6 persent (Tabel 5.6) in die geval van die respondente self. Die omvang van die wanpersepsie (oorskatting van doeltreffendheid) is egter nie so groot as in die geval van sekere ander praktyke nie.

5.3 VOEDING VAN DRAGTIGE EN LAKTERENDE OOIE

Omdat die dorper 'n lang teelseisoen het (Anoniem, 1988 : 2), kan paring feitlik dwarsdeur die jaar plaasvind. In die ekstensiewe weistreke met 'n lae reënval, sal die veldtoestande tydens dragtigheid en laktasie soms nie optimaal wees nie. Die voeding van die ooi tydens dragtigheid (Spedding, 1970 : 85) kan die aantal lammers gebore beïnvloed. Volgens Van der Merwe (1988 : 184-185) is die voeding van die ooi gedurende die laaste 40 tot 50 dae van dragtigheid van groot belang, aangesien dit 'n besondere invloed op die grootte en vitaliteit (lewenskragtigheid) van die lam by geboorte sal uitoefen. Volgens die outeur is die oorlewingskans van die lam en ook sy groeisnelheid gedurende die eerste twee tot drie maande na geboorte in 'n groot mate afhanklik van die voeding van die ooi gedurende laatdragtigheid en laktasie.

Die opnemers het die doeltreffendheid van die respondente ten opsigte van die voeding van dragtige en lakterende ooie aan die hand van 'n 5-puntskaal geëvalueer en die bevindinge word in Tabel 5.7 aangetoon.

Volgens die aanslag van die opnemers presteer slegs 27,7 persent van die respondente goed en baie goed (Tabel 5.7). Alhoewel hierdie waarde tot so laag as 12,5 persent in die geval van die Carnarvon-voorigtingswyk daal, toon 'n statistiese ontleding van die data dat daar geen betekenisvolle verskille ($P = 0,485$) tussen die verskillende voorligtingswyke voorkom nie.

Dit blyk asof die mening gehuldig word dat spaarveld voldoende voeding verskaf vir die behoeftes van dragtige en lakterende ooie. Dit word gestaaf deur die bevin-

dinge dat 62,3 persent van die respondente hulfe ooie in spaarveld jaag, maar dat geen spesiale aandag aan byvoeding voor of na lamtyd geskenk word nie (Tabel 5.7). Dit moet egter gemeld word dat in gevalle waar veld goed opgepas is byvoeding in die vorm van spaarveld voldoende mag wees.

Tabel 5.7 Doeltreffendheid, volgens opnemers, van voeding van dragtige en lakterende ooie, 1990

Doeltreffendheidskategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Gee geen spesiale aandag aan voeding (Baie swak)	0	0,0	2	3,3	0	0,0	0	0,0	2	1,5
Ooie kom op veld alleen klaar (Swak)	2	8,7	3	5,0	4	16,7	2	8,7	11	8,5
Jaag ooie in spaarveld-geen spesiale aandag (Redelik)	11	47,8	39	65,0	17	70,8	14	60,9	81	62,3
Spaarveld + byvoeding (Goed)	9	39,1	15	25,0	3	12,5	7	30,4	34	26,2
Spesiale aandag, byvoeding en spaarveld (Baie goed)	1	4,3	1	1,7	0	0,0	0	0,0	2	1,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,485; Vge = 12 : P > 0,05

Ondersoek is ook ingestel na die doeltreffendheid van voeding van dragtige en lakterende ooie volgens die persepsie van dorperboere en die resultate word in Tabel 5.8 aangetoon.

'n Redelike groot mate van onsekerheid ten opsigte van die doeltreffendheid van voeding van dragtige en lakterende ooie word bespeur deurdat 33,1 persent van die respondente hul doeltreffendheid as redelik beskou (Tabel 5.8). Alhoewel die voeding van die dragtige en lakterende ooie as baie belangrik bewys is, meen

Tabel 5.8 Doeltreffendheid van voeding van dragtige en lakterende ooie volgens dorperboere, 1990

Doeltreffendheids- kategorieë (5-puntekaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie swak (1)	0	0,0	4	6,7	1	4,2	0	0,0	5	3,8
Swak (2)	2	8,7	0	0,0	3	12,5	3	13,0	8	6,2
Redelik (3)	6	26,1	21	35,0	9	37,5	7	30,4	43	33,1
Goed (4)	11	47,8	31	51,7	8	33,3	11	47,8	61	46,9
Baie goed (5)	4	17,4	4	6,7	3	12,5	2	8,7	13	10,0
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	3,7		3,5		3,4		3,5		3,5	

Chi-kwadraat = 0,285; Vge = 12 : P > 0,05

slegs 56,9 persent van die respondente dat hul doeltreffendheid ten opsigte van hierdie praktyke goed en baie goed is.

Indien hierdie gegewens vergelyk word met bevindinge van Terblanche (1987 : 341) by angorabokboere blyk dit dat 'n kleiner persentasie van dorperskaapboere (10,0 persent) die voeding van dragtige en lakterende ooie as baie goed persipieer. Hierteenoor is waarde van 32,9 persent by angorabokboere bevind. Die relatief hoë waarde by angorabokboere kan toegeskryf word aan pogings om 'n hoë abortsiesyfer by angorabokooie gedurende die laaste 2 tot 3 weke van dragtigheid te bekamp.

Die bevindinge wat betref die aanslag van die opnemers (Tabel 5.7) en die persepsie van die respondente (Tabel 5.8) ten opsigte van die doeltreffendheid van voeding van dragtige en lakterende ooie word in Figuur 5.2 aangetoon.




FIG. 5.2 PERSEPSIE VAN RESPONDENTE EN EVALUERINGSAAANSLAG VAN OPNEMERS WAT BETREFF DIE DOELTREFFENDHEID VAN VOEDING VAN DRAGTIGE EN LAKTERENDE OOIE, 1990 [N=130]

Die bevindinge van Tabelle 5.7 en 5.8, soos weergegee in Figuur 5.2, toon duidelik dat daar redelike groot verskille tussen die opnemers se doeltreffendheidsaanslag en die respondente se persepsie bestaan wat betref die doeltreffendheid van die voeding van dragtige en lakterende ooie. Dit moet egter beklemtoon word dat die opnemers nie die toestand van die weiveld in aanmerking geneem het by die bepaling van die doeltreffendheidsaanslag van die voeding van dragtige en lakterende ooie nie. Onder sekere omstandighede mag veldtoestande van so 'n aard wees dat byvoeding nie nodig is nie en mag 'n respondent sy doeltreffendheid in hierdie verband as redelik, goed of baie goed aanslaan terwyl die opnemer dit laer aanslaan.

Desnieteenstaande sal voorligters deeglik kennis moet neem van die oorwaarding van respondente wat betref die doeltreffendheid van die voeding van dragtige en lakterende ooie.

5.4 WEIVELDBESTUUR

Die opnamegebied is 'n redelike ariede, ekstensiewe gebied wat hoofsaaklik gebruik word vir ekstensiewe veeboerdery. Dit volg dus dat alle aspekte wat verband hou met die natuurlike weiveld 'n integrale deel van veeboerdery en boerderybestuur onder sulke omstandighede sal uitmaak. Om hierdie rede is in hierdie studie ondersoek ingestel na verskeie aspekte wat met die weiveld verband hou en sal dit vervolgens meer breedvoerig bespreek word.

5.4.1 GESINDHEID TEENOR WEIVELD EN WEIVELDBESTUUR

Ondersoek is eerstens ingestel na dorperboere se gesindheid teenoor weiveld en weiveldbeheer. Die beamptes verbonde aan die voorligtingskantore in elk van die vier voorligtingswyke (Calvinia, Kenhardt, Carnarvon en Prieska) is gevra om 'n aanslag ooreenkomstig sekere norme vir elk van die respondente se gesindheid teenoor die weiveld en weiveldbestuur te maak. Die bevindinge in hierdie verband word in Tabel 5.9 aangetoon.

Tabel 5.9 Die gesindheid, volgens departementele voorligtingsbeamptes, van dorperboere teenoor weiveld en weiveldbeheer, 1990

Gesindheids-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
<i>Baie swak</i>	0	0,0	2	3,3	0	0,0	0	0,0	2	1,5
<i>Swak</i>	0	0,0	11	18,3	8	33,3	1	4,3	20	15,4
<i>Redelik</i>	12	52,2	15	25,0	12	50,0	4	17,4	43	33,1
<i>Goed</i>	9	39,1	20	33,3	1	4,2	14	60,9	44	33,8
<i>Baie goed</i>	2	8,7	12	20,0	3	12,5	4	17,4	21	16,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,001; Vge = 12 : P < 0,01

Dit is verblydend dat die gesindheid teenoor weiveld en weiveldbeheer in die geval van slegs 16,9 persent van die respondente as baie swak en swak bestempel word (Tabel 5.9).

Betekenisvolle verskille ($P = 0,001$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor in die aanslag van die departementele voorligtingsbeampies, wat betref die gesindheid van die respondente teenoor weiveld en weiveldbeheer.

In beide die Calvina- en Carnarvon-voorligtingswyke is die grootste persentasie respondente se gesindheid teenoor weiveld en weiveldbeheer as redelik bestempel (52,2 en 50,0 persent onderskeidelik, Tabel 5.9). Hierteenoor is die grootste persentasie respondente se gesindheid in die Kenhardt- en Prieska-voorligtingswyke as goed bestempel (33,3 en 60,9 persent onderskeidelik, Tabel 5.9). Dit is duidelik dat daar ook verskille tussen die voorligtingswyke voorkom wat betref die kategorie waarin die tweede grootste persentasie respondente voorkom. Die tendense in die verskillende voorligtingswyke stem dus glad nie ooreen nie.

5.4.2 TOESTAND VAN NATUURLIKE WEIVELD

Volgens Maree (1987 : 4) word die potensiaal van die ekstensiewe weistreke oorskat en dikwels oorskry. Campbell (persoonlike mededeling, 1989) meen dat die natuurlike veldweiding een van die boer se kosbaarste hulpbronne is en daarom moet dit deurgaans met respek behandel word. Opperman (1985 : 30) noem as hoofdoelstellings van veldbestuur die volgende naamlik dat daar gepoog moet word om:

- maksimum diereproduksie oor die langtermyn te verseker,
- maksimum beskerming te verleen aan die onvervangbare hulpbron, naamlik die vrugbare bogrond,
- 'n ekonomies geregverdigde metode vir die toepassing van bewaringsboerdery daar te stel.

Aangesien hierdie studie beperk is tot dorperskaapboere in die ekstensiewe weigebiede is die toestand van die natuurlike weiveld van groot belang. Alternatiewe bronne van voedselvoorsiening is nie net baie duur nie, maar ook uiters beperk en daarom moet daar noukeurig gelet word op die toestand van die natuurlike weiveld.

Teen hierdie agtergrond is ondersoek ingestel na die persepsie van die respondente wat betref die toestand van hul natuurlike weiveld en die gegewens word in Tabel 5.10 aangebied.

Tabel 5.10 Toestand, volgens die persepsie van dorperboere, van hul natuurlike weiveld, 1990

Veldtoestand-kategorieë (5-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie swak (1)	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Swak (2)	0	0,0	1	1,7	2	8,3	1	4,3	4	3,1
Redelik (3)	2	8,7	16	26,7	5	20,8	7	30,4	30	23,1
Goed (4)	15	65,2	28	46,7	8	33,3	12	52,2	63	48,5
Baie goed (5)	6	26,1	15	25,0	9	37,5	3	13,0	33	25,4
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	4,2		4,0		4,0		3,7		4,0	

Chi-kwadraat = 0,230; Vge = 9 : P > 0,05

Sowat 74 persent van die respondente het die toestand van hul weiveld as goed en baie goed beskou (Tabel 5.10). In ondersoek na wolskaap- en angorabokboerdery is ooreenstemmende waardes van 69,9 persent (De Klerk *et al.*, 1983 : 196) en 70,8 persent (Terblanche, 1987 : 314) gevind. Bogenoemde bevindinge dui daarop dat daar nie groot verskille tussen die dorperboere aan die een kant en die wol- en angorabokboere aan die ander kant bestaan nie. In hierdie studie het slegs 3,1 persent van die respondente die toestand van hul weiveld as baie swak en swak getipeer (Tabel 5.10). Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,230$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke in hierdie verband voor nie.

Die belangrikste verskille tussen die bevindinge van De Klerk *et al.* (1983 : 196); Terblanche (1987 : 314) en hierdie opname wat betref die gepersipeerde toestand van die boer se natuurlike weiveld, word grafies in Figuur 5.3 voorgestel.




FIG. 5.3 'N VERGELYKING VAN WOLSKAAP-, ANGORABOK- EN DORPERSKAAPBOERE SE PERSEPSIES AANGAANDE DIE TOESTAND VAN HUL NATUURLIKE WEIVELD

Dit blyk vanuit die bevindinge, soos voorgestel in Figuur 5.3, dat daar opvallende verskille voorkom tussen die wolboere aan die eenkant en die angorabok- en dorperskaapboere aan die ander kant. In die geval van beide die angorabok- en dorperskaapboere is die verspreiding skeef na regs met 'n meer normale verspreiding by die wolboere.

5.4.3 MATE WAARTOE DIE NATUURLIKE WEIVELD VERSWAK

Die stelling word dikwels gemaak dat die natuurlike weiveld van die ariede gedeeltes van ons land agteruitgaan. Hiervolgens word die natuurlike

weiveld, vanuit 'n westelike rigting, deur woestyntoestande vervang. Onderzoek is daarom ingestel na die mate, volgens die persepsie van die dorperboere, waartoe die natuurlike weiveld agteruit gaan en die bevindinge word in Tabel 5.11 aangetoon.


Bykans 70 persent (Tabel 5.11) van die respondente was van mening dat die weiveld nie agteruit gaan nie. Betekenisvolle verskille ($P = 0,024$) kom egter tussen die verskillende voorligtingswyke voor. In die voorligtingswyke Calvinia, Kenhardt en Prieska het die grootste persentasie van die respondente aangetoon dat die weiveld nie agteruit gaan nie. Hierdie waardes het gevarieer van 60,9 persent in die Calvinia- tot soveel as 81,7 persent in die Kenhardt-voorligtingswyk. Hierteenoor was die respondente in die Carnarvon-voorligtingswyk presies gelykop verdeel naamlik 50 persent het geglo dat die weiveld agteruit gaan terwyl die ander 50 persent geglo het dat dit nie die geval is nie (Tabel 5.11).

Tabel 5.11 Mate, volgens die persepsie van die dorperboere, waartoe die natuurlike weiveld agteruit gaan, 1990

Agteruitgangskategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nee	14	60,9	49	81,7	12	50,0	15	65,2	90	69,2
Ja	9	39,1	11	18,3	12	50,0	8	34,8	40	30,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,024; Vge = 3 : $P < 0,05$

Die belangrikste redes, volgens die persepsie van dorperboere, vir hierdie agteruitgang (indien enige) asook die relatiewe belangrikheid daarvan is ondersoek en die bevindinge word in Figuur 5.4 aangetoon.

**Sleutel:**

A = Droogtes

B = Boere oorskat die langtermyn drakrag

C = Veld is kwesbaar en moeilik om reg te bestuur

D = Gebrekkige kennis van veld vir toepassing van gesonde weiveldbestuurspraktyke

E = Boere staan onverskillig teenoor gesonde weiveldbestuur

FIG. 5.4 RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN REDES, VOLGENS DORPERBOERE, VIR DIE AGTERUITGANG VAN DIE NATUURLIKE WEIVELD, 1990 [N=40]

Volgens Figuur 5.4 is droogtes (gemiddeld = 8) as die belangrikste oorsaak vir die agteruitgang van die natuurlike weiveld beskou. Die tweede en derde belangrikste oorsake hou egter beide met die boer self verband. Hiervolgens staan boere onverskillig teenoor gesonde weiveldbestuur (gemiddeld = 7,3) en oorskat hulle die langtermyn drakrag van die veld (gemiddeld = 7,1).

Die respondente wys dus in 'n groot mate die vinger na hulself as oorsaak vir die agteruitgang in die toestand van die natuurlike weiveld. Droogtes beklemtoon dus die swak bestuur en onverskillige houding teenoor weiveldbestuur van sommige veeboere.

Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat bogenoemde die mening van ongeveer 30 persent van die respondente verteenwoordig, aangesien

ongeveer 70 persent van mening was dat die weiveld nie agteruit gaan nie (Tabel 5.11).

5.5 DRAKRAG VAN NATUURLIKE WEIVELD

Om te voorkom dat 'n veeboer se veegetalle die vasgestelde drakrag van sy grond oorskry, moet hy bewus wees wat die drakrag is. Daarom is ondersoek ingestel na dorperboere se kennis wat betref die vasgestelde drakrag van die grond waarop hulle boer. Die bevindinge word in Tabel 5.12 aangetoon.

Tabel 5.12 Dorperboere se kennis ten opsigte van die vasgestelde drakrag van die grond waarop hulle boer, 1990

Kennis-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Verkeerd Reg	10	43,5	12	20,0	4	16,7	6	26,1	32	24,6
	13	56,5	48	80,0	20	83,3	17	73,9	98	75,4
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,114; Vge = 3 : P > 0,05

Byna 25 persent (Tabel 5.12) van die respondente het nie geweet wat die vasgestelde drakrag is nie. In die geval van die Calvinia-voorligtingswyk styg hierdie waarde tot so hoog as 43,5 persent. Dit is onrusbarend aangesien onkunde ten opsigte van die vasgestelde drakrag kan lei tot oorbenuiting van die veld. Hierdie syfer is egter min of meer in ooreenstemming met Terblanche (1987 : 290) se bevinding dat 23,9 persent van die angorabokboere glad nie geweet het wat hul grond se drakragbepaling is nie.

Ten opsigte van die Calvinia-voorligtingswyk moet dit egter gemeld word dat 'n aantal van die respondente, in veral die Loeriesfontein-omgewing, met hulle vee trek agter beter weiding aan. Baie van hulle besit grond in beide die winter- en

somerreënvalareas of het toegang tot sulke grond. Dit mag daartoe lei dat die drakragnorme verwar word.

Ondersoek is ook ingestel na die mate waartoe die respondente tevrede was dat die vasgestelde drakragte realisties is en die bevindings in hierdie verband word in Tabel 5.13 aangetoon.

Tabel 5.13 Dorperboere se persepsie wat betref die realisme van die vasgestelde drakrag, 1990

Kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Ja	12	52,2	37	61,7	16	66,7	15	65,2	80	61,5
Onseker	1	4,3	2	3,3	0	0,0	0	0,0	3	2,3
Nee	10	43,5	21	35,0	8	33,0	8	34,8	47	36,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,848; Vge = 6 : P > 0,05

Die oorgrote meerderheid (61,5 persent, Tabel 5.13) van die respondente is tevrede dat die drakragte realisties vasgestel is. Geen betekenisvolle verskille (P = 0,848) kom in hierdie verband tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie. Dit is egter bevind dat 36,2 persent van die respondente van mening was dat die vasgestelde drakragte nie realisties is nie. Die vraag ontstaan of 'n persoon wat die huidige drakragnorme as onrealisties beskou, daarby gaan hou?

Dit is verder ook bevind dat 24,6 persent van die respondente (Tabel 5.12) nie bewus was wat die korrekte drakragnorme vir sy grond is nie. Hierdie respondente se oordeel wat betref die realisme van die vasgestelde drakragnorme, kan dus bevraagteken word.

Die mate waartoe dorperboere, volgens hul eie persepsies, aan die drakragbepalings voldoen om vir droogtehulp (onder die Wet op die Bewaring van Natuurlike

Hulpbronne) te kwalifiseer, is ondersoek en die bevindinge in hierdie verband word in Tabel 5.14 aangetoon.

Tabel 5.14 Mate waartoe dorperboere aan die drakragbepalings sal voldoen, 1990

Persepsie-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nee	0	0,0	3	5,0	1	4,2	1	4,3	5	3,8
Weet nie	0	0,0	0	0,0	2	8,3	0	0,0	2	1,5
Ja	23	100,0	57	95,0	21	87,5	22	95,7	123	94,6
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,118; Vge = 6 : P > 0,05

Die bevindinge van Tabel 5.14 dui daarop dat die oorgrote meerderheid (94,6 persent) van die respondente van mening was dat hulle aan die drakragbepalings kan voldoen om vir droogtehelp onder die Wet op die Bewaring van Natuurlike Hulpbronne te kwalifiseer. Alhoewel 36,2 persent (Tabel 5.13) van die respondente aangedui het dat hulle van mening was dat die drakragbepalings nie realisties vasgestel is nie, blyk dit volgens die bevindinge van Tabel 5.14 dat die oorgrote meerderheid van hulle egter wel aan die drakragbepalings voldoen.

Hierdie bevindinge moet egter ook gesien word teen die agtergrond van die bevindinge dat 24,6 persent (Tabel 5.12) nie geweet het wat die bepaling is nie. Die vraag kan tereg gevra word of 'n persoon wat nie weet wat die vasgestelde drakrag is nie, daaraan kan voldoen?

Laasgenoemde is in veral die Calvinia-voorigtingswyk 'n probleem. Volgens die bevindinge van Tabel 5.12 het slegs 56,5 persent van die respondente in die Calvinia-voorigtingswyk geweet wat die vasgestelde drakrag van hul veld is. Hierteenoor het 100 persent van die respondente in dié betrokke wyk aangetoon dat hulle aan die drakragbepalings sal voldoen.

5.6 HANTERING VAN DROOGTESITUASIES

Die kennis van dorperboere ten opsigte van die gedeelte van die toegelate vee, volgens die toegekende weidingskapasiteit, wat van die veld verwyder moet word voordat finansiële voordeel onder die Droogtehelpskema ontvang kan word, is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 5.15 aangetoon.

Tabel 5.15 Dorperboere se kennis wat betref die gedeelte van die toegelate vee wat verwyder moet word ten einde vir droogtehelp te kwalifiseer, 1990

Kennis-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Verkeerd	1	4,3	9	15,0	4	16,7	2	8,7	16	12,3
Reg	22	95,7	51	85,0	20	83,3	21	91,3	114	87,7
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,484; Vge = 3 : P > 0,05

Dit is bevind dat 87,7 persent (Tabel 5.15) van die respondente die vraag korrek kon beantwoord naamlik dat 'n derde van die toegekende kapasiteit verwyder moet word. Hierdie waarde styg tot so hoog as 95,7 persent van die respondente in die Calvinia-voorligtingswyk. Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,484$) het tussen die verskillende voorligtingswyke voorgekom wat betref die respondente se kennis in hierdie verband nie.

Die feit dat die grootste gedeelte van die opnamegebied in die jare wat hierdie ondersoek voorafgegaan het deur 'n rampdroogte geteister is en meeste boere genoodsaak was om van die destydse Droogtehelpskema gebruik te maak, het waarskynlik daartoe gelei dat so 'n groot persentasie van die respondente goed ingelig was omtrent hierdie aspek.

Alhoewel Staatshulp onder bepaalde omstandighede wel ten tye van droogtesituasies verwag kan word, is dit noodsaaklik dat elke boer individueel ook in sy langtermynbeplanning voorsiening maak om sodanige droogtesituasies te kan hanteer. Daar is derhalwe ook ondersoek ingestel na wyses waarop dorperboere beplan om toekomstige droogtesituasies te hanteer en die bevindinge word in Tabel 5.16 aangetoon.

Tabel 5.16 Beplanning van dorperboere om toekomstige droogtesituasies te hanteer, 1990

Kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Weet nie	0	0,0	1	1,7	1	4,2	0	0,0	2	1,5
Minder vee in goeie jare aanhou en veld-reserwes opbou	15	65,2	27	45,0	16	66,7	8	34,8	66	50,8
Geld spaar in beter jare vir voersaankope in droogtetye	2	8,7	2	3,3	2	8,3	9	39,1	15	11,5
Eie voerbank opbou tydens beter jare	4	17,4	4	6,7	1	4,2	1	4,3	10	7,7
Weiveldbeheer toepas	1	4,3	5	8,3	1	4,2	0	0,0	7	5,4
Droogtevoergewasse aanplant	0	0,0	0	0,0	2	8,3	0	0,0	2	1,5
Boerdery as beroep verlaat	1	4,3	1	1,7	0	0,0	0	0,0	2	1,5
Ander	0	0,0	20	33,3	1	4,2	5	21,7	26	20,0
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,000; Vge = 21 : P < 0,001

Die bevindinge in Tabel 5.16 toon dat 98,5 persent van die respondente wel een of ander plan het om toekomstige droogtesituasies te hanteer. Dit is op sigself al baie bemoedigend, want dit dui daarop dat die dorperboere wel vir droogtesituasies beplan en nie net op Staatshulp hoop nie.

Dit is egter verontrustend dat slegs 1,5 persent (Tabel 5.16) van die respondente aangedui het dat hulle droogtevoergewasse gaan aanplant. Dit is slegs in die Carnarvon-voorligtingswyk dat respondente enigsins aangetoon het dat hulle beplan om droogtevoergewasse aan te plant. Dit dui daarop dat die respondente óf negatief ingestel is teenoor die aanplant van droogtevoergewasse óf dat hulle nog nie die potensiële waarde daarvan beseef nie. Verskeie redes mag hiertoe aanleiding gee.

Dit is verder opvallend dat "Ander" sterk figureer (20 persent van die respondente). Verskeie respondente het aangedui dat hulle ten tye van 'n droogtesituasie al hul vee sal verkoop eerder as wat hulle skuld sal aangaan om die vee te voer. Na afloop van die droogtesituasie sal hulle dan weer vee aankoop en nie belas wees met voerskuld nie. Sekere respondente het ook aangedui dat hulle hul vee ten tye van die droogte sal verminder terwyl ander van plan was om addisionele weiding by te huur.

'n Praktyk waarvolgens minder vee in goeie jare aangehou en veldreserwes opgebou gaan word, figureer redelik sterk in die dorperboere se beplanning. Meer as 50 persent van die respondente (Tabel 5.16) het aangetoon dat bogenoemde praktyk hul eerste opsie sal wees waarvolgens toekomstige droogtesituasies hanteer gaan word.

Dit was egter duidelik dat die meerderheid van die respondente nie bereid was om huiself weer met 'n groot skuld te belaa deur hul diere te voer nie. Verskeie respondente het met groot trots aangedui dat hulle óf hul voerskuld afbetaal het, óf dat dit byna afbetaal is. Die afleiding kan dus gemaak word dat voerskuld, as gevolg van droogtes, vir die respondente 'n negatiewe ervaring was en dat hulle dit ten alle koste wil vermy.

'n Statistiese ontleding van die data toon dat daar betekenisvolle verskille ($P < 0,001$) tussen die verskillende voorligtingswyke voorkom. Die grootste persentasie van die respondente in die Calvina-, Kenhardt- en Carnarvon-voorligtingswyke (65,2; 45,0 en 66,7 persent onderskeidelik, Tabel 5.16) het aangetoon dat hulle beplan om minder vee in goeie jare aan te hou en om sodoende die veldreserwes op te bou. Hierteenoor het die grootste persentasie respondente (39,1 persent, Tabel 5.16) in die Prieska-voorligtingswyk aangetoon dat hulle beplan om geld in goeie jare te spaar met die oog op voeraankope in droogtetye.

5.7 SAMEVATTING

Verskeie aspekte wat met voeding- en weiveldbeheer praktyke verband hou, is ondersoek. Dit blyk dat prikkelvoeding van ooie en ramme, in 'n mindere of meerdere mate, deur byna 74 persent (Tabelle 5.1 en 5.2) van die respondente toegepas word. Die doeltreffendheid daarvan varieer egter in 'n groot mate. Die heersende voedingstoestande beïnvloed ook die doeltreffendheid van die prikkelvoeding.

Die voeding van dragtige en lakterende ooie bestaan grootliks daaruit dat sulke ooie in spaarveld gejaag word (62,3 persent van respondente, Tabel 5.7) of addisioneel tot die spaarveld ook nog byvoeding ontvang (26,2 persent van respondente, Tabel 5.7). Volgens die respondente se persepsie is sodanige praktyke redelik tot goed (Tabel 5.8). Die dorper is in elk geval geteel om onder ekstensiewe toestande 'n slaglam met goeie karkaseienskappe te produseer.

Die respondente het die toestand van hul natuurlike weiveld oor die algemeen as redelik tot baie goed aangeslaan. Die relatief gunstige toestande ten tye van die opname mag daartoe gelei het dat die respondente redelik optimisties was oor die toestand van hul veld. Dit blyk dat ongeveer 30 persent van die respondente (Tabel 5.11) van mening was dat die toestand van die weiveld agteruitgaan. Dit dui op 'n ongerustheid onder die dorperboere wat betref die toestand van hul veld.

Dit is verontrustend dat, alhoewel die dorperboere binne die opnamegebied feitlik uitsluitlik op die natuurlike weiveld aangewese is vir die voeding van hul dorper-skape, daar nogtans byna 25 persent van hulle is (Tabel 5.12) wat nie geweet het wat die korrekte drakragnorme van hul veld is nie. Verder het byna 40 persent van hulle (Tabel 5.13) aangetoon dat hulle nie met die drakragnorme saam stem nie of onseker oor die korrektheid daarvan was.

Wat betref die hantering van toekomstige droogtesituasies, is dit verblydend dat 98,5 persent van die respondente (Tabel 5.16) bepaalde planne het om toekomstige droogtesituasies te hanteer. Dit het ook duidelik na vore gekom dat die aangaan van skuld om vir voer tydens droogtes te betaal ten alle koste vermy wil word. Die verpligtinge ten opsigte van voerskuld was vir die meeste van die respondente 'n negatiewe ervaring.

HOOFSTUK 6

SELEKSIEPRAKTYKE EN PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN DIE DOELTREFFENDHEID DAARVAN IN DORPERSKAAPBOERDERY

6.1 INLEIDING

Volgens Düvel (1987 : 4) se skema (Figuur 1.1) waarin die verwantskap tussen die hoofgroepe van gedragbepalende veranderlikes aangetoon word, is praktykaanvaarding en persepsie as onderskeidelik een van die afhanklike en een van die bemiddelende veranderlikes geïdentifiseer. Die aanvaarding van praktyke wat met seleksie verband hou, asook die persepsies van opnemers en respondente (dorperboere) ten opsigte van die doeltreffendheid daarvan, is ondersoek en word vervolgens meer breedvoerig aangebied. Die persepsies wat met die doeltreffendheid van praktyktoepassing verband hou, word saam met die betrokke praktyke aangebied ten einde die moontlike bestaan van wanpersepsies te ondersoek.

Volgens Nel en Basson (1968 : 514) beteken seleksie dat daar in 'n populasie of kudde onderskeid gemaak word in die waarskynlikheid van reproduksie van verskillende individue. Jordaan (1968 : 20) stel 'n streng stelsel van keuring en seleksie as 'n belangrike vereiste in kuddeteling. Hiervolgens sal die reproduksie van diere wat nie aan so 'n streng stelsel van keuring en seleksie voldoen nie, verhoed of op 'n sekere tydstip beëindig word.

In die teoretiese beredenering is verskeie praktyke geïdentifiseer wat deel sou vorm van so 'n streng stelsel van keuring en seleksie van kudde dorperskape. Hierdie praktyke is ondersoek en die resultate word vervolgens aangebied.

Daar is reeds ook gewys op vier praktyke wat dorperboere tot 'n mindere of meerdere mate toepas, maar waaroor daar nie ooreenstemming is wat betref die wenslikheid en die toepassingsvlak daarvan nie. Alhoewel een van hierdie praktyke naamlik kruisteling met seleksie verband hou, sal dit op 'n later stadium meer breedvoerig ondersoek en bespreek word.

6.2 PERSOON OF INSTANSIE VERANTWOORDELIK VIR SELEKSIE VAN KUDDEDORPERS

Die kwaliteit van seleksie bepaal in 'n groot mate die vordering al dan nie in 'n kudde gemaak (Basson *et al.*, 1988 : 185). Die afleiding kan dus gemaak word dat die bevoegdheid van die persoon of instansie verantwoordelik vir die seleksie van kudde dorperskape, in 'n groot mate die seleksievordering al dan nie in 'n betrokke kudde sal bepaal. Teen hierdie agtergrond is ondersoek ingestel na die persoon of instansie betrokke by die seleksie van beide kudde-dorperooie en -ramme.

6.2.1 OOIE

Die bevindinge ten opsigte van die persoon of instansie verantwoordelik vir die seleksie van kudde-dorperooie word in Tabel 6.1 aangetoon.

Tabel 6.1 Persoon of instansie verantwoordelik vir seleksie van dorperboerse dorperooie, 1990

Persoon verantwoordelik vir seleksie	Dorperboerse per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Doen geen seleksie	0	0,0	2	3,3	0	0,0	0	0,0	2	1,5
Boer self	18	78,3	47	78,3	18	75,0	16	69,6	90	76,2
Lewendehawebe-amptes	3	13,0	10	16,7	3	12,5	3	13,0	19	14,6
Dorperinspekteurs	2	8,7	1	1,7	2	8,3	4	17,4	9	6,9
Koöperasiebe-amptes	0	0,0	0	0,0	1	4,2	0	0,0	1	0,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,336; Vge = 12 : P > 0,05

Dit is opvallend dat daar nie baie groot verskille tussen die vier verskillende voorligtingswyke voorkom wat betref die persoon of instansie verantwoordelik vir die seleksie van die respondente se dorperooie nie. Dit is verder duidelik dat die respondente in 'n groot mate (76,2 persent) hul ooie self selekteer

(Tabel 6.1). Dit blyk dat lewendehawebeamptes in 'n mindere mate (14,8 persent) vir die seleksie van die ooie gebruik word.

In die geval van die Prieska-voorigtigingswyk maak 17,4 persent van die respondente van dorperinspekteurs gebruik wanneer hul ooie geselekteer word (Tabel 6.1). Dit hou verband met die bevindinge in Tabel 3.1 dat dit die voorigtigingswyk is met die meeste stoetboere (34,8 persent). 'n Hele aantal van hierdie stoettelers is waarskynlik self gekwalifiseerde dorperinspekteurs.

6.2.2 RAMME

Die bevindinge ten opsigte van die persoon of instansie verantwoordelik vir die seleksie van kudde-dorperramme word in Tabel 6.2 aangebied.

Tabel 6.2 Persoon of instansie verantwoordelik vir die seleksie van dorperboere se dorperramme, 1990

Persoon verantwoordelik vir seleksie	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Boer self	14	60,9	42	70,0	15	62,5	20	87,0	91	70,0
Lewendehawe-beamptes	7	30,4	9	15,0	4	16,7	2	8,7	22	16,9
Koöperasiebeamptes	0	0,0	3	5,1	3	12,5	0	0,0	6	4,6
Stoetboer	0	0,0	5	8,3	2	8,3	1	4,3	8	6,2
Kuddeboer	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8
Ander	2	8,7	0	0,0	0	0,0	0	0,0	2	1,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,085; Vge = 15 : P > 0,05

Uit die gegewens in Tabel 6.2 blyk dit dat 70,0 persent van die respondente self verantwoordelik is vir die seleksie van kudderamme. Hierdie waarde varieer van 60,9 persent in Calvinia tot so hoog as 87 persent in Prieska.

Slegs 16,9 persent van die respondente maak van lewendehawebeamptes gebruik. Hierdie bevindinge is min of meer in ooreenstemming met die persoon of instansie wat verantwoordelik is vir die seleksie van ooe (Tabel 6.1).

Indien dit in gedagte gehou word dat byna 50 persent (Tabel 4.6) van die respondente verbeterde teel- en seleksiemetodes as die belangrikste metode geïdentifiseer het om die doeltreffendheid van hul dorperskaapboerdery te verhoog, impliseer dit dat die vermoë van die boer self in 'n baie groot mate die teeltvordering in elke afsonderlike kudde gemaak, sal bepaal. Die bevindinge in Tabel 3.9 toon dat soveel as 60,0 persent van die respondente ten tye van die opname nog nie die driedaagse (junior) kursus bygewoon het nie. Dit blyk verder dat slegs 32,3 persent (Tabel 4.11) van die respondente se kennis, wat betref 'n verskeidenheid van dorperskaapboerdery- en bestuursaspekte, as goed en baie goed bestempel kan word. Daar is dus ruimte vir 'n verbetering van die respondente se kennis van seleksiepraktyke deur onder andere die bywoning van kursusse soos aangebied deur die Dorperskaap-telersgenootskap van Suid-Afrika.

'n Aanslag, ooreenkomstig 'n 10-puntskaal, van probleme wat ondervind word om die doeltreffendheid van dorperskaapboerdery te verhoog het getoon dat teel- en seleksieprobleme met 'n mediaan van 6,3 as die vierde belangrikste probleem (Figuur 4.5) geïdentifiseer is.

Dit is ook reeds bevestig dat byna 50 persent van die respondente verbeterde teel- en seleksiepraktyke as die belangrikste wyses (Tabel 4.6) sien om die doeltreffendheid van hul onderskeie dorperskaapkuddes te verhoog. Nogtans word teel- en seleksiepraktyke as een van die vier belangrikste probleme geïdentifiseer om sodanige doeltreffendheidsverhoging te bewerkstellig (Figuur 4.5). Gesien teen die agtergrond dat onderskeidelik 76,2 (Tabel 6.1) en 70,0 persent (Tabel 6.2) van die respondente self verantwoordelik is vir die seleksie van hul kudde-dorperooie en -ramme, wil dit voorkom asof die respondente hul eie bekwaamheid ten opsigte van teel- en seleksiepraktyke in twyfel trek.

6.3 EIENSKAPPE WAARVOOR GESELEKTEER WORD BY KUDDE-DORPERSKAPPE

Robertson (1983 : 485) noem dat die identifisering van seleksiedoelwitte/eienskappe van kritiese belang is vir enige skaapteler aangesien dit die sukses van die betrokke boerdery sal bepaal. Dit is daarom belangrik om vas te stel vir watter eienskappe die dorperboere by beide hul kudde-dorperooie en -ramme selekteer.

Dorperboere is gevra na die belangrikste seleksie-eienskappe, in volgorde van afnemende belangrikheid, waarvoor by beide ooie en ramme geselekteer word. In die teks sal na die eienskap wat die meeste nominasies as belangrikste seleksie-eienskap ontvang het as die populêrste eienskap verwys word.

Dit is verder van die respondente verwag om 'n aanslag ooreenkomstig 'n 10-puntskaal, waar 10 baie belangrik en een relatief onbelangrik is, van die verskillende seleksie-eienskappe te maak. In die teks word na hierdie bevindinge as die relatiewe belangrikheid van die betrokke seleksie-eienskap verwys.

6.3.1 OOIE

Die bevindinge ten opsigte van die vier populêrste eienskappe waarvoor dorperboere by hul ooie selekteer, word in Tabel 6.3 aangetoon.

Volgens die gegewens in Tabel 6.3 blyk dit dat bouvorm en grootte deur 54,6 persent van die respondente as die populêrste seleksie-eienskap by ooie geïdentifiseer is. Alhoewel die persentasie respondente wat dit as die populêrste eienskap genomineer het vanaf 43,5 in Calvinia tot 73,9 persent in Prieska varieer, is hierdie verskille nie betekenisvol nie ($P = 0,431$). Selfs as tweede populêrste seleksie-eienskap het bouvorm en grootte, naas vrugbaarheid, die meeste nominasies (23,1 persent van die respondente) ontvang.

Vrugbaarheid is die eienskap wat die tweede meeste nominasies as populêrste eienskap ontvang het (26,9 persent van die respondente). Alhoewel daar nie betekenisvolle verskille ($P = 0,431$) ten opsigte van die populêrste seleksie-eienskap voorkom nie, varieer die persentasie nominasies vir vrugbaarheid as populêrste seleksie-eienskap vanaf 4,3 persent in Prieska tot 39,1 persent in Calvinia.

Tabel 6.3 Vier populêrste eienskappe waarvoor dorperboere by kudde-dorperooie selekteer, 1990

Seleksie-eienskappe	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Bouvorm en grootte										
Populêrste	10	43,5	31	51,7	13	54,2	17	73,9	71	54,6
2de Populêrste	8	34,8	12	20,0	6	25,0	4	17,4	30	23,1
3de Populêrste	2	8,7	5	8,3	2	8,3	2	8,7	11	8,5
4de Populêrste	3	13,0	4	6,7	1	4,2	0	0,0	8	6,2
Vrugsbaarheid										
Populêrste	9	39,1	19	31,7	6	25,0	1	4,3	36	28,9
2de Populêrste	5	21,7	6	10,0	4	16,7	5	21,7	20	15,4
3de Populêrste	1	4,3	4	6,7	2	8,3	2	8,7	9	6,9
4de Populêrste	0	0,0	0	0,0	1	4,2	2	8,7	3	2,3
Tipe										
Populêrste	2	8,7	2	3,3	1	4,2	3	13,0	8	6,2
2de Populêrste	0	0,0	4	6,7	1	4,2	4	17,4	9	6,9
3de Populêrste	5	21,7	2	3,3	3	12,5	0	0,0	10	7,7
4de Populêrste	3	13,0	3	5,0	2	8,3	5	21,7	13	10,0
Kleur										
Populêrste	1	4,3	2	3,3	2	8,3	1	4,3	6	4,6
2de Populêrste	1	4,3	8	13,3	4	16,7	3	13,0	16	12,3
3de Populêrste	3	13,0	5	8,3	1	4,2	6	26,1	15	11,5
4de Populêrste	3	13,0	2	3,3	2	8,3	0	0,0	7	5,4
Gehardheid										
Populêrste	1	4,3	4	6,7	1	4,2	0	0,0	6	4,6
2de Populêrste	3	13,0	12	20,0	4	16,7	2	8,7	21	16,2
3de Populêrste	3	13,0	7	11,7	6	25,0	3	13,0	19	14,6
4de Populêrste	4	17,4	1	1,7	2	8,3	0	0,0	7	5,4
Aerosbaarbaarheid										
Populêrste	0	0,0	1	1,7	1	4,2	0	0,0	2	1,5
2de Populêrste	1	4,3	4	6,7	2	8,3	2	8,7	9	6,9
3de Populêrste	4	17,4	9	15,0	1	4,2	0	0,0	14	10,8
4de Populêrste	0	0,0	8	13,3	2	8,3	3	13,0	13	10,0
Ververspreiding										
Populêrste	0	0,0	0	0,0	0	0,0	1	4,3	1	0,8
2de Populêrste	1	4,3	3	5,0	0	0,0	2	8,7	6	4,6
3de Populêrste	0	0,0	7	11,7	2	8,3	3	13,0	12	9,2
4de Populêrste	3	13,0	8	13,3	1	4,2	0	0,0	12	9,2
Bedekking										
Populêrste	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
2de Populêrste	4	17,4	6	10,0	1	4,2	1	4,3	12	9,2
3de Populêrste	4	17,4	5	8,3	3	12,5	5	21,7	17	13,1
4de Populêrste	4	17,4	2	3,3	5	20,8	3	13,0	14	10,8
Weg nê										
Populêrste	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8
2de Populêrste	0	0,0	5	8,3	2	8,3	0	0,0	7	5,4
3de Populêrste	1	4,3	16	26,7	4	16,7	2	8,7	23	17,7
4de Populêrste	3	13,0	32	53,3	8	33,3	10	43,5	53	40,8

Populêrste: Chi-kwadraat = 0,431; Vge = 21 : P > 0,05

2de Populêrste: Chi-kwadraat = 0,574; Vge = 24 : P > 0,05

3de Populêrste: Chi-kwadraat = 0,062; Vge = 24 : P > 0,05


4de Populêrste: Chi-kwadraat = 0,002; Vge = 24 : P < 0,01

Die ander eienskappe is almal relatief onbelangrik. Stegs ten opsigte van die vierde populêrste seleksie-eienskap kom daar hoogs betekenisvolle verskille ($P = 0,002$) tussen die verskillende voorligtingswyke voor. In hierdie geval is daar hoogs betekenisvolle verskille ($P = 0,002$) tussen die Calvinia-voorligtingswyk aan die een kant en die ander drie voorligtingswyke aan die ander kant. In eersgenoemde voorligtingswyk het bedekking en gehardheid die meeste nominasies as vierde populêrste seleksie-eienskap ontvang teenoor weet nie in die drie ander voorligtingswyke. Dit dui daarop dat die respondente in die Calvinia-voorligtingswyk vir meer eienskappe selekteer by hul kudde-dorperooie as die respondente in die drie ander voorligtingswyke.

Ten einde die mate waartoe die onderskeie seleksie-eienskappe by ooie vir die dorperboer belangrik is in perspektief te plaas, is die relatiewe belang (volgens die persepsie van dorperboere) van elke seleksie-eienskap ooreenkomstig 'n 10-puntskaal ondersoek waar 10 baie belangrik en een onbelangrik is. Die bevindinge word in Figuur 6.1 aangebied.

Uit Figuur 6.1 blyk dit dat vrugbaarheid as die seleksie-eienskap met die hoogste relatiewe belangrikheid (gemiddeld = 8,8) by ooie geïdentifiseer is. Hierdie hoë aanslag vir vrugbaarheid is in ooreenstemming met die hoë waarde wat Campbell (1983 : 37) aan vrugbaarheid heg. Volgens hom is vrugbaarheid van kardinale belang aangesien reproduksie in 'n groot mate die winsgewindheid van dorperskaapboerdery bepaal. Bouvorm en grootte is as die seleksie-eienskap met die tweede hoogste relatiewe belangrikheid (gemiddeld = 8,5) geïdentifiseer.

Alhoewel bouvorm en grootte dus deur die meeste respondente as die populêrste seleksie-eienskap by ooie genomineer is (54,6 persent, Tabel 6.3), blyk dit dat vrugbaarheid as die relatief belangrikste eienskap (gemiddeld = 8,8; Figuur 6.1) na vore tree.

**Sleutel:**

A = Bedekking
 B = Vetverspreiding
 C = Aanpasbaarheid
 D = Kleur

E = Gehardheid
 F = Vrugbaarheid
 G = Bouvorm en grootte
 H = Tipe

FIG. 6.1 RELATIEWE BELANGRIKHEID (GEMIDDELD) VAN VERSKILLENDE SELEKSIE-EIENSKAPPE, VOLGENS DIE PERSEPSIE VAN DORPER BOERE, WAARVOOR BY KUDDE-DORPEROOIE GESELEKTEER WORD, 1990 [N=130]

6.3.2 RAMME

Ten opsigte van die kudde-dorperramme is ondersoek ingestel na die drie populêrste eienskappe waarvoor geselekteer word en die bevindinge word in Tabel 6.4 aangetoon.

Dit blyk uit Tabel 6.4 dat bouvorm en grootte ook die enkele populêrste eienskap (70,8 persent van die respondente) is waarvoor by ramme geselekteer

Tabel 6.4 Drie populêrste eienskappe waarvoor dorperboere by kudde-dorperramme selekteer, 1990

Selekteie eienskappe	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
<u>Bouvorm en grootte</u>										
Populêrste	11	47,8	42	70,0	18	75,0	21	91,3	92	70,8
2de Populêrste	10	43,5	11	18,3	5	20,8	1	4,3	27	20,8
3de Populêrste	2	8,7	4	6,7	1	4,2	1	4,3	8	6,2
<u>Vrugsbaarheid</u>										
Populêrste	6	26,1	3	5,0	4	16,7	0	0,0	13	10,0
2de Populêrste	4	17,4	4	6,7	3	12,5	2	8,7	13	10,0
3de Populêrste	2	8,7	6	10,0	3	12,5	5	21,7	16	12,3
<u>Veelstienskaappe</u>										
Populêrste	0	0,0	10	16,7	0	0,0	1	4,3	11	8,5
2de Populêrste	1	4,3	10	16,7	6	25,0	2	8,7	19	14,6
3de Populêrste	2	8,7	8	13,3	4	16,7	4	17,4	18	13,8
<u>Tipe</u>										
Populêrste	5	21,7	1	1,7	2	8,3	0	0,0	8	6,2
2de Populêrste	1	4,3	5	8,3	0	0,0	8	34,8	14	10,8
3de Populêrste	3	13,0	9	15,0	1	4,2	1	4,3	14	10,8
<u>Kleur</u>										
Populêrste	1	4,3	2	3,3	0	0,0	0	0,0	3	2,3
2de Populêrste	2	8,7	6	10,0	6	25,0	7	30,4	21	16,2
3de Populêrste	6	26,1	11	18,3	5	20,8	3	13,0	25	19,2
<u>Ververspreiding</u>										
Populêrste	0	0,0	1	1,7	0	0,0	1	4,3	2	1,5
2de Populêrste	1	4,3	7	11,7	0	0,0	1	4,3	9	6,9
3de Populêrste	2	8,7	6	10,0	1	4,2	3	13,0	12	9,2
<u>Bedekking</u>										
Populêrste	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
2de Populêrste	2	17,4	10	16,7	3	12,5	2	8,7	19	14,6
3de Populêrste	3	13,0	6	10,0	3	12,5	5	21,7	17	13,1
<u>Geboortestatus</u>										
Populêrste	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
2de Populêrste	0	0,0	4	6,7	0	0,0	0	0,0	4	3,1
3de Populêrste	2	8,7	0	0,0	3	12,5	0	0,0	5	3,8
<u>Wes nie</u>										
Populêrste	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
2de Populêrste	0	0,0	3	5,0	1	4,2	0	0,0	4	3,1
3de Populêrste	1	4,3	10	16,7	3	12,5	1	4,3	15	11,5
<u>Anders</u>										
Populêrste	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8

Populêrste: Chi-kwadraat = 0,002; Vge = 18 : P < 0,01
 2de Populêrste: Chi-kwadraat = 0,002; Vge = 24 : P < 0,01
 3de Populêrste: Chi-kwadraat = 0,514; Vge = 24 : P > 0,05

word. Dit het ook as tweede populêrste eienskap die meeste nominasies ontvang (20,8 persent van die respondente).


Net soos in die geval van die ooie het vrugbaarheid die tweede meeste nominasies (10,0 persent) as populêrste eienskap gekry. As tweede populêrste eienskap word dit in terme van nominasies egter deur kleur, bedekking, vleiseienskappe asook bouvorm en grootte oorskry.

Hoogs betekenisvolle verskille ($P = 0,002$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor ten opsigte van die tendens wat betref die twee populêrste eienskappe waarvoor by ramme geselekteer word. In die geval van beide Calvinia- en Carnarvon-voorligtingswyke het vrugbaarheid die tweede meeste nominasies as die populêrste seleksie-eienskap ontvang. Hierteenoor het vleiseienskappe in die Kenhardt- en Prieska-voorligtingswyke die tweede meeste nominasies as populêrste seleksie-eienskap ontvang.

Ten opsigte van die tweede populêrste seleksie-eienskap kom daar ook hoogs betekenisvolle verskille ($P = 0,002$) voor tussen die verskillende voorligtingswyke. In beide die Calvinia- en Kenhardt-voorligtingswyke het bouvorm en grootte die meeste nominasies as tweede populêrste seleksie-eienskap ontvang. Hierteenoor vleiseienskappe en kleur gesamentlik in Carnarvon- en tipe in die Prieska-voorligtingswyk die tweede meeste nominasies ontvang.

By die vasstelling van tipe word die meeste nadruk gelê op bouvorm, grootte en vetverspreiding, terwyl kleur en bedekking van sekondêre belang is (Anoniem, 1988 : 15). Tipe kan dus beskou word as 'n meer omvattende term wat 'n wye reeks eienskappe van meerdere en mindere belang insluit.

Vervolgens is agt eienskappe, waarvoor by kudde-dorperramme geselekteer kan word, aan die respondente voorgehou vir oorweging van die relatiewe belangrikheid van elk. Dit is gedoen met behulp van 'n 10-puntskaal waar 10 baie belangrik en een relatief onbelangrik is. Die bevindinge word in Figuur 6.2 weergegee.

**Sleutel:**

A = Kleur

B = Vetverspreiding

C = Bouvorm en grootte

D = Vrugbaarheid

E = Geboortestatus

F = Tipe

G = Vleiseienskappe

H = Bedekking

FIG. 6.2 DIE RELATIEWE BELANGRIKHEID (GEMIDDELD) VAN VERSKILLENDE SELEKSIE-EIENSKAPPE, VOLGENS DIE PERSEPSIE VAN DORPERBOERE, WAARVOOR BY KUDDE-DORPERRAMME GESELEKTEER WORD, 1990 [N = 130]

Vanuit Figuur 6.2 is dit duidelik dat vrugbaarheid (gemiddeld = 9,1) as 'n relatief baie belangrike seleksie-eienskap by dorperramme na vore tree. In die geval van ramme is die relatiewe belangrikheid van vrugbaarheid hoër

(gemiddeld = 9,1) aangeslaan as by ooie (gemiddeld = 8,8). Die afleiding kan dus gemaak word dat die respondente terdeë bewus is van die belang van vrugbaarheid by die ram. 'n Enkele onvrugbare ram in 'n kudde sal 'n baie groter invloed op die totale vrugbaarheid van die betrokke kudde hê as die enkele onvrugbare ooi.

Beide bouvorm en grootte asook vleiseienskappe word besonder hoog aangeslaan (gemiddeld = 8,8). Vrugbaarheid tesame met bouvorm en grootte asook vleiseienskappe speel 'n baie belangrike rol by die bepaling van 'n dorperboer se inkomste. Dit is daarom nie 'n verrassing dat hierdie drie eienskappe so hoog aangeslaan word nie.

Slegs ten opsigte van die relatiewe belangrikheid van een seleksie-eienskap, naamlik vetverspreiding, kom daar 'n betekenisvolle verskil ($P = 0,039$) voor tussen die verskillende voorligtingswyke. In al vier voorligtingswyke was die meeste nominasies vir die belang van vetverspreiding in dieselfde kategorie naamlik agt op die 10-puntskaal. Ten opsigte van die kategorie wat die tweede meeste nominasies ontvang het, is daar egter betekenisvolle verskille in die geval van vetverspreiding ($P = 0,039$). Hierdie kategorie was onderskeidelik sewe by Calvinia-; ses by Kenhardt-; nege by Carnarvon- en vyf by die Prieska-voorligtingswyk.

Ten opsigte van die ander seleksie-eienskappe is die tendens dus dieselfde in die verskillende voorligtingswyke.

6.4 RAMAANKOPE EN TOEPASLIKE BESONDERHEDE

Dit is vir 'n dorperboer van groot belang om goeie gehalte teelramme in sy kudde te gebruik. Swak gehalte ramme sal teelvordering, wat reeds by ooie verkry is, ongedaan maak (De Klerk *et al.*, 1983 : 66). Volgens Basson *et al.*, (1968 : 186) moet die gehalte van kudderamme sodanig wees dat daar 'n goeie kans is dat die tekortkominge van 'n kudde reggestel sal word. Die bestaande peil van voortreflikheid in 'n kudde moet minstens gehandhaaf, maar verkieslik verbeter word.

Volgens De Klerk *et al.* (1983 : 66) bepaal die genetiese potensiaal die teelwaarde of gehalte van 'n ram. Laasgenoemde waarde, soos geperspieer deur die ramkoper, bepaal die prys wat die ramkoper bereid is om vir 'n ram te betaal. Die

gemiddelde prys wat dorperboere vir ramme betaal, of in die geval van boere wat hul eie kudderamme teel die gemiddelde waarde van selfgeteelde ramme (volgens die persepsie van die respondente), is gebruik as maatstaf vir die bepaling van die teelwaarde of gehalte van ramme en die gegewens word in Tabel 6.5 aangetoon.

Tabel 6.5 Gemiddelde prys van dorperboere se kudderamme, 1990

Pryskategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤R350	2	8,7	14	23,3	4	16,7	7	30,4	27	20,8
R351-500	9	39,1	23	38,3	9	37,5	5	21,7	46	35,4
R501-650	2	8,7	4	6,7	4	16,7	1	4,3	11	8,5
R651-800	8	34,8	10	16,7	6	25,0	6	26,1	30	23,1
>R800	2	8,7	9	15,0	1	4,2	4	17,4	16	12,3
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld Mediaan	R619-57 R600-00		R656-67 R500-00		R590-25 R500-00		R610-87 R500-00		R662-80 R500-00	

Chi-kwadraat = 0,001; Vge = 12 : P < 0,01

Uit die gegewens in Tabel 6.5 blyk dit dat 56,2 persent van dorperskaapboere nie bereid was om meer as R500-00 vir 'n kudderam te betaal nie. Hierdie relatief lae pryse moet gesien word teen die agtergrond van die swak finansiële posisie waarin dorperboere hul bevind het as gevolg van die langdurige droogte.

Hierteenoor het 23,1 persent van die respondente aangedui dat hulle tussen R651-00 en R800-00 per kudderam betaal het (Tabel 6.5). Ramme in hierdie prysklas kan oor die algemeen as goeie gehalte ramme beskou word. 'n Verdere 12,3 persent van die respondente het aangedui dat hul aangekoopte of selfgeteelde kudderamme in die prysklas hoër as R800-00 val. Hierdie ramme kan as werklik goeie ramme beskou word. Ramme uit beide laasgenoemde twee prysklasse (35,4 persent van respondente) behoort nie net te verseker dat die bestaande peil van voortrefflikheid in 'n kudde gehandhaaf word nie, maar behoort dit in werklikheid te verbeter.

Die data dui op 'n interessante tendens, naamlik dat slegs 8,5 persent van die respondente aangetoon het dat hul ramme se waarde in die kategorie R501-00 tot R650-00 is. Die afleiding kan gemaak word dat respondente wat bereid was om meer as R500-00 vir 'n kudderam te betaal, meer geneig is om 'n ramme te koop wat duurder as R650-00 is. Dit wil dus voorkom asof R500-00, ten tye van die opname, 'n kritiese- of drumpelwaarde ten opsigte van ramme vir die respondente was.

'n Statistiese ontleding van die data toon dat daar hoogs betekenisvolle verskille ($P = 0,001$) voorkom wat betref die tendense in die verskillende voorligtingswyke. Die pryskategorie wat die grootste persentasie nominasies ontvang het, was in die geval van die Calvinia-; Kenhardt- en Carnarvon-voorligtingswyke die kategorie R351-00 tot R500-00. Hierteenoor het die pryskategorie \leq R350-00 die meeste nominasies in die Prieska-voorligtingswyk ontvang. Dit is egter opvallend dat die gemiddelde prys vir kudderamme betaal in die Prieska-voorligtingswyk die hoogste was (R910-87, Tabel 6.5). In die geval van die Prieska-voorligtingswyk blyk dit dus dat die relatief groot persentasie (17,4 persent, Tabel 6.5) van die respondente wat bereid was om meer as R800-00 vir 'n kudderam te betaal, daartoe lei dat 'n verwronge beeld van die rampryse verkry word. In hierdie geval gee die mediaan dus 'n meer betroubare beeld van die werklike situasie.

Ten tye van die verwerking van die data is daar ook 'n onderskeid getref tussen die pryse wat kudde- en stoetboere vir ramme betaal of die waarde wat hulle aan self-geteelde ramme heg. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie pryse in die geval van die stoetboere slegs op hulle kudderamme betrekking het. Bevindinge in hierdie verband word in Tabel 6.6 aangetoon.

Tabel 6.6 Pryse deur dorperboere vir kudderamme betaal, 1990

Kategorie	Gemiddelde-prys (R)	Mediaan-prys (R)
Kuddeboere (N = 102) Stoetboere (N = 28)	R 560-30 R1096-40	R500-00 R800-00

Dit het ten tye van die ondersoek duidelik geword het dat die stoetboere sonder uitsondering selfgeteelde ramme by hul kudde-ooie gebruik. Veral twee stoetboere het 'n besonder hoë waarde aan die selfgeteelde kudderamme geheg en hierdie waardes het daartoe gelei dat die gemiddelde prys wat stoetboere aan hul selfgeteelde kudderamme heg, besonder hoog is. Die mediaanwaarde sal dus 'n meer realistiese beeld gee.

Ten opsigte van die mediaanwaardes blyk dit dat stoetboere 'n waarde aan hul selfgeteelde kudderamme koppel wat 20 persent hoër (R600-00) is as die waarde van dorperamme deur kuddeboere (R500-00) gebruik (Tabel 6.6).

Dorperboere se mening wat betref die doeltreffendheid van die gehalte van kudderamme wat gebruik is, is met behulp van 'n 5-puntskaal bepaal en die gegewens word in Tabel 6.7 aangebied.

Tabel 6.7 Die gehalte van kudde dorperamme volgens die persepsie van dorperboere, 1990

Gehalte-kategorieë (5-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
baie swak (1)	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Swak (2)	0	0,0	1	1,7	1	4,2	0	0,0	2	1,5
Redelik (3)	7	30,4	21	35,0	9	37,5	7	30,4	44	33,8
Goed (4)	11	47,8	21	35,0	11	45,8	11	47,8	54	41,5
baie goed (5)	5	21,7	17	28,3	3	12,5	5	21,7	30	23,1
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	3,9		3,9		3,7		3,9		3,9	

Chi-kwadraat = 0,821; Vge = 9 : P > 0,05

'n Totaal van 64,6 persent van die respondente het die gehalte van hul kudderamme as goed en baie goed bestempel. Die relatief hoë gemiddelde aanslag van amper vier dui ook daarop dat die respondente die gehalte van hul kudderamme hoog aanslaan. Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,821$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die aanslag vir die gehalte van die kudderamme nie. Daar bestaan eerder merkwaardige ooreenkomste tussen die verskillende voorligtingswyke wat betref die verspreiding van respondente tussen die verskillende kategorieë.

Alhoewel 56,2 persent van die respondente aangetoon het dat hulle R500-00 en minder vir hulle kudderamme betaal het (Tabel 6.5), was slegs 1,5 persent van hulle (Tabel 6.7) van mening dat die gehalte van sodanige ramme baie swak en swak is. Dit wil dus voorkom asof die respondente van mening is dat die gehalte van kudderamme, onder die prys van R500-00, nog steeds as redelik tot goed bestempel kan word.

6.5 SELEKSIE VIR OUDERDOM

Volgens Cloete en De Villiers (1987 : 8) het ooi-ouderdom 'n definitiewe invloed op reproduksie. Lammers gebore en gespeen per 100 ooie gepaar neem toe met ouderdom om 'n maksimum op vyf tot ses jaar te bereik, waarna dit neig om af te neem. Desnieteenstaande noem De Klerk *et al.* (1983 : 61) dat dit bekend is dat ooie in baie kuddes tot 'n hoë ouderdom aangehou word omdat daar swak of geen rekords van teelciere gehou word nie.

Volgens Terblanche (1987 : 107) is seleksie vir ouderdom by ramme ook baie belangrik aangesien dit 'n invloed op die generasie-interval en gevolglik ook op die seleksievordering het.

Teen hierdie agtergrond is meer volledig ondersoek ingestel na die seleksie vir ouderdom by kudde-dorperooie en -ramme.

6.5.1 OOIE

Die belangrikste metodes waarvolgens dorperboere vir ouderdom by hul kudde-ooie selekteer, is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 6.8 aangetoon.

Tabel 6.8 Metodes wat dorperboere gebruik om kudde-ooie vir ouderdom uit te skot, 1990

Uitskottkategorie	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen seleksie (Baie swak)	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Veusel volgens konstitusie (Swak)	2	8,7	1	1,7	0	0,0	0	0,0	3	2,3
Slytasie van tande (Redelik)	8	34,8	29	48,3	13	54,2	15	65,2	65	50,0
Slytasie van tande + konstitusie (Goed)	13	56,5	28	46,7	11	45,8	7	30,4	59	45,4
Volgens geboorte- datum (Baie goed)	0	0,0	2	3,3	0	0,0	1	4,3	3	2,3
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,271; Vge = 9 : P > 0,05

Die gegewens in Tabel 6.8 toon dat slegs 2,3 persent van die respondente volgens die telingsvoorskrifte vir optimale teeltvordering, naamlik die gebruik van die geboortedatum van die ooie selekteer. 'n Verdere 45,4 persent selekteer volgens die toestand van die tande en die konstitusie van die ooi. Alhoewel redelik doeltreffende seleksie met laasgenoemde metode moontlik is, beskik respondente nie oor die ouderdom van die ooie nie. Dit mag meebring dat die reproduksie van die ooi alreeds begin afneem voordat sy volgens die visuele tekens van hoë ouderdom (slytasie van tande en swak konstitusie) uitgeskot word.

Dit is egter opvallend dat soveel as 50 persent van die respondente hul ooie uitskot deur slegs na die slytasie van die tande te kyk. Dieselfde probleem as

in die voorafgaande gedeelte ervaar, sal in so 'n situasie ervaar word, maar net in 'n groter mate. In 'n droogtesituasie egter mag die ooi se tande alreeds op 'n relatief jong ouderdom in so 'n mate geslyt wees dat sy nie behoorlik kan vreet nie.

Alhoewel daar nie betekenisvolle verskille ($P = 0,271$) verskille tussen die voorligtingswyke voorkom nie, is daar sekere opvallende verskille veral tussen Calvinia en Prieska. In Prieska selekteer 65,2 persent van die respondente op grond van die tande van die ooi teenoor die 34,8 persent van die respondente in Calvinia wat van hierdie metode gebruik maak. Hierteenoor selekteer 56,5 persent van die respondente in die Calvinia-voorligtingswyk op grond van die slytasie van die ooi se tande asook haar konstitusie in vergelyking met 'n waarde van 30,4 persent in die Prieska-voorligtingswyk (Tabel 6.8).

Elke dorperboer het sy eie persepsie wat betref die doeltreffendheid waarmee hy vir ouderdom by sy dorperooie selekteer. Onderzoek is hierna ingestel ooreenkomstig 'n 5-puntskaal, waar vyf besonder goed en een besonder swak is, en die bevindinge word in Tabel 6.9 aangetoon.

Tabel 6.9 Doeltreffendheid van seleksie, volgens die persepsie van dorperboere, vir uitskot van dorperooie volgens ouderdom, 1990

Doeltreffendheidskategorieë (5-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
baie swak (1)	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Swak (2)	0	0,0	2	3,3	1	4,2	0	0,0	3	2,3
Redelik (3)	1	4,3	8	13,3	3	12,5	0	0,0	12	9,2
Goed (4)	7	30,4	20	33,3	9	37,5	8	34,8	44	33,8
baie goed (5)	15	65,2	30	50,0	11	45,8	15	65,2	71	54,6
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	4,6		4,3		4,3		4,7		4,4	

Chi-kwadraat = 0,586; Vge = 9 : $P > 0,05$

Dit blyk volgens die gegewens in Tabel 6.9 dat 88,4 persent van die respondente van mening is dat hulle goed en baie goed selekteer vir ouderdom by ooie. Hierdie waarde styg tot so hoog as 95,6 persent in die geval van die Calvinia-voorligtingswyk. Slegs 2,3 persent van die respondente het hul doeltreffendheid as swak beskou. Volgens die respondente is die gepercipieerde doeltreffendheid van seleksie vir ouderdom by hul dorperooie dus besonder hoog.

Die bevindinge ten opsigte van die doeltreffendheid van seleksie vir ouderdom by dorperooie, volgens wat werklik gedoen word (Tabel 6.8) en die persepsie van die respondente (Tabel 6.9), word in Figuur 6.3 aangetoon.

Die bevindinge in Figuur 6.3 dui daarop dat daar duidelike verskille tussen die opnemers en die respondente bestaan wat betref die doeltreffendheid van seleksie vir ouderdom by kudde dorperooie. Hiervolgens slaan die respondente hul eie doeltreffendheid oor die algemeen heelwat hoër aan as die aanslag van die opnemers op grond van wat werklik gedoen word. Ongeveer 88 persent van die respondente het hul seleksie teen ouderdom by kudde ooie as goed en baie goed aangeslaan, teenoor die ooreenstemmende waarde van ongeveer 48 persent in die geval van die opnemers.

Hierdie bevindinge sal deeglik in berekening gebring moet word indien voorligters enige aksies sou wou loods wat met hierdie praktyk verband hou. Alvorens daar met spesifieke aksies, gerig op die toepassing van beter seleksiemetodes vir ouderdom by ooie, begin kan word, moet daar eers ooreenstemming tussen die voorligters en die teikengehoor wees wat betref die doeltreffendheid van die bestaande seleksiemetodes.

Die doeltreffendheid van seleksie vir ouderdom by kudde dorperooie sal 'n bepalende invloed op die jaarlikse vervangingspersentasie in 'n kudde hê. Volgens Kotzé, Nel, Nel en Schreeman (1977 : 47) het die jaarlikse vervangingspersentasie in 'n kudde 'n bepalende invloed op die aantal ouderdomsgroepe in 'n kudde. 'n Hoër jaarlikse vervangingspersentasie lei tot minder ouderdomsgroepe, met 'n gevolglik laer gemiddelde ouderdom van die teelkudde en 'n vinniger genetiese vordering.




FIG. 6.3 PERSEPSIE VAN RESPONDENTE EN EVALUERINGSAAANSLAG VAN OPNEMERS WAT BETREF DOELTREFFENDHEID VAN SELEKSIE VIR OUDERDOM BY KUDDE-DORPEROOIE, 1990 [N = 130]

Om hierdie rede is ondersoek ingestel na die persentasie kudde-dorperooie wat na afloop van die vorige lamseisoen vir ouderdom en ander foute/probleme uitgeskot is en die gegewens word in Tabel 6.10 aangetoon.

Die gegewens in Tabel 6.10 toon dat 'n redelike groot persentasie (40,0 persent) van die respondente 10 persent en minder ooie na afloop van die vorige lamseisoen uitgeskot het. Daar moet egter in gedagte gehou word dat respondente in die opnamegebied, in die tien jaar wat hierdie ondersoek voorafgegaan het, deur ernstige droogtetoestande gekniehalter is. Kuddegetalle was dus oor die algemeen baie laag en in 'n fase van heropbou na afloop van die droogte. Dit kan deels die lae uitskotpersentasie na afloop van die vorige lamseisoen verklaar. Hierdie bevindinge is dus nie noodwendig 'n akkurate weerspieëling van die werklike situasie in normale jare nie.

Tabel 6.10 Persentasie kudde-ooie uitgeskot deur dorperboere vir ouderdom en ander foute/probleme na afloop van die vorige lamseisoen, 1990

Uitskot-kategorieë (%)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤10	12	52,2	22	36,7	8	33,3	10	43,5	52	40,0
11-20	8	34,8	30	50,0	14	58,3	12	52,2	64	48,2
21-30	3	13,0	6	10,0	2	8,3	1	4,3	12	18,2
>30	0	0,0	2	3,3	0	0,0	0	0,0	2	1,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	14		15,6		15,4		14		15	

Chi-kwadraat = 0,6489; Vge = 9 : P > 0,05

6.5.2 RAMME

Ondersoek is ook ingestel na die seleksie vir ouderdom by kudde-dorperramme en die bevindinge word in Tabel 6.11 aangetoon.

Dit blyk dat seleksie vir ouderdom by kudderamme deur 'n redelik hoë persentasie (38,4 persent) van die respondente as goed en baie goed bestempel kan word (Tabel 6.11). Betekenisvolle verskille ($P = 0,017$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die tendense.

In die voorligtingswyke Kenhardt, Carnarvon en Prieska het die meeste respondente aangetoon dat hulle slegs na die slytasie van die ram se tande kyk. Hierteenoor het die grootste persentasie van die respondente in Calvinia aangetoon dat hulle na die slytasie van die tande en ook die konstitusie en ouderdom van die ram kyk (56,5 persent, Tabel 6.11).

Tabel 6.11 Metodes wat dorperboere gebruik om kudderamme vir ouderdom uit te skot, 1990

Uitskeet-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen seleksie (Baie swak)	0	0,0	0	0,0	1	4,2	0	0,0	1	0,8
Veueel volgens konstitusie (Swak)	0	0,0	8	13,3	1	4,2	1	4,3	10	7,7
Stytsie van tande (Redelik)	10	43,5	29	48,3	14	58,3	16	69,6	69	53,1
Stytsie van tande, konstitusie en ouderdom (Goed)	13	56,5	22	36,7	7	29,2	3	13,0	45	34,8
Volgens talingevoorskrifte (Baie goed)	0	0,0	1	1,7	1	4,2	3	13,0	5	3,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,017; Vge = 12 : P < 0,05

Die respondente se gepersipeerde doeltreffendheid van seleksie vir ouderdom by kudde-dorperramme is ook ondersoek en die gegewens word in Tabel 6.12 aangebied.

Die gegewens in Tabel 6.12 toon dat 76,9 persent van die respondente van mening was dat hulle goed en baie goed vir ouderdom by die ramme selekteer. Slegs 3,9 persent van die respondente het hul doeltreffendheid as swak en baie swak bestempel.

Alhoewel daar nie betekenisvolle verskille ($P = 0,132$) tussen die verskillende voorligtingswyke voorkom nie, word sekere opvallende verskille egter waargeneem. In die Prieska-voorligtingswyk het 95,6 persent van die respondente hul doeltreffendheid in hierdie verband as goed en baie goed aangeslaan in vergelyking met die waarde van 66,6 persent in Kenhardt-voorligtingswyk (Tabel 6.12).

Tabel 6.12 Doeltreffendheid van seleksie, volgens persepsie van dorperboere, vir uitskot van dorperramme volgens ouderdom, 1990

Doeltreffendheids-kategorieë (5-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Bale swak (1)	0	0,0	0	0,0	0	0,0	1	4,3	1	0,8
Swak (2)	0	0,0	3	5,0	1	4,2	0	0,0	4	3,1
Redelik (3)	3	13,0	17	28,3	5	20,8	0	0,0	25	19,2
Goed (4)	8	34,8	20	33,3	7	29,2	9	39,1	44	33,8
Bale goed (5)	12	52,2	20	33,3	11	45,8	13	56,5	56	43,1
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	4,4		4,0		4,2		4,4		4,2	

Chi-kwadraat = 0,132; Vge = 12 : P > 0,05

Die gegewens in Tabelle 6.11 en 6.12 word grafies in Figuur 6.4 voorgestel.

Dit is duidelik dat daar, net soos in die geval van die kudde-ooie, ook groot aanslagverskille voorkom tussen die opnemers en die respondente. In die geval van die opnemers, waar van 'n 5-puntskaal gebruik gemaak is om die doeltreffendheid van seleksie vir ouderdom te bepaal, word 'n meer normale verspreiding tussen die verskillende kategorieë verkry terwyl die bevindinge ten opsigte van die respondente se persepsie skeef na die beter kategorieë neig. Die respondente het hul eie doeltreffendheid in hierdie verband dus beduidend hoër aangeslaan as die aanslag deur die opnemers, gebaseer op wat die respondente werklik in die praktyk doen. Dit kan negatief inwerk op enige voorligtingkundige aksies wat met so 'n praktyk verband hou.

Die relatief swak toepassing van wetenskaplike seleksiemetodes om by beide ooie en ramme vir ouderdom te selekteer, lei tot 'n langer generasie-interval (Terblanche, 1987 : 107), asook tot minder lammers gebore en gespeen/100 ooie gepaar (Cloete & De Villiers, 1987 : 8).




FIG. 6.4 PERSEPSIE VAN RESPONDENTE EN EVALUERINGSAAANSLAG VAN OPNEMERS WAT BETREFF DIE DOELTREFFENDHEID VAN SELEKSIE VIR OUDERDOM BY KUDDE-DORPERRAMME, 1990 [N = 130]

6.6 SELEKSIE VIR VRUGBAARHEID

Omdat die produksie van goeie kwaliteit vleis vir die kudde-dorperboer by verre die belangrikste bron van inkomste is, wys verskeie navorsers (Campbell, 1983 : 37; Meyer, 1985 : 27) daarop dat reproduksie by die dorperskaap van kardinale belang is. Volgens De Klerk (1979 : 116) is 'n doeltreffende seleksieprogram vir vrugbaarheid een van die faktore wat die mees direkte invloed op die reproduksieprestasies van 'n kudde het. Die term vrugbaarheid word in plaas van reproduksie gebruik aangesien dit by die respondente so bekend is.

6.6.1 OOIE

Volgens die bevindinge, soos aangetoon in Figuur 6.1, het die respondente vrugbaarheid (gemiddeld = 8,8) as die seleksie-eienskap met die grootste relatiewe belangrikheid by hul ooie geïdentifiseer.

Verskeie aspekte wat met die vrugbaarheid van kudde-dorperooie verband hou is ondersoek en sal vervolgens meer breedvoerig bespreek word.

6.6.1.1 SELEKSIE TEEN OORSLAANOOIE

Volgens Terblanche (1987 : 212) is dit soms debatteerbaar of die seleksie teen diere wat nie lam nie enige invloed op die vrugbaarheid van 'n kudde sal uitoefen. Volgens hom is dit egter 'n feit dat 'n boer wat oorslaanoëie - bewustelik of onbewustelik - by die ram sit, per 100 ooie gepaar minder lammers sal produseer as sy eweknie wat sy oorslaanoëie kundig uitskot. Die outeur het gevind dat seleksiepraktyke om onvrugbare ooie uit te skakel, 'n veranderlike is wat 'n belangrike invloed op lam- en speenpersentasie het. Cloete en De Villiers (1987 : 8-9) noem dat alhoewel seleksie vir ooie met meerlinge meer doeltreffend behoort te wees in die lewenslange verhoging van reproduksie as seleksie teen oorslaanoëie, moet seleksie nogtans daarop toegespits wees om ooie wat hul lammers verloor of oorstaan, te identifiseer. Hulle het bevind dat vordering van ongeveer 2,5 lammers gebore of gespeen per 100 ooie gepaar per geslag in die Nortier-dorperkudde verwag kan word as alle ooie wat oorstaan of geen lammers gespeen het nie, geprul word. Hierdie vordering is weliswaar nie vinnig nie, maar dit sal mettertyd tog help om kuddereproduksie te verbeter.

Volgens Cloete en De Villiers (1987 : 9) speen ooie, wat op tweetand ouderdom geen lammers gespeen het nie, in later jare gemiddeld 15 lammers per 100 ooie gepaar minder as ooie wat een lam per jaar gespeen het. Hulle beveel daarom aan dat teen ooie wat op tweetand-ouderdom oorstaan of hul lammers verloor, gediskrimineer word ten einde kuddereproduksie te verhoog. As voorvereiste stel hulle egter dat hierdie aanbeveling slegs geldig is as die ooie goed uitgegroeï en in goeie kondisie is en met vrugbare en dekbehendige ramme gedek word.

Gesien teen die agtergrond van hierdie aanbevelings is ondersoek ingestel na die metodes wat dorperboere toepas om onvrugbare ooie te identifiseer en uit te skot en die bevindinge word in Tabel 6.13 aangetoon.

Tabel 6.13 Metodes wat dorperboere toepas om oorslaanooie te identifiseer en uit te skot, 1990

Seleksie-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen seleksie (Baie swak)	1	4,3	0	0,0	0	0,0	0	0,0	1	0,8
Prul oorslaanooie in geringe mate (Swak)	2	8,7	9	15,0	4	16,7	3	13,0	18	13,8
Identifiseer oorslaanooie na lamseisoen (Redelik)	9	39,1	24	40,0	8	33,3	8	34,8	49	37,7
Merk oorslaanooie, skot uit na 2de kans (Goed)	10	43,5	24	40,0	12	50,0	10	43,5	56	43,1
Sakel oorslaanooie volgens reproduksierekords uit (Baie goed)	1	4,3	3	5,0	0	0,0	2	8,7	6	4,6
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,791; Vge = 12 : P > 0,05

Volgens die gegewens in Tabel 6.13 is dit duidelik dat slegs 4,6 persent van dorperboere in staat is om oorslaanooie volgens reproduksierekords uit te skot. Gesien teen die agtergrond van die bevindinge in Tabel 4.10 dat slegs 2,3 persent van die respondente se rekordhouding volgens die aanslag van die opnemers as baie goed bestempel kan word, is dit verstaanbaar dat slegs 4,6 persent (Tabel 6.13) van die respondente oorslaanooie volgens reproduksierekords kan uitskot. 'n Verdere 37,7 persent van die respondente poog om die oorslaanooie na die lamseisoen te identifiseer en uit te skot, terwyl 43,1 persent sodanige ooie deeglik merk en na die tweede lamgeleentheid uitskot indien hulle nie gelam het nie.

Indien hierdie bevindinge met bevindinge van Terblanche (1987 : 211) vergelyk word, is dit opvallend dat die metodes wat dorperboere toepas oor die algemeen heelwat beter is as dié van angorabokboere. Dit is egter heeltemal verstaanbaar aangesien die ekonomie van kudde dorperskaapboerdery in 'n

groot mate bepaal word deur die vermoë van ooie om te reproduseer. 'n Angorabokooi wat nie gelam het nie, genereer in elk geval nog 'n inkomste in terme van die haarverkope. Om hierdie rede is reproduksie by dorperskape belangriker as by angorabokke. Dit verklaar waarom dorperboere oorwegend van beter metodes as angorabokboere gebruik maak om teen oorslaanooie te selekteer.

Die bydrae wat die uitskot van oorslaanooie na die eerste en ook na die tweede lamgeleentheid onderskeidelik maak tot die vrugbaarheid van 'n kudde, volgens die persepsie van dorperboere, is ondersoek en die bevindinge word in Figuur 6.5 aangetoon.




FIG. 6.5 GEPERSIPIERDE BYDRAE WAT DIE UITSKOT VAN OORSLAANOOIE NA ONDERSKEIDELIK DIE EERSTE EN TWEDE LAMGELEENTHEID TOT 'N VERHOOGING VAN DIE VRUGBAARHEID IN 'N DORPERKUDDE MAAK, 1990 [N = 130]

Die bevindinge in Figuur 6.5 dui daarop dat die respondente die bydrae van die uitskot van oorslaanooie na 'n tweede lamgeleentheid tot die vrugbaarheid van 'n kudde oor die algemeen hoër aanslaan as die uitskot van ooie na die eerste lamgeleentheid. Dit beteken egter nie dat laasgenoemde

praktyk minder belangrik is as die uitskot van oorslaanooie na die tweede lamgeleentheid nie. Dit beklemtoon eerder die feit dat oorslaanooie wat nie na die eerste lamgeleentheid uitgeskot is nie, beslis ná 'n tweede lamgeleentheid uitgeskot moet word. Indien dit nie gedoen word nie is so 'n oorslaanooi bloot 'n passasier en nie lonend in die kudde nie.

Hierdie bevindinge is in ooreenstemming met die gegewens in Tabel 6.13, waar bevind is dat die meerderheid van die respondente (43,1 persent) oorslaanooie eers na 'n tweede lamgeleentheid uitskot.

In die vraelys is ook voorsiening gemaak vir die berekening van die persentasie ooe van elke respondent wat oorgeslaan het in die paarseisoen wat hierdie opname voorafgegaan het (Vraag 337, bylaag A). Dit blyk dat 8,1 persent van die ooe wat in die voorafgaande paarseisoen gepaar is om een of ander rede oorgeslaan het. Dit moet beklemtoon word dat hierdie syfers gebaseer is op die respondente se persepsie van die aantal ooe wat nie gelam het nie.

Ondersoek is ook ingestel na die persepsie van respondente wat betref die doeltreffendheid waarvolgens hulle teen oorslaanooie selekteer en die bevindinge word in Tabel 6.14 aangetoon.

'n Totaal van 30,0 persent (Tabel 6.14) van die respondente het aangedui dat hulle baie goed vir vrugbaarheid by ooe selekteer. Hierteenoor het die opnemers seleksie teen oorslaanooie in die geval van slegs 4,6 persent (Tabel 6.13) van die respondente as baie goed bestempel. Dit is verblydend dat daar volgens Tabele 6.13 en 6.14 nie baie groot verskille is tussen die aanslag van die opnemers en die persepsies van die respondente wat betref die kategorieë baie swak en swak nie (14,6 persent in die geval van die opnemers en 9,2 persent in die geval van die respondente).

Tabel 6.14 Doeltreffendheid van seleksie vir vrugbaarheid by dorperooie volgens die persepsie van dorperboere, 1990

Doeltreffendheidskategorieë (5-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie swak (1)	1	4,3	2	3,3	1	4,2	1	4,3	5	3,8
Swak (2)	0	0,0	5	8,3	0	0,0	2	8,7	7	5,4
Redelik (3)	5	21,7	20	33,3	4	16,7	5	21,7	34	26,2
Goed (4)	9	39,1	16	26,7	10	41,7	10	43,5	45	34,6
Baie goed (5)	8	34,8	17	28,3	9	37,5	5	21,7	39	30,0
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	4,0		3,7		4,1		3,7		3,8	

Chi-kwadraat = 0,642; Vge = 12 : P > 0,05

Indien hierdie persepsies vergelyk word met bevindinge van Terblanche (1987 : 345) in 'n studie by angorabokboere, blyk dit dat die persentasie dorperboere wat hulself as baie goed ten opsigte van seleksie vir vrugbaarheid by ooie beskou (30,0 persent, Tabel 6.14), heelwat hoër is as die ooreenstemmende waarde vir angorabokboere (18,1 persent). Wanneer die bevindinge van Terblanche (1987 : 212) ten opsigte van die doeltreffendheid waarmee teen oorlaanooie, soos deur die opnemers geëvalueer, met die bevindinge van hierdie studie vergelyk word, blyk dit dat in die geval van die angorabokboere 31,8 persent van die respondente glad nie teen oorlaanooie selekteer nie. In die geval van hierdie studie is die waarde so laag as 0,8 persent (Tabel 6.13).

'n Moontlike verklaring hiervoor mag wees dat reproduksie by die dorper-skaap van kardinale belang is aangesien die bemarkbare lammers die enigste bron van inkomste van die kuddeboer is. Die angorabok produseer egter ook nog haar wat 'n inkomste genereer. Daarom is seleksie teen oorlaanooie by angorabokboere blykbaar nie van so groot belang as by die dorperboere nie. Dit mag ook wees dat die speenpersentasie by angorabokke heelwat laer is as by die dorpers met die gevolg dat hulle nie so streng kan selekteer nie.

Vanuit die bevindinge van Tabele 6.13 en 6.14 blyk dit ook duidelik dat die respondente die doeltreffendheid waarvolgens hulle teen oorslaanooie selekteer, oorskakel. Alhoewel 30,0 persent van die respondente (Tabel 6.14) hul doeltreffendheid in hierdie verband as baie goed beskou, is praktyktoepassing in die geval van slegs 4,6 persent as baie goed beskou. Hierdie bevindinge hou belangrike implikasies vir voorligters in wanneer programme geloods sou word om die seleksie vir vrugbaarheid by ooie te verbeter. Ooreenstemming sal dus eers tussen die sender en die ontvanger van die boodskap bereik moet word ten opsigte van die huidige vlakke van doeltreffendheid.

6.6.1.2 SELEKSIE VIR MEERLINGE

Volgens Coetzee (1991 : 12) is daar twee metodes om fekunditeit (die vermoë om meerlinge te produseer) te verhoog naamlik seleksie op grond van moederrekords en seleksie op grond van eie prestasie. Die mees algemene metode van seleksie ten opsigte van die rekord van die moeder is die gebruik van die geboortestatus van die potensiële teelooi as seleksiemaatstaf om reproduksie in 'n kudde te verhoog.

Fekunditeit het beide 'n hoë herhaalbaarheid (4 tot 28 persent) en oorerflikheid (4 tot 26 persent) en daarom behoort seleksie vir meerlinge doeltreffend te wees (Bindon & Piper, 1979 : 18). Navorsingsbevindinge van Cloete en De Villiers (1987 : 9) ondersteun bogenoemde outeurs se mening in die sin dat ooie wat as meerlinge gebore is, gemiddeld nege lamms per 100 ooie gepaar meer produseer en sewe lamms per 100 ooie gepaar meer speen as enkelinge. Die waarskynlikheid om vir meerlinge te selekteer deur ooie wat as meerlinge gebore is vir vervanging te hou, is dus gunstig.

Teen hierdie agtergrond is ondersoek ingestel na die mate waartoe dorperboere meerlinge verwelkom. Die bevindinge word in Tabel 6.15 aangetoon.

Uit die gegewens in Tabel 6.15 is dit duidelik dat 33,8 persent van die respondente aangedui het dat hulle nie meerlinge verwelkom nie. In die Kenhardtvoorligtingswyk is soveel as 48,3 persent respondente gekant teen meerlinge.

Tabel 6.15 Die mate waartoe dorperboere meerlinge verwelkom, 1990

Kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Ja	16	69,6	25	41,7	19	79,2	15	65,2	75	57,7
Onseker	2	8,7	6	10,0	2	8,3	1	4,3	11	8,5
Nee	5	21,7	29	48,3	3	12,5	7	30,4	44	33,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,029; Vge = 6 : P < 0,05

Betekenisvolle verskille ($P = 0,029$) kom voor wat betref die tendense in die verskillende voorligtingswyke. In die voorligtingswyke Calvinia, Carnarvon en Prieska het die meerderheid van die respondente aangetoon dat hulle ten gunste van meerlinge is. Hierteenoor het die meerderheid van die respondente in die Kenhardt-voorligtingswyk aangetoon dat hulle teen meerlinge gekant is.

Indien na die gemiddelde reënvalsyfers (Tabel 2.1) gekyk word, is dit duidelik dat Kenhardt se gemiddelde jaarlikse reënval heelwat laer is as dié van die drie ander voorligtingswyke. Die laer reënval en die gevolglike beperking wat dit op beskikbare veldweiding plaas, mag een van die redes wees waarom die respondente in die Kenhardt-voorligtingswyk in so 'n groot mate teen meerlinge gekant is.

Ondersoek is vervolgens ook ingestel na die belangrikste redes waarom dorperboere nie meerlinge verwelkom nie en die bevindinge word in Tabel 6.16 aangetoon.

'n Totaal van 65,4 persent (Tabel 6.16) van die respondente het aangedui dat hulle graag meerlinge wil hê of was onseker gewees. Die belangrikste rede waarom sekere van die dorperboere nie meerlinge verwelkom nie is omdat hulle glo dat 'n dorperooi net een lam ordentlik kan grootmaak (17,7 persent, Tabel 6.16). In die Kenhardt- en Prieska-voorligtingswyke het meer as 20 persent van die respondente dit as die belangrikste rede aangevoer. Geen

Tabel 6.16 Belangrikste rede waarom dorperboere nie meerlinge verwelkom nie, 1990

Redes	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nvt-verwelkom meerlinge	18	78,3	30	50,0	21	87,5	16	69,6	85	65,4
Dorper kan net 1 lam ordentlik grootmaak	2	8,7	15	25,0	1	4,2	5	21,7	23	17,7
Meerlinge het 'n lewendlange agter- staand	1	4,3	5	8,3	1	4,2	1	4,3	8	6,2
Ekstra tyd en aandag aan meerlinge nie moette word	1	4,3	3	5,0	1	4,2	0	0,0	5	3,8
Ander	1	4,3	7	11,7	0	0,0	1	4,3	9	6,9
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,222; Vge = 15 : P > 0,05

betekenisvolle verskille ($P = 0,222$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die redes aangevoer waarom meerlinge nie verwelkom word nie.

Teen hierdie agtergrond is daar gekyk na die metodes wat dorperboere aanwend om ooie met meerlinge, asook die betrokke meerlinglammers, te identifiseer. Tabel 6.17 weerspieël die resultate.

Indien in gedagte gehou word dat 33,8 persent van die respondente aangedui het dat hulle nie meerlinge verwelkom nie (Tabel 6.15) asook die belangrikste redes daarvoor aangevoer (Tabel 6.16), is dit te verstaan dat 57,7 persent (Tabel 6.17) van hulle geen spesifieke aandag aan die identifikasie van meerlingooie en hul lammers skenk nie. Hulle neem slegs kennis van die ooie wat meerlinge lam.

Tabel 6.17 Metodes wat dorperboere aanwend om meerlingooie en hul lammers te identifiseer, 1990

Identifikasiekategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Gee geen spesiale aandag aan meerlingooie en hul lammers nie (Baie swak)	11	47,8	15	25,0	4	16,7	8	34,8	38	29,2
Neem slegs kennis van 'n sekere hoeveelhede ooe met meerlinge (Swak)	1	4,3	19	31,7	10	41,7	7	30,4	37	28,5
Hou meerlingooie en hul lammers apart, merk nie (Redelik)	7	30,4	19	31,7	7	29,2	5	21,7	38	29,2
Merk meerlingooie en hul lammers, nie effektief (Goed)	3	13,0	7	11,7	2	8,3	1	4,3	13	10,0
Identifiseer onder streng toelig en merk effektief (Baie goed)	1	4,3	0	0,0	1	4,2	2	8,7	4	3,1
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,142; Vge = 12 : P > 0,05

Die bydrae, volgens die persepsie van dorperboere, wat die gebruik van ramme wat as meerlinge gebore is tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde maak, is ondersoek asook die seleksie van die vervangingsooie uit die meerlinge. Die bevindinge word in Tabele 6.18 en 6.19 aangetoon.

Meer as 50 persent (Tabel 6.18) van die respondente het aangetoon dat die gebruik van meerlingramme se bydrae om die vrugbaarheid van 'n kudde te verhoog as hoog en baie hoog bestempel kan word.

Tabel 6.18 Bydrae, volgens dorperboere, wat die gebruik van meerlingramme maak tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n dorperkudde, 1990

Bydrae-kategorieë (10-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie laag (1-2)	2	8,7	8	13,4	8	33,3	2	8,6	20	15,4
Laag (3-4)	0	0,0	6	10,0	0	0,0	4	17,4	10	7,7
Matig (5-6)	4	17,4	17	28,4	5	20,0	4	17,4	30	23,1
Hoog (7-8)	9	39,1	20	33,4	9	37,5	8	34,8	46	35,4
Baie hoog (9-10)	8	34,8	9	15,0	2	8,4	5	21,7	24	18,4
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	7,5		6,0		5,3		6,5		6,2	

Chi-kwadraat = 0,023; Vge = 27 : P < 0,05

Betekenisvolle verskille ($P = 0,023$) kom in die tendense tussen die verskillende voorligtingswyke voor. In al vier die voorligtingswyke het die grootste persentasie van die respondente die bydrae van meerlingramme om die vrugbaarheid van 'n kudde te verhoog as hoog aangeslaan. Die relatiewe hoë aanslag van 6,2 op 'n 10-puntskaal bevestig dit. In die geval van Calvinia en Prieska het die tweede grootste persentasie van die respondente dit as baie hoog aangeslaan. Hierteenoor het die tweede grootste persentasie respondente in die Kenhardt- en Carnarvonvoorligtingswyke die bydrae as onderskeidelik matig en baie laag aangeslaan (Tabel 6.18).

Net soos in die geval van die gebruik van meerlingramme, het meer as 50 persent (Tabel 6.19) van die respondente aangetoon dat die bydrae van meerlingvervangingssooie as hoog en baie hoog bestempel kan word. Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,954$) het egter tussen die verskillende voorligtingswyke voorgekom nie.

Tabel 6.19 Bydrae, volgens dorperboere, wat die seleksie van vervangingsooie uit meerlinge maak tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n dorperkudde, 1990

Bydrae-kategorieë (10-puntekaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie laag (1-2)	3	13,0	9	15,0	3	12,5	2	8,6	17	13,1
Laag (3-4)	0	0,0	6	10,0	0	0,0	4	17,4	10	7,7
Matig (5-6)	5	21,7	12	20,0	4	16,7	6	26,1	27	20,0
Hoog (7-8)	8	34,7	20	33,3	7	29,1	7	30,4	42	32,3
Baie hoog (9-10)	7	30,4	9	15,0	7	29,1	4	17,3	27	20,7
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	6,9		5,9		6,5		6,3		6,2	

Chi-kwadraat = 0,954; Vge = 27 : P > 0,05

Dit is dus duidelik dat, alhoewel die respondente die bydrae van die seleksie van vervangingsooie uit die meerlinge se bydrae tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde oor die algemeen redelik hoog aangeslaan het, daar in die praktyk nie veel aandag aan die identifikasie van meerlingooie en hul lammers gegee word nie (Tabel 6.17). Indien die meerlinglammers nie goed geïdentifiseer en gemerk word nie, kan daar nie doeltreffend vir meerlingramme en vervangingsooie (as meerlinge gebore) vanuit daardie betrokke lammers geselekteer word nie.

Dit is opvallend dat slegs 3,1 persent (Tabel 6.17) van die dorperboere meerlingooie en hul lammers onder streng toesig identifiseer en effektief merk vir toekomstige uitkenning terwyl so baie respondente die waarde van meerlinge in 'n seleksieprogram ter bevordering van vrugbaarheid as hoog en baie hoog aangeslaan het.

'n Redelike groot persentasie van die respondente is dus negatief teenoor meerlinge ingestel. Die omstandighede en redes wat hiertoe aanleiding gee, sal deeglik in aanmerking geneem moet word indien voorligtingkundige aksies in hierdie verband geloods sou word.

6.6.1.3 SELEKSIE TEEN SWAK MOEDERSEIENSKAPPE

Volgens Terblanche (1987 : 227-228) is moederseienskappe gesetel in die vermoë en drang van die ooi om haar lam groot te maak. Hierdie eienskappe kan slegs geëvalueer word by ooie wat gelam en 'n lewenskrachtige lam voortgebring het, want die gehalte van moederseienskappe kan nie die situasie verander indien byvoorbeeld 'n doodgebore of te swak lam in die wêreld gebring is nie. Volgens die outeur beskik ooie met uier-, speen- of melkgebreke asook dié wat 'n herhaalde neiging openbaar om lammers weg te gooi oor swak moederseienskappe.

Volgens Cloete (aangehaal deur Coetzee, 1991 : 12) het 'n onlangse ondersoek in Wes-Kaapland getoon dat vrektes tydens geboortes (36,4 persent) en die verhongering-verwaarlosing-blootstelling-kompleks (49,6 persent) met die oorgrote meerderheid lamvrektes (86 persent) in verband gebring kan word. Jongooie wat hul lammers verloor het, het 'n 40 tot 50 persent kans om ten minste twee maal in hul leeftyd hul lammers te verloor. Daarom moet tydens seleksie onder andere ook op lamoorlewing en grootmaakvermoë gelet word. Teen hierdie agtergrond stel Cloete en De Villiers (1987 : 9) dit as 'n vereiste dat ooie wat hul lammers verloor, geïdentifiseer en uitgeskakel moet word.

Dit is dus duidelik dat, indien metodes ontbreek om sodanige ooie te identifiseer, hulle nie uitgeskakel kan word nie. Daarom is ondersoek ingestel na die metodes wat dorperboere gebruik om teen ooie met swak moederseienskappe te selekteer. Die resultate word in Tabel 6.20 aangetoon.

Vanuit die gegewens in Tabel 6.20 blyk dit dat 72,2 persent van die respondente in 'n groot mate daarin slaag om die ooie met uiergebreke en dié wat lammers weggooi te identifiseer, te merk en uit te skot. 'n Redelike groot persentasie (56,9 persent) van die respondente se praktyktoepassing kan as redelik beskou word aangesien hulle die ooie met uiergebreke en dié wat lammers weggooi merk en dan die ooi uitskot. Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,237$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie.

Tabel 6.20 Metodes wat dorperboere gebruik om teen swak moederseien-skappe te selekteer, 1990

Seleksie-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Skot nie oöie vir swak moederseien-skappe uit nie (Baie swak)	3	13,0	4	6,7	5	20,8	1	4,3	13	10,0
Identifiseer in geringe mate oorsaak-oöie en skot uit (Swak)	3	13,0	14	23,3	3	12,5	3	13,0	23	17,7
Merk oöie met uiergebreke en wat lammers weggooi, skot oöie uit (Redelik)	14	60,9	30	50,0	15	62,5	16	69,6	74	56,9
Merk oorsaak-oöie onder streng toezig en skot oöie uit (Goed)	2	8,7	11	18,3	0	0,0	2	8,7	15	11,5
Streng toezig, merk en skot oöie en lam uit (Baie goed)	1	4,3	1	1,7	1	4,2	2	8,7	5	3,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,237; Vge = 12 : P > 0,05

Omdat daar volgens Terblanche (1987 : 229) 'n hoogs betekenisvolle verwantskap tussen die seleksie vir moederseien-skappe en die persentasie oöie wat gelam het, asook met die speenpersentasie is, behoort die relatief goeie seleksie teen sulke oöie in die geval van dorperboere in die speenpersentasie gereflekteer te word. Die bevindinge ten opsigte van die lam- en speenpersentasies word meer breedvoerig in Hoofstuk 10 behandel.

6.6.2 TOETS VAN RAMME VIR VRUGBAARHEID

Campbell (1983 : 16) wys daarop dat die probleem van onvrugbaarheid, gebrek aan libido en testikelprobleme gereeld by verskeie skaap- en bokrasse opduik. Daarom wys Coetzee (1989 : 10) daarop dat dit baie belangrik is om

voor paartyd alle gebruiksramme vir vrugbaarheid te laat toets. Dit is verder noodsaaklik dat hoogs vrugbare (HV) ramme reeds voor paartyd geïdentifiseer word omdat sulke ramme 'n betekenisvolle bydrae tot 'n verhoogde reproduksietempo kan lewer (Coetzee, 1991 : 12).

Teen hierdie agtergrond is ondersoek ingestel na die respondente se siening ten opsigte van die toets van ramme vir vrugbaarheid voor gebruik en die waarde wat hulle daaraan heg. Dit is gedoen ooreekomstig 'n 10-puntskaal en die gegewens word in Tabel 6.21 aangetoon.

Tabel 6.21 Geperspieerde bydrae, volgens dorperboere, wat die toets van ramme vir vrugbaarheid voor paring maak tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde, 1990

Bydrae-kategorieë (10-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie klein (1-2)	3	13,0	9	15,0	0	0,0	3	13,0	15	11,5
Klein (3-4)	0	0,0	4	6,7	3	12,5	0	0,0	7	5,4
Redelik (5-6)	2	8,7	11	18,3	3	12,5	1	4,3	17	13,1
Groot (7-8)	7	30,4	17	28,4	9	37,5	11	47,8	44	33,8
Baie groot (9-10)	11	47,8	19	31,6	9	37,5	8	34,7	47	36,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	7,7		6,7		7,6		7,3		7,2	

Chi-kwadraat = 0,121; Vge = 27 : P > 0,05

Dit blyk dat die toets van ramme vir vrugbaarheid voor gebruik, volgens die siening van die respondente, 'n belangrike bydrae lewer tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde (Tabel 6.21). Altesaam 70,0 persent van die respondente het aangedui dat hierdie praktyk 'n groot of baie groot bydrae lewer. Die hoë gemiddelde aanslag van 7,2 op 'n 10-puntskaal bevestig hierdie afleiding.

Wat egter verontrustend is, is die bevinding dat byna 17 persent van die respondente die waarde van so 'n praktyk se bydrae tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde as baie klein en klein aangeslaan het. Dié waarde styg tot so hoog as 21,7 persent in die Kenhardt-voorligtingswyk.

Onderzoek is ook ingestel na die doeltreffendheid waarvolgens dorperboere ramme vir vrugbaarheid voor paartyd selekteer en die gegewens word in Tabel 6.22 aangetoon.

Tabel 6.22 Doeltreffendheid, volgens die opnemers, waarvolgens dorperboere ramme vir vrugbaarheid voor paartyd selekteer, 1990

Seleksie-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Het niks gedoen nie (Baie swak)	6	26,1	12	20,0	0	0,0	2	8,7	20	15,4
Kyk na resultate van vorige paar- en lam- seisoen (Swak)	1	4,3	9	15,0	3	12,5	3	13,0	16	12,3
Ondersoek geelge- organe van ramme self (Redelik)	2	8,7	30	50,0	11	45,8	10	43,5	53	40,8
Veearts ondersoek geelgeorgane van ramme (Goed)	0	0,0	0	0,0	2	8,3	1	4,3	3	2,3
Kliniese vrugbaar- heidstoets deur veearts (Baie goed)	14	60,9	9	15,0	8	33,3	7	30,4	36	29,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,001; Vge = 12 : P < 0,05

Uit die gegewens in Tabel 6.22 blyk dit dat 53,1 persent van die dorperboere op hul eie kundigheid staatmaak om voor paartyd te bepaal of die ramme wel vrugbaar is. Dit is egter verblydend om te sien dat 31,5 persent van die respondente die hulp van 'n veearts ingeroep het.

Betekenisvolle verskille ($P = 0,001$) kom in die tendense in die verskillende voorligtingswyke voor. In die Kenhardt-, Carnarvon- en Prieskavoorligtingswyke het die meerderheid van die respondente die geslagsorgane van die ramme self voor gebruik ondersoek. Hierteenoor het die meerderheid van die respondente in die Calvinia-voorligtingswyk kliniese vrugbaarheidstoetse deur 'n veearts op hul ramme laat doen.

Die beskikbaarheid van 'n veearts in die Calvinia-voorligtingswyk, asook 'n bewustheid van die belangrikheid van so 'n ondersoek, mag as die belangrikste redes vir hierdie hoë persentasie aangevoer word.

Die gegewens dui daarop dat, alhoewel 70 persent (Tabel 5.21) van die respondente die geperspieerde bydrae wat die toets van ramme vir vrugbaarheid voor gebruik as hoog en baie hoog aangeslaan het, praktyktoepassing in die geval van slegs 31,5 persent as goed en baie goed beskou is (Tabel 6.22).

Die gegewens in Tabel 6.4, waar ondersoek ingestel is na die drie populêrste eienskappe waarvoor dorperboere by kudderamme selekteer, het daarop gedui dat slegs 10 persent van die respondente vrugbaarheid van die ramme as die populêrste eienskap geperspieer het. Alhoewel die relatiewe belangrikheid van seleksie vir vrugbaarheid by ramme baie hoog aangeslaan word (Figuur 6.2), blyk dit dat die doeltreffendheid waarvolgens dorperboere ramme vir vrugbaarheid voor paartyd selekteer, slegs in die geval van 31,5 persent (Tabel 6.22) van die respondente as goed en baie goed beskou kan word. Die hoë waarde wat respondente heg aan die belang van seleksie vir vrugbaarheid by ramme voor paartyd, vind dus nie uiting in die praktiese toepassing van sodanige praktyk nie. Daar is heel waarskynlik sekere hindernisse wat tot die relatief lae toepassingsvlak van hierdie praktyk aanleiding gee. Faktore soos die koste verbonde aan die toets van ramme asook die vervoer van die ramme kan as hindernisse na vore tree.

Indien die mate waartoe dorperboere ramme vir vrugbaarheid voor paartyd deur 'n veearts laat toets met die bevindinge van De Klerk *et al.* (1983 : 111) se wolskaap- en Terblanche (1987 : 235) se angorabokstudie vergelyk word, is dit opvallend dat 31,5 persent van die dorperboere hierdie praktyk toepas, teenoor die 19,7 en 12,8 persent onderskeidelik van wolskaap- en angorabokboere. Opvallend meer dorperboere het dus kliniese vrugbaarheidstoetse op hul ramme deur 'n veearts laat doen as in die geval van die angorabok- en

wolboere. 'n Rede hiervoor mag wees dat vrugbaarheid vir die dorperboer belangriker is as vir die wolkaap- en angorabokboere aangesien die produksie van bemarkbare lammers die dorperboer se hoofinkomste is. By laasgenoemde rasse is daar ook ander bronne van inkomste byvoorbeeld wol en bokhaar.

Nogtans blyk dit dat 27,7 persent (Tabel 6.22) van die respondente niks ge- doen het nie of slegs na die vorige jaar se resultate gekyk het. Wanneer kudde- of massaparing toegepas word, sal die enkele onvrugbare ram heel waarskynlik nie die lam- en speenpersentasie in so 'n groot mate beïnvloed nie mits daar voldoende ramme tussen die ooie is.

Ondersoek is ook ingestel na dorperboere se gepersipeerde doeltreffendheid van seleksie vir vrugbaarheid by dorperramme en die resultate word in Tabel 6.23 aangetoon.

**Tabel 6.23 Doeltreffendheid, volgens dorperboere, van seleksie vir vrug-
baarheid by kudderramme, 1990**

Doeltreffendheids- kategorieë (5-punt skaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Bale swak (1)	1	4,3	3	5,0	1	4,2	0	0,0	5	3,8
Swak (2)	1	4,3	11	18,3	0	0,0	2	8,7	14	10,8
Redelik (3)	2	8,7	11	18,3	6	25,0	3	13,0	22	16,9
Goed (4)	5	21,7	24	40,0	7	29,2	13	56,5	49	37,7
Bale goed (5)	14	60,9	11	18,3	10	41,7	5	21,7	40	30,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	4,3		3,5		4,0		3,9		3,8	

Chi-kwadraat = 0,012; Vge = 12 : P < 0,05

Die bevindinge in Tabel 6.23 dui daarop dat 68,5 persent van die respondente van mening is dat hul doeltreffendheid van seleksie vir vrugbaarheid by

ramme goed en baie goed is. Betekenisvolle verskille ($P = 0,012$) kom in die tendense tussen die verskillende voorligtingswyke voor.

In beide die Calvinia- en Carnarvonvoorligtingswyke het die meerderheid van die respondente hul doeltreffendheid in hierdie verband as baie goed beskou. Hierteenoor het die meerderheid van die respondente in die Kenhardt- en Prieskavorligtings-wyke hul doeltreffendheid as goed beskou.

Sekere merkwaardige ooreenkomste word tussen Tabelle 6.22 en 6.23 waargeneem. In die Calvinia-voorligtingswyk het 60,9 persent van die respondente (Tabel 6.23) hul doeltreffendheid van seleksie vir vrugbaarheid by ramme as baie goed beskou. Dit is presies net soveel as die 60,9 persent van die respondente wat aangetoon het dat hulle kliniese vrugbaarheidstoetse deur 'n veearts op hul ramme laat doen (Tabel 6.22).

Ten einde die bevindinge van Tabelle 6.22 en 6.23 met mekaar in verband te bring, word dit grafies in Figuur 6.6 voorgestel.




FIG. 6.6 PERSEPSIE VAN RESPONDENTE EN EVALUERINGSAAANSLAG VAN OPNEMERS WAT BETREF DOELTREFFENDHEID VAN SELEKSIE VIR VRUGBAARHEID BY RAMME, 1990 [N= 130]

Die bevindings in Figuur 6.6 toon dat die respondente die doeltreffendheid waarvolgens hulle vir vrugbaarheid by kudde-dorperramme voor gebruik selekteer, oorskat. Dit mag daartoe lei dat hulle minder ontvanklik is vir 'n voorligtingkundige boodskap gerig op die verbetering van die doeltreffendheid van seleksie vir vrugbaarheid by ramme.

Dit is so dat alle respondente in die opnamegebied nie ewe geredelik toegang tot 'n veearts het nie. Sulke respondente is dus meer daarop aangewese om die geslagsorgane van teelramme voor paring self of deur iemand anders as 'n veearts te laat ondersoek. Die persepsie van sodanige respondente mag dus wees dat die praktyk wat hulle toepas as redelik (onder daardie betrokke omstandighede) beskou kan word.

6.7 SAMEVATTING

Verskeie belangrike bevindings tree uit die ondersoek na die seleksiepraktyke en persepsies ten opsigte van die doeltreffendheid daarvan in dorperskaapboerdery na vore.

Die boer is grootliks self verantwoordelik vir die seleksie van sy kuddedorpers. Alhoewel byna 50 persent van die respondente verbeterde teel- en seleksiemetodes as die belangrikste metode waardeer hulle die doeltreffendheid van hul onderskeie boerderye wil verhoog geïdentifiseer het, tree teel- en seleksieprobleme as die vierde belangrikste probleem na vore. Dorperboere sal dus heel waarskynlik ontvanklik wees vir 'n aksie gerig op die verbetering van hul teel- en seleksievermoëns.

Vrugbaarheid en ook bouvorm en grootte tree as die relatief belangrikste seleksie-eienskappe by dorperskape na vore. Desnieteenstaande is die doeltreffendheid van seleksie vir vrugbaarheid nie altyd in ooreenstemming met die hoë belang daarvan in die seleksieproses nie.

Die relatiewe belangrikheid van die verskillende seleksie-eienskappe waarvoor dorperboere by hul kudderramme selekteer, behoort ook vir die stoettelers van belang te wees. Dit gee 'n aanduiding van die waarde wat die dorperboere aan die verskillende seleksie-eienskappe koppel. Dit is egter belangrik dat hierdie bevindings in die regte perspektief gesien word. So byvoorbeeld is die belang van kleur,

relatief tot die ander seleksie-eienskappe, redelik laag aangeslaan. Tydens die ondersoek het dit egter duidelik geword dat ramkopers, reeds voordat die seleksieproses 'n aanvang neem, alle ramme waarvan die kleur nie aan die koper se kriteria voldoen nie, uitskakel. Eers hierna begin die seleksieproses. Kleur speel dus 'n belangriker rol in die seleksieproses as wat uit die bevindinge na vore kom.

Ten opsigte van die seleksie vir ouderdom blyk dit dat daar perseptuele verskille tussen die respondente en die opnemers bestaan wat betref die doeltreffendheid daarvan by beide die ooie en ramme. Die oorskatting van respondente se doeltreffendheid kan as 'n belangrike struikelblok in die aanvaarding van verbeterde seleksiemetodes vir ouderdom by beide die ooie en die ramme na vore tree.

Dit blyk ook dat die dorperboere binne die opnamegebied glad nie so positief teenoor meerlinge ingestel is as wat verwag is nie. Die persepsie dat 'n dorperooi net een lam ordentlik kan groot maak, tree as die belangrikste rede hiervoor na vore (Tabel 6.16). Slegs 57,7 persent van die respondente (Tabel 6.15) van die respondente het aangedui dat hulle meerlinge verwelkom. Hierdie bevindinge is geensins 'n refleksie op die vermoë van die dorperskaap as ras om meerlinge groot te maak nie, maar moet eerder gesien word teen die agtergrond van die moeilike toestande waaronder met die ras geboer word.

Gesien teen die agtergrond van die gesindheid van die respondente teenoor meerlinge soos hierbo bespreek, is dit dus nie 'n verrassing dat slegs 3,1 persent van die respondente (Tabel 6.17) meerlinge effektief merk nie.

HOOFSTUK 7

TEELPRAKTYKE EN PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN DIE DOELTREFFENDHEID DAARVAN

7.1 INLEIDING

Die praktyke wat met die teling van dorperskape verband hou, kan ook volgens Düvel (1987 : 4) se skema van gedragbepalende veranderlikes as deel van die afhanklike veranderlikes beskou word. Persepsies daarenteen resorteer volgens hierdie skema onder die bemiddelende veranderlikes. Hierdie veranderlikes is egter verwant aan mekaar. Gevolglik sal die praktyke wat met die teling van dorperskape verband hou asook die persepsies wat betref die doeltreffendheid van die betrokke praktyke vir die doel van hierdie studie as 'n eenheid hanteer word.

7.2 PERSENTASIE RAMME IN OOKUDDES GEBRUIK TYDENS PARING

Die persentasie ramme in ooiukuddes tydens paring bepaal in 'n groot mate die waarskynlikheid dat 'n vrugbare ram 'n bronstige ooi sal opspoor en suksesvol dek. Volgens Spædding (1970 : 265) word aanbeveel dat een ram vir elke 25 tot 50 ooie gebruik word met 40 ooie per ram 'n algemene aanbeveling. Die hoeveelheid ramme wissel en word bepaal deur onder andere ouderdom, ras en verspreiding oor die gebied. Volgens Coetzee (1989 : 6) word normaalweg twee tot drie ramme per 100 ooie gebruik in 'n stelsel van kuddeparing. Die beste reëling blyk te wees dat die aantal ooie wat aan 'n ram toegeken word nie op 'n vaste basis geskied nie, maar aangepas word volgens die ram se dekkapasiteit soos saam gevat deur die eienskappe wat dekbehendigheid, libido en geslagsaktiwiteit bepaal (Uys, 1993 : 1).

Ondersoek is daarom ingestel na die persentasie ramme wat dorperboere tydens paartyd per 100 ooie gebruik en die bevindinge word in Tabel 7.1 aangetoon.

Volgens die bevindinge van Tabel 7.1 gebruik die respondente gemiddeld 3,3 ramme per 100 ooie tydens paartyd. Alhoewel 34 persent meer as drie persent ramme gebruik, het 16,2 persent aangedui dat hulle twee of minder ramme per 100

Tabel 7.1 Persentasie ramme deur dorperboere in oikuddes tydens paring gebruik, 1990

Persentasie ramme	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤2	2	8,7	12	20,0	5	20,8	2	8,7	21	16,2
3	13	56,5	30	50,0	13	54,2	9	39,1	66	60,0
4	5	21,7	12	20,0	5	20,8	11	47,8	33	25,4
≥5	3	13,0	6	10,1	1	4,2	1	4,3	11	8,6
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	3,5		3,3		3,1		3,5		3,3	

* P = 0,3557 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

oie gebruik. In die Prieska-voortligtingswyk het 47,8 persent van die respondente (Tabel 7.1) aangedui dat hulle vier ramme per 100 oie tydens paartyd gebruik.

Dit blyk dus dat die aantal ramme per 100 oie wat deur dorperboere gebruik word, nie net in ooreenstemming is met wat algemeen aanbeveel word nie, maar dat dit in baie gevalle die aanbevole waardes oorskry. Verskeie redes mag hiertoe aanleiding gee. Voorbeelde is die relatief groot kampe in die ekstensiewe gebiede waarin paring plaasvind asook die feit dat in sekere gevalle paring plaasvind wanneer die oie se geslagsaktiwiteit laer is. Die bevindinge dat slegs 29,2 persent van die respondente (Tabel 6.22) kliniese vrugbaarheidstoetse deur 'n veearts voor paartyd op die ramme laat doen, impliseer dat die ander 70,8 persent van die respondente nie werklik weet of hulle gebruikramme vrugbaar is nie. Dit mag daartoe aanleiding gee dat die respondente eerder meer ramme per 100 oie tydens paring gebruik as wat aanbeveel word.

Ondersoek is ook ingestel na dorperboere se persepsies wat betref die doeltreffendheid van die persentasie ramme in oikuddes tydens paring ooreenkomstig 'n 5-puntskaal. Die bevindinge word in Tabel 7.2 aangetoon.

Tabel 7.2 Goperspieerde doeltreffendheid, volgens dorperboere, vir die persentasie ramme in ooiukuddes tydens paring, 1990

Doeltreffendheids-kategorieë (5-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
baie swak (1)	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Swak (2)	0	0,0	1	1,7	2	8,3	0	0,0	3	2,3
Redelik (3)	2	8,7	6	10,0	8	33,3	3	13,0	19	14,6
Goed (4)	13	56,5	33	55,0	8	33,3	14	60,9	68	52,3
baie goed (5)	8	34,8	20	33,3	6	25,0	6	26,1	40	30,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	4,3		4,2		3,8		4,1		4,1	

Chi-kwadraat = 0,092; Vge = 9 : P > 0,05

Die bevindinge in Tabel 7.2 dui daarop dat die respondente in 'n groot mate tevrede is met die persentasie ramme in die ooiukuddes tydens paring. Soveel as 83,1 persent (Tabel 7.2) is van mening dat hulle doeltreffendheid as goed en baie goed bestempel kan word. Die relatief hoë gemiddelde aanslag van 4,1 ondersteun hierdie siening. Sleks 2,3 persent van die respondente het, volgens hulle siening, swak presteer.

In die Carnarvon-voorligtingswyk het 33,3 persent van die respondente 'n gemiddelde aanslag aan hul doeltreffendheid gekoppel. Dit lei daartoe dat die gemiddelde aanslag in hierdie voorligtingswyk dan ook die laagste van die vier wyke is. Dit korreleer met die bevindinge van Tabel 7.1 dat die Carnarvon-voorligtingswyk, met 'n gemiddeld van 3,1 ramme per 100 ooië tydens paartyd, die voorligtingswyk is met die laagste persentasie ramme in die ooiukuddes tydens paring.

7.3 PARING VAN JONGOOIE

Die paring van jongooie is 'n belangrike aktiwiteit vir 'n dorperboer aangesien elke ooi wat in 'n kudde opgeneem word so spoedig moontlik moet begin reproduseer ten einde 'n inkomste te genereer. Dit is dus 'n logiese uitvloeisel dat die ouderdom waarop sodanige jongooi die eerste maal gepaar word, asook die maatreëls wat getref word om te verseker dat sy suksesvol gedek word, vir 'n dorperboer van groot belang is.

Volgens Cloete (1990 : 11) sal ooie wat op tweetand-ouderdom geen lammers gespeen het nie (nie gelam het nie of al haar lammers verloor het), in later jare 15 persent minder lammers per paring speen as haar tydgenote wat minstens een lam gespeen het. Verskillende aspekte rondom die paring van jongooie is daarom in hierdie studie ondersoek.

7.3.1 OUDERDOM WAAROP JONGOOIE GEPAAR WORD

Die ouderdom waarop 'n jongooi gepaar word, gaan grootliks afhang van die voeding wat sy tot op daardie stadium ontvang het, asook die tyd van die jaar (seisoen) wat sy gepaar word. So byvoorbeeld kan dit wees dat, indien ooie net een maal per jaar gepaar word, jongooie teoreties op óf sewe maande óf 19 maande ouderdom vir die eerste maal gepaar word.

Navorsers huldig verskillende menings oor die invloed van die ouderdom van jongooie met eerste paring op vrugbaarheid in 'n kudde. Wat egter wel duidelik is, is dat ooie so jonk as moontlik gepaar moet word aangesien dit 'n belangrike bydrae maak tot die genetiese vordering in 'n kudde. Volgens Terblanche (1987 : 248) is dit vanuit die oogpunt van genetiese vordering belangrik dat tweetand-ooie lam aangesien dit verseker dat die jongste ooi-groep in die teelkudde 'n jaar jonger is as wat andersins die geval sou wees.

Die gegewens wat spruit uit die ondersoek ten opsigte van die ouderdom waarop jongooie vir die eerste maal gepaar word, word in Tabel 7.3 aangetoon.

Dit is uit Tabel 7.3 duidelik dat 67,7 persent van die respondente hul jongooie vir die eerste maal voor 12 maande ouderdom paar. Dit staaf dus die stelling dat dit belangrik is dat 'n jongooi so gou moontlik moet reproduseer om

Tabel 7.3 Die ouderdom waarop dorperboere hul jongooie vir die eerste maal paar, 1990

Ouderdoms-kategorieë (Maande)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Paar nie jongooie	0	0,0	0	0,0	1	4,2	0	0,0	1	0,8
≤7	2	8,7	2	3,3	2	8,3	1	4,3	7	5,4
8-9	7	30,4	18	30,0	6	25,0	5	21,7	36	27,7
10-11	6	26,1	24	40,0	5	20,8	10	43,5	45	34,6
12-13	7	30,4	14	23,3	6	25,0	6	26,1	33	25,4
>13	1	4,3	2	3,3	4	16,7	1	4,3	8	6,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	10,1		10,2		10,1		10,3		10,3	

*P = 0,9762 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

sodoende 'n inkomste te genereer. Dit is verder ook opvallend dat soveel as 16,7 persent van die respondente in die Carnarvon-voorigtingswyk aangedui het dat jongooie vir die eerste maal gepaar word wanneer hulle ouer as 13 maande is.

Die gemiddelde ouderdom waarop jong ootjies gepaar word is 10,3 maande (Tabel 7.3). Die verskille in gemiddelde ouderdom tussen die verskillende voorligtingswyke is nie betekenisvol nie (P = 0,9762).

7.3.2 PARINGSMASSA VAN JONGOOIE

Die liggaamsmassa van jongooie is die belangrikste faktor wat sal bepaal of hulle bronstig sal raak en nie ouderdom nie. Die minimum massa (kritiese liggaamsmassa) wat jongooie moet bereik om op 12 of 18 maande ouderdom gepaar te word, word op onderskeidelik 60 en 80 persent van die volwasse ooi se massa gestel (MLC, 1988 : 25). Die kennis van dorperboere ten opsigte van die minimum massa (as persentasie van die volwasse

liggaamsmassa) wat jongooie moet bereik voordat hulle suksesvol gepaar kan word, is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 7.4 aangetoon.

Tabel 7.4 Kennis van dorperboere ten opsigte van die minimum massa (uitgedruk as persentasie van volwasse liggaamsmassa) waarop jongooie suksesvol gepaar kan word, 1990

Massa-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
< 60%	4	17,4	7	11,7	3	12,5	2	8,7	16	12,3
60-65%	6	26,1	15	25,0	5	20,8	3	13,0	29	22,3
> 65%	13	56,5	38	63,3	16	66,7	18	78,3	65	65,4
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,821; Vge = 6 : P > 0,05

Volgens die bevindinge is dit duidelik dat die respondente se kennis in hierdie verband redelik goed is (Tabel 7.4). Indien die tweetand-ooie egter eers op gemiddeld 10,3 maande ouderdom (Tabel 7.3) gepaar word, behoort die jong ooie onder normale toestande reeds 'n massa van minstens 60 persent van die volwasse liggaamsmassa bereik het. Kennis van die minimum paringsmassa is dus in hierdie geval nie so krities nie aangesien dit blyk dat die jongooie reeds die kritiese liggaamsmassa sal bereik het indien hulle eers op 10,3 maande ouderdom gepaar sou word.

7.3.3 METODEDES OM TE VERSEKER DAT JONGOOIE BESET RAAK

Navorsing dui daarop dat 'n ooi wat op tweetandouderdom nog nie 'n lam gespeen het nie, in later jare 15 persent minder lammers per paring speen as hul tydgenote (Cloete, 1990 : 11). Daar moet dus spesiale sorg aan die dag gelê word om te verseker dat jongooie beset raak.

Volgens die bevindinge in Tabel 7.3 paar 'n groot persentasie (67,7 persent) van die respondente hul jongooie reeds voor 12 maande ouderdom. Die

afleiding kan gemaak word dat dit vir hierdie boere belangrik is dat jongooie so gou moontlik moet begin reproduseer ten einde 'n inkomste te genereer. Waar dit blyk dat die dorperboere so 'n hoë waarde heg aan die feit dat jongooie voor 12 maande ouderdom die eerste keer gepaar moet word, ontstaan die vraag in watter mate daar verseker word dat die jongooie wel suksesvol gedek word?

Onderzoek is ingestel na die doeltreffendheid waarvolgens jongooie gepaar word en die gegewens word in Tabel 7.5 aangetoon.

Tabel 7.5 Doeltreffendheid waarvolgens dorperboere hul jongooie paar om te verseker dat hulle beset raak, 1991

Doeltreffendheids-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Paar nie jongooie	0	0,0	0	0,0	1	4,2	0	0,0	1	0,8
Doen niks (Baie swak)	12	52,2	19	31,7	8	33,3	3	13,0	42	32,3
Paar ooiïes apart (Swak)	2	8,7	14	23,3	2	8,3	2	8,7	20	15,4
Paar siege grootste ooiïes (Redelik)	2	8,7	18	30,0	9	37,5	11	47,8	40	30,8
Massa van ooiïes reg en prikkelvoeding (Goed)	7	30,4	6	10,0	4	16,7	6	26,1	23	17,7
Massa van ooiïes reg, prikkelvoeding en ouer ramme (Baie goed)	0	0,0	3	5,0	0	0,0	1	4,3	4	3,1
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,017; Vge = 15 : P < 0,05

Die bevindinge dui daarop dat 67 persent (Tabel 7.5) van die respondente iets daadwerkliks doen om te sorg dat hul jong dorperooiïes doeltreffend gepaar word. In die Prieska-voorigtingswyk is hierdie waarde so hoog as 86,9 persent van die respondente. Die pogings wat aangewend word om

doeltreffende paring van jongooie te verseker, sluit onder andere die volgende in:

- paar jongooitjies apart,
- paar slegs die grootste ootjies,
- sorg dat die massa van die jongooitjies reg is en gee ook prikkelvoeding en
- 'n kombinasie van laasgenoemde en paring met ouer ramme.

Nieteenstaande die belang daarvan dat jongooie so gou as moontlik moet begin reproduseer, het 32,3 persent van die respondente aangedui dat hulle niks doen om te verseker dat hul jongooie beset raak nie (Tabel 7.5). Dit is veral in die Calvinia-voorligtingswyk 'n probleem, want meer as die helfte (52,2 persent) van die respondente het aangedui dat hulle niks doen om te verseker dat hul jongooie beset raak nie.

Die bevindinge dui op betekenisvolle verskille ($P = 0,017$) wat betref die tendense in die verskillende voorligtingswyke. In beide die Calvinia- sowel as die Kenhardt-voorligtingswyke het die grootste persentasie van die respondente in die kategorie doen niks geval. Hierteenoor het die grootste persentasie van die respondente in die Carnarvon- en Prieska-voorligtingswyke in die kategorie paar slegs grootste ootjies geval. Dit blyk dus dat meer van die respondente in die Carnarvon- en Prieska-voorligtingswyke van beter praktyke gebruik maak ten einde te verseker dat hul jongooie tydens paartyd beset raak. Ondersoek is egter nie ingestel na 'n moontlike hoër lampersentasie by die jongooie as gevolg van die toepassing van verbeterde paringsmetodes nie.

Alhoewel 67,7 persent van die respondente aangedui het dat hulle hul jongooitjies voor 12 maande ouderdom paar (Tabel 7.3), blyk dit uit Tabel 7.5 dat slegs 17,7 persent van hulle werklik sorg dat die minimum paringsmassa 60 tot 80 persent van die volwasse liggaamsmassa is en dat die jongooie vir 2 tot 3 weke voor paartyd byvoeding ontvang. 'n Verdere 3,1 persent van die

respondente gebruik ook, addisioneel tot bogenoemde maatreëls, ouer (ervare) ramme vir die paring van jongooie.

Ondersoek is ook ingestel na die doeltreffendheid, volgens die persepsie van dorperboere, van die paring van jongooie en die bevindinge word in Tabel 7.6 weergegee.

Tabel 7.6 Doeltreffendheid van paring van jongooie volgens dorperboere, 1990

Doeltreffendheids- kategorieë (5-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie swak (1)	1	4,3	0	0,0	1	4,2	1	4,3	3	2,3
Swak (2)	2	8,7	4	6,7	2	8,3	0	0,0	8	6,2
Redelik (3)	6	26,1	24	40,0	6	25,0	7	30,4	43	33,1
Goed (4)	10	43,5	28	46,7	14	58,3	12	52,2	64	49,2
Baie goed (5)	4	17,4	4	6,7	1	4,2	3	13,0	12	9,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	3,6		3,5		3,5		3,7		3,6	

Chi-kwadraat = 0,619; Vge = 12 : P > 0,05

Volgens die gegewens in Tabel 7.6 het 58,4 persent van die respondente hulle doeltreffendheid as goed en baie goed beskou. Slegs 8,5 persent het dit as swak en baie swak beskou. Die gemiddelde aanslag van 3,6 vir die doeltreffendheid van paring van jongooie met die eerste dekking is relatief hoog. Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,619$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie. Die implikasie hiervan is dat die tendense in die verskillende voorligtingswyke min of meer dieselfde is.

Indien die bevindinge in Tabel 7.6 met dié van Tabel 7.5 vergelyk word, blyk dit dat die respondente hul doeltreffendheid wat betref jongooiparing oor die algemeen hoër aanslaan as wat die opnemers volgens 'n 5-punt-doeltreffendheidskaal bevind het. Alhoewel 58,4 persent van die respondente

hul doeltreffendheid as goed en baie goed beskou het (Tabel 7.6), kan die praktyktoepassing in die geval van slegs 20,8 persent (Tabel 7.5) as goed en baie goed beskou word. Dit is egter verontrustend dat, alhoewel 32,3 persent (Tabel 7.5) van die respondente niks doen om te verseker dat hulle jongooitjies suksesvol gedek word nie, slegs 2,3 persent (Tabel 7.6) hul doeltreffendheid as baie swak beskou.

Hierdie bevindinge sal deeglik deur voorligters in gedagte gehou moet word wanneer programme geloods word om die doeltreffendheid van jongooiparing te verbeter. 'n Persoon wat sy doeltreffendheid ten opsigte van 'n sekere praktyk oorskat, sal minder ontvanklik wees vir 'n voorligtingsboodskap wat daarop gerig is om die doeltreffendheid van die bepaalde praktyk te verbeter of te verhoog. In so 'n geval sal daar vooraf eers ooreenstemming tussen die gehoor (in hierdie geval dorperboere) en die voorligters moet wees oor die huidige vlakke van prestasie, alvorens daar met 'n program begin kan word om dit te verbeter.

7.4 KOGGELRAMME

Volgens De Klerk *et al.* (1983 : 116) is die gebruik van koggelramme voor die aanvang van die paarseisoen om geslagsaktiwiteit by ooie te stimuleer 'n bekende praktyk onder skaapboere. As 'n reël word koggelramme vir hierdie doel gebruik.

Nie net is koggelramme uiters geskik om ooie te stimuleer om op hitte te kom nie, maar 'n korter lamperiode word verkry. Volgens Coetzee (1989 : 6) lam ongeveer 80 persent van die ooie gedurende die eerste 14 dae en ongeveer 90 tot 100 persent gedurende die eerste 21 dae. Indien die lamtydperk verkort kan word, verkort dit ook die tydsduur waartydens intensiewe toesig lamverliese sal beperk. Die mate waartoe dorperboere koggelramme gebruik, is om hierdie rede ondersoek en die bevindinge word in Tabel 7.7 aangetoon.

Tabel 7.7 Die mate waartoe dorperboere koggelramme voor paartyd by ooië gebruik, 1990

Tydeduur-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nvt (geen koggelramme)	21	91,3	57	95,0	22	91,7	22	95,7	122	93,8
> of < 10-21 dae	1	4,3	2	3,3	0	0,0	1	4,3	4	3,1
10-21 dae	1	4,3	1	1,7	2	8,3	0	0,0	4	3,1
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,622; Vge = 6 : P > 0,05

Dit blyk uit Tabel 7.7 dat baie min respondente (6,2 persent) enigszins van koggelramme gebruik maak ten einde die geslagsaktiwiteit by ooië te stimuleer. Die oorgrote meerderheid (93,8 persent, Tabel 7.7) maak glad nie van koggelramme gebruik nie. Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,622$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die gebruik van koggelramme nie.

Die geperspieerde bydrae, volgens dorperboere, wat die gebruik van koggelramme maak tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde, is ooreenkomstig 'n 10-puntskaal ondersoek waar 10 baie belangrik en een onbelangrik is. Die bevindinge word in Tabel 7.8 aangetoon.

Die bevindinge toon dat die oorgrote meerderheid van die respondente (71,6 persent, Tabel 7.8) die bydrae van hierdie praktyk tot 'n verhoging van die vrugbaarheid van 'n kudde as baie laag en laag aanslaan.

Alhoewel 26,1 persent van die respondente in die Prieska-voorligtingswyk (Tabel 7.8) die bydrae as hoog aanslaan, vind dit nie uiting in die toepassing van die betrokke praktyk nie (Tabel 7.7).

Tabel 7.8 Gepersipieerde bydrae, volgens dorperboere, wat die gebruik van koggelramme maak tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde, 1990

Bydrae kategorieë (10-puntkaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Bele laag (1-2)	13	56,4	31	51,7	13	54,2	11	47,8	68	52,3
Laag (3-4)	7	30,4	11	18,3	5	20,8	2	8,7	25	19,3
Matig (5-6)	2	8,6	7	11,7	3	12,5	2	8,6	14	10,7
Hoog (7-8)	0	0,0	11	18,3	3	12,5	6	26,1	20	15,4
Bele hoog (9-10)	1	4,3	0	0,0	0	0,0	2	8,6	3	2,3
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	2,3		3,6		3,0		4,0		3,4	

Chi-kwadraat = 0,016; Vge = 33 : P < 0,05

Betekenisvolle verskille ($P = 0,016$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die verspreiding van respondente tussen die verskillende kategorieë. Die bevindinge dui daarop dat die grootste persentasie van die respondente in die geval van al vier voorligtingswyke in die kategorie bele laag geval het. In die geval van die kategorie waarin die tweede grootste persentasie van die respondente val, is daar egter verskille tussen die verskillende voorligtingswyke. In die Kenhardt-voorligtingswyk het die kategorieë laag en hoog gesamentlik die tweede meeste nominasies ontvang teenoor die kategorie hoog in die Prieska-voorligtingswyk. Hierteenoor het die kategorie laag in die geval van die Calvinia- en Carnarvon-voorligtingswyke die tweede meeste nominasies ontvang.

Hierdie bevindinge vind weerklank in die gemiddeld aanslag per distrik. Die hoogste gemiddeld van 4,0 word in die Prieska-voorligtingswyk aangetref met die tweede hoogste waarde in die Kenhardt-voorligtingswyk.

Die relatief lae gemiddelde aanslag van 3,4 (Tabel 7.8) vir die bydrae wat die gebruik van koggelramme maak tot 'n verhoging in die reproduksie van 'n kudde,

mag die gevolg wees van die persepsie dat die dorperskaap in elk geval 'n vrugbare ras is en dat koggelramme nie nodig is om die vrugbaarheid te verhoog nie.

Die lae toepassingvlak van hierdie praktyk (Tabel 7.7) is in ooreenstemming met die betreklik lae gepersipieerde bydrae wat so 'n praktyk maak tot 'n verhoging in die reproduksie van 'n kudde (Tabel 7.8).

Die moeite en koste om koggelramme te maak, die onsekerheid of die gebruik van koggelramme wel 'n bydrae lewer tot 'n verhoogde reproduksiesyfer en die feit dat koggelramme addisioneel tot die ander troppe op die plaas aangehou moet word, kan as belangrike redes beskou word waarom koggelramme minimaal gebruik word.

7.5 BESTUURSPRAKTYKE GEDURENDE LAMTYD

Die bestuurspraktyke wat tydens lamtyd gevolg word, sal 'n invloed uitoefen op onder andere die doeltreffendheid waarvolgens vir fekunditeit geselekteer kan word. Indien die meerlinge nie tydens lamtyd doeltreffend geïdentifiseer en gemerk word nie, kan daar nie doeltreffend daarvoor geselekteer word nie. Dit impliseer dat toesighouding tydens lamtyd van so 'n aard moet wees dat meerlinglammers doeltreffend geïdentifiseer en doeltreffend gemerk kan word.

7.5.1 SKEIDING VAN OOIE MET MEERLINGE VAN OOIE MET ENKELINGE

Volgens Cloete en De Villiers (1987 : 9) produseer ooie wat as meerlinge gebore is gemiddeld nege lammers per 100 ooie gelam meer as enkelinge. Dit sou dus raadsaam wees om ooie wat as meerlinge gebore is as vervangingsooie te gebruik.

Ten einde genoegsame aandag aan meerlinglammers sowel as die betrokke ooie te kan gee, is dit noodsaaklik dat sulke ooie en lammers tydens lamtyd effektief geïdentifiseer, doeltreffend gemerk en afsonderlik versorg word. Ondersoek is daarom ingestel na die mate waartoe dorperboere ooie met *meerlinge van ooie met enkelinge* tydens lamtyd skei en die gegewens word in Tabel 7.9 aangetoon.

Tabel 7.9 Mate waartoe dorperboere ooie met meerlinge van ooie met enkelinge skei, 1990

Skeidingskategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Ja	10	43,5	26	43,3	7	29,2	6	26,1	49	37,7
Soms	4	17,4	6	10,0	6	25,0	2	8,7	18	13,8
Nee	9	39,1	28	46,7	11	45,8	15	65,2	63	48,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,297; Vge = 6 : P > 0,05

Die gegewens in Tabel 7.9 toon dat slegs 37,7 persent van die respondente op 'n gereelde basis ooie met meerlinge van ooie met enkelinge skei. In die voorligtingswyke van Carnarvon en Prieska het minder as 30 persent van die respondente aangedui dat hulle dit wel doen. In die Calvinia- en Kenhardt-voorligtingswyke het byna 45 persent van die respondente aangedui dat hulle wel sodanige skeiding toepas. Die bevindinge dui verder daarop dat 62,3 persent van die respondente óf glad nie óf net soms ooie met meerlinge van ooie met enkelinge skei.

7.5.2 TOESIGHOUDING TYDENS LAMTYD

Volgens Coetzee (1989 : 13) is swak bestuur een van die grootste oorsaak van lamvrektes. Dit kan onder andere aan swak toesighouding toegeskryf kan word. Cloete (1991 : 12) stel goeie bestuur tydens lamtyd as 'n vereiste indien lamvrektes as gevolg van moeilike geboortes en die verhongering-verwaarlosing-blootstelling-kompleks (VVB-kompleks) beperk wil word. Binne die raamwerk van faktore soos topografie, klimaat, beskikbare kos, aanvullende voeding en die boer se bestuursvermoë, moet 'n praktiese

bestuurstelsel uitgewerk word wat die lam se kanse op oorlewing sal verbeter.

Ondersoek is dus ingestel na die doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd en die gegewens word in Tabel 7.10 aangetoon.

Tabel 7.10 Doeltreffendheid waarvolgens dorperboere, volgens die siening van die opnemers, toesig hou tydens lamtyd, 1991

Toesig-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Doen feitlik niks (Swak)	4	17,4	15	25,0	4	16,7	4	17,4	27	20,8
Daaglikke inspeksie 1 of 2 maal/week (Redelik)	14	60,9	40	66,7	16	66,7	16	69,6	86	65,2
Daaglikke inspek- sies om probleme te identifiseer en meerlinge te merk (Goed)	5	21,7	5	8,3	4	16,7	3	13,0	17	13,1
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,718; Vge = 6 : P > 0,05

Die gegewens in Tabel 7.10 dui daarop dat slegs 13,1 persent van die respondente daaglikke inspeksies van lammerooie doen ten einde probleme te identifiseer en meerlinge te merk. Dit varieer vanaf 8,3 persent in die Kenhardt- tot 21,7 persent in die Calvinia-voorligtingswyk. Hierdie respondente se toesighouding tydens lamtyd kan as goed tot baie goed beskou word. Hierdie respondente behoort in staat te wees om meerlinglamers doeltreffend te identifiseer en te merk indien hulle so voel.

Dit is nodig om 'n vergelyking te tref tussen die doeltreffendheid van toesig- houding tydens lamtyd soos geperspieer deur die respondente aan die een kant en die opnemers aan die anderkant. Daarom is die persepsie van

dorperskaapboere ten opsigte hiervan ondersoek. Dit is gedoen met behulp van 'n 5-puntskaal waar vyf besonder goed en een besonder swak is. Die gegewens word in Tabel 7.11 aangebied.

Tabel 7.11 Dorperboere se gepersipieerde doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd, 1990

Doeltreffendheids-kategorieë (5-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie swak (1)	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8
Swak (2)	0	0,0	3	5,0	4	16,7	1	4,3	8	6,2
Redelik (3)	7	30,4	18	30,0	8	33,3	6	26,1	39	30,0
Goed (4)	5	21,7	24	40,0	6	25,0	12	52,2	47	36,2
Baie goed (5)	11	47,8	14	23,3	6	25,0	4	17,4	35	26,9
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	4,1		3,8		3,6		3,8		3,8	

Chi-kwadraat = 0,182; Vge = 12 : P > 0,05

Volgens Tabel 7.11 was slegs 7,0 persent van die respondente van mening dat die doeltreffendheid van hul toesighouding as baie swak en swak bestempel kan word. Hierteenoor meen 63,1 persent van die respondente dat die doeltreffendheid van hul toesig goed of baie goed is. Dit is opvallend dat hierdie waarde in 'n groot mate ooreenstem met die bevindinge in Tabel 7.10 naamlik dat 66,2 persent van die respondente daagliks by die drinkplekke kyk en 'n deeglike inspeksie so een of twee maal per week doen. Dit is dus duidelik dat die respondente die doeltreffendheid van laasgenoemde praktyk as goed en baie goed beskou.

Tydens die opname het dit ook duidelik geword dat sekere van die respondente die mening huldig dat daar nie te veel met die lammerooie gelol moet word nie. Sorg moet dus gedra word dat ooie nie van hul lammers geskei word nie.

7.6 SAMEVATTING

Die relatief hoë aanslag van dorperboere vir die gepersipieerde doeltreffendheid vir die persentasie ramme in oikuddes met paartyd (Tabel 7.2) is in ooreenstemming met die werklike persentasies ramme in die oikuddes met paartyd (Tabel 7.1).

Alhoewel die respondente se kennis oor die minimum paringsmassa waarop jong oie suksesvol gepaar kan word redelik goed is (Tabel 7.4), is dit duidelik dat die jongooie in elk geval reeds die kritiese minimum massa behoort te bereik het indien hulle op gemiddeld 10,3 maande gepaar sou word (Tabel 7.3). Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat goeie kennis in hierdie verband nie noodwendig impliseer dat die dorperboere 'n verteenwoordigende groep van die jong- en volwasse oie voor paring weeg om te bepaal of hulle die kritiese massa bereik het nie.

Dit blyk verder dat daar 'n oorwaardering vir die doeltreffendheid van jongooi paring bestaan. Nieteenstaande die feit dat 32,3 persent van die respondente niks doen om te verseker dat die jongooitjies suksesvol gepaar word nie (Tabel 7.5), beskou slegs 8,5 persent van die respondente hul doeltreffendheid in hierdie verband as baie swak en swak (Tabel 7.6).

Die bevindinge dui daarop dat die gebruik van koggelramme nie veel aftrek onder dorperboere kry nie (Tabel 7.7). Die is in ooreenstemming met die relatief lae aanslag vir die bydrae wat die gebruik van koggelramme maak tot 'n verhoging in die reproduksie van 'n kudde (Tabel 7.8). Hierdie bevindinge mag verband hou met die persepsie dat die dorperskaap in elk geval 'n vrugbare ras is. Tydens herfsparing is die geslagsaktiwiteit van nature hoog en is die gebruik van koggelramme heelwaarskynlik nie nodig nie. Koggelramme sal egter tydens lenteparings 'n baie groter invloed hê.

HOOFSTUK 8

PARINGSFREKWENSIE EN KRUISTELING

8.1 INLEIDING

Ten tye van die beplanning van hierdie studie in 1989 is verkennende gesprekke met verskeie kenners van die dorperskaapbedryf gevoer. In persoonlike mededelings (Campbell, Connan, Strauss, Terblanche en Van Niekerk) is daarop gewys dat daar sekere belangrike praktyke beoefen word waarvoor onsekerheid ten opsigte van die toepassing en omvang bestaan. Vier van hierdie praktyke is meer breedvoerig ondersoek. Die bevindinge ten opsigte van twee, naamlik paringsfrekwensie en kruisteling sal vervolgens bespreek word.

Elk van hierdie praktyke is volledig ondersoek ten einde te bepaal in watter mate dit toegepas word al dan nie. In elke geval is respondente gevra om die drie belangrikste voor- en nadele in volgorde van afnemende belangrikheid te noem. In die bespreking word telkens na die voor- of nadeel wat die meeste nominasies ontvang het as die populêrste verwys.

Respondente is ook gevra om 'n aanslag te maak vir die belangrikheid, ooreenkomstig 'n 10-puntskaal waar 10 baie belangrik en een relatief onbelangrik is, van elke gepersipieerde voor- of nadeel. Deur die rangorde van elke voor-of nadeel [eerste, tweede of derde belangrikste] met die aanslag daarvan in verband te bring, is vir elke voor- en nadeel 'n kragsterkte bepaal. In die bespreking word telkens hierna as die relatiewe belangrikheid verwys.

8.2 PARINGSFREKWENSIE

Verskeie persone (Campbell - persoonlike mededeling, 1989; Anoniem, 1988 : 2) wys daarop dat die dorper, soos die Persie-oci, 'n lang teelseisoen het. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die dorper ontwikkel is vir die uitsluitlike doel van vleisproduksie en dat die hoofbron van inkomste van hierdie skaapas van sy vleis afkomstig is (Swanepoel, 1966 : 1). Gesien teen die agtergrond van die lang teelseisoen en die belang van reproduksie ten einde vleis te produseer, is dit

verstaanbaar dat daar verskeie paringsfrekwensies ontstaan het elk met sy eie gepersipieerde voor- en nadele.

So byvoorbeeld noem Anoniem (1988 : 2) dat die dorper, onder goeie veldtoestande, drie keer in twee jaar kan lam terwyl Visagie (1990 : 13) sy oois net een maal per jaar laat lam, alhoewel hy drie vaste paarseisoene het om bestuur te vergemaklik. Gedurende 1989 het verskeie kundiges in die dorperskaapbedryf (Campbell, Connan, Strauss en Van Niekerk) in persoonlike mededelings gemeld dat sommige dorperboere hul ramme heeljaar tussen die oois laat loop. Onder sulke omstandighede is daar dus geen sprake van 'n vaste teelseisoen nie.

8.2.1 MATE WAARTOE VERSKILLENDE PARINGSFREKWENSIES TOEGEPAS WORD

Teen bogenoemde agtergrond is meer breedvoerig ondersoek ingestel na die persepsie van dorperboere wat betref die bydrae van 'n vaste teelseisoen tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde. Die bevindinge word in Tabel 8.1 aangetoon.

Tabel 8.1 Gepersipieerde bydrae wat die toepassing van 'n definitiewe paarseisoen maak tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde, 1990

Bydrae-kategorieë (5-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie laag (1)	0	0,0	1	1,7	2	8,3	4	17,3	7	5,4
Laag (2)	2	8,7	5	8,3	2	8,3	1	4,3	10	7,7
Matig (3)	3	13,0	8	13,3	6	25,0	1	4,3	18	13,8
Hoog (4)	6	26,1	23	38,4	5	20,8	7	30,4	41	31,6
Baie hoog (5)	12	52,1	23	38,4	9	37,5	10	43,4	54	41,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	7,9		7,6		6,8		7,1		7,5	

Chi-kwadraat = 0,410; Vge = 30 : P > 0,05

Volgens die persepsie van 73,1 persent van die respondente (Tabel 8.1) sal die toepassing van 'n definitiewe paarseisoen 'n hoë en baie hoë bydrae tot verhoogde vrugbaarheid in 'n kudde lewer. In die Carnarvon-voorligtingswyk het die kleinste persentasie van die respondente (58,3 persent, Tabel 8.1) die bydrae as hoog en baie hoog aangeslaan. Dit sal later aangetoon word in watter mate die gepersipieerde belang of bydrae van die toepassing van 'n definitiewe paarseisoen in die praktyk toepassing vind.

Ondersoek is vervolgens ingestel na die mate waartoe verskillende paringsfrekwensies deur die dorperboere toegepas word ten einde vas te stel in watter mate die gepersipieerde bydrae van die toepassing van 'n definitiewe paarseisoen (Tabel 8.1) in die praktyk uitkristalliseer. Die bevindinge word in Tabel 8.2 aangetoon.

Tabel 8.2 Paringsfrekwensies soos deur dorperboere toegepas, 1990

Paringsfrekwensie	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Paar ooie 3 maal in 2 jaar	12	52,2	27	45,0	12	50,0	7	30,4	58	44,6
Paar ooie 1 keer per jaar	10	43,5	24	40,0	8	33,3	10	43,5	52	40,0
Ramme loop heertyd by ooie	1	4,3	9	15,0	4	16,7	6	26,1	20	15,4
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,486; Vge = 6 : P > 0,05

Dit blyk duidelik uit Tabel 8.2 dat die praktyk waar ramme voortdurend by die ooie loop, deur 'n klein minderheid (15,4 persent) van die respondente toegepas word. Hierdie waarde varieer van so laag as 4,3 persent in Calvinia- tot so hoog as 26,1 persent in die Prieska-voorligtingswyk.

Vanuit Tabel 8.1 is dit duidelik dat die aantal respondente in die Prieska-voorigtingswyk wat die bydrae van die toepassing van 'n definitiewe paarseisoen as baie laag en laag aangeslaan het heelwat meer is as in die Calvinia-voorigtingswyk. Dit verklaar grootliks waarom hierdie respondente meer geredelik die ram heeljaar by die ooie los.

Dit is ook opvallend dat die praktyke waar drie maal in twee jaar gepaar word (44,6 persent van respondente, Tabel 8.2) en waar die ooie slegs een maal per jaar gepaar word (40 persent, Tabel 8.2) redelik algemeen toegepas word. Daar is ook nie 'n noemenswaardige verskil tussen die verskillende voorigtingswyke wat betref die toepassingsvlak van laasgenoemde twee praktyke nie.

8.2.2 RAMME VOORTDUREND BY OOIE

Uit die gegewens in Tabel 8.2 blyk dit dat slegs 15,4 persent van die respondente hul ramme heeljaar by die ooie los. Daar is egter ondersoek ingestel na die populêrste voordele van so 'n praktyk. Die bevindinge word in Tabel 8.3 aangetoon.

Tabel 8.3 Populêrste voordeel van 'n praktyk waar die ramme voortdurend by die ooie bly, 1990

Voordeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen voordele of weet nie	11	47,8	35	58,3	9	37,5	5	21,7	60	46,2
Ooie raak beest wanneer hulle reg is vir die ram	4	17,4	9	15,0	11	45,8	8	34,8	32	24,6
Verkoop dwarsdeur die jaar lammers	5	21,7	10	16,7	3	12,5	8	34,8	26	20,0
Vergemaklik bestuur	1	4,3	2	3,3	0	0,0	0	0,0	3	2,3
Ander	2	8,7	4	6,7	1	4,2	2	8,7	9	6,9
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,084; Vge = 12 : P > 0,05

Die gegewens in Tabel 8.3 dui daarop dat daar volgens 46,2 persent van die respondente geen voordele aan so 'n praktyk verbonde is nie of dat hulle nie weet wat die voordele is nie. Dit is opvallend dat in die Prieska-voorligtingswyk slegs 21,7 persent van die respondente aangetoon het dat daar geen voordele aan so 'n praktyk verbonde is nie teenoor onderskeidelik 47,8; 58,3 en 37,5 persent van die respondente in die Calvinia-, Kenhardt- en Carnarvon-voorligtingswyke. Dit verklaar grootliks waarom hierdie praktyk die hoogste toepassingsvlak (26,1 persent, Tabel 8.2) in die Prieska-voorligtingswyk het.

In die Prieska-voorligtingswyk het 34,8 persent van die respondente (Tabel 8.3) aangetoon dat die enkele populêrste voordeel van 'n praktyk waar ramme voortdurend by die ooie loop, daarin gesetel is dat daar voortdurend lammers gebore en gevolglik verkoop word. Dit het 'n goeie kontantvloei tot gevolg.

Netso het 34,8 persent van die respondente in die Prieska-voorligtingswyk ook aangetoon dat die enkele populêrste voordeel is dat ooie beset raak wanneer hulle reg is vir die ram. Dit verklaar waarom, in die Prieska-voorligtingswyk, daar heelwat meer respondente is (Tabel 8.2) wat hierdie praktyk toepas as in die ander voorligtingswyke.

Ondersoek is ook ingestel na die populêrste nadele verbonde aan 'n praktyk waar die ramme voortdurend by die ooie loop en die bevindinge word in Tabel 8.4 aangetoon.

Die persepsie dat bestuur bemoeilik word, is deur 24,6 persent van die respondente as die populêrste nadeel geïdentifiseer (Tabel 8.4). Hierdie waarde styg tot so hoog as 39,1 persent in die Calvinia-voorligtingswyk. Dit hou heelwaarskynlik verband met die persepsie dat lammers voortdurend gebore word met die gevolg dat daar groot en klein lammers in dieselfde trop is (23,8 persent van respondente) asook die persepsie dat daar nie vasgestel kan word watter ooie oorslaan of onvrugbaar is nie (20,8 persent van respondente).

Faktore soos dat lammers voortdurend gebore word en daar gevolglik byna altyd groot en klein lammers in dieselfde trop is (23,8 persent, Tabel 8.4) en

Tabel 8.4 Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar ramme voortdurend by die ooie bly, 1990

Nadeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen voordele of weet nie	1	4,3	2	3,3	1	4,2	2	8,7	6	4,6
Bemoetlik bestuur	9	39,1	13	21,7	5	20,8	5	21,7	32	24,6
Lammers word voortdurend gebore en dit lei tot groot en klein lammers in dieselfde trop	7	30,4	9	15,0	9	37,5	6	26,1	31	23,8
Kan nie oorslaan- en onvrugbare ooie identifiseer nie	1	4,3	17	28,3	4	16,7	5	21,7	27	20,8
Onsekerheid oor aantal lammers wat sekere tye van jaar kan bemark	0	0,0	1	1,7	1	4,2	0	0,0	2	1,5
Ander	5	21,7	18	30,0	4	16,7	5	21,7	32	24,6
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,390; Vge = 15 : P > 0,05

dat oorslaan- en onvrugbare ooie nie geïdentifiseer en uitgeskot kan word nie (20,8 persent, Tabel 8.4) dra ook daartoe by dat bestuur bemoeilik word.

Die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele verbonde aan 'n praktyk waar ramme voortdurend by die ooie loop, is bepaal en die bevindinge word in Figuur 8.1 voorgestel.

Ooie wat beset raak wanneer hulle reg is vir die ram (kragstekte = 7,5) is as die relatief belangrikste voordeel beskou (Figuur 8.1). Die moontlikheid dat lammers dwarsdeur die jaar beskikbaar is vir bemarking (wat tot 'n beter kontantvloei lei) word ook as 'n belangrike voordeel gepersipieer (kragsterkte = 7,1).

(kragsterkte = 8,1). Die feit dat lammers voortdurend gebore word met die gevolg dat daar klein en groot lammers in dieselfde trop is (kragsterkte = 7,6), is as die gesamentlik tweede relatief belangrikste nadeel beskou.

Beide hierdie geperspieerde nadele lei daartoe dat die bestuur vir die dorperboer bemoeilik word. Laasgenoemde is dan ook as die gesamentlik tweede relatief belangrikste nadeel (kragsterkte = 7,6) beskou. Die geïdentifiseerde nadele word oor die algemeen as relatief belangrik aangeslaan.

8.2.3 PARING VAN OOIE EEN MAAL PER JAAR

Ondersoek is ingestel na die populêrste voordele verbonde aan 'n praktyk waar ooie slegs een maal per jaar gepaar word. Die bevindinge word in Tabel 8.5 aangetoon.

Tabel 8.5 Populêrste voordeel van 'n praktyk waar ooie een maal per jaar gepaar word, 1990

Voordeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen voordele of weet nie	2	8,7	4	6,7	2	8,3	3	13,0	11	8,5
Ooie in goeie kondisie met paartyd	4	17,4	20	33,3	3	12,5	4	17,4	31	23,8
Ooie maak lammers goed groot	6	26,1	8	13,3	6	25,0	2	8,7	22	16,9
Kan onvrugbare ooie identifiseer en uitset	2	8,7	3	5,0	3	12,5	0	0,0	8	6,2
Lammers het goeie masea op jong ouderdom	1	4,3	1	1,7	2	8,3	4	17,4	8	6,2
Hoë lam %	2	8,7	3	5,0	0	0,0	1	4,3	6	4,6
Ander	6	26,1	21	35,0	8	33,3	9	39,1	44	33,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Cni-kwadraat = 0,253; Vge = 18 : P > 0,05

Slegs 'n baie klein persentasie van die respondente (8,5 persent, Tabel 8.5) is van mening dat daar geen voordele aan hierdie praktyk verbonde is nie of het nie geweet wat dit is nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat respondente oor die algemeen positief ingestel is teenoor hierdie praktyk. Dit verklaar die bevindinge dat soveel as 40,0 persent van die respondente (Tabel 8.2) hierdie praktyk toepas. Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,253$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie.

Uit die gegewens in Tabel 8.5 is dit duidelik dat 33,8 persent van die respondente "Ander" as die populêrste voordeel beskou. In die kategorie "Ander" (33,8 persent van respondente) is verskeie ander voordele uitgewys waarvan die belangrikste is dat bestuur vergemaklik word.

Die populêrste nadele aan hierdie praktyk verbonde, is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 8.6 aangetoon.

Tabel 8.6 Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar ooie een maal per jaar gepaar word, 1990

Nadeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen nadele of weet nie	1	4,3	9	15,0	3	12,5	2	8,7	15	11,5
Kry minder lammers aan as met ander praktyke	9	39,1	16	26,7	10	41,7	8	34,8	43	33,1
Swak kontantvloei - kry slegs een maal per jaar lammers aan	5	21,7	19	31,7	7	29,2	6	26,1	37	28,5
Oorsleenoie word eers na 'n jaar weer gedek	4	17,4	7	11,7	4	16,7	2	8,7	17	13,1
Ander	4	17,4	9	15,0	0	0,0	5	21,7	18	13,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,648; Vge = 12 : $P > 0,05$

Slegs 'n baie klein persentasie van die respondente (8,5 persent, Tabel 8.5) is van mening dat daar geen voordele aan hierdie praktyk verbonde is nie of het nie geweet wat dit is nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat respondente oor die algemeen positief ingestel is teenoor hierdie praktyk. Dit verklaar die bevindinge dat soveel as 40,0 persent van die respondente (Tabel 8.2) hierdie praktyk toepas. Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,253$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie.

Uit die gegewens in Tabel 8.5 is dit duidelik dat 33,8 persent van die respondente "Ander" as die populêrste voordeel beskou. In die kategorie "Ander" (33,8 persent van respondente) is verskeie ander voordele uitgewys waarvan die belangrikste is dat bestuur vergemaklik word.

Die populêrste nadele aan hierdie praktyk verbonde, is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 8.6 aangetoon.

Tabel 8.6 Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar ooie een maal per jaar gepaar word, 1990

Nadeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen nadele of weet nie	1	4,3	9	15,0	3	12,5	2	8,7	15	11,5
Kry minder lemmers aan as met ander praktyke	9	39,1	16	26,7	10	41,7	8	34,8	43	33,1
Swak kontantvloei - kry slegs een maal per jaar lemmers aan	5	21,7	19	31,7	7	29,2	6	26,1	37	28,5
Oorsleenoë word eers na 'n jaar weer gedek	4	17,4	7	11,7	4	16,7	2	8,7	17	13,1
Ander	4	17,4	9	15,0	0	0,0	5	21,7	18	13,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,648; Vge = 12 : $P > 0,05$

Volgens 33,1 persent van die respondente (Tabel 8.6) kry hulle minder lammers per jaar met hierdie stelsel aan as met ander praktyke. 'n Verdere 28,5 persent het aangedui dat dié stelsel tot 'n swakker kontantvloei lei. Deurdat ooie slegs een maal per jaar gepaar word, kom daar slegs een maal per jaar lammers aan. Dit het tot gevolg dat die boer sy hoofbron van inkomste een maal per jaar ontvang, naamlik wanneer hy sy slaglammers bemark.


Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,648$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie. Dit impliseer dat die tendense in die voorligtingswyke min of meer dieselfde is.

Die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele is bepaal en die bevindinge word in Figuur 8.2 voorgestel.

Volgens die bevindinge van Figuur 8.2 word die voordele van hierdie praktyk oor die algemeen redelik hoog aangeslaan. Die persepsie dat lammers goed gradeer, is as die voordeel met die laagste relatiewe belangrikheid aangeslaan (kragsterkte = 6,2).

Volgens die bevindinge soos aangetoon in Figuur 8.2 is die drie relatief belangrikste voordele van 'n praktyk waar die ooie een maal per jaar gepaar word, die volgende:

- Ooie is in 'n goeie kondisie met paartyd (kragsterkte = 8,1). Dit behoort 'n positiewe invloed op die lam- en speenpersentasies te hê.

**Sleutel:**

■ Voordele ■ Nadele

Voordele:

- A = Gesonde en lewenskragtige lammers word gebore
 B = Ooie maak lammers goed groot
 C = Lammers het 'n goeie liggaamsmassa op 'n jong ouderdom
 D = Lammers gradeer goed
 E = Kan onvrugbare ooie identifiseer en uitskot
 F = Ooie is in 'n goeie kondisie met paartyd
 G = Hoë lampersentasie

Nadele:

- A = Swak kontantvloei
 B = Kry minder lammers aan as met ander praktyke
 C = Oorslaanooie word eers na 'n jaar weer gedek

FIG. 8.2 RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN VOOR- EN NADELE VERBONDE AAN 'N PRAKTYK WAAR OOIE EEN MAAL PER JAAR GEPAAAR WORD, 1990 [N=130]

- Onvrugbare ooie kan geïdentifiseer en uitgeskot word (kragsterkte = 8). Daar kan dus beter en strenger geselekteer word om die vrugbaarheid van 'n kudde te verhoog.
- Ooie maak lammers goed groot (kragsterkte = 7,9).

Hierdie voordeel hou verband met die feit dat die ooie onder minder stres verkeer as wanneer drie maal in twee jaar of dwarsdeur die jaar gepaar word.

Dit word ook bevestig deur die persepsie van die respondente dat ooie tydens paartyd in 'n beter kondisie is en die ander voordele wat daaruit voortspuit.

Die gegewens in Figuur 8.2 toon dat die respondente oorslaanooie, wat eers na verloop van 'n jaar gepaar kan word, as die relatief belangrikste nadeel beskou (kragsterkte = 7,2). Indien so 'n oorslaanooi nie na die eerste lamgeleentheid geprul word nie, is sy dus 'n passasier op die plaas vir die volgende jaar aangesien sy geen inkomste genereer nie.

Die relatiewe belangrikheid van gepersipieerde nadele, soos 'n swakker kontantvloei (kragsterkte = 7) en die persepsie dat minder lammers gebore word as teenoor ander stelsels (kragsterkte = 6,9), figureer ook redelik sterk. Daar is dus nie baie groot verskille wat betref die relatiewe belangrikheid van die gepersipieerde nadele nie.

Dit blyk egter uit die bevindinge (Figuur 8.2) dat die relatiewe belangrikheid van die voordele verbonde aan 'n praktyk waar die ooie een maal per jaar gepaar word oor die algemeen hoër aangeslaan word as die nadele. Dit verklaar die relatief hoë toepassingsvlak (40,0 persent) van hierdie praktyk (Tabel 8.1).

8.2.4 DRIE MAAL IN TWEE JAAR PAAR

Die populêrste voordele verbonde aan 'n praktyk waar die ooie drie maal in twee jaar gepaar word, is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 8.7 aangetoon.

Die gegewens in Tabel 8.7 toon dat die oorgrote meerderheid (53,8 persent) van die respondente van mening is dat die belangrikste voordeel gesetel is in die feit dat meer lammers, oor 'n jaar tydperk bereken, aankom. Dit blyk verder dat die persepsie dat die toepassing van so 'n praktyk tot 'n beter kontantvloei lei, ook redelik sterk steun geniet (23,8 persent van die respondente). Indien ooie drie maal in twee jaar gepaar word beteken dit dat daar gedurende een jaar van die tweejaarsiklus twee lamtye per jaar is. Dit lei daartoe dat in elke tweede jaar, lammers twee maal per jaar bemark kan word. Soos

Tabel 8.7 Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar oole drie maal in twee jaar gepaar word, 1990

Voordeel-kategorie	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen voordele of weet nie	2	8,7	5	8,3	6	25,0	1	4,3	14	10,8
Kry meer lamms aan oor 'n jaar gereken	12	52,2	32	53,3	14	58,3	12	52,2	70	53,8
Beter kontantvloei	7	30,4	16	26,7	3	12,5	5	21,7	31	23,8
Kan beter selekteer omdat oole elke 8 maande lam	0	0,0	1	1,7	0	0,0	4	17,4	5	3,8
Ander	2	8,7	6	10,0	1	4,2	1	4,3	10	7,7
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,032; Vge = 12 : P < 0,05

reeds vroeër aangetoon, speel 'n goeie kontantvloei 'n deurslaggewende rol in dorperboere se besluitnemingsproses wat betref die toepassing van verskillende teelseisoene.

Betekenisvolle verskille ($P = 0,032$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor (Tabel 8.7). 'n Beter kontantvloei is in die voorligtingswyke van Calvinia, Kenhardt en Prieska deur die tweede grootste persentasie van die respondente as populêrste voordeel beskou (30,4; 26,7 en 21,7 persent onderskeidelik). Hierteenoor het geen voordele of weet nie die tweede meeste nominasies in die Carnarvon-voorligtingswyk ontvang.

Die populêrste nadele is ook onderscek en die bevindinge word in Tabel 8.8 aangetoon.

Tabel 8.8 Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar ooie drie maal in twee jaar gepaar word, 1990

Nadeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen nadele of weet nie	4	17,4	17	28,3	6	25,0	5	21,7	32	24,6
Ooie herwin nie kondisie voor paartyd	6	26,1	13	21,7	5	20,8	5	21,7	29	22,3
Te veel stremming op ooi om 3 maal in 2 jaar te lam	5	21,7	5	8,3	6	25,0	5	21,7	21	16,2
Stek bestuursprobleme	2	8,7	7	11,7	2	8,3	3	13,0	14	10,8
Lammers groei swak en bereik nie optimum slagmasse binne 4 maande nie	2	8,7	2	3,3	1	4,2	1	4,3	6	4,6
Ander	4	17,4	16	26,7	4	16,7	4	17,4	28	21,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,915; Vge = 15 : P > 0,05

Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,915$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie. 'n Totaal van 22,3 persent van die respondente het as populêrste nadeel aangedui dat die ooie nie hul kondisie voor die volgende paarseisoen kan herwin nie (Tabel 8.8). Dit mag lei tot 'n lae besettings-, lam- en speenpersentasie. Die feit dat so 'n praktyk te veel stremming op ooie plaas (16,2 persent van respondente) hou ook hiermee verband aangesien dit direk daartoe lei dat die ooie in 'n swakker kondisie ten tye van die volgende paring is.


Die bevindinge in Tabel 8.8 dui ook daarop dat heelwat van die respondente (21,5 persent) redes anders as dié waarvoor in die sleutel by Vrae 155 tot 157 (Bylaag A) voorsiening gemaak is as die populêrste nadeel beskou het. Die drie belangrikste nadele wat onder hierdie kategorie geïdentifiseer is, is die volgende:

- Hierdie praktyk lei daartoe dat die veld te straf bewei word.
- Sommige lammers word onder swak voedingstoestande gebore.
- Die boer sukkel soms om die lammers markklaar te kry omdat hulle onder *swak voedingstoestande aankom*.

Die relatiewe belangrikheid van hierdie praktyk se voor- en nadele is bepaal en die bevindinge in hierdie verband word in Figuur 8.3 aangetoon.

Die relatiewe belangrikheid van die voordele van hierdie praktyk word oor die algemeen redelik hoog aangeslaan (Figuur 8.3). Die volgende voordele tree as relatief belangrik na vore:

- 'n Goeie kontantvloei (kragsterkte = 7,7). Op hierdie wyse word verseker dat die inkomste meer eweredig oor die verloop van 'n jaar versprei word. Dit lei daartoe dat die invloed van 'n negatiewe kontantvloei minstens verminder, maar verkieslik voorkom kan word.
- Die persepsie dat daar meer lammers, oor 'n jaar tydperk bereken, aankom (kragsterkte = 7,5). Alhoewel die lam- en speenpersentasie per lamgeleentheid ietwat laer is as teenoor 'n stelsel waar ooie een maal per jaar laat lam word, word oor 'n jaar tydperk gereken meer lammers aangekry.
- Seleksie verbeter omdat daar elke agt maande ootjies is waaruit vervangingsooie geselekteer kan word (kragsterkte = 7,5). Sodoende kan die seleksiedruk en ook -vordering vergroot word.

**Sleutel:****Voordele:**

- A = Kry meer lammers aan oor 'n jaar gereken
 B = Beter kontantvloei uit inkomste van lammers
 C = Kan beter selekteer omdat ooie elke 8 maande lam

Nadele:

- A = Ooie herwin nie kondisie voor paartyd nie
 B = Te veel stremming op ooie om 3 maal in 2 jaar te lam
 C = Lammers groei swak en bereik nie optimum slagmassa binne 4 maande nie
 D = Skep bestuursprobleme

FIG. 8.3 RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN VOOR- EN NADELE VERBONDE AAN 'N PRAKTYK WAAR OOIE DRIE MAAL IN TWEE JAAR GEPAAR WORD, 1990 [N=130]

Die mening dat ooie nie hul kondisie voor die volgende paarseisoen herwin nie, tree as die nadeel met die grootste relatiewe belangrikheid (kragsterkte = 6,8) na vore. Dit word gevolg deur die mening dat daar te veel stremming op 'n ooi geplaas word indien sy drie maal in twee jaar moet lam (mediaan = 6,7). Die hoë stremming op die ooi sowel as die feit dat sy nie haar kondisie teen die volgende paartyd herwin nie sal lei tot 'n laer besettings en gevolglik lam- en speenpersentasie.

Die feit dat die lammers swak groei en nie optimum slagmassa binne vier maande bereik nie (kragsterkte = 6,5) hou verband met die swakker kondisie

van die ooi asook die stremming waaronder sy verkeer. Dit lei daartoe dat die lammers langer op die veld moet bly voordat hulle bemerkbaar is.

Dit blyk egter uit die bevindings, soos aangetoon in Figuur 8.3, dat die relatiewe belangrikheid van die voordele verbode aan 'n praktyk waar ooe drie maal in twee jaar gepaar word oor die algemeen hoër aangeslaan word as die nadele. Dit verklaar die relatief hoë toepassingsvlak (44,6 persent) van hierdie praktyk soos in Tabel 8.1 aangetoon.

8.2.5 EVALUASIE VAN DRIE PARINGSFREKWENSIES

Ten einde die drie paringsfrekwensies (soos in die voorafgaande afdelings bespreek) te evalueer, is 'n globale aanslag vir die relatiewe belangrikheid van al die voor- en nadele van elke praktyk afsonderlik gemaak. Die bevindings in hierdie verband word in Figuur 8.4 uitgebeeld.




FIG. 8.4 GLOBALE AANSLAG VIR DIE RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN DIE VOOR- EN NADELE VAN DRIE VERSKILLENDE PARINGSFREKWENSIES, 1990 [N=130]

Die gegewens in Figuur 8.4 dui daarop dat die praktyke waar ooië een maal per jaar en drie maal in twee jaar gepaar word dieselfde globale aanslag vir beide die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele ontvang het. In beide gevalle was die gemiddeld vir die voordele agt en vir die nadele ses. Dit verklaar die bevindinge in Tabel 8.2 dat daar geen noemenswaardige verskil in die toepassingsvlak van hierdie twee paarpraktyke is nie.

Die feit dat slegs 15,4 persent van die respondente toelaat dat die ram voortdurend by die ooië loop (Tabel 8.2), is in ooreenstemming met bevindinge wat betref die globale aanslag vir die relatiewe belangrikheid van die voordele (gemiddeld = 6,1) en nadele (gemiddeld = 7,3) soos aangetoon in Figuur 8.4. Die bevinding dat die gemiddelde aanslag vir die nadele (gemiddelde = 7,3) die aanslag vir die voordele (gemiddelde = 6,1) oorskry, dui daarop dat hierdie praktyk nie deur die respondente as 'n goeie praktyk beskou word nie.

8.3 KRUISTELING

Tydens die verkennende gesprekke wat in 1989 met kundiges op die gebied van dorperskape gevoer is (Campbell, Connan, Strauss, Van Niekerk), het dit geblyk dat sekere dorperboere hul dorpers soms met ander rasse kruis ten einde die "goeie eienskappe" van ander rasse te benut.

Die mate waartoe hierdie praktyk deur dorperboere toegepas word, was op daardie stadium onbekend. Meer volledige ondersoek is ingestel na die mate waartoe kruisteling deur dorperboere toegepas word asook die gepersipieerde voor- en nadele aan hierdie praktyk verbonde.

8.3.1 MATE WAARTOE DORPERBOERE KRUISTELING TOEPAS

Die bevindinge ten opsigte van die mate waartoe dorperboere hul dorperooie met vetstert- (Afrikaner) of vetstuitrase (Persie of Van Rooy) kruis, word in Tabel 8.9 aangetoon.

Die gegewens in Tabel 8.9 toon dat die oorgrote meerderheid van die respondente (88,5 persent) nie hul dorperooie met vetstert- of vetstuitpe

ramme kruis nie. Slegs 11,5 persent van die respondente pas hierdie praktyk in 'n mindere of meerdere mate toe.

Tabel 8.9 Mate waartoe dorperboere hul dorperooie met vetstert- of vetstuitrase kruis, 1990

Kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nee	20	86,9	54	90,0	22	91,7	19	82,6	115	86,5
Soms	0	0,0	1	1,7	1	4,2	4	17,4	6	4,6
Ja	3	13,0	5	8,3	1	4,2	0	0,0	9	6,9
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,029; Vge = 9 : P < 0,05

Betekenisvolle verskille ($P = 0,029$) kom wel voor wat betref die tendense in die verskillende voorligtingswyke. In die geval van al vier voorligtingswyke het die grootste persentasie van die respondente aangetoon dat hulle nie kruisteling toepas nie (Tabel 8.9). In die geval van die voorligtingswyke Calvinia en Kenhardt het die tweede grootste persentasie van die respondente aangetoon dat hulle wel kruisteling toepas. In Carnarvon het die kategorieë Ja en Soms gesamentlik die tweede meeste nominasies ontvang. Hierteenoor het die tweede grootste persentasie van die respondente in die Prieska-voorligtingswyk (17,4 persent) aangetoon dat hulle wel soms hul dorperooie met vetstert- of vetstuitrase kruis.

8.3.2 KRUISTELING

Nieteenstaande die lae toepassingsvlak van kruisteling is ondersoek ingestel na die populêrste voordele aan kruisteling verbonde en die bevindinge word in Tabel 8.10 aangetoon.

Die bevindinge in Tabel 8.10 toon dat die meerderheid (52,3 persent) van die respondente van mening was dat daar geen voordele aan kruisteling verbonde is nie of het nie geweet wat die voordele is nie. In die geval van die

Tabel 8.10 Populêrste voordeel verbonde aan kruisteling van dorperooie met ramme van vetstert- of vetstuitperasse, 1990

Voordeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen voordele of weet nie	11	47,8	31	51,7	17	70,8	9	39,1	68	52,3
Nageslag is meer gehard	8	34,8	9	15,0	3	12,5	8	34,8	28	21,5
Lammers bereik goeie massa op jong ouderdom	3	13,0	8	13,3	2	8,3	2	8,7	15	11,5
Nageslag is meer vrugbaar	0	0,0	3	5,0	1	4,2	1	4,3	5	3,8
Kan lammers direk van veld bemark	0	0,0	2	3,3	1	4,2	1	4,3	4	3,1
Nageslag is beter aangepas	0	0,0	2	3,3	0	0,0	2	8,7	4	3,1
Lammers gradeer goed	0	0,0	3	5,0	0	0,0	0	0,0	3	2,3
Ander	1	4,3	2	3,3	0	0,0	0	0,0	3	2,3
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,521; Vge = 21 : P > 0,05

Carnarvon-voorligtingswyk is hierdie waarde so hoog as 70,8 persent. Laasgenoemde is dan ook die voorligtingswyk waar die grootste persentasie van die respondente aangetoon het dat hulle nie kruisteling toepas nie (91,7 persent, Tabel 8.9).

Die persepsie dat die nageslag van kruisgeteelde dorperskape meer gehard is, is deur 21,5 persent van die respondente (Tabel 8.10) as die populêrste voordeel aangegee. Die persentasie van die respondente wat hierdie persepsie as die populêrste voordeel van kruisteling gehuldig het, was in die Calvinia- en Prieska- voorligtingswyke heelwat meer (34,8 persent in beide gevalle) as in die ander twee voorligtingswyke. Dit stem ooreen met die bevindinge in Tabel 8.9 dat kruisteling (tot 'n mindere of meerdere mate) die grootste toepassingsvlak in die Calvinia- en Prieska-voorligtingswyke (13,0 en 17,4 persent van die respondente onderskeidelik) het.

Alhoewel geeneen van die respondente in die Prieska-voorligtingswyk aangedui het dat hulle kruisteling op 'n gereelde basis toepas nie, het 34,8 persent van hulle as die populêrste voordeel van kruisteling aangedui dat die nageslag van kruisgeteelde dorpers meer gehard is as suiwer dorpers (Tabel 8.10).

Die populêrste nadele verbonde aan kruisteling is ook ondersoek en die bevindinge word in Tabel 8.11 aangetoon.

Tabel 8.11 Populêrste nadeel verbonde aan kruisteling van dorperooie met ramme van vetstert- of vetstuitpe rasse, 1990

Nadeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen nadele of weet nie	9	39,1	4	6,7	4	16,7	1	4,3	18	13,8
Lammers is oorvet en gradeer swakker	8	34,8	26	43,3	9	37,5	13	56,5	56	43,1
Het nie suiwer dorperooie as vervangingsooie	4	17,4	18	30,0	7	29,2	1	4,3	30	23,1
Nageslag is nie so gehard nie	2	8,7	0	0,0	0	0,0	1	4,3	3	2,3
Nageslag is nie so goed aangepas nie	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Nageslag is minder vrugbaar	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Ander	0	0,0	12	20,0	4	16,7	7	30,0	23	17,7
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,000; Vge = 12 : P < 0,01

Die meerderheid van respondente (43,1 persent) het as die populêrste nadeel van kruisteling genoem dat die lammers oorvet is met die gevolg dat hulle swakker gradeer (Tabel 8.11). Hierdie waarde styg tot so hoog as 56,5 persent in die Prieska-voorligtingswyk. Dit mag selfs wees dat hulle dit in die praktyk ervaar het en dus vanuit ondervinding spreek.

Verder het 23,1 persent van die respondente aangetoon dat daar nie genoeg suiwer dorperootjies is om as vervangingssooie vir die dorperootjies te dien nie. Laasgenoemde het in die die Prieska-voorligtingswyk besonder min nominasies (4,3 persent, Tabel 8.11) ontvang.

Die derde populêrste gepersipieerde nadeel (17,7 persent van respondente, Tabel 8.11) is "Ander". Onder "Ander" het die persepsie dat sulke kruisraslammers nie mooi lyk nie sterk na vore getree. Dit beklemtoon die feit dat die respondente 'n redelike hoë waarde heg aan die estetiese aspekte van hul onderskeie dorperskaapboerderye. Dit is vir hulle belangrik dat hul diere moet konformeer met die algemeen aanvaarde voorkoms van 'n dorperskaap.

'n Statistiese ontleding van die data toon dat daar hoogs betekenisvolle verskille ($P < 0,001$) voorkom wat betref die tendense in die verskillende voorligtingswyke. In die geval van die voorligtingswyke Kenhardt, Camarvon en Prieska was die grootste persentasie van die respondente van mening dat die lammers swakker gradeer (Tabel 8.11). In teenstelling hiermee het die grootste persentasie respondente in die Calvinia-voorligtingswyk aangetoon dat daar geen nadele aan kruisteling verbonde is nie of het hulle nie geweet wat die nadele daaraan betrokke is nie. Ook ten opsigte van die nadeel wat deur die tweede grootste persentasie van die respondente genomineer is, is daar verskille tussen die verskillende voorligtingswyke.

8.3.3 SUIWERTELING VAN DORPEROOIE/NIE-KRUISTELING

Ondersoek is ook ingestel na die populêrste voordele verbonde aan die teenoorgestelde van kruisteling naamlik suiwerteling van dorperskape of nie-kruisteling. Die resultate word in Tabel 8.12 aangetoon.

Die populêrste voordeel van hierdie praktyk resorteer onder Ander (40,8 persent van respondente, Tabel 8.12). Die belangrikste voordeel wat onder Ander na vore tree, is die persepsie dat suiwer dorperskape baie beter/mooier lyk as kruisgeteelde diere. Dit gaan dus weer oor die estetiese aspek van dorperboerdery wat vir die respondente belangrik is.

Tabel 8.12 Populêrste voordeel verbonde aan nie-kruisteling van dorperooie met ramme van vetstert- of vetstuitperasse, 1990

Voordeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen voordele of weet nie	2	8,7	2	3,3	11	45,8	1	4,3	16	12,3
Hoef nie suiwer-ooie as vervangingsooie in te koop nie	3	13,0	23	38,3	4	16,7	5	21,7	35	26,9
Lammers gradeer beter	8	34,8	5	8,3	1	4,2	6	26,1	20	15,4
Hoef nie 'n aparte trop diere aan te hou nie	2	8,7	3	5,0	0	0,0	1	4,3	6	4,6
Ander	8	34,8	27	45,0	8	33,3	10	43,5	53	40,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,000; Vge = 12 : P < 0,01

'n Verdere 26,9 persent van die respondente het die feit dat daar nie suiwer dorperooitjies ingekoop moet word om as vervangingsooie in die suiwer dorperteelkudde te dien nie as die populêrste voordeel genoem (Tabel 8.12).

Hoogs betekenisvolle verskille ($P = 0,000$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die tendense. In die geval van die voorligtingswyke Kenhardt en Prieska is Ander deur die grootste persentasie van die respondente as belangrikste voordeel genomineer. In die geval van Calvinia het Ander en Lammers gradeer beter gesamentlik die grootste persentasie nominasies ontvang teenoor Geen voordele of weet nie in die Carnarvon-voorligtingswyk.

Ondersoek is ook ingestel na die populêrste nadele verbonde aan 'n praktyk van nie-kruisteling en die bevindinge word in Tabel 8.13 aangetoon.

Tabel 8.13 Populêrste nadeel verbonde aan nie- kruisteling van dorperooie met ramme van vetstert- of vetstuitperasse, 1990

Nadeel-kategorieë	Dorperboere per distrik:								TOTAAL N = 130	
	Cabrinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen nadele of weet nie	19	82,6	47	78,3	21	87,5	18	78,3	105	80,8
Suiwer dorperlamers het nie so goeie massa op 'n vroeë ouderdom nie	2	8,7	4	6,7	3	12,5	0	0,0	9	6,9
Kan nie suiwer dorperlamers direk van veld bemerk nie	0	0,0	1	1,7	0	0,0	3	13,0	4	3,1
Suiwer dorperlamers gradeer swakker	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8
Ander	2	8,7	7	11,7	0	0,0	2	8,7	11	8,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,183; Vge = 12 : P > 0,05

Die oorgrote meerderheid van die respondente (80,8 persent) was van mening dat daar geen nadele aan hierdie praktyk verbonde is nie of het nie gewet wat die nadele is nie (Tabel 8.13). Dit is in ooreenstemming met die hoë toepassingsvlak van nie-kruisteling naamlik 88,5 persent van die respondente (Tabel 8.9).

Dit dlyk dus dat, in teenstelling met die algemene persepsie wat bestaan dat dorperboere geneig is om hul dorperooie met ramme van vetstert- of vetstuittrasse te kruis, hierdie studie getuienis lewer dat hierdie praktyk nie so algemeen toegepas word nie. Dit wil eerder voorkom asof die paar gevalle wat wel voorkom so teen dorperboere se grein, wat betref die estetiese indruis, dat die persepsie later ontwikkel dat kruisteling 'n hoër toepassingsvlak het as wat in werklikheid die geval is.

8.4 SAMEVATTING

Dit is duidelik dat die respondente die toepassing van 'n definitiewe paarpraktik oor die algemeen redelik hoog aanslaan wat betref die bydrae daarvan tot 'n verhoging in die reproduksie van 'n kudde. Dit word bevestig deur die bevindinge dat 84,6 persent van die respondente (Tabel 8.2) van 'n vaste teelseisoen gebruik maak. In die geval van slegs 15,4 persent van die respondente (Tabel 8.2) loop die ram heeljaar tussen die ooie.

Die relatiewe belangrikheid van die nadele van laasgenoemde praktik word oor die algemeen besonder hoog aangeslaan. Dit oorskry die relatiewe belangrikheid van die voordele. Dit verklaar dan ook waarom hierdie praktik slegs deur 'n klein minderheid van die respondente toegepas word.

Kruisteling is ook 'n praktik wat slegs deur 'n klein minderheid van die respondente (11,5 persent, Tabel 8.9) tot 'n mindere of meerdere mate toegepas word. Dit dui daarop dat die respondente oor die algemeen tevrede is met die dorperskaap en dat hulle nie op groot skaal poog om die dorperskaap deur middel van kruisteling "te verbeter" nie.

Alhoewel die dorperskaap reeds as 'n geharde dier beskou word, het 21,5 persent van die respondente aangetoon dat die nageslag van kruisgeteelde dorperskape nog meer gehard is (Tabel 8.10).

Volgens 43,1 persent van die respondente is die belangrikste nadeel van kruistelling die persepsie dat die kruisgeteelde lammers oorvet is en daarom swakker gradeer. Om hierdie rede pas die oorgrote meerderheid van die respondente kruisteling met vetstert- of vetstuitte ramme nie eers by hul uitskotooie toe nie.

Dit is verder duidelik dat die dorperboere baie waarde heg aan die voorkoms van hul dorperskape en dat dit moet voldoen aan die algemeen aanvaarde beeld van 'n dorperskaap. Alhoewel dit algemeen aanvaar word as 'n nie-ekonomiese eienskap by dorperskape is, blyk dit tog 'n belangrike rol te speel onder dorperskaapboere.

HOOFSTUK 9

KASTRASIE, AFRONDING EN SIEKTEBEHEER

9.1 INLEIDING

Aangesien die dorper uit en uit 'n vleisskaap is, volg dit dat die oorgrote deel van 'n kuddedorperboer se inkomste deur die verkope van bemarkbare lammers en uit-skot diere gegenereer word. Dit is daarom van belang dat 'n kuddeboer moet toesien dat die produk wat hy produseer nie net vir die mark aanvaarbaar is nie, maar ook voldoen aan bepaalde verbruikersvoorkeure.

In die produksieproses is daar verskeie aksies waardeur die kwaliteit en die aanvaarbaarheid van die finale produk (in hierdie geval vleis) beïnvloed word. In hierdie hoofstuk sal sekere van hierdie aksies, wat te make het met die voorbereiding van die diere vir bemarking (wat onder andere ook dieregesondheidspraktyke insluit), meer breedvoerig bespreek word.

9.2 KASTRASIE VAN RAMLAMMERS

Verskillende menings ten opsigte van die wenslikheid van kastrasie van ram-lammers is al uitgespreek. Basson *et al.* (1968 : 187) wys daarop dat lammers op die ouderdom van 'n maand gekastreer behoort te word. Volgens Ritar, O'May, Williams, Gilbert en Bond (1986 : 457) maak kastrasie manlike diere minder aggressief en skakel dit ook die gevaar van ongewenste dragtigheid uit. Indien ram-lammers nie op 'n ouderdom van vyf maande slag gereed gaan wees nie, beveel Louw (1986 : 1) aan dat hulle liever gekastreer moet word om te voorkom dat hulle swakker gradeer as gevolg van sekondêre geslagsontwikkeling.

Navorsing uitgevoer deur Campbell (1983 : 58) dui egter weer daarop dat intakte dorperramlammers vinniger gegroei het asook beter oogspierontwikkeling en minder rugvet as hamellammers vertoon het. Volgens die outeur moet ram-lammers egter op 'n jong ouderdom geslag word anders word daar teen hulle gediskrimineer vir sekondêre manlike kenmerke soos dik nekke en swaar voorkwarte. Tot op vyf maande ouderdom behoort daar nog geen probleme met

gradering as gevolg van sekondêre geslagsontwikkeling ondervind te word nie (Louw, 1986 : 1).

Veekos se veekundiges (Anoniem, 1986 : 9) wys daarop dat vetneerlegging by ramlammers stadiger plaasvind as by hamellammers en hulle daarom 'n vinniger groeitempo as hamels handhaaf. Dit word bevestig deur navorsing van Probert en Davies (1986 : 57) wat gevind het dat hamellammers se lewendige massa betekenisvol laer was as dié van ramlammers van dieselfde ouderdom. Aangesien meer energie vereis word om vet as spier te vorm, kan ramlammers dus langer ekonomies gevoer word. Laasgenoemde is egter slegs geldig indien lammers voor bemarking in 'n voerkraal afgerond word.

Teen bogenoemde agtergrond is ondersoek ingestel na die mate waartoe ramlammers gekastreer word aldan nie. In die geval van die verskillende praktyke is die respondente telkens gevra om die drie belangrikste voor- of nadele in volgorde van afnemende belangrikheid te gee. Ten einde verwarring te voorkom, word in die bespreking telkens na die populêrste voor- of nadeel verwys.

Respondente is ook gevra om 'n aanslag, ooreenkomstig 'n 10-puntskaal waar 10 'n baie belangrike voor-/nadeel en een 'n relatief onbelangrike voor-/nadeel verteenwoordig, van elke voor-/nadeel te maak. Deur die rangorde [belangrikste, tweede of derde belangrikste] met die aanslag van die betrokke voor-/nadeel in verband te bring, is 'n kragsterkte van elk bepaal. In die teks word na laasgenoemde ook as die relatiewe belangrikheid verwys.

9.2.1 MATE WAARTOE RAMLAMMERS GEKASTREER WORD

Teen die agtergrond van verskillende boodskappe wat die dorperboer bereik wat betref die kastrasie van ramlammers voor bemarking is ondersoek ingestel na die mate waartoe dorperboere ramlammers wel kastreer en die bevindinge word in Tabel 9.1 aangetoon.

Die gegewens in Tabel 9.1 dui daarop dat die oorgrote meerderheid van die respondente (86,2 persent) wel hul ramlammers kastreer. Hierdie waarde wissel van so hoog as 95,7 persent in die Calvinia-voorligtingswyk tot 79,2 persent in die Carnarvon-voorligtingswyk (Tabel 9.1). Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,758$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die toepassing van hierdie praktyk nie.

Tabel 9.1 Mate waartoe dorperboere hul ramlammers kastreer, 1990

Kastrasie-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Ja	22	95,7	51	85,0	19	79,2	20	87,0	112	86,2
Soms	0	0,0	5	8,3	3	12,5	2	8,7	10	7,7
Nee	1	4,3	4	6,7	2	8,3	1	4,3	3	6,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,758; Vge = 6 : P > 0,05

Die verwagting was dat 'n groter persentasie van die respondente nie hul ramlammers kastreer nie. Die bevindinge weerlê dus die aanname. Aangesien ongekastrade ramlammers redelik maklik waargeneem kan word, mag die relatief klein persentasie dorperboere wat nie kastreer nie die persepsie laat ontstaan dat redelik baie dorperboere nie hul ramlammers kastreer nie.

9.2.2 VOOR- EN NADELE VERBONDE AAN KASTRASIE

Die hoë toepassingsvlak van kastrasie van ramlammers impliseer dat daar sekere belangrike voordele aan so 'n praktyk verbonde behoort te wees. Onderzoek is ingestel na die populêrste voordele van kastrasie en die bevindinge word in Tabel 9.2 aangetoon.

Die populêrste voordeel (70,8 persent van die respondente) blyk te wees die feit dat die hamelammers nie die ootjies jaag nie (Tabel 9.2). Dit is egter opvallend dat in die Prieska-voorligtingswyk 30,4 persent van die respondente van mening is dat die gekastreerde ramlammers beter groei na kastrasie. Dit mag verband hou met die feit dat hulle nie meer die ootjies jaag nie. Energie wat andersins verlore sou gaan, word nou vir groei benut.

Tabel 9.2 Populêrste voordeel verbonde aan die kastrasie van ramlamms, 1990

Voordeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Weet nie of geen	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8
Jaag nie ooijies	18	78,3	46	76,7	16	66,7	12	52,2	92	70,8
Groei beter	2	8,7	5	8,3	3	12,5	7	30,4	17	13,1
Gradeer beter	1	4,3	3	5,0	2	8,3	4	17,4	10	7,7
Hou nie 'n aparte trop rammetjies aan nie	2	8,7	2	3,3	1	4,2	0	0,0	5	3,8
Ander	0	0,0	3	5,0	2	8,3	0	0,0	5	3,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,223; Vge = 15 : P > 0,05

Die populêrste nadele van kastrasie van ramlamms is ook ondersoek en die bevindinge word in Tabel 9.3 aangetoon.

Tabel 9.3 Populêrste nadeel verbonde aan die kastrasie van ramlamms, 1990

Nadeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Weet nie of geen	5	21,7	17	28,3	4	16,7	4	17,4	30	23,1
Kastrasie sit lam terug	14	60,9	36	60,0	15	62,5	14	60,9	79	60,8
Gevaar verbonde aan lamvrektes	4	17,4	5	8,3	2	8,3	3	13,0	14	10,8
Meer arbeid	0	0,0	2	3,3	2	8,3	2	8,7	6	4,6
Ander	0	0,0	0	0,0	1	4,2	0	0,0	1	0,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,594; Vge = 12 : P > 0,05

Die bevindinge toon redelike groot ooreenstemming tussen die verskillende voorligtingswyke. Geen betekenisvolle verskille ($P = 0,594$) word tussen die verskillende voorligtingswyke aangetref nie.


Volgens die gegewens in Tabel 9.3 is die populêrste nadeel die persepsie dat die lam se groei teruggesit word, die sogenaamde kastreerskok (60,8 persent van die respondente). 'n Redelike persentasie (23,1 persent) van die respondente het ook aangetoon dat daar geen nadele aan kastrasie verbonde is of het nie geweet wat die nadele is nie. Die ander nadele is almal as minder belangrik beskou.

Die relatiewe belangrikheid verbonde aan die voor- en nadele van kastrasie van ramlammers is bepaal en die bevindinge word in Figuur 9.1 voorgestel.

Die voordeel met die hoogste relatiewe belangrikheid (kragsterkte = 8,1) is die persepsie dat hamellammers nie die ootjies jaag nie (Figuur 9.1). Laasgenoemde is 'n irriterende aksie wat nimmereindigend voortgaan.

Dit word gevolg deur die persepsie dat gekastreerde ramlammers beter groei (kragsterkte = 8). Nieteenstaande die relatiewe hoë mediaanaanslag van agt (Figuur 9.1) het slegs 13,1 persent (Tabel 9.2) van die respondente laasgenoemde as die populêrste voordeel geïdentifiseer. Dit dui daarop dat die respondente wat die beter groei van hamellammers as die populêrste voordeel beskou het dit as 'n besondere belangrike voordeel beskou. Die voordele word egter oor die algemeen relatief hoog aangeslaan.

Uit Figuur 9.1 blyk dit dat, alhoewel respondente bewus is van sekere nadele verbonde aan kastrasie, die relatiewe belangrikheid van die nadele oor die algemeen redelik laag aangeslaan word. Die mening dat die lam se groei teruggesit word met kastrasie (kastreerskok) is as die nadeel met die hoogste relatiewe belangrikheid aangewys (kragsterkte = 5,7).

**Sleutel:****Voordele:**

- A = Lammers gradeer beter
- B = Ramlammers jaag nie die ootjies nie
- C = Lammers groei beter
- D = Hoef nie meer 'n aparte trop ramlammers aan te hou nie

Nadele:

- A = Sit lam terug met kastrasie [kastreerskok]
- B = Groter gevaar van lamvrektes
- C = Koste verbonde aan kastrasie
- D = Addisionele arbeid verbonde aan kastrasie

FIG. 9.1 RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN VOOR- EN NADELE VERBONDE AAN KASTRASIE VAN RAMLAMMERS, 1990 [N = 130]

Alhoewel 'n groot persentasie (60,8 persent, Tabel 9.3) van die respondente die kastreerskok as die populêrste nadeel geïdentifiseer het, blyk dit egter dat die relatiewe belangrikheid van hierdie nadeel nie so hoog aangeslaan word nie. Dit dui daarop dat die kastreerskok oor die algemeen nie deur die respondente as 'n baie belangrike nadeel ervaar word nie alhoewel hulle wel daarvan as 'n nadeel bewus is.

9.2.3 VOOR- EN NADELE VAN NIE-KASTRASIE

Die praktyk waar ramlammers nie voor bemerking gekastreer word nie (intakte ramlammers), soos deur onder andere Campbell (1983 : 58) aan-

beveel, is ook ondersoek en die bevindinge ten opsigte van die populêrste voordeel word in Tabel 9.4 aangetoon.

Tabel 9.4 Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers nie gekastreer word nie, 1990

Voordeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Weet nie of geen	6	26,1	21	35,0	8	33,3	3	13,0	38	29,2
Sit nie lam terug nie	7	30,4	22	36,7	10	41,7	15	65,2	54	41,5
Lam het 'n swaarder slagmassa	9	39,1	8	13,3	6	25,0	1	4,3	24	18,5
Minder lamvrektes	1	4,3	2	3,3	0	0,0	1	4,3	4	3,1
Minder arbeid nodig	0	0,0	4	6,7	0	0,0	1	4,3	5	3,8
Geen ekstra koste nie	0	0,0	3	5,0	0	0,0	2	8,7	5	3,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,069; Vge = 15 : P > 0,05

Die gegewens in Tabel 9.4 toon dat die afwesigheid van die kastreerskok deur 'n groot persentasie (41,5 persent) van die respondente as die populêrste voordeel gepersipeer is. Hierdie waarde styg tot so hoog as 65,2 persent van die respondente in die Prieska-voorligtingswyk. 'n Verdere 18,5 persent van die respondente was van mening dat ongekastreerde ramlammers 'n swaarder slagmassa sal hê. Dit kan teruggevoer word na onder andere die afwesigheid van die kastreerskok wat onder andere daartoe sal lei dat die lammers beter groei. Laasgenoemde is dus 'n gevolg van die afwesigheid van die kastreerskok.

Die ander voordele het relatief min nominasies ontvang en sal daarom nie verder bespreek word nie.

Die nadele verbonde aan nie-kastrasie van ramlammers is ook ondersoek en die bevindinge word in Tabel 9.5 aangetoon.

Tabel 9.5 Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers nie gekastreer word nie, 1990


Nadeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Weet nie of geen	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8
Jaag ootjies	20	87,0	48	80,0	18	75,0	15	65,2	101	77,7
Gradeer swakker	1	4,3	4	6,7	2	8,3	6	26,1	13	10,0
Aparte trop rammetjies	2	8,7	5	8,3	2	8,3	0	0,0	9	6,9
Groei swakker	0	0,0	1	1,7	1	4,2	2	8,7	4	3,1
Ander	0	0,0	1	1,7	1	4,2	0	0,0	2	1,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,341; Vge = 15 : P > 0,05

Vir die oorgrote meerderheid van die respondente (77,7 persent) is die populêrste nadeel die feit dat die ramlammers die ootjies jaag (Tabel 9.5). Hierdie waarde styg tot so hoog as 87,0 persent in die Calvinia-voorligtingswyk. Dit wil dus voorkom asof ramlammers wat ootjies jaag teen die grein van die respondente indruis - dit is 'n opsigtelike aksie en gaan nimmereindigend voort.

'n Verdere 10,0 persent van die respondente (Tabel 9.5) was van mening dat ramlammers wat nie voor bemarking gekastreer word nie swakker gradeer. Dit mag selfs wees dat sommige van die respondente dit werklik in die praktyk ervaar het.

Die relatiewe belangrikheid van die geperspieerde voor- en nadele van nie-kastrasië is ondersoek en die bevindinge word in Figuur 9.2 aangetoon.

**Sleutel:**

■ Voordele ■ Nadele

Voordele:

- A = Lammers gradeer beter
- B = Lammers het 'n swaarder slagmassa
- C = Het minder arbeid nodig
- D = Verminder gevaar van lamvrektes
- E = Geen addisionele koste
- F = Sit nie lammers terug nie [geen kastreerskok]

Nadele:

- A = Lammers gradeer swakker
- B = Ramlammers jaag ootjies
- C = Lammers groei swakker
- D = Moet 'n aparte trop ramlammers aanhou

FIG. 9.2 RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN VOOR- EN
 NADELE VERBONDE AAN 'N PRAKTYK WAAR RAMLAMMERS
 NIE VOOR BEMARKING GEKASTREER WORD NIE, 1990 [N=130]

Die persepsie dat ramlammers 'n swaarder slagmassa het indien hulle nie voor bemarking gekastreer word nie is as die voordeel met die hoogste relatiewe belangrikheid geïdentifiseer (kragsterkte = 6,1; Figuur 9.2). Hierdie voordeel is blykbaar die gevolg van die feit dat die ramlammers nie teruggesit word met kastrasie of aan 'n kastreerskok onderwerp word nie.

Ander voordele wat as redelik belangrik geperspieer word (Figuur 9.2), is die afwesigheid van 'n kastreerskok (kragsterkte = 5,7) en die feit dat daar geen addisionele koste aangegaan word nie (kragsterkte = 5,4). Die voordele word egter oor die algemeen relatief laag aangeslaan.

Die feit dat ramlammers ootjies jaag as hulle nie gekastreer word nie is as die grootste relatiewe nadeel (kragsterkte = 7,8) geïdentifiseer (Figuur 9.2). Dit beklemtoon die waarneming dat ramlammers wat ootjies jaag teen dorperboere se grein indruis en dat dit die belangrikste rede is waarom ramlammers voor bemerking gekastreer word. Ten einde te verhoed dat ongekasteerde ramlammers die ootjies jaag, moet 'n aparte trop ramlammers aangehou word. Laasgenoemde word ook as 'n relatief belangrike nadeel geïdentifiseer (kragsterkte = 7,4). Die nadele word oor die algemeen relatief hoog aangeslaan. Hierdie hoë aanslag is min of meer in ooreenstemming met die voordele van kastrasie.

9.2.4 KASTRASIE VERSUS NIE-KASTRASIE

'n Globale aanslag vir die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele van beide kastrasie en nie-kastrasie van ramlammers voor bemerking is gedoen en die bevindinge word in Figuur 9.3 aangetoon.




FIG. 9.3 GLOBALE AANSLAG VIR VOOR- EN NADELE VAN KASTRASIE EN NIE-KASTRASIE VAN RAMLAMMERS, 1990 [N = 130]

Volgens die gegewens in Figuur 9.3 blyk dit dat die globale aanslag vir die relatiewe belangrikheid van die voordele van kastrasie (gemiddeld = 7,7) tot 'n groot mate ooreenstem met die globale aanslag vir die relatiewe belangrikheid van die nadele van nie-kastrasie (gemiddeld = 7,4). Die individuele geperspieerde voordele van kastrasie is dus in wese die teenoorgestelde as die nadele van nie-kastrasie. Dit verklaar die groot ooreenstemming tussen die globale aanslag vir die relatiewe belangrikheid van die voordele van kastrasie en die nadele van nie-kastrasie. Ten opsigte van die nadele van kastrasie en die voordele van nie-kastrasie word dieselfde ooreenkomstige in 'n groot mate aangetref.

Die bevindinge dui daarop dat, nieteenstaande aanbevelings deur sekere navorsers tot die teendeel, kastrasie van ramslammers voor bemarking wyd toegepas word aangesien die relatiewe belangrikheid van die voordele verbonde aan so 'n praktyk dié van die nadele oorskry. Alhoewel nie-kastrasie van ramslammers dus 'n praktyk is wat deur sekere navorsers aanbeveel word, is daar sekere hindernisse wat voorkom dat dit vry algemeen toegepas word.

'n Onderzoek na die ouderdom en massa waarop die dorperboere hul lammers bemark, is ook gedoen. Die bevindinge sal vervolgens meer breedvoerig bespreek word aangesien 'n ouderdom van meer as vyf maande en 'n hoë lewende massa by ramslammers teen die stadium waarop bemarking plaasvind, mag lei tot swakker gradering as gevolg van sekondêre geslagsontwikkeling. Hierdie is aspekte wat 'n invloed mag uitoefen op die besluit van 'n dorperboer om sy ramslammers voor bemarking te kastreer al dan nie.

9.3 MASSA EN OUDERDOM WAAROP SLAGLAMMERS BEMARK WORD

Volgens Louw (1986 : 1) behoort slaglamproduksie gemik te wees op 'n karkas van 18 tot 20 kilogram met 'n optimale hoeveelheid vet. Om te voorkom dat lamskarkasse te vet vir supergraad sal wees, stel hy 'n lewende massa van 32 tot 35 kilogram as bemarkingsriglyn by vleisskape voor.

Die lewende massas waarop dorperboere hul slaglamme bemark, is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 9.6 aangetoon.

Tabel 9.6 Lewende massas waarop dorperboere hul slaglammers bemark, 1990 [N = 130]

Lewende massa-kategorieë (kg)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤ 30	0	0,0	3	5,0	0	0,0	1	4,3	4	3,1
31-35	4	17,4	23	38,3	4	16,7	6	26,1	37	28,5
36-40	17	73,9	30	50,0	14	58,3	15	65,2	76	58,8
41-45	2	8,7	3	5,0	6	25,0	0	0,0	11	8,5
> 45	0	0,0	1	1,7	0	0,0	1	4,3	2	1,5
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	38,7		36,3		39,1		37,8		37,6	

*P = 0,0152 : KBV (P = 0,05) = Betekenisvolle verskille

Die gemiddelde lewende massa van 37,6 kg (Tabel 9.6) waarop die lammers bemark word, is ietwat hoër as die grense van 32 tot 35 kilogram, soos deur Louw (1986 : 1) vir vleisskape voorgestel. In die Carnarvon-voorigtingswyk het 25,0 persent van die respondente aangetoon dat hulle eers hul lammers bemark op 41 tot 45 kilogram lewendige massa. Dit is om hierdie rede dat die gemiddelde massa in dié betrokke voorligtingswyk die hoogste is, naamlik 39,1 kilogram (Tabel 9.6).

Daar kom betekenisvolle verskille voor (P = 0,0152) tussen die voorligtingswyke wat betref die gemiddelde massa waarop die lammers bemark word. In die geval van die voorligtingswyke Calvinia- en Carnarvon is die gemiddelde massa waarop die lammers bemark word betekenisvol (P = 0,0152) hoër as in die geval van die Kenhardt-voorigtingswyk.

Die bevindinge ten opsigte van die ouderdom waarop lammers bemark word, word in Tabel 9.7 aangetoon.

Die bevindinge ten opsigte van die ouderdom waarop die lammers bemark word (Tabel 9.7), toon dat dit in die geval van die Kenhardt-voorigtingswyk hoër is as in die Calvinia- en Carnarvon-voorigtingswyke. Die verklaring vir die betekenisvolle verskille (P = 0,0152) ten opsigte van die lewende massas waarop die lammers bemark word tussen die Calvinia- en Carnarvon-voorigtingswyke aan die een kant

**Tabel 9.7 Ouderdom waarop dorperboere hul slaglammers bemark, 1990
[N = 130]**

Bemarkings- ouderdoms- kategorieë (Dae)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Weet nie	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8
≤100	1	4,3	4	6,7	0	0,0	2	8,7	7	5,5
101-120	4	17,4	17	28,3	6	25,0	7	30,4	34	26,2
121-140	9	39,1	11	18,3	7	29,2	2	8,7	29	22,3
141-160	7	30,4	17	28,3	11	45,8	8	34,8	43	33,1
> 160	2	8,7	10	16,7	0	0,0	4	17,4	16	12,3
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	138		139		135		144		141	

*P = 0,8300 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

en die Kenhardt-voorligtingswyk aan die ander kant, kan waarskynlik teruggevoer word tot die gemiddelde jaarlikse reënval van die onderskeie voorligtingswyke. Volgens Tabel 2.1 se gegewens is dit duidelik dat die gemiddelde jaarlikse reënval in die Calvinia- en Carnarvon-voorligtingswyke hoër is as dié van die Kenhardt-voorligtingswyk. Dit behoort daartoe te lei dat veldtoestande in die geval van eersgenoemde twee voorligtingswyke gunstiger vir die vinniger uitgroei van lammers sal wees as in die geval van die Kenhardt-voorligtingswyk.

Die bevindinge dui daarop dat die meerderheid van die respondente (54 persent, Tabel 9.7) hul lammers voor of op 140 dae ouderdom bemark. Dié bevindinge stem baie ooreen met 'n aanbeveling van Campbell (1983 : 32) dat kuddelammers teen 'n ouderdom van ongeveer 140 dae bemark moet word. Volgens Louw (1986 : 1) behoort ramlammers tot op vyf maande ouderdom nog geen probleme te gee met swakker gradering as gevolg van sekondêre geslagsontwikkeling nie.

Dit is dus duidelik dat kastrasie van ramlammers voor bemarking nie gedoen word omdat die ramlammers op 'n te swaar massa (Tabel 9.6) of te hoë ouderdom (Tabel 9.7) bemark word nie. Daar behoort dus nie teen ongekastrateerde ramlammers van hierdie ouderdom en lewende massa gediskrimineer te word as

gevolg van sekondêre geslagsontwikkeling nie. Die data bied dus nie 'n verklaring vir die wye toepassing van kastrasie van ramlammers voor bemarking gesien teen die agtergrond van die voordele van intakte ramlammers bo hamelammers nie.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie opname gedoen is onder dorperboere in 'n ekstensiewe weistreek. Geeneen van hierdie boere kan dus kort na lamtyd, wanneer die ramlammers gekastreer word, reeds met sekerheid voorspel hoe die veldtoestande in die volgende vyf maande gaan wees nie. Daar bestaan dus 'n groot mate van onsekerheid of die lammers wel bemark sal kan word voordat sekondêre geslagsontwikkeling by die ramlammers plaasvind. Hierdie onsekerheid oor toestande waaronder die lammers grootword en gevolglik ook die ouderdom waarop die lammers bemark kan word, mag daartoe aanleiding gee dat dorperboere hul ramlammers eerder as 'n voorsorgmaatreeël kastreer.

9.4 BEHANDELING VAN LAMMERS VOOR BEMARKING

Volgens Erasmus (1968 : 55) is die dorperskaap geteel omdat daar 'n behoefte was aan 'n vleisras wat aangepas is by die ariede, ekstensiewe boerderygebiede en wat terselfdertyd 'n slaglam van goeie kwaliteit kan produseer. Meyer (1985 : 27) stel as 'n vereiste vir 'n dorperooi dat sy in staat moet wees om haar lam doeltreffend van die veld af te produseer. Campbell (ongepubliseerd : 7) beskou dit egter as belangrik dat 'n teelram lammers moet produseer wat óf veldweiding óf voer in 'n voerkraal doeltreffend in vleis kan omsit.

Volgens Anoniem (1982 : 1) is die feit dat afronding van lammers in 'n voerkraal slegs sporadies plaasvind vreemd aangesien hierdie stelsel verskeie voordele inhou. Voordele wat genoem word is 'n gunstiger prys per kilogram, beter voeromsetting en 'n vinniger omset van kapitaal. Volgens hom is 'n ander belangrike voordeel dat lammers op 'n vroeë ouderdom van die beskibare weiding onttrek word. Hierdeur word reserwe kapasiteit vir aanteel geskep deurdat bykans die helfte van 'n aanteelooi se behoefte aan droë materiaal gespaar kan word. Die volwasse ooi benut natuurlike weiding baie meer doeltreffend vir onderhoud as wat die lam dit vir vleisproduksie benut. Die logika in bogenoemde verband is derhalwe dat dit oor die langtermyn meer ekonomies is om meer lammers teen 'n laer winsmarge per lam as minder lammers teen 'n hoër winsmarge per lam te bemark.

Teen die agtergrond van die verskillende aanbevelings soos hierbo bespreek, is volledig ondersoek ingestel na die behandeling wat dorperlammers voor bemarking ontvang. In elke geval is die populêrste voor- en nadele van elke praktyk bepaal asook die relatiewe belangrikheid daarvan.

9.4.1 AFRONDINGSPRAKTYKE DEUR DORPERBOERE TOEGEPAS

Ondersoek is eerstens ingestel na die mate waartoe die verskillende afrondingspraktyke deur dorperskaapboere toegepas word. Die bevindinge word in Tabel 9.8 aangetoon.

Tabel 9.8 Mate waartoe dorperboere verskillende afrondingspraktyke toepas, 1990

Afrondingspraktyke	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Direk van moeder sonder kruipvoeding	21	91,3	56	93,3	22	91,7	21	91,3	120	92,3
Direk van moeder maar met kruipvoeding	1	4,3	2	3,3	1	4,2	1	4,3	5	3,8
Rond na speen op plaas af	1	4,3	2	3,3	0	0,0	1	4,3	4	3,1
Kommersiële voerkraal	0	0,0	0	0,0	1	4,2	0	0,0	1	0,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,789; Vge = 9 : P > 0,05

Nieteenstaande sommige aanbevelings tot die teendeel, blyk dit duidelik vanuit die gegewens in Tabel 9.8 dat die oorgrote meerderheid van die respondente (92,3 persent) hul dorperlammers direk van die moeder af, sonder kruipvoeding, bemark. Die drie ander afrondingstelsels word slegs in 'n baie geringe mate toegepas.

Die tendense in die verskillende voorligtingswyke is min of meer dieselfde en daar kom nie betekenisvolle verskille ($P = 0,789$) tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie.

Veranderende toestande mag egter daartoe aanleiding gee dat dorperboere soms 'n alternatiewe afrondingspraktyk moet toepas. Daarom is ondersoek ingestel na die mate waartoe dorperboere 'n alternatiewe afrondingspraktyk toepas en die gegewens word in Tabel 9.9 aangetoon.

Tabel 9.9 Mate waartoe dorperboere 'n alternatiewe afrondingspraktyk volg indien omstandighede verander, 1990

Kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nee	1	4,3	3	5,0	5	20,8	3	13,0	12	9,2
Ja	22	95,7	57	95,0	19	79,2	20	87,0	118	90,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,103; Vge = 3 : $P > 0,05$

Volgens Tabel 9.9 het 90,8 persent van die respondente aangetoon dat hulle hul slaglammers ooreenskomstig 'n alternatiewe afrondingspraktyk afrond indien die omstandighede dit vereis. Dit dui daarop dat die omstandighede wat heers voor en tydens die afrondingsperiode 'n bepalende invloed uitoefen op die afrondingspraktyk wat gevolg word.

Omstandighede vereis soms dat die afrondingspraktyk verander moet word. Daarom is ondersoek ingestel na die twee belangrikste redes wat daartoe aanleiding gee dat 'n dorperboer die afrondingspraktyk van sy lammers verander. Die besonderhede word in Tabel 9.10 aangetoon.

Tabel 9.10 Redes wat daartoe lei dat dorperboere hul lammers volgens 'n alternatiewe praktyk afrond, 1990

Redes	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
<u>Nvt-verander nie</u>	1	4,3	3	5,0	5	20,8	3	13,0	12	9,2
<u>Droogtes</u>										
Belangrikste	20	87,0	43	71,7	19	79,2	19	82,6	101	77,7
2de Belangrikste	1	4,3	3	5,0	0	0,0	0	0,0	4	3,1
<u>Wisselende reënval</u>										
Belangrikste	2	8,7	13	21,7	0	0,0	1	4,3	16	12,3
2de Belangrikste	13	56,5	5	8,3	8	33,3	7	30,4	33	25,4
<u>Kontantvloei</u>										
Belangrikste	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
2de Belangrikste	0	0,0	4	6,7	0	0,0	2	8,7	6	4,6
<u>Vleispryse</u>										
Belangrikste	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
2de Belangrikste	1	4,3	3	5,0	0	0,0	0	0,0	4	3,1
<u>Weet nie</u>										
Belangrikste	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
2de Belangrikste	7	30,4	38	63,3	5	20,8	10	43,5	60	46,2
<u>Ander</u>										
Belangrikste	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8
2de Belangrikste	1	4,3	6	10,0	1	4,2	0	0,0	8	6,2

Belangrikste: Chi-kwadraat = 0,066; Vge = 9 : P > 0,05

2de Belangrikste: Chi-kwadraat = 0,000; Vge = 18 : P < 0,01

Die gegewens in Tabel 9.10 dui daarop dat droogtes (77,7 persent van die respondente) die populêrste rede is waarom respondente 'n alternatiewe afrondingspraktyk toepas. Wisselende reënval, wat eerder as 'n korttermyn verskynsel beskou word, het die tweede meeste nominasies (12,3 persent, Tabel 9.10) ontvang. Dit is dus duidelik dat die klimaat die belangrikste rol speel in die besluit van respondente om hul afrondingspraktyke te verander. Ander faktore, soos kontantvloei en vleispryse, speel 'n minder belangrike rol.

Alhoewel daar geen betekenisvolle verskille ten opsigte van die populêrste rede voorkom nie (P = 0,066), word daar wel betekenisvolle verskille (P < 0,01) ten opsigte van die tweede populêrste rede aangetref. In die geval van die Calvinia- en Carnarvon-voorligtingswyke het die grootste persentasie van die respondente wisselende reënval as tweede belangrikste rede aangevoer teenoor weet nie in die geval van die Kenhardt- en Prieska-voorligtingswyke.

Die relatiewe belangrikheid, soos geperspieer deur dorperboere, van die redes wat 'n verandering van die afrondingspraktyk noodsaak, is ondersoek. Hierdie bevindinge word grafies in Figuur 9.4 voorgestel.




FIG. 9.4 RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN REDES WAT TOT DIE TOEPASSING VAN 'N ALTERNATIEWE AFRONDINGSPRAKTYK AANLEIDING GEE, 1990 [N=130]

Figuur 9.4 dui daarop dat droogtes (kragsterkte = 8,6) en ook wisselende reënval (kragsterkte = 8,1) as die redes met die grootste relatiewe belangrikheid geperspieer word. Dit bevestig dat klimaatstoestande 'n bepalende invloed uitoefen op die afrondingspraktyk wat dorperboere volg.

Die aard van die alternatiewe afrondingspraktyk wat deur dorperboere gevolg word indien deur omstandighede daartoe gedwing, word in Tabel 9.11 aangedui.

Tabel 9.11 Alternatiewe afrondingspraktyk deur dorperboere gevolg indien deur omstandighede vereis, 1990

Alternatiewe afrondingspraktyke	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nvt-verander nie Direk van moeder maar met gee van kruipvoeding	1	4,3	3	5,0	5	20,8	3	13,0	12	9,2
Rond in voerkraal op plaas af	0	0,0	7	11,7	3	12,5	0	0,0	10	7,7
Kommersiële voerkraal	21	91,3	48	80,0	15	62,5	19	82,6	103	79,2
	1	4,3	2	3,3	1	4,2	1	4,3	5	3,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Vanuit die gegewens in Tabel 9.11 is dit duidelik dat die meerderheid van die respondente (79,2 persent) as alternatief die lammers speen, van die weiveld onttrek en in 'n kraal op die plaas afrond. Hierdie waarde styg tot so hoog as 91,3 persent in die Calvinia-voorligtingswyk. Ander afrondingspraktyke, soos die gebruik van 'n kommersiële voerkraal of die gee van kruipvoeding vir lammers terwyl hulle saam met die ooie op die veld loop, het 'n lae toepassingsvlak.

Die populêrste voor- en nadele van die verskillende afrondingspraktyke, soos geperspieer deur dorperboere, asook die relatiewe belangrikheid daarvan, is bepaal en word vervolgens bespreek.

9.4.2 BEMARKING VAN LAMMERS DIREK VAN DIE MOEDER AF

Die populêrste voordeel, soos geperspieer deur dorperboere, van 'n afrondingspraktyk waar slaglammers direk van die moeder (van veld) sonder kruipvoeding bemark word, word in Tabel 9.12 aangetoon.

Tabel 9.12 Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder bemark word, 1990

Voordeel-kategorie	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Weet nie of geen	0	0,0	1	1,7	0	0,0	0	0,0	1	0,8
Meer winsgewind	19	82,6	33	55,0	11	45,8	11	47,8	74	56,9
Groei beter	1	4,3	12	20,0	8	33,3	4	17,4	25	19,2
Slag beter uit	1	4,3	5	8,3	3	12,5	5	21,7	14	10,8
Bespaar arbeid	0	0,0	1	1,7	1	4,2	0	0,0	2	1,5
Ander	2	8,7	8	13,3	1	4,2	3	13,0	14	10,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,313; Vge = 15 : P > 0,05

Die meerderheid van die respondente (56,9 persent) is van mening dat die enkele belangrikste voordeel van hierdie afrondingspraktyk die feit is dat dit meer winsgewind as die ander afrondingspraktyke is (Tabel 9.12). Dit is veral in die Calvinia-voorligtingswyk (82,6 persent van respondente) as 'n populêre voordeel beskou. Dit is in ooreenstemming met die bevindinge van Anoniem (1988 : 2) naamlik dat die winsmarge per lam met hierdie afrondingspraktyk hoër is.

'n Verdere 19,2 persent van die respondente het daarop gedui dat die lammers beter groei. Hierdie waarde styg tot so hoog as 33,3 persent in die Carnarvon-voorligtingswyk. Dit impliseer dat lammers wat gespeen en dan gevoer word swakker groei as lammers wat direk van hul moeder af bemark word. Hierdie persepsie mag verband hou met die feit dat lammers wat direk van hul moeder (van veld) af bemark word nie aan die speenskok onderhewig is nie en daarom beter groei. Laasgenoemde sluit aan by die persepsie dat hierdie afrondingspraktyk meer winsgewind is.

Alhoewel die speenskok tot 'n tydelike verlaging in groeitempo aanleiding mag gee, behoort kompensatoriese groei egter daarvoor te vergoed. Vroegspeen van lammers lei daarom volgens Spedding (1970 : 146) selde indien ooit tot 'n verlaging in groeitempo.

Die bevindings ten opsigte van die populêrste nadeel verbonde aan hierdie praktyk, word in Tabel 9.13 aangetoon.

Tabel 9.13 Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder bemark word, 1990

Nadeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Frieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Weet nie of geen nadele	9	39,1	37	61,7	14	58,3	10	43,5	70	53,8
Ooie kan nie so gou geherpaar word nie	4	17,4	10	16,7	3	12,5	3	13,0	20	15,4
Lam groei swakker	6	26,1	3	5,0	2	8,3	3	13,0	14	10,8
Kan minder aantel- vee aanhou	0	0,0	4	6,7	2	8,3	0	0,0	6	4,6
Sukkel om lammers merkbaar te kry	2	8,7	0	0,0	0	0,0	3	13,0	5	3,8
Lammers slag swakker uit	1	4,3	1	1,7	1	4,2	1	4,3	4	3,1
Weiding word nie goed benut nie	1	4,3	1	1,7	1	4,2	0	0,0	3	2,3
Ander	0	0,0	4	6,7	1	4,2	3	13,0	8	6,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100


Chi-kwadraat = 0,135; Vge = 21 : P > 0,05

Indien in gedagte gehou word dat 92,3 persent van die respondente hierdie afrondingspraktyk toepas (Tabel 9.8), is dit nie vreemd dat meer as die helfte (53,8 persent) van die respondente van mening was dat daar geen nadele aan hierdie praktyk verbonde is of dat hulle nie geweet het wat die nadele is nie (Tabel 9.13).

Die feit dat ooie nie so gou weer herpaar kan word nie is deur ongeveer 15 persent van die respondente as populêrste nadeel geïdentifiseer. Dit behoort slegs 'n nadeel te wees by boere wat hul ooie drie maal in twee jaar paar en dié respondente waar die ramme voortdurend by die ooie loop. In die geval waar die ooie een maal per jaar gepaar word, gaan die ooi in elk geval net tydens die jaarlikse paringstyd gepaar word.

'n Praktyk waar die ooie drie maal in twee jaar gepaar word, impliseer dat so-
danige ooie elke agt maande moet lam. Indien die lammers op die aanbevole
140 tot 150 dae ouderdom (Campbell, 1983 : 32; Louw, 1986 : 1) bemark
word, moet die ooi dan reeds twee maande dragtig wees om drie maande
later weer te lam. Die ooi moet dus gepaar word wanneer sy in laktasie er 'n
swakker liggaamskondisie is. Die swakker omstandighede waaronder paring
dan plaasvind, mag 'n negatiewe invloed op die reproduksie hê.

Die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele verbonde aan 'n praktyk
waar lammers direk van die moeder (sonder kruipvoeding) bemark word, is
ook ondersoek en die bevindinge word in Figuur 9.5 aangetoon



Sleutel:

Voordele:

- A = Meer winsgewind
- B = Vergemaklik bestuur en toesighouding
- C = Lammers groei beter
- D = Lammers slag beter uit
- E = Bespaar arbeid

Nadele:

- A = Kan minder aantelwee aanhou
- B = Ooie kan nie so gou weer gepaar word nie
- C = Lammers groei swakker
- D = Lammers slag nie so goed uit nie
- E = Weiding word nie baie doeltreffend benut nie
- F = Sukkel om lammers markklaar te kry op veld

FIG. 9.5 RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN VOOR- EN NADELE VER-
BONDE AAN 'N PRAKTYK WAAR LAMMERS DIREK VAN MOEDER
BEMARK WORD, 1990 [N = 130]

Volgens Figuur 9.5 word die persepsie dat hierdie afrondingspraktyk meer winsgewind (relatief tot die ander praktyke) is baie hoog aangeslaan (kragsterkte = 8,7). Dit word gevolg deur die persepsies dat die lammers beter groei (kragsterkte = 8,2) en dat die lammers beter uitslag (kragsterkte = 8,1).

Die hoë aanslag vir die relatiewe belangrikheid van die voordele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder (sonder kruipvoeding) af bemark word, verklaar in 'n groot mate waarom dit deur meer as 92 persent van die respondente (Tabel 9.8) toegepas word.

Figuur 9.5 toon dat die persepsie dat minder aantelwee aangehou kan word, as die nadeel met die grootste relatiewe belangrikheid (kragsterkte = 6,3) na vore tree. Dit is egter duidelik dat die relatiewe belangrikheid van die nadele verbonde aan só 'n afrondingspraktyk oor die algemeen heelwat laer aangeslaan word as die voordele. Dit verklaar waarom hierdie praktyk so algemeen toegepas word.

9.4.3 BEMARKING VAN LAMMERS DIREK VAN MOEDER, MAAR MET GEE VAN KRUIPVOEDING

Ondersoek is ingestel na die populêrste voordele, soos gepersipieer deur dorperboere, verbonde aan 'n praktyk waa: lammers direk van die moeder, maar met die gee van kruipvoeding, bemark word en die bevindinge word in Tabel 9.14 aangetoon.

Die populêrste voordeel van hierdie afrondingspraktyk is dat lammers beter groei (33,1 persent van respondente). Die waarde vir hierdie voordeel styg tot so hoog as 47,8 persent van die respondente in die Calvinia-voortligtingswyk.

Tabel 9.14 Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder, maar met gee van kruipvoeding bemark word, 1990

Voordeel-kategorie	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen voordele of weet nie	3	13,0	14	23,3	9	37,5	2	8,7	28	21,5
Lammers groei beter	11	47,8	15	25,0	7	29,2	10	43,5	43	33,1
Lammers is gouer markklaar	7	34,7	15	25,0	4	16,7	4	17,4	31	23,8
Lammers gradeer beter	0	0,0	7	11,7	1	4,2	6	26,1	14	10,8
Kan ooie gouer herpear	1	4,3	3	5,0	1	4,2	1	4,3	6	4,6
Ooie is swaarder by pering	0	0,0	2	3,3	1	4,2	0	0,0	3	2,3
Ander	0	0,0	4	6,7	1	4,2	0	0,0	5	3,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,218; Vge = 21 : P > 0,05

'n Verdere 21,5 persent van die respondente het ook aangedui dat die lammers gouer markklaar is (Tabel 9.14). Hierdie twee voordele hou verband met mekaar aangesien lammers wat beter groei, impliseer dat sulke lammers gouer markklaar gaan wees.

Die lae toepassingsvlak van hierdie praktyk (3,8 persent, Tabel 9.8) is in ooreenstemming met die bevinding dat 21,5 persent van die respondente van mening was dat daar geen voordele aan hierdie praktyk verbonde is of dat hulle nie geweet het wat die voordele daarvan is nie (Tabel 9.14).

Die populêrste nadele verbonde aan hierdie praktyk is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 9.15 aangetoon.

Die verhoogde insetkoste (Tabel 9.15) verbonde aan hierdie afrondingspraktyk word as die populêrste nadeel gepersipieer (43,1 persent van respondente). Die insetkoste word beskou as die lopende koste en sluit die koste verbonde aan voer en verhoogde arbeid in.

Verder is die persepsie dat daar geen ekonomiese voordeel aan hierdie afrondingspraktyk verbonde is nie ook as 'n redelike belangrike nadeel (30,0 persent van respondente) gepersipieer. Die verhoogde insetkoste hou verband met laasgenoemde nadeel. Die hoër insetkoste maak dié afrondingspraktyk minder winsgewind. In hierdie dae van stygende insetkoste is dit waargeneem dat die respondente daarna streef om hul insetkoste so laag moontlik te hou.

Die ander nadele is as minder belangrik beskou.


Tabel 9.15 Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van moeder, maar met die gee van kruipvoeding bemark word, 1990

Nadeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieskoppie N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen nadele of weet nie	2	8,7	6	10,0	3	12,5	0	0,0	11	8,5
Verhoogde insetkoste	4	17,4	28	46,7	10	41,7	14	60,9	58	43,1
Geen ekonomiese voordeel	11	47,8	18	30,0	7	29,2	3	13,0	39	30,0
Groter verlies aan bestuur	1	4,3	6	10,0	1	4,2	2	8,7	10	7,7
Koste van voerkrippe	2	8,7	1	1,7	2	8,3	3	13,0	8	6,2
Ander	3	13,0	1	1,7	1	4,2	1	4,3	6	4,6
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,092; Vge = 15 : P > 0,05

Die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele van hierdie praktyk is ondersoek en die bevindinge in hierdie verband word in Figuur 9.6 aange-
toon.

Volgens die bevindinge in Figuur 9.6 is die voordeel met die grootste relatiewe belangrikheid (mediaan = 7,5) die persepsie dat oë swaarder is by paring en dat dit tot 'n hoër besettings- en lampersentasie lei. Dit sal veral in die geval van boere wat hul dorperooie drie maal in twee jaar en dwarsdeur die jaar paar 'n geldige argument wees. Indien die lam kruipvoeding by sy



Sleutel:

Voordede:

- A = Lammers gradeer beter
- B = Lammers groei beter
- C = Verhoogde inkomste a.g.v. beter gradeering en massa
- D = Lammers is gouer markklaar
- E = Ooie kan gouer weer gepaar word
- F = Ooie is swaarder by paring wat lei tot 'n hoër besettings- en lampercentasie

Nadele:

- A = Geen ekonomiese voordeel
- B = Groter vereistes aan bestuur en arbeid
- C = Groter insetkoste a.g.v. voer, arbeid en fasiliteite
- D = Koste verbonde aan kruipvoerkrippe

FIG. 9.6 RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN VOOR- EN NADELE VERBONDE AAN 'N PRAKTYK WAAR LAMMERS DIREK VAN MOEDER, MET KRUIPVOEDING, BEMARK WORD, 1990 [N = 130]

moeder ontvang, word die stremming op die ooi verlig en dit kan daartoe lei dat sy swaarder is teen die volgende paring.

Die persepsie dat lammers beter gradeer (kragsterkte = 7,3) en dat dit lei tot 'n verhoogde inkomste (kragsterkte = 7,3) tree ook sterk na vore (Figuur 9.6). Die verhoogde inkomste is die gevolg van 'n aantal bydraende faktore, naamlik verhoogde groei van lammers en die feit dat hulle gouer markklaar is en beter gradeer.

Dit is duidelik dat ekonomiese oorwegings 'n belangrike rol speel. Die persepsie dat daar geen ekonomiese voordeel aan hierdie afrondingspraktyk verbonde is nie (kragsterkte = 7,6) asook die probleem van hoër insetkoste (kragsterkte = 6,7) tree as belangrik na vore (Figuur 9.6). Laasgenoemde koste sluit die aankoop van 'n kruipvoerrantsoen en verhoogde arbeidskoste in.

Die geweldige stygings van insetkoste het die boere genoodsaak om die produksieproses daarvolgens aan te pas. Boere poog om sover moontlik hul insetkoste te beperk. Hierdeur word hul risiko ook verklein. Dit wil voorkom asof boere met 'n laer inkomste tevrede sal wees eerder as om verhoogde koste aan te gaan en daardeur hul risiko te verhoog.

In hierdie verband speel die dorperskaap 'n belangrike rol. Vanweë sy aanpasbaarheid, gehardheid en funksionele doeltreffendheid word die dorperboer in staat gestel om, met die minimum insetkoste, nog steeds slaglammers van gehalte kostedoeltreffend en met laer risiko's te produseer.

9.4.4 AFRONDING VAN LAMMERS NA SPEEN OP DIE PLAAS OF IN 'N KOMMERSIËLE VOERKRAAL

Vir die doel van hierdie ondersoek is die afronding van lammers op die plaas nadat hulle gespeen is asook afronding in 'n kommersiële voerkraal (byvoorbeeld KLK op Upington) saam hanteer. Die populêrste voordele verbonde aan die afronding van gespeende lammers in 'n voerkraal op die plaas of in 'n kommersiële voerkraal is ondersoek. Die bevindinge word in Tabel 9.16 aangetoon.

Volgens die gegewens in Tabel 9.16 is die populêrste voordeel dat weiding gespaar word deurdat die lammers gouer van die veld af is (26,2 persent van respondente). Dit moet in gedagte gehou word dat hierdie praktyk oorwegend toegepas word (Tabel 9.11) indien deur omstandighede soos hoofsaaklik droogtes (Tabel 9.10) daartoe gedwing. Onder hierdie omstandighede is dit belangrik dat die aantal diere op die veld verminder word. Deur die lammers vroeg te speen en in 'n voerkraal af te rond, word hierdie oogmerk bereik.

Tabel 9.16 Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers na speen op die plaas afgerond of na 'n voerkraal gestuur word, 1990

Voordeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen voordele of weet nie	2	8,7	5	8,3	3	12,5	2	8,7	12	9,2
Speer weiding	5	21,7	20	33,3	4	16,7	5	21,7	34	26,2
Lammers gradeer beter	2	8,7	12	20,0	4	16,7	6	26,1	24	18,5
Lammers is swaarder	5	21,7	7	11,7	6	25,0	4	17,4	22	16,9
Kan ooie gouer herpaar	6	26,1	7	11,7	3	12,5	3	13,0	19	14,6
Verhoogde inkomete	1	4,3	2	3,3	2	8,3	1	4,3	6	4,6
Ooie is swaarder by pering	2	8,7	2	3,3	1	4,2	0	0,0	5	3,8
Ander	0	0,0	5	8,3	1	4,2	2	8,7	8	6,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,821; Vge = 21 : P > 0,05

'n Verdere belangrike voordeel is dat die lammers beter gradeer (18,5 persent, Tabel 9.16). Onder droogtetoestande sal die lammers heel waarskynlik nie beter as Graad II gradeer indien hulle direk van die veld af bemark word nie. Dit verklaar ook waarom 16,9 persent van die respondente (Tabel 9.16) die feit dat die lammers swaarder is as populêrste voordeel aangevoer het. Dit lei daartoe dat die lammers beter gradeer wanneer hulle bemark word.

Die feit dat ooie swaarder is by herparing (3,8 persent, Tabel 9.16) lei daartoe dat die ooie gouer weer gepaar kan word (14,6 persent, Tabel 9.16). Eersgenoemde behoort ook 'n positiewe invloed op die lam- en speenpersentasies uit te oefen.

Die populêrste nadele van hierdie praktyk is ook ondersoek en die bevindinge word in Tabel 9.17 aangetoon.

Tabel 9.17 Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers na speen eers op plaas afgerond of na 'n voerkraal gestuur word, 1990


Nadeel-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geen nadele of weet nie	0	0,0	4	6,7	3	12,5	0	0,0	7	5,4
Verhoogde insetkoste	11	47,8	28	46,7	8	33,3	11	47,8	58	44,6
Geen ekonomiese voordeel	10	43,5	16	26,7	6	25,0	7	30,4	39	30,0
Groter vereistes aan bestuur	1	4,3	8	13,3	3	12,5	4	17,4	16	12,3
Koste van voerkrippe	1	4,3	1	1,7	0	0,0	0	0,0	2	1,5
Ander	0	0,0	3	5,0	4	16,7	1	4,3	8	6,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,308; Vge = 15 : P > 0,05

Dit blyk uit Tabel 9.17 dat die populêrste nadele ekonomies van aard is. 'n Totaal van 44,6 persent van die repondente het die hoër insetkoste as die belangrikste nadeel geïdentifiseer terwyl 'n verdere 30,0 persent die mening toegedaan was dat daar geen ekonomiese voordeel aan só 'n afrondingspraktyk verbonde is nie. Laasgenoemde mag wees as gevolg van die verhoogde insetkoste.

Die omstandighede (Tabel 9.10) dwing egter die boer om wel van hierdie afrondingspraktyke gebruik te maak en onder hierdie bepaalde omstandighede is dit die mees aanvaarbare alternatief (Tabel 9.11).

Die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele is ook ondersoek en die bevindinge word in Figuur 9.7 aangetoon.



Sleutel:

Voordele:

- A = Lammers gradeer beter
- B = Lammers is swaarder
- C = Verhoogde inkomste a.g.v. beter gradeering en massa
- D = Spaar weiding - kan meer aantelwee aanhou
- E = Ooie kan gouer weer gepaar word
- F = Ooie is swaarder by paring wat lei tot hoër besettings- en lampersentasies

Nadele:

- A = Geen ekonomiese voordeel
- B = Groter vereistes aan bestuur en arbeid
- C = Groter insetkoste a.g.v. voer, arbeid en fasiliteite
- D = Koste verbonde aan oprigting van voerkrippe

FIG. 9.7 RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN DIE VOOR- EN NADELE VAN 'N PRAKTYK WAAR DIE LAMMERS NA SPEEN EERS OP DIE PLAAS AFGEROND WORD OF NA 'N VOERKRAAL GAAN, 1990 [N = 130]

Die persepsie dat weiding gespaar word, tree as die voordeel met die hoogste relatiewe belangrikheid (kragsterkte = 7,3) na vore (Figuur 9.7). Dit toon aan dat dit vir die respondente belangrik is om onder die omstandighede wanneer hierdie praktyk toegepas word (droogtes, Tabel 9.10) die veebelading op hul veld te verminder.

Die relatiewe belangrikheid van die voordele verbonde aan hierdie praktyk word oor die algemeen hoog aangeslaan. Indien die omstandighede dit

vereis dat die respondente 'n alternatiewe afrondingspraktyk moet toepas (Tabel 9.10), sou dit as 'n goeie stelsel beskou kon word.

Die persepsie dat daar geen ekonomiese voordeel aan voerkraalafronding verbonde is nie (kragsterkte = 7,9) en ook die groter insetkoste hieraan verbonde (kragsterkte = 7,2) is die nadele met die grootste relatiewe belangrikheid (Figuur 9.7). Indien die omstandighede dit noodsaak (Tabel 9.10), word hierdie praktyk algemeen toegepas (Tabel 9.11) nieeenstaande die relatiewe belangrikheid van die nadele met ekonomiese implikasies.

Gloobaal gesien is dit duidelik dat die kragsterktes van die voordele nie opsigtelik hoër is as dié van die nadele nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie afrondingspraktyk slegs onder bepaalde omstandighede toepassing sal vind.

9.4.5 EVALUASIE VAN AFRONDINGSPRAKTYKE

Die verskillende afrondingspraktyke, soos hierbo bespreek, is vervolgens geëvalueer ooreenkomstig die persepsies van respondente wat betref 'n globale aanslag vir die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele van elke afrondingspraktyk. Die bevindinge word in Figuur 9.8 aangetoon.

Die bevindinge (Figuur 9.8) dui daarop dat bemarking van lamms direk van die moeder (van veld), sonder dat kruipvoeding gegee word, die afrondingspraktyk met die grootste verskil tussen die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele is. Dit verklaar waarom hierdie praktyk so algemeen toegepas word (92,3 persent van respondente, Tabel 9.8).

Die belangrikste alternatiewe afrondingspraktyk (voerkraalafronding, Tabel 9.11) word slegs toegepas indien deur omstandighede, waarvan die belangrikste droogtes en wisselende reënval is (Tabel 9.10), so vereis. Die belangrikste gepersipeerde nadele verbonde aan laasgenoemde afrondingspraktyk is die persepsie dat hierdie praktyk geen ekonomiese voordele vir die boer inhou nie asook die groter insetkoste aan so 'n praktyk verbonde.




FIG. 9.8 GLOBALE AANSLAG VIR DIE RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN VOOR- EN NADELE VAN VERSKILLENDE AFRONDINGSPRAKTYKE, 1990 [N=130]

9.5 IMMUNISERING TEEN SIEKTES EN GESLAGSIEKTES ASOOK DOSERING TEEN INTERNE PARASIEDE

Alhoewel verskeie persone aangetoon het dat die dorperskaap 'n aanpasbare dier is (Erasmus, 1968 : 62; Bosman, 1988 : 3 en Campbell, 1990 : 10), wat volgens Campbell (1989 : persoonlike mededeling) impliseer dat die dorper in 'n mate 'n weerstand het teen heersende siektes, bosluise, steekvlieë en ander eksterne sowel as interne parasiete, is daar volgens Van Tonder (1989 : 5) nogtans 'n minimum siektebeheerprogram wat gevolg behoort te word.

9.5.1 DOELTREFFENDHEID VAN IMMUNISERING TEEN SIEKTES

Alhoewel daar 'n groot verskeidenheid siektes en geslagsiektes onder skape in Suid-Afrika voorkom, is dit volgens De Klerk *et al.* (1983 : 89) nie vir die boer lonend om teen al die moontlike siektes wat die vee kan opdoen te

immuniseer nie. In die reël immuniseer 'n boer slegs teen die siektes wat algemeen in sy omgewing voorkom en waardeur hy gevaar staan om verliese te lei. Volgens Van Tonder (1989 : 5) is immunisering teen siektes soos bloednier, bloutong, ensoötiese aborsie, Slenkdalkoors en Wesselsbron-siekte essensiël.

Die mate waartoe dorperboere hul skape teen hierdie siektes immuniseer, is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 9.18 aangetoon.

Tabel 9.18 Die mate waartoe dorperboere hul dorpers teen sekere siektes en geslagsiektes immuniseer, 1990

Siektebeheer-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Bloednier										
Ja	20	87,0	44	73,3	11	45,8	14	60,9	89	68,5
Nee	3	13,0	16	26,7	13	54,2	9	39,1	41	31,5
Bloutong										
Ja	4	17,4	10	16,7	12	50,0	6	26,1	32	24,6
Nee	19	82,6	50	83,3	12	50,0	17	73,1	98	75,4
Ensoötiese aborsie										
Ja	7	30,4	6	10,0	4	16,7	8	34,8	25	19,2
Nee	16	69,4	54	90,0	20	83,3	15	65,2	105	80,8
Lamsiekte										
Ja	9	39,1	27	45,0	2	8,3	10	43,5	48	36,8
Nee	14	60,9	33	55,0	22	91,7	13	56,5	82	63,1
Brucella ovis										
Ja	7	30,4	9	15,0	7	29,2	8	34,8	31	23,8
Nee	16	69,6	51	85,0	17	70,8	15	65,2	99	76,2
Pasteurella										
Ja	3	13,0	12	20,0	4	16,7	8	34,8	27	20,8
Nee	20	87,0	48	80,0	20	83,3	15	65,2	103	79,2

Bloednier: Chi-kwadraat = 0,014; Vge = 3 : P < 0,05
 Bloutong: Chi-kwadraat = 0,011; Vge = 3 : P < 0,05
 Lamsiekte: Chi-kwadraat = 0,014; Vge = 3 : P < 0,05
Brucella ovis: Chi-kwadraat = 0,170; Vge = 3 : P > 0,05
 Pasteurella: Chi-kwadraat = 0,279; Vge = 3 : P > 0,05
 Ensoötiese aborsie: Chi-kwadraat = 0,032; Vge = 3 : P < 0,05

Bloednier is die siekte wat die meeste aandag geniet in die immuniseringsprogramme van die respondente. 'n Totaal van 68,5 persent het aangedui dat hulle wel hul dorpers teen bloednier immuniseer. Bloednier-immunisering wissel van so hoog as 87,0 persent in die geval van respondente in die

Calvinia-voortligtingswyk tot so laag as 45,8 persent in die Carnarvon-voortligtingswyk (Tabel 9.18). In die Calvinia-voortligtingswyk trek sekere van die respondente nog met nul dorperskape van die winter- na die somerreënvalarea en omgekeerd. In sulke gevalle mag bloednier meer dikwels voorkom as gevolg van die verandering in voedingstoestande.

Betekenisvolle verskille kom voor tussen die verskillende voortligtingswyke wat betref die immunisering teen bloednier ($P = 0,014$), bloutong ($P = 0,011$), lamsiekte ($P = 0,014$) en ensoötiese aborsie ($P = 0,032$). Hierdie verskille sal meer breedvoerig bespreek word in die gedeelte wat handel oor die doeltreffendheid van die immuniseringsprogram.

Afgesien van bloednier het die immunisering van dorperskape teen die ander bekendste siektes nie veel byval gevind nie. Die gegewens dui daarop dat 24,6 persent van die respondente teen bloutong; 36,8 persent teen lamsiekte; 23,8 persent teen *Brucella ovis*; 20,8 persent teen pasteurilla en 19,2 persent teen ensoötiese aborsie immuniseer (Tabel 9.18).

Onderzoek is ingestel na die doeltreffendheid, volgens die persepsie van dorperboere, van immunisering teen siektes. Dit is gedoen met behulp van 'n 5-puntskaal, waar vyf besonder goed en een besonder swak is. Die bevindinge word in Tabel 9.19 aangetoon.

Tabel 9.19 Doeltreffendheid, volgens die persepsie van dorperboere, van immunisering teen siektes, 1990

Doeltreffendheids-kategorieë (5-puntskaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Beste swak (1)	1	4,3	4	6,7	5	20,8	1	4,3	11	8,5
Swak (2)	0	0,0	6	10,0	5	20,8	1	4,3	12	9,2
Redelik (3)	4	17,4	10	16,7	4	16,7	10	43,5	28	21,5
Goed (4)	13	56,5	25	41,7	7	29,2	7	30,4	52	40,0
Beste goed (5)	5	21,7	15	25,0	3	12,5	4	17,4	27	20,9
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	3,9		3,7		2,9		3,5		3,6	

Chi-kwadraat = 0,034; Vge = 12 : $P < 0,05$

Betekenisvolle verskille ($P = 0,034$) kom tussen die verskillende voorligtingswyke voor wat betref die aanslag van die respondente vir die doeltreffendheid van immunisering teen siektes (Tabel 9.19). In die geval van die Calvinia-, Kenhardt- en Carnarvon-voorligtingswyke het die grootste persentasie van die respondente hul doeltreffendheid as goed beskou. Hierteenoor het die grootste persentasie respondente in die Prieska-voorligtingswyk hul doeltreffendheid as redelik beskou. In die geval van die Carnarvon-voorligtingswyk was die kategorieë baie swak en swak gesamentlik tweede.

Volgens Marais en Schoeman (1990 : 4) word Carnarvon eers sedert 1987 as 'n nukleus verspreidingsgebied van dorperskape beskou. Carnarvon was eers 'n gebied waar tradisioneel met wolskape geboer is. Dit word bevestig deur die bevindinge in Tabel 3.7, naamlik dat dit die voorligtingswyk is waar die dorperboere se aantal jare selfstandige boerdery-ondervinding met dorperskape die minste is. Dit impliseer dat verskeie dorperboere eers met wolskape geboer het of nog steeds 'n aantal wolskape aanhou. Wolskaapboerdery stel hoër vereistes aan 'n immuniseringsprogram teen siektes as wat die geval is met dorperskaapboerdery. Dit mag dus wees dat die respondente in die Carnarvon-voorligtingswyk die doeltreffendheid waarvolgens hul teen siektes by dorperskape immuniseer, meet in terme van die vereistes vir doeltreffende wolskaapboerdery. Dit kan daartoe lei dat hulle in werklikheid die doeltreffendheid van hul immunisering teen siektes by hul dorperskape onderskat. 'n Ander moontlikheid is dat die standaard van hul immuniseringsprogram nie na wense is nie. 'n Duideliker beeld in hierdie verband sal verkry word wanneer die opnemers se aanslag vir die doeltreffendheid van die immuniseringsprogramme ondersoek word.

Meer as 60 persent (Tabel 9.19) van die respondente was van mening dat die doeltreffendheid van hul immuniseringsprogram as goed en baie goed bestempel kan word.

Die opnemers het die praktyktoepassing ten opsigte van immuniseringsdoeltreffendheid ooreenkomstig sekere doeltreffendheidsnorme geëvalueer en die gegewens word in Tabel 9.20 aangebied.

Dit blyk dat 45,4 persent van die respondente (Tabel 9.20) se immuniseringsprogram volgens die gedefinieerde doeltreffendheidsnorme as baie swak en swak beskou kan word. Alhoewel daar nie betekenisvolle verskille ($P =$

Tabel 9.20 Doeltreffendheid waarvolgens dorperboere, volgens die siening van opnemers, hul dorpers immuniseer teen siektes, 1990

Doeltreffendheids-kategorieë (5-punt skaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Baie swak	1	4,3	12	20,0	7	29,2	4	17,4	24	18,5
Swak	6	26,1	16	26,7	7	29,2	6	26,1	35	26,9
Redelik	9	39,1	17	28,3	5	20,8	4	17,4	35	26,9
Goed	6	26,1	14	23,3	4	16,7	6	26,1	30	23,1
Baie goed	1	4,3	1	1,7	1	4,2	3	13,0	6	4,6
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	3		2,6		2,4		2,9		2,7	

Chi-kwadraat = 0,459; Vge = 12 : P > 0,05

0,459) voorkom wat betref die doeltreffendheid van immunisering teen siektes en geslagsiektes nie, is die immuniseringsprogram in die geval van 58,4 persent (Tabel 9.20) van die respondente in die Carnarvon-voorligtingswyk as swak en baie swak deur die opnemers beskou. Dit is heelwat meer as die relatief lae aanslag deur 41,5 persent van die respondente self (Tabel 9.19) in die Carnarvon-voorligtingswyk.

Ten einde die moontlike bestaan van wanpersepsies wat betref die doeltreffendheid van immunisasie van dorperskape teen siektes tussen die aanslag van die opnemers en die persepsie van respondente te ondersoek, word die bevindinge van Tabele 9.19 en 9.20 grafies in Figuur 9.9 voorgestel.

Figuur 9.9 toon dat daar duidelike verskille tussen die respondente en die opnemers bestaan wat betref die geperspieerde doeltreffendheid van immunisering. In die geval van die opnemers toon die bevindinge 'n normale verspreiding. In teenstelling hiermee neig dit skeef na die meer doeltreffende kategorieë in die geval van die respondente self.

Dit blyk dat die opnemers die doeltreffendheid oor die algemeen laer aanslaan as die respondente (Figuur 9.9). 'n Oorskatting van die respon-

dente wat hul eie doeltreffendheid betref, mag daartoe lei dat hulle minder ontvanklik sal wees vir 'n voorligtingkundige boodskap wat gerig is op 'n verhoging van die doeltreffendheid van sodanige immuniseringsprogramme.




FIG. 9.9 PERSEPSIES VAN RESPONDENTE EN EVALUERINGSAAANSLAG VAN OPNEMERS WAT BETREF DIE DOELTREFFENDHEID VAN IMMUNISERING VAN DORPERSKAPE TEEN SIEKTES EN GESLAGSIEKTES, 1990 [N=130]

9.5.2 DOSERING TEEN INTERNE PARASIEETE

Volgens De Klerk *et al.* (1983 : 97) is lewerslakke, lintwurms en rondewurms die mees algemene interne parasiete wat by skape voorkom en is dit lintwurms, maar veral rondewurms, wat die meeste skade by skape aanrig. Volgens Van Tonder (1989 : 5) is dit daarom nodig om dorperskape in die Karoo minstens vyf tot sewe maal per jaar te doseer teen hoofsaaklik rondewurms en ander parasiete soos lintwurms. Hierdie aanbeveling geld egter indien daar twee maal per jaar gepaar word.

Die mate waartoe dorperboere hul skape teen interne parasiete doseer is ondersoek en die resultate word in Tabel 9.21 aangetoon.

Tabel 9.21 Mate waartoe dorperboere hul skape teen interne parasiete doseer, 1990

Interne parasiete	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
<u>Lintwurms</u>										
Ja	14	60,9	32	53,3	17	70,8	18	78,3	81	62,3
Nee	9	39,1	28	46,7	7	29,2	5	21,7	49	37,7
<u>Rondewurms</u>										
Ja	14	60,9	43	71,7	18	75,0	16	69,6	91	70,0
Nee	9	39,1	17	28,3	6	25,0	7	30,4	39	30,0

Lintwurms: Chi-kwadraat = 0,150; Vge = 3 : P > 0,05

Ronderwurms: Chi-kwadraat = 0,734; Vge = 3 : P > 0,05

Die gegewens in Tabel 9.21 dui daarop 'n beduidende aantal (70,0 persent) van die respondente wel teen rondewurms doseer en dat ietwat minder (62,3 persent) teen lintwurms doseer. Geen betekenisvolle verskille kom ten opsigte van die dosering teen lintwurms ($P = 0,150$) en teen rondewurms ($P = 0,734$) tussen die verskillende voorligtingswyke voor nie.

Onderzoek is ingestel na die doeltreffendheid, volgens die persepsie van dorperboere, van die doseerprogram deur hulle gevolg. Die ondersoek is gedoen ooreenkomstig 'n 5-puntskaal waar vyf besonder goed en een besonder swak is. Die bevindinge word in Tabel 9.22 aangetoon.

Dorperskaapboere is blykbaar baie tevrede met hul doeltreffendheid van dosering teen interne parasiete, want slegs 20,0 persent het aangedui dat hul doseerprogramme as baie swak en swak (Tabel 9.22) beskou kan word. Dit varieer van so laag as 8,7 persent in die Prieska- en Calvinia-voorligtingswyke tot 26,7 persent in die Kenhardt-voorligtingswyk. Hierteenoor het byna 60 persent van hulle aangedui dat dit as goed en baie goed bestempel kan word.

Tabel 9.22 Doeltreffendheid, volgens dorperboere, waarvolgens teen inwendige parasiete by dorperskape gedoseer word, 1990

Doeltreffendheids-kategorieë (5-puntekaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Bale swak (1)	2	8,7	6	10,0	4	16,7	2	8,7	14	10,8
Swak (2)	0	0,0	10	16,7	2	8,3	0	0,0	12	9,2
Redelik (3)	3	13,0	11	18,3	7	29,2	6	26,1	27	20,8
Goed (4)	14	60,9	19	31,7	9	37,5	9	39,1	51	39,2
Bale goed (5)	4	17,4	14	23,3	2	8,3	6	26,1	26	20,0
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
Gemiddeld	3,8		3,4		3,1		3,7		3,5	

Chi-kwadraat = 0,153; Vge = 12 : P > 0,05

Die relatief hoë aanslag vir die doeltreffendheid van dosering teen interne parasiete kan waarskynlik aan twee redes toegeskryf word. Eerstens bestaan die persepsie onder dorperboere dat die dorperskaap 'n geharde en aangepaste dier is wat in 'n groot mate bestand is teen interne parasiete en dus slegs in 'n geringe mate daarteen gedoseer hoef te word. Tweedens bestaan die persepsie dat in die ariede gebiede, relatief tot die hoër reënvalgebiede, minder dosering vereis word.

Die doeltreffendheid waarmee dorperboere teen inwendige parasiete doseer, is volgens sekere doeltreffendheidsnorme geëvalueer. Alhoewel Van Tonder (1989 : 5) aanbeveel dat daar minstens vyf maal per jaar teen interne parasiete gedoseer behoort te word indien ooie twee maal per jaar gepaar word, is die doeltreffendheidsnorme wat vir hierdie ondersoek gebruik is, aangepas. Hiervolgens is die doeltreffendheid van 'n dorperboer se doseerprogram as goed beskou indien hy gereeld teen lintwurms en een of twee maal per jaar met 'n breëspektrummiddel teen rondewurms doseer. Die aanslag van die opnemers in hierdie verband word in Tabel 9.23 aangetoon.

Tabel 9.23 Doeltreffendheid, volgens opnemers, waarvolgens dorperboere inwendige parasiete by hul dorpers beheer, 1990

Doeltreffendheids- kategorieë (3-puntekaal)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Swak (1)	11	47,8	26	43,3	7	29,2	8	34,8	52	40,0
Redelik (2)	11	47,8	23	38,3	15	62,5	11	47,8	60	46,2
Goed (3)	1	4,3	11	18,3	2	8,3	4	17,4	18	13,8
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,350; Vge = 6 : P > 0,05

Die gegewens in Tabel 9.23 dui daarop dat die inwendige parasietbeheerprogram in die geval van 13,8 persent van die respondente as goed beskou kan word. In die geval van die Calvinia-voorigtingswyk daal hierdie waarde tot so laag as 4,3 persent. Hierteenoor het die opnemers die inwendige parasietbeheerprogram in die geval van 40,0 persent van die respondente as swak beskou. Dit is dus duidelik dat 'n redelike groot persentasie van die respondente 'n inwendige parasietbeheerprogram, soos voorgeskryf, as onnodig beskou vir dorperskape.

Ten einde die bestaan van 'n wanpersepsie tussen die respondente en die opnemers, wat betref die doeltreffendheid van die doseerprogram te ondersoek, word die bevindinge van Tabele 9.22 en 9.23 in Figuur 9.10 voorgestel. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die bevindinge, soos voorgestel in Tabel 9.22, gehergroepeer om net vir die kategorieë swak, redelik en goed voorsiening te maak.

Die bevindinge in Figuur 9.10 bevestig die bestaan van 'n wanpersepsie tussen die opnemers en die respondente wat betref die doeltreffendheid van die doseerprogram. Dit blyk dat die respondente hul doeltreffendheid oor die algemeen hoër aanslaan as die opnemers.




FIG. 9.10 PERSEPSIE VAN RESPONDENTE EN EVALUERINGSAAANSLAG VAN OPNEMERS WAT BETREFF DIE DOELTREFFENDHEID WAARVOLGENS TEEN INTERNE PARASIE TE BY DORPERSKAPE GEDOSEER WORD, 1990 [N=130]

Dit is veral in die kategorie Goed dat daar groot perseptuele verskille voorkom. In teenstelling met die byna 60 persent van die respondente wat hul doeltreffendheid in hierdie verband as Goed beskou het, is dit in die geval van slegs 13,8 persent van die respondente deur die opnemers as Goed beskou.

Die vraag kan egter gevra word of die doseerprogram, soos deur die respondente gevolg, nie voldoen aan die vereistes soos gedikteer deur die spesifieke omstandighede waaronder geboer word nie? In sekere jare sal in 'n groter mate probleme ondervind word met parasietebesmettings. Onder sulke omstandighede kan die doseerprogram egter aangepas word om met die veranderde vereistes tred te hou. 'n Voorkomende doseerprogram sal 'n dorperboer egter noodsaak om meer gereeld te doseer as wat die geval sou wees indien daar slegs gedoseer word wanneer probleme met sekere parasiete ervaar word.

9.6 SAMEVATTING

Die persepsie dat 'n groot persentasie van die dorperboere nie hul ramlammers voor bemarking kastreer nie, word deur die bevindinge van hierdie ondersoek weerlê. Soveel as 86,2 persent van die respondente (Tabel 8.1) kastreer hul ramlammers. Die belangrikste rede wat tot hierdie praktyk aanleiding gee is omdat ongekastrateerde ramlammers die ootjies jaag. Dit is 'n nimmereindigende aksie waardeur baie energie wat vir groei benut kon word, vermors word.

Dit blyk volgens die bevindinge dat die voordele van kastrasie en die nadele van nie-kastrasie aan die een kant asook die nadele van kastrasie en die voordele van nie-kastrasie in 'n groot mate ooreenstem. Die groot verskil tussen die aanslag vir die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele van kastrasie (Figuur 9.3) verklaar in 'n groot mate waarom hierdie praktyk so wyd toegepas word (Tabel 9.1).

Dit blyk verder dat die respondente hul lammers bemark voor 150 dae ouderdom (gemiddeld = 141 dae, Tabel 9.7) en op 'n lewendige massa van 37,6 kilogram (Tabel 9.6).

Die oorgrote meerderheid van die respondente volg 'n praktyk waar die lammers direk van die moeder (van die veld) af bemark word (Tabel 9.9). Indien die omstandighede dit egter noodsaak (waarvan droogtes die belangrikste is, Figuur 9.5), rond 79,2 persent van die respondente hul lammers in 'n voerkraal op die plaas af (Tabel 9.11).

Vanuit die bevindinge ten opsigte van die populêrste voor- en nadele van die verskillende afrondingspraktyke, blyk dit duidelik dat ekonomiese oorwegings in 'n baie groot mate dikteer watter afrondingspraktyk onder bepaalde toestande toegepas word.

Die bevindinge soos voorgestel in Figuur 9.10 wys op duidelike verskille tussen die opnemers se doeltreffendheidsaanslag en respondente se siening ten opsigte van die doeltreffendheid van immunisering van dorperskape teen siektes en geslagsiektes. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die opnemers elke individuele dorperboer se immuniseringsprogram in terme van die voorgestelde voorkomende siektebeheerprogram moes evalueer.

Ten tye van die opname het dit egter duidelik geword dat, in die geval van die meerderheid van die respondente, die klem val op 'n minimum of reaktiewe immuniseringsprogram eerder as op 'n voorkomende of pro-aktiewe immuniseringsprogram. Die persepsie bestaan dat die dorperskaap 'n geharde dier is wat ook 'n sekere mate van weerstand teen die algemeenste siektes openbaar.

Dieselfde bevindinge en waarnemings is ook ten opsigte van die doeltreffendheid van dosering teen interne parasiete bevind.

HOOFSTUK 10

DOELTREFFENDHEID VAN DORPERSKAAPBOERDERY

10.1 INLEIDING

Die hoofbron van inkomste uit kommersiële dorperskaapboerdery is die inkomste gegenerer uit die verkope van vleis (Swanepoel, 1966 : 1). Dit behels dus die verkope van die bemerkbare lammers en ook uitskotooie. Daarom is 'n goeie reproduksieprestasie 'n voorvereiste vir 'n winsgewinde vleisskaapboerdery (Cloete & De Villiers, 1987 : 8).

Volgens Meyer (1985 : 27) is reproduksie, saam met die massatoename van die lam, die twee eienskappe wat die grootste invloed op vleisskaapboerdery het. Daarom is 'n goeie aanteelvermoë, soos gereflekteer in 'n hoë speenpersentasie, by dorperooie van die grootste ekonomiese belang vir die dorperboer. 'n Lae reproduksietempo plaas ook 'n geweldige demper op die genetiese verbetering van enige ras omdat dit streng seleksie bykans onmoontlik maak weens die beperkte aantal vervangingsooie wat beskikbaar is (Coetzee, 1991 : 12). Campbell (1989 : 3) beskou reproduksie (getal lammers gebore en gespeen per 100 ooie gepaar) as een van die maatstawwe vir aanpasbaarheid van diere by droë en ongunstige toestande.

In hierdie ondersoek is verskeie aspekte van reproduksie ondersoek en daarom sal dit vervolgens meer breedvoerig bespreek word. Sekere van hierdie aspekte sal ook gebruik word as maatstaf vir die bepaling van die doeltreffendheid van dorperskaapboerdery binne die opnamegebied.

Daar word van korrelasiematrikse gebruik gemaak om die interverwantskappe tussen sekere afhanklike veranderlikes, soos byvoorbeeld die jaarlikse bruto inkomste per ooi asook lam- en speenpersentasies volgens die respondente se gegewens aan die een kant en sekere biologies-tegniese, persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes aan die anderkant te bepaal.

Meervoudige stapsgewyse regressiemodelle is gekonstrueer om die relatiewe belangrikheid van sekere biologies-tegniese, persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes in die hele opnamegebied asook in die vier voorligtingswyke te bepaal.

10.2 REPRODUKSIE

Sedert die erkenning van die dorper as 'n ras in 1950 beklemtoon die ongeëwenaarde groei daarvan die feit dat die behoefte vir 'n vrugbare en produktiewe vleisras vir die ekstensiewe en ariede weigebiede bevredig is (Marais & Schoeman, 1990 : 4). Die vraag kan dus tereg gevra word hoe vrugbaar die dorperskaap werklik is? Cloete en De Villiers (1987 : 8) verskaf die volgende reproduksieresultate van 'n relatief klein dorperkudde op die Nortierproefplaas naby Lambertsbaai ten opsigte van 'n enkele lamseisoen (somerparing) op ekstensiewe veldweiding:

- Gemiddelde besetting = 89%
- Lammers gebore per 100 ooie gelam = 158
- Lammers gebore per 100 ooie gepaar = 140
- Voorspeense vrektes per 100 lammers gebore = 9
- Lammers gespeen per 100 ooie gepaar = 130

Hierteenoor het Jordaan en Waters (1989 : 21) in 'n vergelyking tussen intensiewe en ekstensiewe dorperboerdery in die Oos-Kaap 'n lampercentasie van 170 persent onder intensiewe toestande en 163 persent onder ekstensiewe toestande gevind ten opsigte van 'n enkele lamseisoen. In die geval van die intensiewe stelsel is 100 persent van die lammers gebore gespeen in vergelyking met die waarde van 88 persent onder ekstensiewe toestande.

Volgens Van Niekerk (1991 : 11) is die lampercentasie van die dorperooi oor die algemeen hoër as 140 persent. In 'n publikasie uitgegee deur die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika (Anoniem, 1988 : 2) word die dorper se hoë reproduksietempo as volg beskryf:

"Meerlinge kom algemeen voor en getuig van hoë fekunditeit by die dorperooi. 'n Lampersentasie van 150 persent kan behaal word, terwyl uitsonderlike gevalle voorkom waar selfs 180 persent verkry word. In 'n kudde met 'n groot getal jongooie, wat vir die eerste keer lam, sal hierdie persentasie meer in die orde van 120 persent wees, want hulle lam meestal eenlinge. Indien 'n aanname gemaak word dat die lampersentasie 150 persent is en dat die bestuur op so 'n vlak is dat ooie drie keer in twee jaar lam, sal 'n dorperooi 2,25 lammers per jaar (op 'n jaarbasis gereken) produseer." Dit is egter so dat sodra ooie elke agt maande lam, sal die lampersentasie per lamgeleentheid laer wees as wanneer ooie slegs een maal elke 12 maande laat lam word.

Nêrens in die literatuur kon egter verteenwoordigende, wetenskaplik gefundeerde reproduksiesyfers vir die dorperas gevind word nie en daarom is in hierdie studie ondersoek ingestel na die reproduksieprestasies by dorperskape.

10.2.1 BESETTINGSPERSENTASIE

Besettingspersentasie verwys na die aantal ooie gelam uit die aantal ooie gepaar. Volgens Terblanche (1987 : 148) gaan dit dus nie soseer oor die lammers wat gebore is nie, maar oor die aantal ooie wat gelam het. Die besettingspersentasie kan dus nie meer as 100 persent wees nie en deur die besettingspersentasie van 100 af te trek, word die persentasie ooie wat oorgeslaan het, verkry. Ondersoek is ingestel na die getal ooie gepaar tydens die paarseisoen wat hierdie studie voorafgegaan het en die getal van hierdie ooie wat nie gelam het nie. Die getal asook die persentasie ooie gelam uit ooie gepaar is voorts bereken (Vraag 336 en 337, bylaag A). Laasgenoemde kan as die besettingspersentasie beskou word. Die bevindinge word in Tabel 10.1 aangetoon.

Die gegewens in Tabel 10.1 dui daarop dat die besettingspersentasie van dorperooie in die geval van 63,9 persent van die respondente hoër as 90 persent was. Opvallend is dat in die Calvinia-voorligtingswyk hierdie waarde so hoog as 86,9 persent van die respondente was. Slegs in die geval van 15,4 persent van die respondente was die besettingspersentasie minder as 85 persent (Tabel 10.1).

Tabel 10.1 Besettingspersentasie van dorperooie volgens die gegewens van dorperboere, 1990

Besettings- persentasie kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL i = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 80		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤80	0	0,0	9	15,0	3	12,5	0	0,0	12	9,2
81-85	0	0,0	4	6,7	1	4,2	3	13,0	8	6,2
86-90	3	13,0	13	21,7	5	20,8	6	26,1	27	20,8
91-95	7	30,4	13	21,7	5	20,8	5	21,7	30	23,1
>95	13	56,5	21	36,0	10	41,7	9	39,1	63	40,8
TOTAAL	23	100	80	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	95		90,4		92,3		92,4		91,9	

*P = 0,0703 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

Die gemiddelde besettingspersentasie (Tabel 10.1) was 91,9 persent, wat as goed bestempel kan word. Dit volg dus dat die reproduksieverlies (in terme van ooie gepaar, maar nie gelam) tot by lamtyd - veroorsaak deur oorlaanooie en aborsies - 8,1 persent beloop. Cloete en De Villiers (1987 : 4) het 'n gemiddelde besettingspersentasie van 89 persent vir die Nortierdorperkudde bevind. Die bevindinge van hierdie ondersoek vergelyk dus baie gunstig daarmee.

Die bevindinge ten opsigte van die besettingspersentasie moet gesien word teen die agtergrond van die bevindinge wat betref die teeliseisoene deur dorperboere toegepas en soos voorgestel in Tabel 8.2.

Die bevindinge in Tabel 10.1 word grafies in Figuur 10.1 voorgestel.

Die gegewens in Figuur 10.1 vertoon, met 40,8 persent respondente wat baie goed presteer, assimetries en is skeef na regs. Dit impliseer dat 'n relatief hoë besettingspersentasie redelik maklik deur dorperboere in hul oikuddes behaal kan word.




FIG. 10.1 DORPERBOERE VOLGENS BESETTINGSPERSENTASIEKATEGORIEë UITGEËEELD, 1990 [N=130]

10.2.2 FEKUNDITEIT

Fekunditeit is die term wat gebruik word om die aantal lammers gebore per 100 ooie gelam aan te dui en hou dus verband met meerlinggeboortes. Dit word dikwels met lamperentasie verwar deurdat foutief geglo word dat lamperentasie verwys na die aantal lammers gebore as persentasie van die ooie gelam.

In hierdie studie is die fekunditeit van elke respondent se dorperkudde nie afsonderlik bepaal nie, maar wel die gemiddelde fekunditeit vir alle dorperooie betrokke by hierdie opname. Dit is gedoen aan die hand van die totale hoeveelheid lammers gebore (Vraag 168, Bylaag A) per totale hoeveelheid ooie gelam (Vraag 336, Bylaag A).

Totale hoeveelheid lammers gebore = 134 941

Totale hoeveelheid ooie gelam = 115 314

Fekunditeit = 1,17

Uit 'n totaal van 115 314 ooie wat gelam het, is 134 941 lammers gebore wat 'n fekunditeit van 1,17 verteenwoordig. 'n Fekunditeit van 1,17 impliseer dat vir elke 100 dorperooie wat gelam het, daar 117 lammers gebore is. In hierdie geval sou dit beteken dat bykans 17 persent van die ooie tweeling geproduseer het indien die drieling buite rekening gelaat word. Hierdie syfer mag baie indrukwekkend lyk, maar is egter nogtans heelwat laer as bevindinge deur Cloete en De Villiers (1987 : 8) naamlik dat in die Nortierdorperkudde daar 158 lammers gebore is vir elke 100 ooie gepaar. Laasgenoemde impliseer 'n fekunditeit van 1,58. As die 2,2 persent van die ooie wat drieling gehad het in berekening gebring word, beteken dit dat ongeveer 52 persent van die ooie tweeling gehad het.

Die vraag ontstaan of dorperboere daarin belangstel om die fekunditeit van 1,17 verder te verhoog? Die feit dat dorperboere 'n relatief hoë waarde heg aan die gebruik van meerlingramme (Tabel 6.18) asook die seleksie van vervangingsooie uit die meerlinge (Tabel 6.19) as bydraende faktore tot 'n verhoging van die reproduksie van 'n kudde, beteken nog nie dat sodanige praktyke algemeen deur die dorperboere toegepas word nie. Die bevindinge soos aangebied in Tabelle 6.15 en 6.17, naamlik dat slegs 57,7 persent van die respondente meerlinge verwelkom en dat slegs 3,1 persent van die respondente meerlingooie sowel as hul lammers effektief merk, bevestig dat sodanige praktyke nie algemeen toegepas word nie.

Die belangrikste redes waarom meerlinge nie verwelkom word nie, is reeds in Tabel 6.16 aangetoon. Daar is dus sekere definitiewe hindernisse wat daartoe aanleiding gee dat dorperboere nie daarin belangstel om die fekunditeit van hul kuddes te verhoog nie. Tensy hierdie geïdentifiseerde hindernisse aangespreek word, sal enige voorligtingkundige program gemik op 'n verhoging in die fekunditeit van 'n kudde, nie veel hoop op sukses hê nie.

10.2.3 LAMPERSENTASIE

Lampersentasie word gedefinieer as die aantal lammers gebore uit elke 100 ooie gepaar. Per definisie volg dit dus dat reproduksieverliese, in terme van

ooie wat oorlaan of aborteer tot en met lamtyd, 'n belangrike negatiewe invloed op lampersentasie sal hê. 'n Hoë fekunditeit kan weer 'n belangrike positiewe bydrae tot 'n verhoging in die lampersentasie lewer.

Speenpersentasie (lammers gespeen per 100 ooie gepaar) is egter die grootste enkele faktor wat die winsgewindheid van 'n skaapboerdery bepaal (Coetzee, 1991 : 12). Lampersentasie, tesame met perinatale lamvrektes, bepaal die speenpersentasie en daarom kan die belang van 'n hoë lampersentasie se bydrae tot 'n hoë speenpersentasie nie onderskat word nie.

Vir die doel van hierdie ondersoek is lampersentasie (uitgedruk as lammers gebore per 100 ooie gepaar) gebaseer op die volgende inligting bepaal:

- Lampersentasie volgens die gegewens van die boer wat betref die aantal ooie gepaar en die aantal lammers gebore.
- Lampersentasie volgens die aantal ooie gepaar en die aantal lammers gebore volgens die boer se persepsie van die aantal meerlinggeboortes.

Vir die doel van hierdie studie, sal eersgenoemde as norm gebruik word. Die ondersoek is juis geskeduleer om plaas te vind so spoedig moontlik na affloop van speentyd in die geval van die meeste boere. Daardeur is sover moontlik verseker dat die inligting wat ten opsigte van die reproduksieresultate ingesamel word nog vars in die geheue van dorperboere is.

Die bevindinge ten opsigte van die lampersentasies volgens die gegewens van die boer ten opsigte van die aantal ooie gepaar en die aantal lammers gebore word in Tabel 10.2 aangetoon.

Tabel 10.2 Lampersentasie volgens die gegewens van dorperboere, 1990

Lampersentasie kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤90	0	0,0	5	8,3	3	12,5	1	4,3	9	6,9
81-95	1	4,3	15	25,0	6	25,0	11	47,8	33	25,4
96-110	8	34,8	24	40,0	6	25,0	3	13,0	41	31,5
111-125	10	43,5	13	21,7	5	20,8	7	30,4	35	26,9
> 125	4	17,4	3	5,0	4	16,7	1	4,3	12	9,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	112,3		101,4		104,4		100,9		103,8	

*P = 0,0284 : KBV (P = 0,05) = Betekenisvolle verskille

Vanuit die gegewens in Tabel 10.2 is dit duidelik dat in die geval van 60,9 persent van respondente in die Calvinia-voorligtingswyk 'n lampersentasie van meer as 110 persent by die dorperooie behaal is. Die ooreenstemmende syfer vir die drie ander voorligtingswyke wissel tussen 26,7 persent (Kenhardt) en 37,5 persent (Carnarvon). Hierteenoor was die lampersentasie by slegs 4,3 persent van die respondente in die Calvinia-voorligtingswyk laer as 96 persent in vergelyking met 52,1 persent in die Prieska-voorligtingswyk. Die gemiddelde lampersentasie in die Calvinia-voorligtingswyk is dus betekenisvol hoër (P = 0,0284) as in die ander drie voorligtingswyke.

In sekere dele van die Calvinia-voorligtingswyk bestaan die gebruik om sekere tye van die jaar met die diere agter beter weiveld aan te trek. 'n Hele aantal van die respondente in die Loeriesfontein omgewing beskik oor toegang tot weiding in beide die winter- en somerreënvalgebiede. Beter voedingstoestande tydens paring en dragtigheid asook 180 dae voor paring mag lei tot die hoër lampersentasies in die Calvinia-voorligtingswyk.

Cloete en De Villiers (1987 : 8) het 'n gemiddelde lampersentasie (lammers gebore per 100 ooie gepaar) van 140 persent gevind by Nortier in 'n eksperimentele dorperkudde onder ekstensiewe toestande. Gemeet teen die bevindinge van 103,8 persent (Tabel 10.2) in hierdie ondersoek, kan dié van

Cloete en De Villiers dus as 'n besondere hoë lampersentasie bestempel word. Die bevindinge van hierdie studie verteenwoordig egter die lampersentasie van 156 808 ooie terwyl die bevindinge van Cloete en De Villiers ten opsigte van die ooie in 'n enkele kudde is (95 ooie).

Die bevindinge van Tabel 10.2 word grafies in Figuur 10.2 voorgestel.




FIG. 10.2 DORPERBOERE VOLGENS LAMPERSENTASIEKATEGORIEË UITGEBEELD, 1990 [N=130]

In Figuur 10.2 weerspieël die gegewens ten opsigte van lampersentasie (Tabel 10.2) 'n normale verspreidingskurwe. Die lampersentasie is in die geval van die meeste respondente (31,5 persent) in die kategorie 96-110 persent.

Die bevindinge ten opsigte van die lampersentasie, volgens die respondente se persepsie van die aantal meerlinggeboortes, word in Tabel 10.3 aangetoon.

Tabel 10.3 Lampersentasie ooreenkomstig dorperboere se persepsie van die aantal meerlinggeboortes, 1990

Lampersentasie kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤ 105	1	4,3	10	16,7	6	25,0	3	13,0	20	15,4
106-110	1	4,3	21	35,0	4	16,7	10	43,5	36	27,7
111-115	6	26,1	9	15,0	6	25,0	1	4,3	22	16,9
116-120	4	17,4	10	16,7	2	8,3	7	30,4	23	17,7
121-125	6	26,1	1	1,7	1	4,2	0	0,0	8	6,2
> 125	5	21,7	9	15,0	5	20,8	2	8,7	21	16,2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	120,9		114,5		115,9		114,1		115,8	

*P = 0,0392 : KBV (P = 0,05) = Betekenisvolle verskille

'n Ontleding van die data (Tabel 10.3) toon dat daar betekenisvolle verskille (P = 0,0392) tussen die verskillende voorligtingswyke voorkom. Die gemiddelde in die Calvinia-voorligtingswyk (120,9 persent, Tabel 10.3) is betekenisvol hoër (P = 0,0392) as dié in Kenhardt en Prieska (114,5 en 114,1 persent onderskeidelik, Tabel 10.3).

Aangesien hierdie lampersentasies gebaseer is op die respondente se persepsies van die aantal meerlinggeboortes kan 'n verklaring vir bogenoemde verskille nie sonder meer gegee word nie. Dit mag wees dat die respondente in die Calvinia-voorligtingswyk die persentasie meerlinggeboortes oorskot het relatief tot die respondente in die Kenhardt- en Prieska-voorligtingswyke. 'n Ander moontlikheid mag wees dat die gemiddelde lampersentasie in die Calvinia-voorligtingswyk werklik so hoog is.

Indien egter na die bevindinge van Tabel 10.2 gekyk word, blyk dit dat die lampersentasie (volgens die respondente se gegewens) in die Calvinia-voorligtingswyk wel betekenisvol hoër (P = 0,0284) is as dié in veral die Kenhardt- en Prieska-voorligtingswyke.

Die gemiddelde lampersentasie van 115,8 persent (Tabel 10.3) wat bereken is volgens genoemde definisie, is aansienlik hoër as die lampersentasie gebaseer op die respondente se gegewens (103,8 persent, Tabel 10.2).

Drie moontlike verklarings vir die groot verskil in die lampersentasie wat volgens die verskillende berekeningsbasisse verkry is, kan aangebied word.

Die eerste moontlikheid is dat die respondente die aantal meerlinggeboortes heeltemal oorskat. Gesien teen die agtergrond van die volgende bevindinge blyk dit heel moontlik te wees dat slegs:

- 13,1 persent van die respondente tydens lamtyd daaglik toesig hou (Tabel 7.10);
- 37,7 persent van die respondente ooie met meerlinge van ooie met enkelinge skei (Tabel 7.9) en
- 3,1 persent van die respondente alle ooie met meerlinge en hul lammers onder streng toesig identifiseer en ook sulke lammers effektief merk (Tabel 6.17).

'n Tweede moontlikheid is dat die lampersentasie, bereken volgens die gegewens van die respondente, te laag is. In 'n ondersoek na die doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd is gevind dat slegs 13,1 persent (Tabel 7.10) van die respondente daaglikse inspeksies van lammerooie doen. Die vraag kan tereg gevra word of die respondente nie eers van die aantal lammers gebore kennis neem teen die tyd dat lammers gemerk word nie? In so 'n situasie is die aantal lammers wat tot op daardie stadium gevrek het onbekend en sal die getal lammers noodwendig 'n laer lampersentasie reflekteer. Hierdie vermoede word versterk deur die bevindinge dat die gemiddelde speenpersentasie (volgens die respondente se gegewens) in hierdie opname 98,8 persent (Tabel 10.8) was. Indien hierdie waarde met die lampersentasie volgens respondente se gegewens in verband gebring word (103,8 persent, Tabel 10.2), dui dit op 'n lammortaliteit van slegs vyf persent vanaf geboorte tot speen.

Verskillende navorsers gee verskillende syfers ten opsigte van lammortaliteite aan. Dit varieer van 25 persent in Nieu Suid-Wallis (Haughey, 1985 : 81), 20 persent in Australië (McGuirk, 1982 : 23) en 15 persent by Merino's in die Republiek van Suid-Afrika volgens Louw (1970 - soos aangehaal deur Brand, Cloete & De Villiers, 1985 : 155). Volgens De Wet, Schneider, Herbst, Coetzee, De Villiers, Fourie, Cronjé & Cloete, 1990 : 1) varieer lamvrektes in die Winterreënstreek tussen 9 en 41 persent. Die akkuraatheid van 'n waarde van vyf persent vir lammortaliteit, soos hierbo aangetoon, kan dus ernstig bevraagteken word.

Die derde en mees waarskynlike verklaring is dat die groot verskil te wyte is aan 'n kombinasie van genoemde moontlikhede, naamlik dat die aantal meerlinggeboortes oorskakel en die aantal lamvrektes onderskat word.

Dit wil voorkom asof die lampersentasie, soos gebaseer op die respondente se gegewens (Tabel 10.2) 'n getrouer weerspieëling van die ware toedrag van sake is as die lampersentasie bereken volgens die respondente se persepsie van die aantal meerlinggeboortes (Tabel 10.3).

10.2.3.1 DIE VERWANTSKAP VAN LAMPERSENTASIE MET DIE BELANGRIKSTE PERSOONLIKE, SOSIO-EKONOMIESE EN SOSIO-PSIGOLOGIESE VERANDERLIKES

In hierdie ondersoek is die lampersentasie, soos bereken volgens die respondente se gegewens, geneem as 'n doeltreffendheidsmaatstaf. Ten einde die interverwantskap tussen lampersentasie (as afhanklike veranderlike) en die persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes te bepaal, is 'n korrelasiematriks gekonstrueer. Die gegewens word in Tabel 10.4 aangetoon.

Die bevindinge, soos voorgestel in Tabel 10.4, dui daarop dat die lampersentasie betekenisvol gekorreleerd ($P < 0,001$) is met die nagestreefde lampersentasie.

Dit mag daarop dui dat 'n hoër nagestreefde lampersentasie tot 'n hoër lampersentasie in die praktyk deurwerk. 'n Hoër strewe dwing dus

Tabel 10.4 (Vervolg)

	34	35	36	37	38	39	40	41	42	43	44	45	46	47	48	49	50	51	52	
1																				
2																				
3																				
4																				
5																				
6																				
7																				
8																				
9																				
10																				
11																				
12																				
13																				
14																				
15																				
16																				
17																				
18																				
19																				
20																				
21																				
22																				
23																				
24																				
25																				
26																				
27																				
28																				
29																				
30																				
31																				
32																				
33																				
34	1,000																			
35	0,1796*	1,000																		
36	0,13117	0,21270	1,000																	
37	0,2067*	0,16380	0,00404***	1,000																
38	0,00006	0,10071*	0,00363	0,13000	1,000															
39	0,20017**	0,01200	0,10040*	0,20100**	0,2010**	1,000														
40	-0,11204	0,12042	-0,00477	-0,12046	0,01700	-0,21700**	1,000													
41	-0,00147	0,00001	0,11420	0,10000*	0,20000*	0,20000**	-0,01000	1,000												
42	0,00047	0,00000	0,20120**	0,20000***	0,20004**	-0,00043	0,10421	0,20404**	1,000											
43	0,17003	0,00007	0,14300	0,11004	0,0007	0,10701	0,10741	-0,01472	0,10074*	1,000										
44	0,0000	0,00074	-0,00000	0,00720	0,0000***	0,10040*	-0,00400	0,20010*	0,20007**	0,00070	1,000									
45	0,00002	0,10070	0,2072**	0,12047	0,00700	-0,00000	0,21071*	-0,00042	0,00004	-0,0100	-0,00000	1,000								
46	0,0001	0,00734	-0,00000	-0,00000	0,00007	0,00000	-0,00072	-0,20000*	-0,00041	-0,01000	0,00712	0,40000***	1,000							
47	0,00000	0,10001*	0,00002	0,00000	0,00000	0,00001	0,0070	-0,10040*	0,10000	0,20400***	0,00000	0,20000**	0,20007**	1,000						
48	0,10004*	0,12101	0,00070	0,00770	0,10040	0,1000	0,0011	-0,10070*	0,20070**	0,10010*	0,14300	0,2004**	0,20000**	0,20070***	1,000					
49	0,07000	0,00047	0,01000	0,10000	0,40071***	0,10000	0,300	-0,01000	0,20000**	0,20004**	0,27344**	0,00000	0,0720	0,2001***	1,000					
50	0,00010	0,00040	0,14004	0,14001	0,20000*	0,17000*	0,00000	0,07007	0,20070**	0,27300**	0,10007	0,21000**	0,20000**	0,40100***	0,20010**	1,000				
51	0,12740	0,21300*	0,01000	-0,01074	0,17310*	0,10772	0,01071	-0,00110	0,12004	0,20004***	0,00014	0,10074*	0,20010**	0,20040***	0,40000***	0,20704***	1,000			
52	0,0000	0,00044	0,1300	0,00700	-0,00000	0,10004	0,00000	-0,00707	0,07700	0,10070	-0,20000	0,4004***	0,21007**	0,30000**	0,20001**	0,2000*	0,20000***	0,4004***	1,000	

Betekenisvolle korrelaties: P < 0,001 = ***
 0,001 < P < 0,01 = **
 0,01 < P < 0,05 = *

eintlik die respondent om sy/haar doeltreffendheid te verhoog of verbeterde praktyke te aanvaar ten einde die hoër strewe te bereik.

'n Ander moontlikheid is dat die hoër nagestreefde lampersentasie daartoe lei dat 'n respondent sy/haar subjektief gepersipieerde lampersentasie oorwaardeer. Sodoende sal laasgenoemde lampersentasie meer na die nagestreefde lampersentasie neig en verder wegbeweeg van die werklike lampersentasie.

Ten tye van die opname is gepoog om te verseker dat die data wat ten opsigte van die lampersentasie ingesamel word so betroubaar as moontlik is. In gevalle waar respondente egter nie oor betroubare gegewens in hierdie verband beskik het nie verteenwoordig die lampersentasie soos bepaal volgens die gegewens in werklikheid 'n subjektief gepersipieerde lampersentasie.

Die lampersentasie volgens die gegewens is verder betekenisvol gekorreleerd ($0,001 < P < 0,01$) met die jare selfstandige boerdery-ondervinding wat die respondente spesifiek met dorperskape het (Tabel 10.4). Dit wys daarop dat die belang van praktiese ondervinding nie onderskat kan word nie. Laasgenoemde word verder bevestig deur die bevindinge dat lampersentasie verder ook betekenisvol gekorreleerd ($0,01 < P < 0,05$) is met die jare selfstandige boerdery-ondervinding waaroor respondente beskik.

Betekenisvolle korrelasies ($0,001 < P < 0,01$) word ook gevind met die respondente se persepsie wat betref die doeltreffendheid van rekordhouding wat met dorperskaapboerdery verband hou. Die belang van goeie rekordhouding word verder bevestig deur die bevindinge dat daar 'n betekenisvolle verwantskap ($0,01 < P < 0,05$) is tussen lampersentasie aan die een kant en die doeltreffendheid van rekordhouding wat met dorperskaapboerdery verband hou soos gepersipieer deur die opnemers.

Lampersentasie is verder betekenisvol gekorreleerd met onderskeidelik die gepersipieerde doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd ($0,001 < P < 0,01$) en die respondente se aanslag vir die belang van die gebruik van meerlingramme om vrugbaarheid te verhoog ($0,01 < P < 0,05$).

10.2.3.2 DIE RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN PERSOONLIKE, SOSIO-EKONOMIESE EN SOSIO-PSIGOLOGIESE VERANDERLIKES OP DIE LAMPERSENTASIE

De Klerk (1982 : 6 - aangehaal deur Terblanche, 1987 : 58) bevind "dat ontledings wat nie interverwantskappe of multi-kollineariteit in aanmerking neem nie, waarskynlik 'n verkeerde beeld gee van verwantskappe en veral die invloedsamehang tussen veranderlikes, en beklemtoon die feit dat die teenwoordigheid van multi-kollineariteit tot verkeerde afleidings kan lei en dat verkieslik van parsieële korrelasies gebruik gemaak moet word."

Alhoewel die verwantskap van lampersentasie met die belangrikste persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes reeds ondersoek is (Tabel 10.4), is die relatiewe belangrikheid daarvan nog nie bepaal nie.

Om hierdie rede is 'n meervoudige stapsgewyse regressie-ontleding gedoen. Hiervolgens is lampersentasie (as 'n afhanklike veranderlike) teen sekere van die persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes (wat as onafhanklike veranderlikes 'n invloed daarop kan uitoefen) opgeweeg in die opnamegebied as geheel, maar ook in die vier voorligtingswyke afsonderlik. Die persepsies van respondente oor 'n wye reeks aspekte wat met dorperskaapboerdery verband hou, is ook in die regressie-ontledings ingesluit. Die gegewens in hierdie verband word in Tabel 10.5 aangetoon.

Ten opsigte van die hele opnamegebied verklaar die vier belangrikste veranderlikes gesamentlik 71,94 persent van die variasie in die lampersentasie (Tabel 10.5). Die persentasie lammers wat gevrek het volgens respondente se persepsie van die aantal meerlingeboortes, verklaar 57,21 persent van die variasie in lampersentasie.

Die vier belangrikste onafhanklike veranderlikes se gesamentlike verklaring van die variansie varieer van 77,09 tot 85,72 persent .n die Calvinia- en Carnarvon-voorligtingswyke onderskeidelik (Tabel 10.5).

TABEL 10.5

Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes op die lampersentasie van die hele opnamegebied en die vier voorligtingewyke, 1990

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid		Regressie- koeffisiënt	Residuele standaard fout	Parasie R ² (%)	Versteide R ² (%)
<u>Opnamegebied</u>					
O.	Konstant	74,870	6,321		
1.	Persentasie lammers gevrek volgens persepsie van meer- linggeboortes	-0,981	0,068	57,21	57,21
2.	Geperspieerde lampersentasie	0,206	0,054	9,65	66,86
3.	Persentasie lammers gevrek volgens respondente se persepsie	0,638	0,176	2,73	69,59
4.	Nagestreefde lampersentasie	0,158	0,049	2,35	71,94
<u>Galvinia</u>					
O.	Konstant	109,965			
1.	Persentasie lammers gevrek volgens persepsie van meer- linggeboortes	-0,880	0,143	62,82	62,82
2.	Respondente se kennis wat betref die belang van 'n hoë lampersentasie	5,690	1,611	14,28	77,09
<u>Kenhardt</u>					
O.	Konstant	65,528	10,030		
1.	Persentasie lammers gevrek volgens persepsie van meer- linggeboortes	-0,985	0,102	64,52	64,52
2.	Speenpersentasie volgens respondente se persepsie	0,208	0,072	8,03	72,56
3.	Persentasie lammers gevrek volgens respondente se persepsie	0,773	0,251	3,99	75,55
4.	Respondente se nagestreefde lampersentasie	0,152	0,063	1,69	78,23

TABEL 10.5 (Vervolg)

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid		Regressie- koëffisiënt	Residuele standaard fout	Parasiele R ² (%)	Versteelde R ² (%)
<u>Carnarvon</u>					
0.	Konstant	142,204	17,871		
1.	Persentasie lammers gevrek volgens persepsie van meer- linggeboortes	-1,501	0,245	62,58	62,58
2.	Respondente se kennis wat betref die belang van 'n hoë lampersentasie	-9,081	2,715	12,29	74,87
3.	Respondente se aanslag vir die toestand van hul natuurlike weiveld	-4,069	1,617	7,47	82,35
4.	Gepersipeerde lampersentasie	0,205	0,097	3,38	85,72
<u>Prieska</u>					
0.	Konstant	27,127	3,861		
1.	Gepersipeerde lampersentasie		0,034	31,74	31,74
2.	Bydrae van 'n definieewe paarseisoen tot die vrug- baarheid van 'n kudde	4,160	0,165	23,66	55,40
3.	Respondente se aanslag vir doeltreffendheid van prik- kelvoeding van oole	-4,51	0,417	15,32	70,72
4.	Aanslag vir koöperasie-amptenare se doeltreffendheid as inligtingebru..	2,016	0,283	9,42	80,14

Die persentasie lammers gevrek volgens die persepsie van die aantal meerlinggeboortes verklaar 57,21 persent van die variansie in lamper-sentasie in die hele opnamegebied. Bogenoemde is as 'n onafhanklike veranderlike beskou aangesien die lammortaliteite op 'n persepsie van die aantal meerlinggeboortes gebaseer is. Ten opsigte van die individuele voorligtingswyke verklaar hierdie veranderlike tot soveel as 64,52 persent van die variansie in die Kenhardtvoorligtingswyk.

In die geval van die Prieska-voorligtingswyk verklaar die respondente se persepsie wat betref die bydrae wat die toepassing van 'n definitiewe paarseisoen tot 'n verhoging in die vrugbaarheid van 'n kudde maak 23,66 persent van die variansie. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat 'n relatief hoë aanslag vir bogenoemde nie noodwendig in die praktyk uitkristalliseer nie.

10.2.3.3 DIE VERWANTSKAP VAN LAMPERSENTASIE MET DIE BELANGRIKSTE BIOLOGIES-TEGNIESE VERANDERLIKES

Die bevindinge ten opsigte van 'n korrelasiematriks wat gekonstrueer is om die interverwantskappe tussen lamper-sentasie en die belangrikste biologies-tegniese aan te toon, word in Tabel 10.6 aangetoon.

Dit blyk dat daar 'n betekenisvolle ($0,01 < P < 0,05$) verwantskap bestaan tussen die lamper-sentasie as afhanklike veranderlike en die metodes wat dorperboere toepas om te verseker dat hul jongooie beset word (Tabel 10.6). Indien 'n hoër lamper-sentasie nagestreef word, is dit dus belangrik dat definitiewe pogings aangewend moet word om te verseker dat die jongooie beset word. Praktyke soos afsonderlike paring van jongooie met meer en ook meer ervare ramme vir 'n langer periode asook prikkelvoeding kan 'n belangrike bydrae in hierdie verband lewer.

Betekenisvolle verwantskappe ($0,01 < P < 0,05$) tussen die lamper-sentasie aan die een kant en die skeiding van ooie met enkelinge en meerlinge asook die toesig-houding tydens lamtyd aan die ander kant is ook gevind (Tabel 10.6). Indien ooie met meerlinge sowel as hul

Tabel 10.6 (Nervolg)

	27	28	29	30	31	32	33	34	35	36	37	38	39	40
1														
2														
3														
4														
5														
6														
7														
8														
9														
10														
11														
12														
13														
14														
15														
16														
17														
18														
19														
20														
21														
22														
23														
24														
25														
26														
27	1													
28	0,13143	1												
29	0,12866	0,3675***	1											
30	0,29771**	0,26681	0,06646	1										
31	0,28011**	0,26746**	0,31262**	0,25516**	1									
32	0,16476	0,27447**	0,26866***	0,26646**	0,26646**	1								
33	0,08682	-0,16681	-0,08482	0,08682	-0,08682	-0,08682	1							
34	-0,16687*	-0,26757*	0,04488	-0,11732	-0,02164	0,44481***	0,44481***	1						
35	-0,08689	0,16646	0,04481	0,04487	-0,07127	0,04681	0,04681	0,26611**	1					
36	0,16666*	0,06666	0,06666	0,12612	0,02616	0,02616	0,02616	0,02616	0,02616	1				
37	-0,07681	-0,17687*	-0,07682	0,06688	0,11688	-0,07687	-0,07687	-0,07687	-0,07687	-0,07687	1			
38	0,26772*	0,26774*	0,11688	0,14488	0,14488	0,14488	0,14488	0,26773	0,26773	0,26773	0,26773	1		
39	-0,16813	-0,11688	-0,04488	-0,26687*	0,06688	-0,16827	-0,16827	0,06684	0,06684	-0,16827	-0,16827	-0,16827	1	
40														1

Betekenisvolle korrelaties: P < 0,001 = ***
 0,001 < P < 0,01 = **
 0,01 < P < 0,05 = *

lammers doeltreffend van die ooie met enkelinge en hul lammers geskei word, ontstaan daar 'n gunstige situasie vir die seleksie van vervangingsooie en kudderamme uit die meerlinge.

10.2.3.4 DIE RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN BIOLOGIES-TEGNIËSE VERANDERLIKES OP DIE LAMPERSENTASIE

In die geval van die biologies-tegniese veranderlikes is ook 'n meer-voudige stapsgewyse regressie-ontleding gedoen ten einde relatiewe belangrikheid van die onderskeie veranderlikes te bepaal. Die bevindinge word in Tabel 10.7 aangetoon.

Dit blyk dat die twee belangrikste veranderlikes 31,30 persent van die variansie in lampersentasie in die hele opnamegebied verklaar (Tabel 10.7). In hierdie verband speel die aantal ooie gepaar en die doeltreffendheid van immunisasie teen siektes die belangrikste rol.

In die Carnarvon-voorligtingswyk is daar geen veranderlikes gevind wat aan die betekenispeil ($P = 0,05$) vir inname in die model voldoen nie. Hierteenoor verklaar die vier belangrikste veranderlikes in die Calvinia-voorligtingswyk 67,39 persent van die variansie in speenpersentasie (Tabel 10.7). Dit is veral die praktyke of metodes deur die dorperboere toegepas om te verseker dat die jongooie beset word wat 'n belangrike bydrae lewer (26,65 persent). Die aantal ooie gepaar verklaar onderskeidelik 16,88 en 19,90 persent van die variansie in lampersentasie in die Calvinia- en Kenhardt-voorligtingswyke respektiewelik.

10.2.4 SPEENPERSENTASIES

Volgens Coetzee (1991 : 12) is speenpersentasie die grootste enkele faktor wat die winsgewindheid van 'n skaapboerdery bepaal. Dit is terselfdertyd een van die belangrikste ekonomiese maatstawwe waaraan die doeltreffendheid van skaapboerdery gemeet kan word. Ten einde speenpersentasie as ekonomies verantwoordbare kriterium na vore te laat tree, is 'n hoë lampersentasie egter 'n noodsaaklike voorvereiste (Terblanche, 1987 : 179).

TABEL 10.7 Meervoudige stapagewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) biologies-tegniese veranderlikes op die lampercentasie in die hele opnamegebied en die vier voortligtingswyke, 1990

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid		Regressie- koëffisiënt	Residuele standaard fout	Parsiele R^2 (%)	Versteelde R^2 (%)
<u>Opnamegebied</u>					
0.	Konstant	99,316	2,315		
1.	Aantal ooie gepaar	-0,082	0,006	29,28	29,28
2.	Doeltreffendheid van immunisasie	1,946	0,738	2,02	31,30
<u>Calvinia</u>					
0.	Konstant	97,963	4,420		
1.	Metodes om te verseker dat jong ooie beset raak	1,680	4,366	26,65	26,65
2.	Aantal ooie gepaar	-0,093	0,012	16,88	43,13
3.	Aantal ooie gepaar maar nie gelam	-0,113	0,040	14,87	58,00
4.	Immunisasie teen bloednier	12,001	3,148	9,37	67,39
<u>Kenhardt</u>					
0.	Konstant	89,664	4,892		
1.	Aantal ooie gepaar	-0,091	0,010	19,90	19,90
2.	Aantal ooie gepaar maar nie gelam	-0,119	0,023	16,85	43,53
3.	Doeltreffendheid van immunisasie	3,958	1,166	6,38	49,91
4.	Paarpraktyk toegepas	3,597	1,784	2,60	52,21

TABEL 10.7 (VERVOLG)

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid

Camaron

Geen veranderlike het aan die $P = 0,05$ betekenispeil vir inname in die model voldoen nie

Prieska

Konstant

Toesighouding tydens lamtyd

	Regressie- koeffisiënt	Residuele standaard fout	Parasiele R^2 (%)	Versteelde R^2 (%)
Konstant	78,125	10,399		
Toesighouding tydens lamtyd	11,625	5,117	19,73	19,73

'n Verhoogde lampersentasie help egter weining indien dit met swak bestuur tot niet gemaak word (Coetzee, 1986 : 6). Speenpersentasie kan volgens Terblanche (1987 : 179) op die volgende wyses uitgebeeld word:

Lammers gespeen as persentasie van:

- ooie gepaar;
- ooie beskikbaar tydens paartyd;
- ooie gelam en
- lammers gebore.

In hierdie studie word speenpersentasie bereken in terme van die aantal lammers gespeen per 100 ooie gepaar. Geeneen van die ander berekeningsbasisse is in hierdie ondersoek gebruik nie.

Die speenpersentasie is ondersoek en die gegewens word in Tabel 10.8 aangetoon.

Tabel 10.8 Speenpersentasies van dorperooie volgens die gegewens van dorperboere, 1990

Speenpersentasie kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤80	0	0,0	8	13,3	5	20,8	3	13,0	16	12,3
81-95	8	34,8	17	28,3	6	25,0	11	47,8	42	32,3
96-110	5	21,7	26	43,3	7	29,2	3	13,0	41	31,5
111-125	9	39,1	8	13,3	4	16,7	6	26,1	27	20,8
>125	1	4,3	1	1,7	2	8,3	0	0,0	4	3,1
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	106,7		96,8		100,1		94,8		98,8	

*P = 0,0375 : KBV (P = 0,05) = betekenisvol

Die gemiddelde speenpersentasie varieer van 94,8 in Prieska- tot 106,7 persent in die Calvinia-voorligtingswyk (Tabel 10.8). Die speenpersentasie in die Calvinia-voorligtingswyk is betekenisvol hoër ($P = 0,0375$, Tabel 10.8) as dié in Kenhardt en Prieska. Dit kan teruggevoer word na die bevindinge ten opsigte van lampersentasie soos voorgestel in Tabel 10.2.

Die bevindinge toon verder dat die respondente gemiddeld 98,8 lammers gespeen het vir elke 100 ooie wat gepaar is (Tabel 10.8) Hierteenoor het Cloete en De Villiers (1987 : 8) 'n gemiddelde speenpersentasie van 130 persent in die Nortier-dorperkudde bevind. Laasgenoemde kan as besonder hoog beskou word indien dit met die bevindinge van hierdie studie vergelyk word. Die hoë speenpersentasie, soos deur Cloete en De Villiers bevind, kan aan 'n verskeidenheid van faktore of redes toegeskryf word, soos byvoorbeeld goeie bestuur, 'n klein groepie ooie of relatief min tweetand-ooie tydens paring.

Dit is opvallend dat die speenpersentasies in Calvinia-voorligtingswyk in die geval van 43,4 persent van die respondente hoër as 110 persent was (Tabel 10.8). Hierdie waarde kan as baie goed beskou word en dit kan teruggevoer word na die relatief hoë lampersentasie (112,3 persent, Tabel 10.2) wat hulle behaal het.

Die bevindinge van Tabel 10.8 ten opsigte van die speenpersentasie word grafies in Figuur 10.3 voorgestel.

Figuur 10.3 dui op 'n redelik normale verspreiding, met min respondente in die baie swak (≤ 80 persent) en baie goed (> 125 persent) kategorieë. By die meeste van die respondente was die speenpersentasie tussen 81 en 125 persent.

Terblanche (1987 : 181) het in 'n ondersoek na die angorabokbedryf 'n betekenisvolle verwantskap tussen speenpersentasie en seleksie vir vrugbaarheid by ooie ($P < 0,001$), persentasie ooie gelam uit ooie gepaar ($P < 0,001$) en seleksie vir moederseienskappe ($P < 0,01$) gevind. Die persentasie lammers gebore uit die ooie gepaar het ook 'n hoogs betekenisvolle verwantskap ($P < 0,001$) met speenpersentasie getoon. Dit impliseer dat die boer wat 'n hoë speenpersentasie nastreef, daarop ingestel

moet wees om teen swak moederseienskappe en corslaanooie te selekteer, sodat 'n hoë lampercentasie verkry kan word. Dit moet opgevolg word met goeie bestuur ten einde 'n hoë speenpercentasie te verkry.




FIG. 10.3 SPEENPERSENTASIE DEUR DORPERBOERE VOLGENS HUL GEGEWENS BEHAAL, 1990 [N=130]

Onderzoek is ingestel na dorperboere se persepsie van die aantal lammers gespeen per 100 ooie gepaar en die bevindinge word in Tabel 10.9 aangetoon.

Die respondente se persepsie van die speenpercentasie (Tabel 10.9) en die speenpercentasie volgens die gegewens (Tabel 10.8) toon 'n merkwaardige ooreenkoms, naamlik 99,4 persent teenoor 98,9 persent.

Hierdie bevindinge dui op een van twee moontlikhede. Die eerste moontlikheid is dat die respondente werklik bewus is van wat die speenpercentasie is. Die tweede moontlikheid is dat die respondente nie werklik bewus is van wat die lam- en speenpercentasie asook die lamvrektes is

Tabel 10.9 Speenpersentasie volgens die persepsie van dorperboere, 1990

Speenpersentasie-kategorie	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤80	1	4,3	13	21,7	4	16,7	3	13,0	21	16,2
81-95	5	21,7	17	28,3	5	20,8	10	43,5	37	28,5
96-110	5	21,7	17	28,3	7	29,2	7	30,4	36	27,7
111-125	8	34,8	11	18,3	7	29,2	3	13,0	29	22,3
> 125	4	17,4	2	3,3	1	4,2	0	0,0	7	5,4
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	109,7		97,2		98,5		95,7		99,4	

P = 0,0243 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

nie. Die gegewens ten opsigte van die lam- en speenpersentasies asook die persentasie lamvrektes word dan mentaal aangepas om met die gepersipieerde ooreen te stem.

Dit is belangrik om die bevindinge, soos aangetoon in Tabel 10.4, wat met die speenpersentasie verband hou ook hier aan te haal. Daarvolgens is 'n betekenisvolle (P < 0,001) verwantskap tussen die speenpersentasie en die nagestreefde lampersentasie bevind. Die verklaring hiervoor is heelwaarskynlik gesetel in die feit dat 'n hoër nagestreefde lampersentasie 'n dorperboer noop om sy doeltreffendheid ten opsigte van 'n wye reeks praktyke, wat die speenpersentasie beïnvloed, te verhoog.

Die speenpersentasie toon verder 'n betekenisvolle (0,01 < P < 0,05) verwantskap met die jare boerdery-ondervinding wat die respondente met dorperskape het, die respondente se persepsie wat betref die doeltreffendheid van hul rekordhouding ten opsigte van dorperskaapboerdery asook die gepersipieerde doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd (Tabel 10.4).

Doeltreffende toesighouding tydens lamtyd maak dit moontlik dat oorslaanooie en ooie met meerlinge geïdentifiseer kan word. Dit skep die geleentheid om doeltreffend teen oorslaanooie en vir meerlinge te selekteer.

Die belang van doeltreffende toesighouding word verder bevestig deur die bevindinge dat daar 'n betekenisvolle verwantskap ($0,01 < P < 0,05$) tussen speenpersentasie en die doeltreffendheid van rekordhouding, soos deur die opnemers geëvalueer, bestaan (Tabel 10.4)

'n Meervoudige stapsgewyse regressie-ontleding is gedoen ten einde die bydrae van sekere persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes tot die variansie in speenpersentasies te bepaal. Die bevindinge word in Tabel 10.10 aangetoon.

Die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) veranderlikes verklaar 77,35 persent van die variansie in speenpersentasie in die hele opnamegebied (Tabel 10.10). Die persepsie van die aantal meerlingeboortes soos herlei tot lampersentasie, verklaar 65,25 persent van die variansie in speenpersentasie.

Ten opsigte van die voorligtingswyke individueel, wissel die verklaring in variansie van 36,14 persent in Prieska tot 91,02 persent in Calvinia. In die geval van die Prieska-voorligtingswyk verklaar die respondente se aanslag vir die doeltreffendheid van rekordhouding 14,78 persent van die variansie in speenpersentasie. Dit beklemtoon weereens die invloed van doeltreffende rekordhouding op reproduksie in dorperboerdery.

Die bevindinge ten opsigte van die meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings vir die belangrikste biologies-tegniese veranderlikes op speenpersentasie word in Tabel 10.11 aangetoon.

Die bevindinge wys op die bepalende invloed van lam- op speenpersentasie. Die lampersentasie verklaar 93,27 persent van die variansie in speenpersentasie (Tabel 10.11). Dit bevestig die belang van 'n hoë lampersentasie ten einde speenpersentasie as ekonomies verantwoordbare eienskap na vore te laat tree soos deur Terblanche (1987 : 179) vereis.

TABEL 10.10 Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes op die speenpersentasie van die hele opnamegebied en die vier voortligtingswyke, 1990

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid		Regressie-koëffisiënt	Residuele standaard fout	Paralelle R ² (%)	Versteide R ² (%)
<u>Oopnamegebied</u>					
0.	Konstant	70,864	5,739		
1.	Persentasie lamms gevrek volgens persepsie van meerlinggeboortes	-0,937	0,072	65,25	65,25
2.	Gepersipeerde speenpersentasie	0,202	0,049	9,28	74,54
3.	Nagestreefde lammpersentasie	0,162	0,044	2,06	76,60
4.	Respondente se aanslag vir doeltreffendheid van Telersgenootskap as inligtingsbron	0,530	0,259	0,76	77,35
<u>Calvinia</u>					
0.	Konstant				
1.	Persentasie lamms gevrek volgens persepsie van meerlinggeboortes	-0,969	0,009	73,79	73,79
2.	Respondente se kennis vir die belang van 'n hoë lammpersentasie	5,866	0,117	10,49	84,28
3.	Aanslag vir belang van bedekking as seleksie-eienskap by ramme	-0,965	0,061	2,95	87,23
4.	Strewe om persentasie dorpers te verander	-4,337	0,092	3,79	91,02

TABEL 10.10 (Vervolg)

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid		Regressie- koeffisiënt	Residuele standaard fout	Paralele R ² (%)	Versteelde R ² (%)
<u>Kenhardt</u>					
0.	Konstant	62,792	10,331		
1.	Persentasie lammers gevrek volgens persepsie van meerlinggeboortes	-0,869	0,083	69,70	69,70
2.	Gepersipeerde speenpersentasie	0,213	0,062	7,48	77,18
3.	Nagestreefde lampersentasie	0,125	0,052	2,21	79,4
4.	Voltydse of deelydse boer	-6,852	2,113	2,00	81,40
<u>Carnarvon</u>					
0.	Konstant	3,747	0,058		
1.	Persentasie lammers gevrek volgens persepsie van meerlinggeboortes	-1,148	0,001	68,22	68,22
2.	Nagestreefde lampersentasie	0,613	0,000	12,41	80,63
3.	Aanslag vir belang van tipe in seleksie van ramme	5,013	0,003	5,73	86,35
4.	Aanslag vir belang van koggelramme om vrugbaarheid te verhoog	2,759	0,001	4,09	90,44
<u>Prieska</u>					
0.	Konstant				
1.	Respondente se aanslag vir doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd	9,221	1,531	14,78	14,78
2.	Persentasie lammers gevrek volgens persepsie van meerlinggeboortes	-1,206	0,106	12,39	27,17
3.	Aanslag vir doeltreffendheid van dosering teen interne parasiete	-5,211	1,121	4,53	31,70
4.	Aanslag vir doeltreffendheid van paring van jong oole	-3,554	1,241	4,44	36,14

TABEL 10.11 Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) biologies-tegniese veranderlikes op die speenpersentasie in die hele opnamegebied en die vier voorligtingswyke, 1990

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid		Regressie- koëffisiënt	Residuele standaard fout	Parasiele R ² (%)	Versteelde R ² (%)
<u>Opnamegebied</u>					
0.	Konstant	1,143	2,478		
1.	Lampersentasie volgens gegewens	0,963	0,022	93,27	93,27
2.	Afrondingspraktyk gevolg	-1,996	0,756	0,35	93,62
<u>Calvinia</u>					
0.	Konstant	8,245	7,724		
1.	Lampersentasie volgens gegewens	0,932	0,062	89,87	89,87
2.	Afrondingspraktyk gevolg	-5,489	1,696	3,48	93,35
<u>Kenhardt</u>					
0.	Konstant	12,752	3,492		
1.	Lampersentasie volgens gegewens	0,895	0,026	94,55	94,55
2.	Ouderdom waarop lammers bemark word	-0,036	0,012	0,64	95,19
3.	Prikkelvoedingspraktyk by ooie gevolg	-1,443	0,547	0,53	95,73

TABEL 10.11 (Vervolg)

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid

		Regressie- koëffisiënt	Residuele standaard fout	Parasie R ² (%)	Verstele R ² (%)
<u>Opnamegebied</u>					
<u>Carnarvon</u>					
0.	Konstant	-14,943	4,181		
1.	Lampersentasie volgens gegewens	1,015	0,031	97,24	97,24
2.	Voeding van dragtige en lakterende ooie	3,085	0,967	0,9	98,14
<u>Prieska</u>					
0.	Konstant	0,182	3,528		
1.	Lampersentasie volgens gegewens	0,949	0,034	87,48	87,48
2.	Gebruik van koggelramme	-25,740	2,429	10,63	98,11

In die geval van die Prieska-voorligtingswyk het die gebruik van koggelramme 10,63 persent van die variansie in speenpersentasie verklaar (Tabel 10.11). Dit dui daarop dat selfs in die geval van 'n hoogs vrugbare ras soos die dorperse'aap, koggelramme 'n belangrike rol in die verhoging van reproduksie kan speel. Hierdie bevindinge moet gesien word teen die agtergrond van die bevindinge ten opsigte van die teelseisoene deur dorperboere gevolg (Tabel 8.2). Die koggelramme se invloed sal heelwaarskynlik die grootste wees by die respondente wat in die lente paar.

10.2.5 LAMVREKTES

Hoë lamvrektes is 'n ernstige probleem in plaaslike en buitelandse skaapkuddes. Volgens Louw (1970 - aangehaal deur Brand *et al.*, 1985 : 155) is die lamvrektes by Merino's in die R.S.A. 15 persent terwyl dit tot so hoog as 16,9 persent in die Winterreënstreek kan styg.

Volgens Brand *et al.* (1985 : 155) lewer lamvrektes tydens geboorte en tot een week na geboorte (peri- en neonatale vrektes) die grootste bydrae tot totale vrektes. Die outeurs noem verder dat intensiewe toesighouding tydens lamtyd die vrektes onder lammers verminder, selfs onder gematigde toestande.

Die oorlewing van lammers (aantal lammers gespeen/lammers gebore) is 'n belangrike komponent van reproduksietempo en het 'n groot invloed op die totale winsgewindheid van 'n skaapboerdery. Volgens Coetzee (1991 : 12) is speenpersentasie die grootste enkele faktor wat die winsgewindheid van skaapboerdery bepaal. Die voordele verbonde aan 'n hoë lammersentasie kan egter baie maklik tot niet gemaak word deur 'n hoë lammortaliteit vanaf geboorte tot speen. Cloete (1991 : 12) noem dat goeie bestuur tydens lamtyd van kardinale belang is indien lammortaliteit as gevolg van moeilike geboortes en die verhongering-verwaarlosing-blootstelling-kompleks beperk wil word.

In hierdie ondersoek is die persentasie lammers wat gevrek het vanaf geboorte tot speen, volgens die respondente se gegewens, bepaal en die bevindinge word in Tabel 10.12 aangetoon.

Tabel 10.12 Lammortaliteite (%) vanaf geboorte tot speen volgens die rekords van dorperboere, 1990

Mortaliteits- kategorieë (%)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤5	19	82,6	41	68,3	18	75,0	15	65,2	93	71,5
6-10	2	8,7	16	26,7	4	16,7	6	26,1	28	21,5
11-15	1	4,3	3	5,0	2	8,3	1	4,3	7	5,4
>15	1	4,3	0	0,0	0	0,0	1	4,3	2	1,5
*Gemiddeld	5,3		4,4		4,3		6,3		4,9	

*P = 0,2829 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

Die gegewens in Tabel 10.12 dui daarop dat lamvrektes vanaf geboorte tot speen gemiddeld 4,9 persent was. Alhoewel hierdie waarde van 4,3 persent in Carnarvon tot 6,3 persent in Prieska varieer, is hierdie verskille nie betekenisvol nie (P = 0,2829).

Bogenoemde bevindinge impliseer dat 95,1 persent van alle lammers wat gebore is, tot op speenouderdom oorleef het. Volgens Cloete (1991 : 12) oorskry lamvrektes gewoonlik 15 persent. Hierdie bevindinge verwys egter heel waarskynlik meer na Merino's waar die lamvrektes hoër is. Terblanche (1987 : 202) het 'n syfer van 13,9 persent vir angoraboklammers gevind. Die gemiddelde lamvrektes van 4,9 persent (Tabel 10.12) by dorperboere kan dus as besonder laag beskou word.

Die gegewens in Tabel 7.10 dui daarop dat slegs 13,1 persent van die respondente daaglikse inspeksies van die lammerooie doen om probleme te identifiseer en meerlinge te merk. Navorsing dui daarop dat die meeste lamvrektes binne die eerste paar dae na geboorte plaasvind (Brand *et al.*, 1985 : 157) en wel as gevolg van die verhongering-verwaarlosing-blootstelling-kompleks. Hierdie vrektes kan slegs deur daaglikse inspeksies van die lammerooie en hul lammers of deur die soog-en-droogmetode opgespoor word. Indien dit nie gedoen word nie kan die akkuraatheid van

die gegewens waarop 'n lamvrektesyfer van 4,9 persent vanaf geboorte tot speen gebaseer is ernstig bevraagteken word.

Ondersoek is ook ingestel na dorperboere se persepsie wat betref die persentasie lamvrektes vanaf geboorte tot speen en die gegewens word in Tabel 10.13 aangetoon.

Tabel 10.13 Lammortaliteite (%) vanaf geboorte tot speen, volgens dorperboere se persepsie, 1990

Mortaliteitskategorieë (%)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤5	16	69,6	43	71,7	17	70,8	17	73,9	93	71,5
6-10	5	21,7	14	23,3	7	29,2	4	17,4	30	23,1
11-15	1	4,3	2	3,3	0	0,0	1	4,3	4	3,1
>15	1	4,3	0	0,0	0	0,0	1	4,3	2	1,5
*Gemiddeld	5,0		4,2		4,0		5,5		4,5	

*P = 0,6370 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

Die gegewens in Tabel 10.13 dui daarop dat die gemiddelde persentasie lamvrektes, volgens die persepsie van die respondente, vanaf geboorte tot speen 4,5 persent is. Hierdie gegewens toon 'n merkwaardige ooreenkoms met die bevindinge ten opsigte van die persentasie lamvrektes wat volgens die respondente se rekords bepaal is (4,9 persent, Tabel 10.12). Volgens hierdie gegewens is die persentasie lamvrektes besonder laag en dui dit daarop dat bestuur tydens lamtyd besonder doeltreffend is of dat die respondente nie bewus is van die werklike aantal lammers wat vanaf geboorte tot speen gevrek het nie.

Die persentasie lammers gevrek vanaf geboorte tot speen is ook bepaal deur die respondent se persepsie van die aantal meerlinggeboortes per 100 ooie gepaar (Vraag 178, bylaag A) te herlei na aantal lammers gebore op grond van die aantal ooie gepaar (Vraag 179, bylaag A). Hierdie waarde is toe

vergeelyk met die aantal lammers gespeen en op hierdie wyse is die persentasie lamvrektes vanaf geboorte tot speen ooreenkomstig die respondente se persepsie van die aantal meerlinggeboortes bepaal (Vraag 342, bylaag A). Die bevindinge word in Tabel 10.14 aangetoon.

Tabel 10.14 Lammortaliteite (%) vanaf geboorte tot speen volgens dorperboerse persepsie van die aantal meerlinggeboortes, 1990

Mortaliteitskategorieë (%)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤10	13	56,5	24	40,0	9	37,5	8	34,8	54	41,5
11-20	6	26,1	19	31,7	8	33,3	7	30,4	40	30,8
21-30	3	13,0	10	16,7	7	29,2	6	26,1	26	20,0
>30	1	4,3	7	11,6	0	0,0	2	8,6	10	7,7
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	24	100	130	100
*Gemiddeld	12,0		15,7		14,0		16,1		14,8	

*P = 0,4542 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

Die bevindinge in Tabel 10.14 is baie meer in ooreenstemming met bevindinge van ander navorsers (Cloete, 1991 : 12; Terblanche, 1987 : 202), naamlik dat lamvrektes vanaf geboorte tot speen in die orde van 15 persent is. Volgens hierdie gegewens is lamvrektes in die geval van 27,7 persent van die respondente meer as 20 persent.

Die navorsingsbevindinge toon dus 'n groot verskil tussen die persentasie lamvrektes vanaf geboorte tot speen, gebaseer op die respondente se persepsie van die aantal meerlinggeboortes (14,8 persent, Tabel 10.14) aan die een kant en dié gebaseer op respondente se gegewens (4,9 persent, Tabel 10.12) asook die lamvrektes volgens die respondente se persepsie (4,5 persent, Tabel 10.13) aan die anderkant.

Dit dui óf daarop dat die respondente die aantal meeringgeboortes oorskat óf dat beide hulle gegewens en persepsies ten opsigte lamperentesie onakkuraat is. 'n Moontlikheid is ook dat die groot verskil te wyte is aan 'n kombinasie van bogenoemde twee moontlike oorsake.

Vervolgens is ondersoek ingestel na die belangrikste oorsake van die lamvrektes volgens die persepsie van die dorperboere en die bevindings word in Tabel 10.15 aangetoon.

Tabel 10.15 Belangrikste oorsake van lamvrektes vanaf geboorte tot speen volgens die persepsie van dorperboere, 1990

Oorsaak-kategorieë	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Nvt-geen vrektes	1	4,3	1	1,7	1	4,2	0	0,0	3	2,3
Ongediertes	7	30,4	24	40,0	13	54,2	10	43,5	54	41,5
Doodgebore	2	8,7	10	16,7	2	8,3	6	26,1	20	15,4
Ongunstige weers-toestande	7	30,4	2	3,3	3	12,5	3	13,0	15	11,5
Siektes	4	17,4	7	11,7	2	8,3	1	4,3	14	10,8
Swak moeders-eienekappe	1	4,3	6	10,0	1	4,2	1	4,3	9	6,9
Onvoldoende toesig	1	4,3	2	3,3	1	4,2	0	0,0	4	3,1
Swak voedingstoestand weens droogte	0	0,0	2	3,3	1	4,2	1	4,3	4	3,1
Ander	0	0,0	3	5,0	0	0,0	1	4,3	4	3,1
Weet nie	0	0,0	3	5,0	0	0,0	0	0,0	3	2,3
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100

Chi-kwadraat = 0,403; Vge = 27 : P > 0,05

Die gegewens in Tabel 10.15 dui daarop dat ongediertes as die enkele belangrikste oorsake (41,5 persent van respondente) van lamvrektes beskou word. Ongunstige weerstoestande tydens lamtyd word in die Calvinia-voorligtingswyk deur 30,4 persent van die respondente as net so 'n belangrike oorsake van lamvrektes as ongediertes gepersipieer.

Onvoldoende toesig tydens lamtyd word nie as 'n belangrike oorsaak vir lamvrektes gepersipieer nie. Dit is in ooreenstemming met die bevindinge in Tabel 7.11 waar die doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd, volgens die persepsie van dorperboere, 'n gemiddelde aanslag van byna vier aan die hand van 'n 5-puntskaal behaal het. Dit dui daarop dat die respondente hulself besonder hoog aangeslaan het wat betref die doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd. Dit verklaar waarom hulle nie gebrekkige toesighouding tydens lamtyd as 'n belangrike oorsaak vir lamvrektes beskou nie.

Dit impliseer nie noodwendig dat die toesighouding tydens lamtyd werklik goed is nie. Ondersoek is ook ingestel na die doeltreffendheid van toesighouding van dorperboere tydens lamtyd, soos geëvalueer deur die opnemers volgens 'n 5-puntskaal, en die bevindinge in hierdie verband word in Tabel 7.10 aangetoon. Daarvolgens doen slegs 13,1 persent van die respondente daaglikse inspeksies by die lammerooie om probleme te identifiseer en om meerlinge te merk.

Die oorgrote meerderheid (66,2 persent van die respondente, Tabel 7.10) se doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd kan slegs as redelik beskou word. In die geval van 'n verdere 20,8 persent is dit as swak bestempel omdat hulle niks of feitlik niks ten opsigte van toesighouding tydens lamtyd gedoen het nie.

Teen hierdie agtergrond kan die akkuraatheid van die lamvrektes, gebasseer op die respondente se gegewens, asook die oorsake van lamvrektes ernstig bevraagteken word. Die belangrikste oorsake van lamvrektes, soos deur die respondente geïdentifiseer, moet dus eerder beskou word as die oorsake van daardie lamvrektes wat werklik deur die respondente waargeneem is, met in agname van die relatief lae aanslag deur die opnemers vir die doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd (Tabel 7.10). Indien die doeltreffendheid van die toesighouding tydens lamtyd beter was, kon meer waarde geheg word aan die belangrikste oorsake van lamvrektes soos deur die respondente gepersipieer.

Die relatiewe belangrikheid van die drie belangrikste oorsake van lamvrektes vanaf geboorte tot speen is met behulp van 'n 10-puntskaal bepaal, waar 10 baie belangrik en een onbelangrik is. Die bevindinge word in Figuur 10.4 aangetoon.




FIG. 10.4 RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN OORSAKE VAN LAMVREKTES VOLGENS DIE PERSEPSIE VAN DORPERBOERE, 1990 [N = 130]

Dit blyk duidelik dat swak voedingstoestande weens droogte (Figuur 10.4) as die belangrikste oorsaak (gemiddeld = 7,7) van lamvrektes beskou word. Ongediertes is ook as belangrike oorsaak (gemiddeld = 6,2) van lamvrektes geïdentifiseer. Tydens die opname is dit uit die gesprekke met respondente waargeneem dat die ongedierteprobleem in sekere gebiede ernstiger afmetings aanneem as in ander. Die ander oorsake word almal as minder belangrik beskou.

Dit is ook opvallend dat onvoldoende toesig tydens lamtyd nie as 'n relatief belangrike oorsaak van lamvrektes beskou word nie aangesien 'n gemiddelde aanslag van slegs 4,9 bevind is (Figuur 10.4).

10.3 BRUTO INKOMSTE

Alhoewel hierdie ondersoek nie ten doel gehad het om 'n volledige ondersoek na die ekonomie van dorperskaapboerdery te doen nie is daar wel aandag aan sekere ekonomiese parameters gegee.

Ondersoek is ingestel na die gepersipieerde jaarlikse bruto inkomste per dorperooi deur dorperboere behaal in die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het (1989). Die bevindinge in hierdie verband word in Tabel 10.16 voorgestel.

Tabel 10.16 Bruto inkomste, soos deur dorperboere gepersipieer, per dorperooi behaal, 1989

Bruto inkomste kategorieë (Rand)	Dorperboere per distrik								TOTAAL N = 130	
	Calvinia N = 23		Kenhardt N = 60		Carnarvon N = 24		Prieska N = 23			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
≤100	0	0.0	1	1.7	0	0.0	0	0.0	1	0.8
101-120	7	30.4	21	35.0	6	25.0	11	47.8	45	34.6
121-140	3	13.0	10	16.7	6	25.0	2	8.7	21	16.2
141-160	5	21.7	6	10.0	3	12.5	1	4.3	15	11.5
>160	1	4.3	2	3.3	3	12.5	2	8.7	8	6.2
TOTAAL	23	100	60	100	24	100	23	100	130	100
*Gemiddeld	R125-00		R115-37		R129-21		R115-13		R119-70	

*P = 0,1236 : KBV (P = 0,05) = Nie betekenisvol

Dit moet beklemtoon word dat bogenoemde data dorperboere se gepersipieerde bruto inkomstes per dorperooi is. Geen betekenisvolle verskille (P = 0,1236) kom tussen die vier voorligtingswyke voor wat betref die gemiddelde bruto inkomste per ooi nie (Tabel 10.16). Die tendense in die verskillende voorligtingswyke is ook min of meer dieselfde.

Die bevindinge dui daarop dat die respondente gemiddeld R119-70 (Tabel 10.16) per dorperooie behaal het. Hierdie waarde varieer tussen die verskillende voorligtingswyke. Dit varieer van R115-13 in Prieska tot R129-21

in Carnarvon. Aangesien bogenoemde data die geperspieerde bruto inkomste is, gaan daar nie gepoog word om verklarings vir die relatief klein verskille aan te bied nie.

Die verwantskappe tussen die jaarlikse bruto inkomste per dorperooi en sekere persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes is reeds in Tabel 10.4 aangetoon. Daarvolgens blyk dit dat die jaarlikse bruto inkomste per dorperooi betekenisvol ($P < 0,001$) gekorreleerd is met die gemiddelde prys vir lammers behaal en ook die nagestreefde bruto inkomste per dorperooi. Die gemiddelde prys vir lammers behaal kan ook as 'n afhanklike veranderlike of doeltreffendheidsnorm beskou word. Die nagestreefde inkomste per ooi sal heelwaarskynlik 'n trek-effek op die dorperboer uitoefen in die sin dat dit as motivering of aanmoediging sal dien om sy doeltreffendheid te verhoog. Dit volg dus dat hoe groter die verskil tussen die werklike bruto inkomste per ooi en die nagestreefde waarde is hoe groter is die trek-effek.

Daar bestaan ook betekenisvolle verwantskappe ($0,01 < P < 0,05$) tussen bruto inkomste per dorperooi aan die een kant en die nagestreefde lammersentasie, die bywoning van boereverenigingaktiwiteite en die dorperboere se aanslag vir die belang van bedekking as seleksie-eienskap by ramme aan die ander kant (Tabel 10.4).

Die verwantskap tussen jaarlikse bruto inkomste per dorperooi en die belangrikste biologies-tegniese veranderlikes word in Tabel 10.6 aangetoon. Hiervolgens is daar betekenisvolle verwantskappe ($0,001 < P < 0,01$) tussen die bruto inkomste aan die een kant en pryse van kudderamme en die massa waarop die slaglammers bemark word aan die anderkant. Dit is te wagte dat 'n hoër ramprys beter genetiese materiaal impliseer. Die bevindinge bevestig dat hoër rampryse lei tot 'n verhoogde jaarlikse bruto inkomste per dorperooi.

'n Meervoudige stapsgewyse regressie-ontleding is wel vir die hele opnamegebied sowel as die vier afsonderlike oorsigtingswyke gekonstrueer. Die bevindinge ten opsigte van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes word in Tabel 10.17 aangetoon. In gevalle waar

daar nie vier betekenisvolle ($P = 0,05$) veranderlikes na vore tree nie, is slegs dié wat wel betekenisvol is aangetoon.

Ten opsigte van die hele opnamegebied, verklaar die vier belangrikste veranderlikes 14,05 persent van die variansie in die jaarlikse bruto inkomste per dorperooi (Tabel 10.17). Die bywoning van die boereverenigings se vergaderings verklaar 3,69 persent van die variansie in bruto inkomste. Dit dui daarop dat die boereverenigings wel 'n belangrike rol vir die dorperboere speel. Die vergaderings dien heelwaarskynlik as belangrike geleentheid van stimulasie vir dorperboere en waardeur kennis en insig ten opsigte van die bedryf opgedoen word. 'n Wisselwerking tussen dorperboere ten opsigte van sekere praktiese en teoretiese aspekte van dorperskaapboerdery kom ook by die boerevereniging voor.

Dorperboere se aanslag vir die doeltreffendheid van die Dorper Nuusbrief verklaar verder 2,96 persent van die variansie in bruto inkomste in die hele opnamegebied (Tabel 10.17). In die voorligtingswyke Calvinia en Kenhardt verklaar dit onderskeidelik 20,80 en 6,12 persent van die variansie. Dit dui daarop dat die Dorper Nuusbrief 'n belangrike rol speel ten opsigte van die kommunikasie van relevante en ekonomies verantwoordbare inligting aan dorperboere.

Die belangrikste veranderlikes se verklaring van die variansie in bruto inkomste per ooi in die vier afsonderlike voorligtingswyke varieer van 13,02 persent in Kenhardt tot 82,94 persent in Prieska (Tabel 10.17). Dit is opvallend dat in die Prieska-voorligtingswyk die respondente se kennis wat betref die belang van 'n hoë lampersentasie soveel as 44,30 persent van die variansie verklaar. Die aanslag vir die belang van die toets van ramme vir vrugbaarheid voor gebruik verklaar 'n verdere 21,37 persent van die variansie in bruto inkomste per ooi in die Prieska-voorligtingswyk. Laasgenoemde bevindinge mag verwarrend wees in die sin dat die relatiewe hoë aanslag vir die belang van toets van ramme vir vrugbaarheid voor gebruik om die vrugbaarheid van 'n kudde te verhoog, alhoewel dit 21,37 persent van die variansie in bruto inkomste verklaar, nie noodwendig in die praktyk uitkristalliseer nie.

TABEL 10.17

Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) persoonlike, sosio-ekonomiese en sosio-psigologiese veranderlikes op die bruto inkomste per ooi oor die hele opnamegebied en die vier voorligtingswyke, 1990

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid	Regressie-koëffisiënt	Residuele standaard fout	Parasiale R^2 (%)	Versteelde R^2 (%)
<u>Opnamegebied</u>				
O. Konstant	65,159	18,298		
1. Gepersioneerde lampersentasie	0,233	0,127	4,30	4,30
2. Bywoning van Boereverenigingvergaderings	-3,137	1,237	3,69	7,99
3. Aanslag vir doeltreffendheid van Dorper Nuusbrief as inligtingsbron	1,931	0,783	3,10	11,09
4. Aanslag vir belang van bedekking by seleksie van ramme	3,721	1,358	2,96	14,05
<u>Calvinia</u>				
O. Konstant	63,524	33,858		
1. Aanslag vir doeltreffendheid van Dorper Nuusbrief as inligtingsbron	4,905	1,520	20,80	20,80
2. Respondente se aanslag vir seleksie vir uitskot van ooie vir ouderdom			18,38	39,18
3. Respondente se aanslag vir doeltreffendheid van voeding van dragtige en lakterende ooie	-14,426	4,808	14,33	53,51
<u>Kenhardt</u>				
O. Konstant	72,177	16,021		
1. Aanslag vir belang van bedekking by seleksie van ramme	4,711	2,116	6,90	6,90
2. Aanslag vir doeltreffendheid van Dorper Nuusbrief as inligtingsbron	2,617	1,306	6,12	13,02

TABEL 10.17 (Vervolg)

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid		Regressie- koëffisiënt	Residuele standaard fout	Parasie R² (%)	Versteide R² (%)
<u>Garnerven</u>					
O.	Konstant	204,417	41,252		
1.	Hoogste opvoedkundige kwalifikasies	9,116	2,612	23,89	23,89
2.	Voltydse of deeltydse boer	-53,533	21,762	17,02	40,92
<u>Prieksa</u>					
O.	Konstant	60,503	3,104		
1.	Respondente se kennis wat betref die belang van 'n hoë lampersentasie	26,970	0,464	44,30	44,30
2.	Aanslag vir belang van toets van ramme vir vrugbaarheid	-1,582	0,149	21,37	65,68
3.	Aanslag vir doeltreffendheid van prikkelvoeding van oole	6,851	0,235	11,78	77,46
4.	Aanslag vir doeltreffendheid van aantal kampe per trop dorperskape	-7,911	0,316	5,48	82,94

Die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) biologies- tegniese veranderlikes wat die geperspieerde bruto inkomste per dorperooi bepaal, is ook ondersoek. Die bevindinge word in Tabel 10.18 aangetoon.

Ten opsigte van die hele opnamegebied is daar slegs twee biologies-tegniese veranderlikes wat as betekenisvol ($P = 0,05$) bevind is (Tabel 10.18). Die koste verbonde aan ramme en die massa waarop die lammers bemark word, verklaar onderskeidelik 5,59 en 3,17 persent van die variansie in bruto inkomste per dorperooi. Volgens die bevindinge van Tabel 10.6 toon die koste verbonde aan kudderamme 'n betekenisvolle verwantskap ($0,01 < P < 0,05$) met die bruto inkomste per ooi. Dit bevestig dus weereens die positiewe invloed wat duurder of geneties superieure ramme op die jaarlikse bruto inkomste per dorperooi het.

Afgesien van die koste van ramme, blyk dit ook dat ander aspekte wat met die ramme verband hou, 'n relatief belangrike rol speel in die verklaring van die variansie in bruto inkomste. So byvoorbeeld het die belangrikste seleksie-eienskap by ramme en die persoon of instansie verantwoordelik vir die seleksie van kudderamme onderskeidelik 6 en 34,33 persent van die variansie in Kenhardt en Carnarvon verklaar. Dit bevestig weereens die belangrike rol wat ramme in die sukses van dorperskaapboerdery speel.

Verskeie aspekte wat met die lammers verband hou tree ook na vore. So byvoorbeeld verklaar die ouderdom en massa waarop die lammers bemark word onderskeidelik 23,03 en 15,59 persent van die variansie in bruto inkomste per ooi in die Calvinia en Prieska-voorligtingswyke respektiewelik (Tabel 10.18). Die afrondingspraktyk gevolg voor die bemarking van die lammers verklaar 'n verdere 8,83 persent van die variansie in Kenhardt.

Alhoewel in hierdie studie ook ondersoek ingestel is na die nagestreefde en bereikbare jaarlikse bruto inkomste per dorperooi is dit reeds aangebied en sal dit nie weer hier bespreek word nie.

TABEL 10.18

Meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings van die vier belangrikste betekenisvolle ($P = 0,05$) biologies-tegniese veranderlikes op die bruto inkomste per ooi in die hele opnamegebied en die vier voorligtingswyke, 1990

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid		Regressie- koëffisiënt	Residuele standaard fout	Parasjiese R ² (%)	Versteelde R ² (%)
<u>Opnamegebied</u>					
O.	Konstant	62,713	24,636		
1.	Koste van ramme	0,006	0,003	5,59	5,59
2.	Massa waarop lammer bemark word	1,396	0,664	3,17	8,76
<u>Calvinia</u>					
O.	Konstant	87,202	34,390		
1.	Ouderdom waarop lammers bemark word	0,672	0,223	23,03	23,03
2.	Tipe paarpraktik toegepas	-20,322	7,020	16,60	39,63
3.	Koste van ramme	-0,039	0,018	12,12	51,75
<u>Kenhardt</u>					
O.	Konstant				
1.	Koste van ramme	0,013	0,005	13,80	13,80
2.	Afrondingspraktik gevolg	25,333	8,354	3,83	22,63
3.	Belangrikste seleksie-eienskap by ramme	-4,390	2,023	6,00	28,63

TABEL 10.18 (Vervolg)

Onafhanklike veranderlikes in volgorde van afnemende belangrikheid

	Regressie- koëffisiënt	Residuele standaard fout	Parasitê R ² (%)	Versteide R ² (%)
<u>Carnarvon</u>				
O. Konstant	83,105	14,259		
1. Persoon of instansie verantwoordelik vir seleksie van kudde-ramme	9,298	2,742	34,33	34,33
<u>Prieska</u>				
O. Konstant	70,073	32,183		
1. Aantal ramme gebruik	-25,002	3,234	45,88	45,88
2. Massa waarop lammers bemark word	3,528	0,693	15,50	61,47
3. Metodes aangewend om meerlinge te identifiseer	-11,253	2,094	13,84	75,31
4. Toepassing van kruisteling al dan nie	-23,738	6,323	6,69	82,00

10.4 SAMEVATTING

Die navorsingsbevindinge verteenwoordig die reproduksieresultate ten opsigte van 156 808 dorperooie en 130 respondente binne die opnamegebied.

Die mees uitstaande bevindinge ten opsigte van reproduksieresultate van dorperboere is as volg:

	<u>Persentasie</u>
Besettingspersentasie (ooie gelam per 100 ooie gepaar)	91,9
Fekunditeit (lammers gebore per 100 ooie gelam)	1.17
Lampersentasie (lammers gebore per 100 ooie gepaar)	103,8
Speenpersentasie (lammers gespeen per 100 ooie gepaar)	98,8
Lamvrektes	4,9

Dit moet beklemtoon word dat hierdie bevindinge gebaseer is op inligting soos deur die respondente verskaf. Dit is egter ook reus duidelik gestel dat die tyd van die opname so geskeduleer was dat dit plaasgevind het so spoedig moontlik na afloop van die speentyd by die meeste respondente. Die doel was om te verseker dat die data ten opsigte van reproduksiegegewens nog so vars moontlik in respondente se geheues was.

Die belangrikste redes wat die respondente vir voorspeense lamvrektes aangevoer het, was ongetwyfeld droogtes en ongediertes.

Definitiewe verwantskappe tussen sekere persoonlike, sosio-ekonomiese, sosio-psigologiese en biologies-tegniese veranderlikes aan die een kant en van die doeltreffendheidsnorme aan die anderkant, is in hierdie ondersoek gevind. In verdere meenvoudige stapsgewyse regressie-ontledings het dit

geblyk dat sommige van vermeldde veranderlikes belangrike verklarings bied vir die variansie in sekere van die doeltreffendheidsnorme.

Hierdie geïdentifiseerde veranderlikes behoort dus 'n integrale deel te vorm van enige goed beplande voorligtingkundige program wat daarop gerig is om die primêre strewingsdoelwitte van die dorperboere te bevredig.

HOOFSTUK 11

SLOTBESKOUIING

11.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is nie om die samevattinge aan die einde van die vorige hoofstukke te herhaal nie maar om sekere belangrike bevindinge in oënskou te neem.

Dit is verder ook wenslik om by wyse van 'n oorsig die vordering gemaak ten opsigte van die doelwitte aan die begin gestel, te evalueer.

11.2 MENSKUNDIGEPOTENSIAAL

Die bevindinge van hierdie ondersoek dui op 'n relatief goedopgeleide groep boere met besliste strewes of aspirasies. Die bestaan van probleme of hindernisse op die weg van doelbereiking word erken, maar word nie as onoorkombaar beskou nie.

Ongeveer 20 persent van die dorperboere in die opnamegebied is stoetboere. Hierdie gesonde verhouding tussen stoet- en kuddeboere lei daartoe dat voortrefflike genetiese materiaal geredelik beskikbaar is.

Alhoewel die gemiddelde ouderdom van die dorperboere 48 jaar is, neig die verspreiding na die hoër ouderdomskategorieë. Dit dui heel waarskynlik op 'n geleidelike veroudering van dorperboere in die opnamegebied. Alhoewel die ouderdomsverspreiding van die dorperboere groot ooreenkomste met dié van die wolboere toon, blyk dit effens hoër as dié van die angorabokboere te wees.

Meer as 30 persent van die respondente beskik oor 'n formele naskoolse kwalifikasie. Hierdie bevindinge dui op 'n relatief goed opgeleide gehoor. Spesifieke opleiding ten opsigte van die dorperskaap in terme van die bywoning van kursusse aangebied deur die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika dui daarop dat die dorperboere 'n besliste behoefte daaraan het. Hierdie kursusse vervul dus 'n belangrike rol in die verskaffing van verdere opleidingsgeleenthede in die dorperskaapbedryf.

Die bevindinge, soos vervat in Hoofstuk 4, dui op definitiewe strewes van substansiële aard op die weg van doelbereiking. Hierdie strewes word getemper deur sekere geïdentifiseerde hindernisse. Die identifisering van hierdie hindernisse asook die bepaling van die omvang daarvan, behoort voortaan deeglik in aanmerking geneem te word in die beplanning van 'n wetenskaplike voorligtingkundige program vir die dorperskaapbedryf.

Die relatief groot omvang van die strewes ten opsigte van die primêre en sekondêre doelwitte dui op 'n innerlike dryfkrag van die respondente om steeds hoër doeltreffendheidsvlakke na te streef. Dit skep dus 'n oorwegend gunstige situasie waarbinne 'n geprogrammeerde voorligtingsaksie geloods sou kon word.

Verdere bevindinge in Hoofstuk 3 verskaf waardevolle inligting aangaande die kommunikasiëkanale waardeur inligting dorperskaapboere bereik asook die afgeleide doeltreffendheid van elk. Die bevindinge dui op veral die belangrike rol van die Dorperskaaptelersgenootskap, die Dorper Nuusbrief, Dorperland Nuusbrief en medeboere. Met die uitsondering van medeboere, het eersgenoemde drie egter 'n beperkte inslag of trefwydte.

Voorligterkontak, spesifiek ten opsigte van aspekte wat met dorperskaapboerdery verband hou, is oor die algemeen redelik beperk. Hierteenoor blyk boereverenigings egter 'n belangriker rol te speel. Die kontak wat sodanige vergaderings met medeboere bewerkstellig, dien as belangrike geleentheid vir die uitruiling van inligting aangaande die dorperskaapbedryf. Dit is egter belangrik om die bevindinge in gedagte te hou, naamlik dat in veral die Prieska-voorligtingswyk 'n aansienlike persentasie van die dorperboere nie via die boerevereniging bereik sal word nie.

11.3 PERSEPSIES VAN DORPERSKAAPBOERE

Verskeie vrae wat met die persepsies van dorperboere oor 'n wye reeks aspekte van dorperskaapboerdery verband hou, is in hierdie ondersoek ingesluit. Vorige navorsers het reeds gewys op die bestaan van wanpersepsies in ander bedrywe en die potensiële negatiewe invloed daarvan op 'n voorligtingkundige aksie. Dit is om hierdie rede belangrik geag om ook ondersoek in te stel na die bestaan van moontlike wanpersepsies in die dorperskaapbedryf.

Beide lede en nie-lede van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika het besliste persepsies oor die Genootskap. Die Genootskap word in terme van die doeltreffendheid daarvan ten opsigte van sekere van sy verklaarde doelstellings besonder hoog deur beide lede en nie-lede aangeslaan. Alhoewel die koste verbonde aan lidmaatskap as die belangrikste nadeel van affiliasie aangevoer is, was daar terselfdertyd begrip vir die feit dat fondse gegeneroer moet word. Die bevindinge dui dus daarop dat die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika 'n organisasie is met oor die algemeen groot geloofwaardigheid onder nie net die lede nie, maar ook onder ander dorperboere.

Die dorperboere stel besonder hoë eise aan 'n Telersgenootskap ten opsigte van 'n wye reeks aspekte onder andere die vasstelling en konsekwente toepassing van 'n relevante teelbeleid. Dit is dan ook ten opsigte van die vasstelling van 'n relevante teelbeleid en die konsekwente toepassing daarvan, dat sekere van die kuddeboere voorbehoude in hierdie verband uitgespreek het. Die bevindinge toon dat nie-lede die doeltreffendheid van die Genootskap om 'n teelbeleid te bepaal effens laer (mediaan = ses) aanslaan.

Die bevindinge bevestig verder die bestaan van wanpersepsies ten opsigte van die doeltreffendheid waarmee sekere praktyke, wat met dorperskaapboerdery verband hou, toegepas word. Vanuit die ondersoek het dit duidelik geword dat daar wanpersepsies tussen die opnemers en respondente bestaan wat betref die doeltreffendheid van seleksie vir ouderdom by beide ramme en ooie. Die bevindinge dui daarop dat die respondente hul eie doeltreffendheid in hierdie verband oorskakel relatief tot wat werklik in die praktyk gedoen word. Ten opsigte van die doeltreffendheid van seleksie vir vrugbaarheid by kudderamme is ook gevind dat die respondente hul eie doeltreffendheid oorskakel. Alhoewel die bevindinge ook op die bestaan van sekere ander wanpersepsies dui, is dit in veral Hoofstukke 6 en 7 breedvoerig bespreek.

Die bestaan van wanpersepsies wat betref die doeltreffendheid van praktyktoepassing word deur hierdie ondersoek ook in die dorperskaapbedryf bevestig. Die bevestiging van die bestaan van sodanige wanpersepsies behoort nie bloot as 'n hindernis of struikelblok vir voorligters te dien nie. Bewustheid van die bestaan van verskillende sieninge en wanpersepsies bied die geleentheid en uitdaging vir voorligters om reeds in die beplanningsfase van voorligtingkundige aksies aandag daaraan te skenk.

11.4 SELEKSIE-EIENSKAPPE EN RAMAANKOPE

Verskeie belangrike bevindings ten opsigte van die seleksie van die dorperskaap het ook uit die ondersoek na vore getree.

Die belang van die onderskeie seleksie-eienskappe by beide kudderamme en -ooie is volledig ondersoek. Die bevindings in hierdie verband kan as belangrike rigtingwysers vir beide die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika en die stottelers dien.

Daar is reeds in die bespreking oor die belang van seleksie-eienskappe daarop gewys dat die belang van kleur by beide die seleksie van kudderamme en -ooie verdere oorweging verdien. Alhoewel die bevindings daarop gedui het dat kleur nie so 'n belangrike rol in die seleksie van kudderamme en -ooie speel nie, moet dit in konteks beskou word. Dit het duidelik geword dat die meeste dorperboere eers, waarskynlik onbewustelik, alle ooie en ramme wat nie aan sy/haar norme wat betref kleur voldoen nie uitskakel. Eers hierna begin die "ware" seleksieproses waarin die vermelde eienskappe dan ooreenkomstig die gepersipieerde belang daarvan aandag geniet.

Dit blyk dus dat kleur 'n uiters belangrike rol in die seleksieproses van beide kudderamme en -ooie speel. Die bevindings laat nie reg aan die belang van kleur geskied nie in dié opsig dat kleur 'n belangriker rol in die seleksieproses speel as wat uit die bevindings blyk.

Die bevindings ten opsigte van die pryse deur dorperboere vir kudderamme betaal, wys op die bestaan van 'n drumpelwaarde. Ten tye van hierdie opname was bogenoemde drumpelwaarde R500-00 per ram. Respondente wat bereid was om meer as R500-00 per ram te betaal, was geneë om meer as R650-00 aan 'n ram te spandeer.

Dit het verder geblyk dat die stoetboere bereid was om ongeveer 20 persent meer vir 'n kudderam te betaal as in die geval van kuddeboere. Dit is egter belangrik om ingedagte te hou dat die meeste stoetboere hul eie kudderamme teel. In sulke gevalle moes hulle 'n waarde aan die betrokke selfgeteelde kudderamme koppel. Laasgenoemde waarde is heelwaarskynlik subjektief en weerspieël daarom 'n hoër prys.

11.5 SELEKSIE VIR VRUGBAARHEID

Daar is reeds gewys op die kardinale belang van vrugbaarheid in dorper-skaapboerdery. Teen hierdie agtergrond is daar breedvoerig ondersoek ingestel na die doeltreffendheid van seleksie vir vrugbaarheid asook na sekere persepsies wat daarmee verband hou.

In hierdie verband is dit belangrik om die gesindheid van dorperboere wat betref meerlinge in gedagte te hou. Daar is naamlik in Hoofstuk 6 reeds aangetoon dat 'n beduidende persentasie van die dorperboere in die opnamegebied nie meerlinge verwelkom nie. Die redes vir bogenoemde negatiewe houding teenoor meerlinge is ook volledig bespreek.

Dit is egter belangrik om die doeltreffendheid van dorperboere wat betref die seleksie vir vrugbaarheid te sien teen hierdie agtergrond. Dit blyk dus dat 'n aansienlike persentasie van die dorperboere binne die opnamegebied nie na uitsonderlike hoë lampercentasies streef nie. 'n Lampercentasie van 100 persent per lamgeleentheid is vir die meeste van die respondente die mikpunt.

Dit is verder belangrik om die doeltreffendheid van seleksie vir vrugbaarheid te sien teen die agtergrond van die bevindinge wat betref die toesighouding van dorperboere tydens lamtyd soos vervat in Hoofstuk 6. Doeltreffende seleksie teen oorslaarooie en swak moederseienskappe asook vir meerlinge, noodsaak goeie toesighouding tydens lamtyd. 'n Alternatiewe metode om teen oorslaarooie te selekteer is die soog-en-droog-metode.

Alhoewel die doeltreffendheid van seleksie vir sekere aspekte wat met vrugbaarheid verband hou dus nie altyd aan gestelde norme en standarde voldoen nie, moet dit gesien word teen die agtergrond van die ekstensiewe gebied en die ingesteldheid van die dorperboere wat betref die nagestreefde lam- en speenpercentasies.

11.6 VOEDINGS- EN WEIVELDBEHEERPRAKTYKE

Die opnamegebied is 'n ekstensiewe, ariede veeboerderygebied met 'n lae gemiddelde jaarlikse reënval. Bogenoemde plaas dus 'n beperking op die beskikbaarheid van voldoende voeding om in die deurlopende behoeftes van dorperskape te voldoen.

Teen hierdie agtergrond is ondersoek ingestel na verskillende aspekte wat met voedings- en weiveldbeheerpraktyke verband hou. Alhoewel die belang van 'n praktyk soos prikkelvoeding tot 'n mindere of meerdere mate besef word, is praktyktoepassing hoofsaaklik beperk tot die verskuiwing van diere na kampe met 'n beter veldtoestand. Die oorwegende mening is dat die dorperskaap in elk geval 'n vrugbare ras is wat aangepas is by die ekstensiewe toestande.

Dieselfde beginsel wat geld ten opsigte van prikkelvoeding, geld ook wat betref die voeding van dragtige en lakterende ooie. Die ingesteldheid dat die dorperskape nie te veel "gepamperlang" moet word nie, lei daartoe dat die respondente hul doeltreffendheid wat betref die toepassing van praktyke wat met voeding van ooie verband hou in sommige gevalle oorskakel. Hierdie oorwaardering lei dus tot die bestaan van wanpersepsies tussen die opnemers en respondente ten opsigte van sekere praktyke wat met voeding verband hou. Die bevindinge in Hoofstuk 5 bevestig hierdie waarneming.

Die gesindheid van dorperboere teenoor weiveld en weiveldbeheer is oor die algemeen redelik tot goed. In die geval van 'n relatief klein persentasie van die respondente wek die gesindheid egter kommer.

Die opnamegebied is 'n ekstensiewe, ariede gebied met 'n lae gemiddelde jaarlikse reënval. Dit volg dus dat droogtesituasies periodiek sal voorkom. Die periode wat die ondersoek voorafgegaan het, kan as 'n uitermate droë periode bestempel word. In hierdie studie is ook ondersoek ingestel na die beplanning van dorperboere wat betref die hantering van droogtesituasies.

In hierdie verband was dit verblydend dat die oorgrote meerderheid van die respondente wel een of ander gebeurlikheidsplan gehad het waarvolgens toekomstige droogtes hanteer gaan word. Dit is egter duidelik dat daar nog nie veel waarde aan die aanplant van droogtebestande voergewasse geskenk word nie.

Wat egter duidelik uit die ondersoek na vore getree het, is dat die respondente nie bereid was om weer voerskuld aan te gaan nie. Die terugbetaling van voerskuld was 'n negatiewe ervaring waarvan 'n herhaling ten alle koste vermy wil word. Verskeie respondente het met trots melding gemaak van die feit dat hulle óf hul voerskuld pas klaar betaal het óf dat hulle dit binnekort klaar sal betaal.

Hierdie ingesteldheid het heelwaarskynlik daartoe aanleiding gegee dat ongeveer 98 persent van die respondente een of ander plan, uitgesonderd staatshulp, het waarvolgens toekomstige droogtesituasies hanteer gaan word.

11.7 KASTRASIE, AFRONDING EN SIEKTEBEHEER

Die bevindinge toon dat die oorgrote meerderheid van die respondente wel hul ramlammers voor bemarking kastreer. Die populêrste voor- en nadele van gekastreerde en intakte ramlammers is ondersoek.

Die relatiewe belangrikheid van elk van die voor- en nadele is bepaal. Laasgenoemde kan ook as kragsterktes geïnterpeteer word sodat dit moontlik word om 'n kragtekonstellasie ten opsigte van kastrasie daar te stel. Volgens so 'n kragtekonstellasie is dit duidelik dat die relatiewe belangrikheid van die voordele dié van die nadele oorskry. Bogenoemde bied dus 'n verklaring vir die hoë toepassingsvlak van kastrasie.

Nieteenstaande verskeie aanbevelings tot die teendeel, bemark die oorgrote meerderheid van die respondente hul slaglammers direk van die moeder en van die veld af. Bepaalde redes, waarvan droogtes die belangrikste is, noop hulle egter om onder sekere omstandighede die afrondingspraktyk te wysig. Die belangrikste alternatiewe afrondingspraktyk is 'n stelsel waar die lammers gespeen en in 'n voerkraal op die plaas afgerond word. Onder toestande van droogte word laasgenoemde stelsel dus as 'n goeie praktyk gesien.

Die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele van die verskillende afrondingspraktyke kan as kragsterktes in 'n kragtekonstellasie beskou word. So 'n kragtekonstellasie bied 'n verklaring vir die hoë toepassingsvlak van 'n praktyk waar die lammers direk van die moeder (en van die veld) af bemark word.

Alhoewel daar 'n voorgeskrewe minimum doseerprogram vir dorperskape in die opnamegebied bestaan, toon die bevindinge in Hoofstuk 9 dat vermeldde program nie in die praktyk veel inslag vind nie. Om 'n verskeidenheid van redes is die siektebeheerprogram beperk tot een of twee strategiesedoserings. Verdere doserings (takties) vind slegs plaas indien probleme ten opsigte van 'n bepaalde siekte ondervind word. Die standpunt is dat die dorperskaap 'n geharde ras is wat ook 'n mate van weerstand teen sekere van die algemene siektes impliseer.

11.8 PARINGSFREKWENSIE EN KRUISTELING

Die bevindinge dui daarop dat ongeveer 85 persent van die dorperboere óf hulle ooie drie maal in twee jaar óf slegs een maal per jaar paar. 'n Praktyk waar die

ramme heeljaar by die ooie loop word dus nie so algemeen toegepas as wat soms vermoed word nie.

Die relatiewe belangrikheid van die voor- en nadele van die verskillende stelsels (soos voorgestel in Hoofstuk 8), kan as die gedragspositiewe en -negatiewe kragte in 'n kragtekonstellasie beskou word. Dit is dan duidelik waarom 44,6 en 40 persent van die respondente onderskeidelik hul ooie drie maal in twee jaar of een maal per jaar paar.

Die praktyk waar dorperooie met ramme van die vetstert- en vetstuitpe rasse gekruis word, is ook ondersoek. Dit blyk dat kruisteling egter nie 'n belangrike rol in dorperskaapboerdery speel nie. Die respondente wat wel aangetoon het dat hulle kruisteling toepas, doen dit om na hul mening die "goeie eienskappe" van ander rasse te benut. Dit word deur die meerderheid van die respondente gesien as 'n stelling wat nie onderskryf kan word nie.

11.9 DOELTREFFENDHEID VAN DORPERSKAAPBOERDERY

Die doeltreffendheid van dorperskaapboerdery is aan die hand van sekere geïdentifiseerde parameters bepaal. Dit sal vervolgens meer volledig beskryf word ten opsigte van die uitstaande implikasies wat dit vir die dorperskaapbedryf sal inhou.

11.9.1 LAMPERSENTASIE

Die bevindinge verteenwoordig die data ten opsigte van 156 808 dorperooie in die opnamegebied. Alle pogings is aangewend om te verseker dat die data ten opsigte van reproduksiegegevens so betroubaar moontlik is.

Gegewe die ekstensiewe en ariede aard van die opnamegebied, die respondente se ingesteldheid teenoor aspekte wat met die vrugbaarheid verband hou asook die feit dat die bevindinge oorwegend 'n lenteparang verteenwoordig, kan die lampersentasie van 103,8 persent as besonder bevredigend beskou word. Betekenisvolle verskille ($P < 0,05$) kom wel tussen sekere van die voorligtingswyke voor.

Die korrelasie-matriks wat gekonstrueer is om die verband tussen die lampersentasie en sekere ander veranderlikes te bepaal, bevestig die bestaan van sekere betekenisvolle ($P < 0,05$) verwantskappe.

In hierdie verband is die strewe van 'n dorperboer betekenisvol ($P < 0,001$) gekorroleer met die werklike lampersentasie. Die belang van strewes word dus weereens bevestig om as 'n "trekeffek" te dien waardeur dorperboere tot hoër doeltreffendheidsvlakke aangespoor kan word.

Deur middel van meervoudige stapsgewyse regressie-ontledings wat gedoen is, verklaar sekere veranderlikes belangrike variansieverskille in die lampersentasie deur dorperboere behaal. Voorligters moet hiervan kennis neem aangesien die belang van hierdie geïdentifiseerde veranderlikes in 'n voorligtingkundige program aandag moet geniet.

Dit sal selfs die individuele dorperboere loon om van bogenoemde kennis te neem aangesien dit as belangrike rigtingwysers kan dien waarvolgens lampersentasie verhoog kan word.

11.9.2 SPEENPERSENTASIE

Die speenpersentasie van 98,9 persent (Hoofstuk 10) kan, gegewe die ariede aard van die opnamegebied, die ingesteldheid van die respondente teenoor meerlinge en die feit dat 'n relatief groot persentasie van die respondente hul ooie in die lente paar wanneer geslagsaktiwiteite 'n laagtepunt bereik, as goed bestempel word.

Soos in die geval van lampersentasie is 'n korrelasie-matriks gekonstrueer om die verwantskap tussen speenpersentasie en sekere veranderlikes te bepaal. Hierdie korrelasie-matriks wys op sekere duidelike verwantskappe.

Die bevindinge bevestig die belang van 'n hoë lampersentasie om speenpersentasie as ekonomies verantwoordbare doeltreffendheidsnorm na vore te laat tree. 'n Hoë lampersentasie is dus 'n voorvereiste vir 'n hoë speenpersentasie. 'n Hoë lampersentasie kan egter deur swak bestuur tot niet gemaak word.

Deur middel van 'n meervoudige stapsgewyse regressie-ontleding is sekere veranderlikes geïdentifiseer wat belangrike verklarings vir die variansie in speenpersentasie bied.

Net soos in die geval van die lampersentasie, is hierdie bevindinge van kardinale belang vir die dorperskaapbedryf as geheel, maar meer spesifiek vir die landbouvoorligters en die individuele dorperboere.

11.9.3 BRUTO INKOMSTE

Alhoewel hierdie ondersoek nie as 'n ekonomiese ondersoek wat betref dorperskaapboerdery gesien kan word nie is op 'n beperkte skaal ondersoek ingestel na die jaarlikse bruto inkomste per dorperooi behaal. Dit moet beklemtoon word dat die bruto inkomstes per ooi soos deur dorperboere verskaf op die persepsies van die respondente gebaseer is.

Die bevindinge (gemiddeld R119-70/ooi, Tabel 10.16) stem egter in 'n baie groot mate ooreen met die posrekordresultate van die gebied vir die finansiële jaar wat hierdie ondersoek voorafgegaan het.

Deur middel van die korrelasiematrikse wat gekonstrueer is, is sekere verwantskappe tussen die bruto inkomste per ooi en verskeie veranderlikes geïdentifiseer. Hierdie veranderlikes varieer van hoogs, hoogs betekenisvol ($P < 0,001$) tot betekenisvol ($0,01 < P < 0,05$).

Die prys van kudderamme tree as 'n hoogs betekenisvolle ($0,001 < P < 0,01$) veranderlike na vore in die bepaling van bruto inkomste per ooi. Hoër pryse vir kudderamme betaal, impliseer oor die algemeen geneties meerderwaardige ramme wat effektief uiting vind in 'n hoër bruto inkomste per dorperooi per jaar. Hierdie bevindinge behoort dus vir die telers van kudderamme 'n bemoedigende teken te wees.

Die bydrae wat sekere veranderlikes maak tot 'n verklaring van die variansie in die bruto inkomste per ooi is ook ondersoek. Dit blyk dat die bywoning van die boereverenigingvergaderings, die aanslag vir die Dorper Nuusbrieff, koste van ramme en massa waarop slaglammers bemark word belangrike bydraes lewer vir die verklaring van variansie in bruto inkomste per dorperooi.

11.10 SLOTGEDAGTE

Deur middel van hierdie omvangryke ondersoek is waardevolle inligting ingesamel wat met dorperskaapboerdery verband hou. Wetenskaplik gefundeerde inligting kan dien as verwysingspunt om vordering wat gemaak sou word deur 'n goed geformuleerde voorligtingsaksie, te evalueer.

Inligting tree na vore wat as belangrike norme in die beplanning van enige voorligtingkundige aksie wat met dorperskaapboerdery verband hou, kan dien. Hindernisse en persepsies, soos in hierdie ondersoek bevind, kan nie geïgnoreer word nie.

Die inligting deur middel van hierdie studie ingesamel, behoort dus in die toekoms as basis te dien vir die wetenskaplike beplanning en uitvoering van 'n gekoördineerde voorligtingsprogram. Waar in die verlede van hoofsaaklik aannames gebruik gemaak is, is verskeie aspekte wat met dorperskaapboerdery verband hou dus nou gekwantifiseer.

LITERATUURVERWYSINGS

- ACOCKS, J.P.H., 1975. Veld Types of South Africa. Government Printer, Pretoria.
- ANONIEM, 1986. Die afronding van slaglamers. Veekos (Sentraal Koöperatief) Beperk, Upington.
- ANONIEM, 1988. Die Dorperskaap - Uitstaande Kenmerke. Dorper, Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika.
- ANONIEM, 1989. Só het die Dorper ontstaan. Die Dorper - Bylae tot die Landbouweekblad, 11 Augustus 1989.
- BAARD, C.R., 1965. Die sosiaal-agrariese boerderysituasie in die Hopetowndistrik. Ongepubliseerde M.Sc. Agric-tesis, Universiteit van Pretoria.
- BASSON, W.D., LABUSCHAGNE, P.W., ELLIS, S.J.P., KOTZE, J.J., BARNARD, H.H. & VAN RENSBURG, P.J., 1968. Management of Sheep. In: The Small Stock Industry of South-Africa. Government Printer, Pretoria.
- BEMBRIDGE, T.J., 1975. Communication and adoption of beef cattle production in the Matabeleland and Midlands provinces of Rhodesia. D. Inst. Agrar. dissertation, University of Pretoria.
- BINDON, B.M. & PIPER, L.R., 1979. Assesment of newe and traditional techniques of selection for reproduction rate. In: Sheep Breeding. 2nd Edition. Eds. Tomers, G.J., Robertson, D.E. & Lightfoot, R.J. Butterworths, London.
- BOSMAN, J., 1986. Presidensiële verslag. Dorper Nuus 39, 15.
- BOSMAN, J., 1988. Presidensiële verslag. Dorper Nuus 43, 3.
- BOSMAN, J., 1989. Grootste Genootskap het klein begin. Die Dorper - Bylae tot die Landbouweekblad, 11 Augustus 1989.
- BOTHA, C.A.J., 1986. Die invloed van verskillende persepsies in die aanvaarding van praktieke geassosieer met droogteweerstandbiedendheid. S.-Afr. Tydskr. Landbouvoorl. 15, 25-29.

BRAND, A.A., 1992. Halfkastrasie as tegniek om die groeitempo van slaglammers te verbeter. Handeling van die 31 ste Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Diereproduksie, Zithabiseni, KwaNdebele.

BRAND, A.A., CLOETE, S.W.P. & DE VILLIERS, T.T., 1985. Faktore wat lamvrektes by die Eisenburg Dorper- en S.A. vleismerino kuddes beïnvloed. S.-Afr. Tydskr. vir Veek. 15, 4.

BUITENDAG, D.J., 1989. Zimbabwe is Dorperland. Die Dorper - Bylae tot die Landbouweekblad, 11 Augustus 1989.

CAMPBELL, Q.P., 1983. Maak geld met vleisskape. Dreyer-Drukkers, Bloemfontein.

CAMPBELL, Q.P., 1988. Die aankoop van ramme - veral op amptelike Dorperveilings. Dorper Nuus 43, 16.

CAMPBELL, Q.P., 1989. Dorper oral aanpasbaar. Die Dorper - Bylae tot die Landbouweekblad, 11 Augustus 1989.

CAMPBELL, Q.P., 1989. Persoonlike mededeling - Verantwoordelike Beampte NIVS, Bloemfontein.

CAMPBELL, Q.P., 1990. Die teling en seleksie van diere vir aanpasbaarheid. Dorperland, 10-15.

CLOETE, J.G., 1972. Drought and supplementary feeding of sheep in the Karoo. J. S. Afr. Vet. Med. Ass. 43, 3.

CLOETE, S.W.P., 1990. Gebruik tweeling as vervangingsooie. Goue Vag, Augustus : 11.

CLOETE, S.W.P., 1991. Keep Those Lambs Alive. Farmers Weekly, 22 March 1991 : 12-13.

CLOETE, S.W.P. & DE VILLIERS, T.T., 1987. Reproduksie- en groeieresultate van 'n kommersiële Dorperkudde op ekstensiewe veldweiding. Dorper Nuus 41, 8-9.

COETZEE, J., 1986. Goeie bestuur bring meer lammers. Landbouweekblad, 15 Augustus 1986.

COETZEE, J., 1989. Persoonlike mededeling - Senior Lektor in Skaap- en Wolkunde, Universiteit van Stellenbosch.

COETZEE, J., 1989. Die bestuur van 'n skaapkudde in die Wes-Kaap. Dept. Skaap- en Wolkunde, Universiteit van Stellenbosch.

COETZEE, J., 1989. Kernaantekeninge. Dept. Skaap- en Wolkunde, Universiteit van Stellenbosch.

COETZEE, J., 1991. Verhoog skaapkuddes se reproduksietempo. Goue Vag, Augustus : 12.

CONNAN, E., 1989. Persoonlike mededeling - Bestuurslid van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika.

DE KLERK, C.H., 1979. Merkundige en omgewingsinvloede op praktykaanvaarding en reproduksiedoeltreffendheid in die hoëpotensiaal beesboerderygebied van Suidwes-Afrika. D. Inst. Agrar.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

DE KLERK, C.H., DÜVEL, C.H. & TERBLANCHE, E. le F., 1983. 'n Ondersoek na Woiskaapboerdery in die Republiek van Suid-Afrika. Verslag: BKB, Port Elizabeth.

DE WET, P.J., SCHNEIDER, D.J., HERBST, J.A., COETZEE, J., DE VILLIERS, T.T., FOLRIE, A.J., CRONJÉ, D. & CLOETE, S.W.P., 1990. Riglyne vir die bepaling van lamvrektes in die Winterreënstreek. Publikasie deur 'n subkomitee van die Kleinveeskakelkomitee. Dept. Landbou-ontwikkeling, Elsenburg.

DÜVEL, G.H., 1980. Probleembeskouing van die boer en hoe dit doelgerigte landbou-ontwikkeling raak. S.-Afr. Tydskr. Landbouvoorl. 9, 21-27.

DÜVEL, G.H., 1982. Behoefte-skepping en -ontginning: Die basis tot verandering. S.-Afr. Tydskr. Landbouvoorl. 11, 27-33.

DÜVEL, G.H., 1987. Situation determination: From theory to a practical model. S. Afr. J. Agric. Ext. 16, 1-10.

ERASMUS, L.S., 1968. The non-wooled mutton breeds. In: The small stock industry in South-Africa. Government Printer, Fretoria.

HATTINGH, D.J., 1965. Die verwantskap tussen finansiële sukses in boerdery en bepaalde sosiaal-kulturele faktore in die S2 en C% agro-ekonomiese streke van die opvanggebied van die Bo-Oranjerivier. M.Sc. Agric.-tesis, Universiteit van Pretoria.

HAUGHEY, K.G., 1985. Improved Lamb Survival - a challenge to the Industry, both Stud and Commercial. Dohne Merino J. 19 (1), 81-87.

HEYNS, M.L. & DÜVEL, G.H., 1980. Die rol van strewes as gedragsbepalende faktor by oortreders van die grondbewaringswet (1969). S.-Afr. Tydskr. Landbouvoorl. 9, 3-9.

HUGO, P., 1989. Dorpers tree sterk op die voorgrond. Swalurama 10, 3-7.

JORDAAN, J.B., 1968. Merinoteling. In Swart, J.C. Die Skaap en sy Vag.

JORDAAN, T. & WATERS, M., 1989. Comparison between intensive and extensive dorper farming in the Eastern Cape. Dorper News 44, 21.

KASHEM, M.A., 1986. The rejection of an innovation. S. Afr. J. Agric. Ext. 17, 11-14.

KING, P.G., 1985. Effectiveness of Opinionleaders in the Diffusion and Adoption of Improved Practices. S. Afr. J. Agric. Ext. 14, 32-37.

KOCH, B.H., 1985a. The role of knowledge in the adoption of agricultural development practices. S. Afr. J. Agric. Ext. 14, 11-16.

KOCH, B.H., 1985b. Die rol van kennis in die aanvaarding van landbou-ontwikkelingspraktyke. D. Inst. Agrar.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

KOCH, B.H., 1986. Perception analysis as guideline in agricultural extension. S. Afr. J. Agric. Ext. 15, 19-24.

KOCH, B.H., 1987. Problem perception as precondition of behavioural change. S. Afr. J. Agric. Ext. 16, 19-25.

KOLBÉ, F.F.H., 1965. Die rol van kennis in die aanvaarding van Landbou-ontwikkelingspraktyke. D.Sc. Agric.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

KOTZE, J. de K., NEL, J.W., NEL, J.A & SCHOEMAN, S.J., 1977. Die generasie-interval van die Suid-Afrikaanse Vleismerino. S.-Afr. Tydskr. Veek. 7 (1).

- LEWIN, K., 1946. *Field Theory in social science. Selected theoretical papers.* New York : Harper & Row.
- LEWIN, K., 1947. *Field theory in social science. Selected theoretical papers.* New York : Harper & Row.
- LOUW, C.J., 1986. *Bemarking van lammers.* Direktooraat Landbou-Inligting, Pretoria.
- MAREE, C., 1987. Mense, Vee en die Omgewing: 'n Simbiose van Duisende Jare. *Dorper Nuus* 41, 3-4.
- MARAIS, P.G. & SCHOEMAN, A., 1990. Geographic Distribution of Dorper Sheep in the Republic. *Dorper News* 46, 4-5.
- MARINCOWITZ, G.J.O., 1985. Die rol van behoeftes in die aanvaarding en bevordering van Boerbokboerdery. D. Inst. Agrar.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- MARINCOWITZ, G.J.O., 1990. Voorligtingkundige navorsingsbevindings met betrekking tot ondernemerontwikkeling. *Handelinge van SAVL-Konferensie, Port Elizabeth.*
- MARINCOWITZ, G.J.O. & DÜVEL, G.H., 1987. The role of needs in the adoption and promotion of Boer Goat Farming. *S. Afr. J. Agric. Ext.* 16, 11-18.
- MASLOW, A.H., 1954. *Motivation and Personality.* New York : Harper & Brothers.
- MASLOW, A.H., 1962. *Toward a psychology of being.* New York : D van Nostrand Company.
- McGUIRK, B.J., 1982. Improving Lamb Survival in Merinos. *Proc. Aust. Soc. Anim. Prod.* 14, 23-34.
- MEIRING, J., 1992. *Persoonlike mededeling : Vleisraad.*
- MEYER, J., 1985. Ekonomiese faktore betrokke by stoetteling. *Dorper Nuus* 36, 27.
- MLC (Meat and Livestock Commission), 1988. *Feeding the ewe. 2nd Edition.* Publication by Meat and Livestock Commission, Queensway House, Bletchley, Milton, Keynes.

- MULDER, P.W.A., 1984. Geloofwaardigheid as kritiese dimensie in kommunikasie. S.-Afr. Tydskr. Landbouvoord. 13, 11-14.
- MULLER, L., 1989. Breeding for hardiness and veld improvement. *Dorper News* 44, 19.
- NAUDE, R.T., 1986. Produksie en Bemarking van Skaapvleis in Suid- Afrika. *Dorper Nuus* 39, 23-30.
- NEL, J.E. & BASSON, W.D., 1968. Principles of Breeding of Sheep and Goats. In: *The Small Stock Industry of South-Africa*. Government Printer, Pretoria.
- OPPERMAN, D.P.J., 1985. Die Veeboer en sy Veld. *Vleisraadfokus*. Julie 1985.
- PROBERT, A.D. & DAVIES, A.S., 1986. A Study of short scrotum, castrated and entire ram lambs. *Proc. N. Z. Soc. Anim. Prod.* 46, 55-58.
- RITAR, A.J., O'MAY, P.J., WILLIAMS, P.M., GILBERT, K.D. & BOND, E.M., 1986. Effects of castration and age on carcass composition of male lambs. *Proc. Aust. Soc. Anim. Prod.* 17, 457.
- RIX, D.M. & DÜVEL, G.H., 1985. Human constraints to optimum land use. *S. Afr. J. Agric. Ext.* 14, 1-10.
- ROBERTSON, D.E., 1983. "Defining Selection Objectives." In: *Sheep Production*, Ed. Haresign, W., Butterworths, London.
- ROBINSON, J.J., 1983. Nitrition of the Pregnant Ewe. In: *Sheep Production*, Ed. Haresign, W., Butterworths, London.
- ROGERS, E.M., 1983. Diffusion of innovations. New York, The Free Press.
- ROGERS, E.M. & SCHOEMAKER, 1971. *Communication of Innovations: A Cross-Cultural Approach*. New York, The Free Press.
- ROUX, P., 1989. Dorper Memoirs. *Dorper News* 45, 29.
- ROUX, P.P., 1989. Vinnige Vleisproduksie lei tot veldbesparing; Vinnige Profyte en Reserwe Produksiekapasiteit by Ooie. *Dorper Nuus* 44, 2-3.
- SCHOEMAN, S.J., 1987. Ons Dorperambassadeurs in Israel. *Dorper Nuus* 40, 8.

SNEDECOR, G.W. & COCHRAN, W.G., 1967. Statistical Methods. Iowa State University Press, Iowa.

SPEDDING, C.R.W., 1970. Sheep Production and Grazing Management. Baillière, Tindall and Cassell, London.

STEPHEN, J., 1988. Some Export Prospects. Dorper News 43, 19.

STRAUSS, J.C., 1989. Persoonlike mededeling : Bestuurslid van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika.

SWANEPOEL, G., 1966. 'n Ondersoek na faktore wat die groei van Dorperskape beïnvloed. M. Sc. Agric.-tesis, Universiteit van Pretoria.

TERBLANCHE, E. le F., 1967. Die voorligtingkundige implikasies van bewaringsboerderytoestande in die Bo-Oranje-opvanggebied. D. Inst. Agrar.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

TERBLANCHE, E. le F., 1987. 'n Studie van die Angorabokbedryf in die Republiek van Suid-Afrika. D.Sc. Agric.-proefskrif, Universiteit van Fort Hare.

TERBLANCHE, E. le F., 1989. Persoonlike mededeling.

TROSKIE, D.P., 1990. Bepaling van die faktore wat die potensiaalbenutting van die Visrivier-Boerdery gebied beïnvloed. M.Sc. Agric.-tesis, Universiteit van Stellenbosch.

VAN DER MERWE, F.J., 1988. Dieroeding. Kosmo-Uitgewers, Stellenbosch.

VAN DER MERWE, F.J. & SMITH, W.A., 1991. Dieroeding. Anim Sci (PTY) Ltd, Pinelands.

VAN DER WATEREN, J.J., 1980. Die konseptualisering en identifisering van probleme deur die voorligter met die oog op doelgerigte landbou-ontwikkeling. Handeling van SAVL-Konferensie, Oos-Londen.

VAN DYK, P.B., 1985. Lesing op Noord-Transvaalse Dorperklub se Jaarvergadering. Dorpernuus 40, 17.

VAN NIEKERK, A., 1991. The Dorper Sheep - an Unknown Breed. Dorper News 48, 17.

VAN NIEKERK, A.N., 1989. Persoonlike mededeling : Bestuurslid van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika.

VAN TONDER, E.M., 1989. Karoo Dorper Veterinary Calendar. Dorper News 44, 5-9.

VAN ZYL, D.P., 1962. 'n Studie van sekere sosio-ekonomiese faktore wat 'n invloed op die toepassing van weiveldbeheermaatreëls in die Swartland en Boshof-Wes Grondbewaringsdistrikte uitoefen. M.Sc. Agric.-tesis, Universiteit van Pretoria.

VAN ZYL, D.P., 1967. Navorsing in voorligting. D.Sc. Agric.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

VISAGIE, F., 1990. Boer met veld eerder as met diere. Landbouweekblad, 20 April 1990.

WALTER, O.M., 1982. Speaking to inform and persuade. New York, MacMillan.

ZIMBARDO, P.G., 1969. The Cognitive Control of Motivation. Scott, Foresman and Company.

BYLAAG A

**ONDERHOUDSKEDULE GEBRUIK BY DORPERBOERE
IN DIE OPNAMEGEBIED BINNE DIE
SOMERREËNVALAREA VAN DIE
DORPERLANDGEBIED**

1989

Vraag 1

Respondentnommer

Opnemer se naam

Vraag 2

Kaartnommer

Vraag 3

Produsent se naam en adres:

.....

.....

Vraag 4

Landdrosdistrik waar grond geleë is:

Vraag 5

Ten opsigte van u Dorperboerdery, is u 'n:

Sleutel:

- a) Stoetboer
- b) Kuddeboer
- c) Kombinasie

(1)
(2)
(3)

Vraag 6

Hoeveel kudde-ooie het u (laat oilammers buite rekening)?

Hoe groot is die grond wat u in totaal in die opnamegebied:

Vraag 7

Besit? Aantal ha.

Vraag 8

Huur? Aantal ha.

Vraag 9
Verhuur? Aantal ha.

Vraag 10
Hoeveel van hierdie grond is besproeiingsgrond? Aantal ha.

Vraag 11
Hoeveel hektaar van die grond waarop u in totaal boer, wend u vir dorperskaapboerdery aan? Aantal ha.

Vraag 12
In hoeveel kampe is die natuurlike weiveld waarop u in totaal met dorpers boer (slegs eie grond) verdeel?

Opnemer:
Laat geleentheidskampies buite rekening.

Vraag 13
Watter persentasie van u kleinvee is dorpers?

Vraag 14
Wil u binne die volgende twee jaar hierdie persentasie dorpers verander?

Skutel:

- a) Ja
- b) Weet nie
- c) Nee

(3)
(2)
(1)

Indien wel, met watter persentasie wil u dit:

Vraag 15
Vermeerder?

Vraag 16
Verminder?

Vraag 17
Is u lid van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika?

Skutel:

- a) Ja
- b) Nee

(2)
(1)

Vraag 18
Hoe oud is u? (Ouderdom van besluitnemer)

Hoeveel jare selfstandige boerdery-ondervinding het u:

Vraag 19
in totaal en

Vraag 20
met dorperskape?

Vraag 21
Is u 'n voltydse of deeltydse boer?

Sleutel:

- a) Voltyds
- b) Deeltyds

(2)
(1)

Vraag 22

Wat is u hoogste opvoedkundige kwalifikasie?

Sleutel:

- a) Laer as matriek
- b) Matriek
- c) St. 6-10 plus ambag
- d) Matriek + enige diploma anders as 'n Landboudiploma
- e) Landboudiploma
- f) B-graad of verder
- g) B. Agric./B. Sc. Agric. of verder

(1)
(2)
(3)
(4)
(5)
(6)
(7)

Het u al die volgende kursusse, aangebied onder beskerming van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika, bygewoon?

Vraag 23

Junior kursus?

Sleutel:

- a) Ja
- b) Nee

(2)
(1)

Vraag 24

Senior kursus?

Sleutel:

- a) Ja
- b) Nee

(2)
(1)

Vraag 25

Waar sou u die rekordhouding ten opsigte van u dorperskaapboerdery volgens 'n 10-puntskaal beoordeel waar 10 = baie volledige stel rekords en 1 = geen rekordhouding?

Vraag 26

Opnemer: Maak 'n aanslag van die respondent se rekordhouding ten opsigte van sy dorperskaapboerdery op 'n 10-puntskaal waar 10 = besonder goeie en effektiewe rekordhouding en 1 = geen rekordhouding. Let wel: Hierdie aanslag word gedoen aan die einde van die opname.

KOMMUNIKASIE-AANGELEENTHEDE

Vraag 27-29

Wie of wat is die drie belangrikste inligtingsbronne waarvan u gebruik maak in u dorperskaapboerdery?

Sleutel:

- a) Departement van Landbou
- b) Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika
- c) Lewendehawebeamptes
- d) Medeboere
- e) Koöperasie-amptenare
- f) Dorper Nuusbrief
- g) Dorperland Nuusbrief

(9)
(8)
(7)
(6)
(5)
(4)
(3)

- h) Ander. Noem (2)
 i) N.v.t. - Maak nie gebruik (1)

Waar sou u elk van die volgende inligtingsbronne op 'n 10-puntskaal aansien ten opsigte van doeltreffendheid as bron van inligting vir die dorperboer waar 10 = baie doeltreffend en 1 = ondoeltreffend is?

Vraag 30
 Departement van Landbou

Vraag 31
 Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika

Vraag 32
 Lewendehawebeamptes

Vraag 33
 Medeboere

Vraag 34
 Koöperasie-amptenare

Vraag 35
 Dorper Nuusbrieff

Vraag 36
 Dorperland Nuusbrieff

Vraag 37
 Kaartnommer

Vraag 38
 Hoe gereeld woon u die plaaslike boerevereniging se vergaderings by? (Druk uit as persentasie van alle vergaderings wat die boerevereniging per jaar aanbied)

Sleutel:

- a) 81 - 100% (6)
 b) 61 - 80% (5)
 c) 41 - 60% (4)
 d) 21 - 40% (3)
 e) 1 - 20% (2)
 f) Nooit nie (1)

Vraag 39
 Hoe dikwels het u die afgelope jaar u landbou-voorligter om inligting of advies genader?

Sleutel:

- a) Baie gereeld (2-3 keer per maand) (5)
 b) Gereeld (ongeveer een keer per maand) (4)
 c) Soms (ongeveer een keer in twee maande) (3)
 d) Af en toe (een maal elke ses maande) (2)
 e) Glad nie (1)

PERSEPSIES VAN BOERE OOR HUL EIE DOELTREFFENDHEID

Met betrekking tot rekordhouding

Vraag 40

Waar sou u u rekordhouding ten opsigte van u dorperskaapboerdery volgens 'n 10-puntskaal beoordeel waar 10 = baie volledige rekordhoudingstelsel en 1 = geen rekordhouding?

Met betrekking tot hul dorperskaapboerdery

Vraag 41

Hoe sou u die doeltreffendheid van u dorperboerdery aanslaan op 'n 10-puntskaal waar 10 = besonder goed en 1 = besonder swak?

Vraag 42

Opnemer se aanslag van boer se doeltreffendheid van dorperskaapboerdery volgens 'n 10-puntskaal? (Opnemer vul dit in nadat die vraeys voltooi is.)

Vraag 43-45

Hoe sal u tewerk gaan om die doeltreffendheid van u dorperskaapboerdery te verhoog? Noem die drie belangrikste metodes in volgorde van afnemende belangrikheid.

Sleutel:

- | | |
|--|-----|
| a) Beter teel- en seleksiemetodes/praktyke | (8) |
| b) Beter voedingspraktyke | (7) |
| c) Beter siektebeheer en siektevoorkomingspraktyke (sluit ook parasietbeheer in) | (6) |
| d) Beter bestuur | (5) |
| e) Meer kennis inwin | (4) |
| f) Ander. Noem | (3) |
| g) Geen definitiewe planne nie | (2) |
| h) Wil nie verhoog nie of is doeltreffend genoeg | (1) |

Vraag 46

Waar sou dit u bring op die 10-puntskaal indien u toepas wat u beoog?

Vraag 47-49

Wat beskou u as die drie belangrikste probleme (in volgorde van afnemende belangrikheid) in u poging om die doeltreffendheid van u dorperskaapboerdery te verhoog?

Sleutel:

- | | |
|------------------------------------|------|
| a) Geen onoorkombare hindernisse | (01) |
| b) Teel- en seleksieprobleme | (02) |
| c) Voedingsprobleme | (03) |
| d) Siekte- en siektebeheerprobleme | (04) |
| e) Finansiële probleme | (05) |
| f) Arbeid | (06) |
| h) Diefstal | (07) |
| i) Bestuursprobleme | (08) |
| j) Swak toekoms vir vleisbedryf | (09) |
| k) Droogtes | (10) |
| l) Ander. Noem | (11) |

Vraag 50-52

Waar sou u elk van hierdie drie probleme op 'n 10-puntskaal plaas ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie belangrik en 1 = onbelangrik?

MET BETREKKING TOT INDIVIDUELE PRAKTYKE

Die onderstaande praktyke is almal in 'n mindere of meerdere mate deel van dorperskaapboerdery. Waar sou u uself plaas op 'n 5-puntskaal, wat strek van 5 = besonder goed tot 1 = besonder swak, ten opsigte van die doeltreffendheid waarvolgens u elk van die volgende individuele praktyke toepas? (As 'n praktyk glad nie deur 'n boer toegepas word nie, byvoorbeeld die gebruik van koggelramme, word 0 gekodeer.)

Teel- en seleksiepraktyke

Vraag 53
Seleksie vir oitskot van ooie volgens ouderdom?

Vraag 54
Seleksie vir ouderdom by ramme?

Vraag 55
Seleksie vir vrugbaarheid by ramme?

Vraag 56
Seleksie vir vrugbaarheid by ooie?

Vraag 57
Gehalte van ramme?

Bestuurspraktyke tydens paartyd

Vraag 58
Persentasie ramme in ooiukuddes met paring?

Vraag 59
Paring van jongooie met eerste dekking?

Vraag 60
Prikkelvoeding van ooie?

Vraag 61
Prikkelvoeding van ramme?

Algemene voedingstoestande

Vraag 62
Toestand van boer se natuurlike veld?

Vraag 63
Getal kampe per trop?

Bestuurspraktyke tydens lamtyd

Vraag 64
Doeltreffendheid van voeding van dragtige en lakterende ooie?

Vraag 65
Doeltreffendheid van toesig tydens lamtyd?

Siektebeheer en -voorkomingspraktyke

Vraag 66
Immunisering teen siektes?

Vraag 67
Dosering teen interne parasiete?

MET BETREKING TOT DIE DORPERSKAAPTELEERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Vraag 68
Wat is na u mening die waarde of belangrikheid (vir u) van affiliasie tot die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika op 'n 10-puntskaal waar 10 = van baie groot waarde en 1 = van geen waarde?

Waar sou u die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van die doeltreffendheid van die Genootskap (waar 10 = baie doeltreffend en 1 = ondoeltreffend):

Vraag 69
Om teelbeleid te bepaal?

Vraag 70
In die bevordering van die dorpererras?

Vraag 71
Die mate waartoe die Genootskap omsien na lede se belange?

Vraag 72-74
Wat is die drie belangrikste nadele (in volgorde van afnemende belangrikheid) verbonde aan affiliasie by die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika?

Slutel:

- a) Verpligte inspeksies
- b) Koste verbonde aan lidmaatskap
- c) Koste verbonde aan verpligte inspeksies
- d) Swak verspreiding en onbeskikbaarheid van inspekteurs
- e) Ander. Noem
- f) N.v.t.
- g) Geen nadele

(6)
(5)
(4)
(3)
(2)
(1)
(0)

Met betrekking tot bruto inkomste per ooi

Vraag 75
Wat is die jaarlikse bruto inkomste per ooi (R) wat u dorperskape behaal? Geen antwoord = 000

Vraag 76
Tot watter jaarlikse bruto inkomste is u met u dorperskape in staat indien u u dorperskaapboerdery na die beste van u vermoë verbeter?

Vraag 77
Na watter jaarlikse bruto inkomste per ooi strewe u om met u dorperskape te bereik?

TEGNIËSE GEDEELTE

Lam- en speenpersentasies

Vraag 78

Wat was u lampersentasie die afgelope lamseisoen (lampersentasie word uitgedruk as lammers gebore per 100 ooie gepaar)? As boer nie weet nie, kodeer 000.

Vraag 79

Wat was u speenpersentasie na afloop van die vorige lamseisoen (speenpersentasie word uitgedruk as lammers gespeen per 100 ooie gepaar)? As boer nie weet nie, kodeer 000.

Seleksie

Vraag 80

Wie doen die seleksie van u dorperooie? Noem slegs die enkele belangrikste persoon of instansie.

Sleutel:

- a) Boer self
- b) Koöperasiebeampte
- c) Dorperinspekteurs
- d) BKB of enige ander lewendehawebeampte
- e) Ander. Noem
- f) Doen geen seleksie nie

(6)
(5)
(4)
(3)
(2)
(1)

Vraag 81

Kaartnommer

Vraag 82-85

Wat is, na u mening, die vier belangrikste eienskappe (in volgorde van afnemende belangrikheid) waarvoor 'n dorperboer moet selekteer wanneer hy ooie vir opname in sy teelkudde selekteer?

Sleutel:

- a) Tipe
- b) Bouvorm en grootte
- c) Vrugbaarheid
- d) Gehardheid
- e) Kleur
- f) Aanpasbaarheid
- g) Vetverspreiding
- h) Bedekking
- i) Ander. Noem
- j) Weet nie

(10)
(9)
(8)
(7)
(6)
(5)
(4)
(3)
(2)
(1)

Vraag 86-89

Waar sou u elk van die genoemde vier eienskappe plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid in die seleksieproses waar 10 = baie belangrik en 1 = onbelangrik?

Seleksie vir ouderdom by ooie

Vraag 90

Van watter metode het u die afgelope jaar gebruik gemaak om produserende kudde-ooie uit te skakel op grond van ouderdom?

Skutel:

- a) Skot volgens geboortedatum uit (5)
- b) Skakel ooie uit deur te let op slytasie van tande en konstitusie van ooi (4)
- c) Skakel ooie uit deur te let op slytasie van tande (3)
- d) Skot ooie visueel slegs op konstitusie uit (2)
- e) Doen geen seleksie vir ouderdom nie (1)

Vraag 91

Watter persentasie van u kudde-ooie het u na afloop van die vorige lamseisoen uitgeskot vir ouderdom en ander foute/probleme?

Seleksie vir ouderdom by ramme**Vraag 92**

Van watter metode het u die afgelope jaar gebruik gemaak om kudderamme uit te skakel op grond van ouderdom?

Skutel:

- a) Seleksie vir ouderdom geskied volgens telingsvoorskrifte vir optimale teelvordering (5)
- b) Hou volledige rekords van alle kudderamme - skot volgens ouderdom, konstitusie, toestand van tande en geslagsaktiwiteit uit (4)
- c) Skot ramme uit volgens die toestand van hulle tande (3)
- d) Skot ramme volgens konstitusie uit (2)
- e) Skot glad nie ramme vir ouderdom uit nie - sit by ooie tot hulle die dag vrek (1)

Seleksie vir vrugbaarheid**Vraag 93**

Wat het u die afgelope jaar gedoen om te verseker dat ooie wat oorlaan in u kudde doeltreffend uitgeskakel word?

Skutel:

- a) Hou volledige reproduksierekords en skot oorlaanooie daarvolgens uit (5)
- b) Merk alle oorlaanooie en skot na 'n tweede kans uit (4)
- c) Probeer na lamseisoen die oorlaanooie identifiseer en skot dan uit (3)
- d) Skakel oorlaanooie in 'n mate uit maar metodes ontbreek om dit suksesvol te doen. Slag byvoorbeeld sommige ooie wat droeg lyk (2)
- e) Doen geen seleksie vir vrugbaarheid nie (1)

Waar sou u die volgende praktyke, wat almal toegepas kan word om die vrugbaarheid in u kudde te verhoog, op 'n 10-puntskaal aanslaan waar 10 = baie belangrik en 1 = onbelangrik?

Vraag 94

Gebruik van ramme wat as meerlinge gebore is?

Vraag 95

Skot alle oorlaanooie dadelik uit?

Vraag 96

Merk alle oorlaanooie en skot uit na tweede kans?

Vraag 97

Gebruik van koggelramme?

Vraag 98

Toets van ramme vir vrugbaarheid voor gebruik?

Vraag 99

Toepassing van 'n definitiewe paarseisoen?

Vraag 100

Selekteer vervangingsooie uit meerlinge?

Vraag 101

Watter enkele metode het u die afgelope lamtyd toegepas om ooie met meerling lammers sowel as die betrokke lammers te identifiseer?

Sleutel:

- a) Identifiseer en merk onder streng toesig alle ooie met meerlinge asook hul lammers effektief vir toekomstige uitkenning (5)
- b) Identifiseer ooie met meerlinge en hul lammers maar identifiasiemerke van die lammers is nie so effektief dat almal na verloop van tyd herken en uitgehaal kan word nie (4)
- c) Hou ooie met meerlinge en hul lammers apart sonder om hulle spesifiek vir toekomstige identifiasie te merk (3)
- d) Neem slegs kennis van 'n sekere hoeveelheid ooie wat meerlinge lam (2)
- e) Gee geen spesifieke aandag aan meerlingooie en hul lammers nie en maak van geen identifiasiemerke gebruik nie (1)

Vraag 102

Watter enkele belangrikste metode pas u toe om teen swak moederseienskappe te selekteer?

Sleutel:

- a) Hou streng toesig tydens lamtyd en merk alle ooie met uiergebreke en die wat lammers weggooi en skot dan beide die ooi en haar lam(mers) uit (5)
- b) Hou streng toesig tydens lamtyd en merk alle ooie met uiergebreke en die wat lammers weggooi en skot dan die ooi uit (4)
- c) Merk slegs ooie met opsigtelike uiergebreke en ooie wat lammers weggooi en skot dan die ooi uit (3)
- d) Merk hier en daar 'n ooi waarvan die lammers kwyn of vrek - weet nie eintlik of dit aan swak moederseienskappe toegeskryf kan word nie. Skot dan die ooi uit (2)
- e) N.v.t. Skot nie vir swak moederseienskappe uit nie (1)

Metodes om te verseker dat ramme vrugbaar is**Vraag 103**

Wat u het u die afgelope jaar voor paartyd gedoen om vas te stel of die ramme wat u by u teelooie gebruik het, vrugbaar was?

Sleutel:

- a) Het kliniese vrugbaarheidstoetse op alle ramme laat doen net voor paartyd en hul geslagsorgane laat ondersoek deur 'n veearts (5)
- b) Het die geslagsorgane van alle ramme laat ondersoek deur 'n veearts net voor paartyd (4)
- c) Het geslagsorgane van alle ramme net voor paartyd self ondersoek of het dit laat ondersoek deur iemand anders as 'n veearts (3)
- d) Kyk na resultate van vorige paar- en lamseisoen (2)
- e) Het niks gedoen nie (1)

Vraag 104

Hoeveel ramme het u die voorafgaande paaryd per 100 ooie gebruik?

Ramaankope en toepaslike besonderhede**Vraag 105**

Wat is die gemiddelde prys wat u vir kudderamme betaal? Indien die boer sy eie ramme teel, watter waarde sou u op hierdie ramme plaas? R/ram

Vraag 106

Deur wie word die ramme (wat u aankoop) normaalweg uitgesoek?

Slutel:

- a) Deur boer self
- b) Deur koöperasiebeampte
- c) Deur 'n kuddeboer
- d) Deur 'n stoetboer
- e) Lewendehawebeampte
- f) Ander. Noem
- g) N.v.t. Koop nie ramme nie

(6)
(4)
(3)
(2)
(1)

Vraag 107-109

Wat is die drie belangrikste eienskappe (in volgorde van afnemende belangrikheid) waarna u soek of kyk wanneer u ramme aankoop of selekteer?

Slutel:

- a) Kleur
- b) Vetverspreiding
- c) Bouvorm en grootte
- d) Vrugbaarheid
- e) Geboortestatus
- f) Tipe
- g) Vleiseienskappe
- h) Bedekking
- i) Ander. Noem

(9)
(8)
(7)
(6)
(5)
(4)
(3)
(2)
(1)

Waar sou u elk van die volgende eienskappe op 'n 10-puntskaal aanslaan ten opsigte van die relatiewe belangrikheid tydens seleksie van ramme waar 10 = baie belangrik en 1 = relatief onbelangrik?

Vraag 110

Kleur

Vraag 111

Vetverspreiding

Vraag 112

Bouvorm en grootte

Vraag 113

Vrugbaarheid

Vraag 114

Geboortestatus

Vraag 115

Tipe

Vraag 116
Veiseienskappe

Vraag 117
Bedekking

Paarpraktyke

Vraag 118
Watter tipe paarpraktyk pas u oorwegend in u dorperskaapboerdery toe?

Sleutel:

- a) Ramme bly voortdurend by ooie (3)
- b) Paar een keer per jaar (2)
- c) Paar drie keer in twee jaar (1)

Vraag 119-121

Wat beskou u as die drie belangrikste voordele (in volgorde van afnemende belangrikheid) verbonde aan 'n paarpraktyk waar die ramme voortdurend by die ooie bly?

Sleutel:

- a) Ooie raak beset wanneer hul reg is vir die ram (6)
- b) Verkoop dwarsdeur die jaar lammers (goeie kontantvloei) (5)
- c) Vergemaklik bestuur (4)
- d) Ander. Noem (3)
- e) Weet nie (2)
- f) Geen voordele (1)

Vraag 122-124

Waar sou u elk van hierdie drie voordele op 'n 10-puntskaal plaas ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie groot en 1 = geringe voordeel?

Vraag 125

Gee 'n gicbale aanslag van alle voordele (verbonde aan 'n praktyk waar ramme voortdurend by die ooie loop) gesamentlik op 'n 10-puntskaal waar 10 = baie groot voordeel en 1 = geringe voordeel.

Vraag 126
Kaartnommer

Vraag 127-129

Wat beskou u as die drie belangrikste nadele (in volgorde van afnemende belangrikheid) van 'n paarpraktyk waar die ramme voortdurend by die ooie loop?

Sleutel:

- a) Kan nie vasstel watter ooie oorslaan of onvrugbaar is nie (7)
- b) Lammers word gedurig gebore met die gevolg dat daar groot en klein lammers in dieselfde trop is (6)
- c) Onsekerheid oor die hoeveelheid lammers wat op sekere tye van die jaar bemark kan word (5)
- d) Bemoeilik bestuur (4)
- e) Ander. Noem (3)
- f) Weet nie (2)
- g) Geen nadele (1)

Vraag 130-132

Waar sou u elk van hierdie nadele op 'n 10-puntskaal plaas ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie groot nadeel en 1 = geringe nadeel?

Vraag 133

Gee 'n globale aanslag van alle nadele (verbonde aan 'n praktyk waar die ramme voortdurend by die ooie loop) gesamentlik op 'n 10-puntskaal waar 10 = groot nadeel en 1 = geringe nadeel.

Vraag 134-136

Wat beskou u as die drie belangrikste voordele (in volgorde van afnemende belangrikheid) verbonde aan 'n paarpraktyk waar slegs een maal per jaar gepaar en gelam word?

Sleutel:

- | | |
|---|------|
| a) Gesonde en lewenskragtige lammers word gebore | (10) |
| b) Ooie maak lammers goed groot | (9) |
| c) Kry lammers met 'n goeie liggaamsmassa op 'n jong ouderdom | (8) |
| d) Lammers gradeer goed | (7) |
| e) Kan onvrugbare ooie identifiseer en uitskot | (6) |
| f) Ooie is in 'n goeie kondisie met paartyd | (5) |
| g) Kry hoë lampersentasie | (4) |
| h) Ander. Noem | (3) |
| i) Weet nie | (2) |
| j) Geen voordele | (1) |

Vraag 137-139

Waar sou u elk van hierdie voordele plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie groot voordeel en 1 = geringe voordeel?

Vraag 140

Gee 'n globale aanslag van alle voordele (verbonde aan 'n praktyk van lam een maal per jaar) gesamentlik op 'n 10-puntskaal waar 10 = baie groot voordeel en 1 = geringe voordeel.

Vraag 141-143

Wat beskou u as die drie belangrikste nadele (in volgorde van afnemende belangrikheid) verbonde aan 'n paarpraktyk waar slegs een maal per jaar gepaar en gelam word?

Sleutel:

- | | |
|---|-----|
| a) Swak kontantvkoei - kry slegs een keer per jaar geld in van lamverkope | (6) |
| b) Kry minder lammers aan as teenoor 3 maal lam in 2 jaar | (5) |
| c) As ooi oorstaan, neem sy 'n jaar voor sy weer gedek word | (4) |
| d) Ander. Noem | (3) |
| e) Weet nie | (2) |
| f) Geen nadele | (1) |

Vraag 144-146

Waar sou u elk van hierdie nadele plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = groot nadeel en 1 = geringe nadeel?

Vraag 147

Gee 'n globale aanslag van alle nadele (verbonde aan 'n praktyk van een maal lam per jaar) gesamentlik op 'n 10-puntskaal waar 10 = baie groot nadeel en 1 = geringe nadeel.

Vraag 148-150

Wat beskou u as die drie belangrikste voordele (in volgorde van afnemende belangrikheid) verbonde aan 'n paarpraktyk waar 3 maal in 2 jaar gelam word?

 Sleutel:

- | | |
|---|-----|
| a) Kry meer lammers aan oor die tydperk van 'n jaar gereken | (6) |
| b) Het beter kontantvloei uit inkomste uit lammers | (5) |
| c) Kan beter selekteer deurdat daar elke 8 maande ootjies is wat in die kudde opgeneem kan word | (4) |
| d) Ander. Noem | (3) |
| e) Weet nie | (2) |
| f) Geen voordele | (1) |

Vraag 151- 153

Waar sou u elk van hierdie drie voordele op 'n 10-puntskaal plaas ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie groot voordeel en 1 = geringe voordeel?

Vraag 154

Gee 'n globale aanslag van alle voordele (verbonde aan 'n praktyk waar 3 maal in 2 jaar gelam word) gesamentlik op 'n 10-puntskaal waar 10 = groot voordeel en 1 = geringe voordeel.

Vraag 155-157

Wat beskou u as die drie belangrikste nadele (in volgorde van afnemende belangrikheid) verbonde aan 'n paarpraktyk waar daar 3 maal in 2 jaar gelam word?

 Sleutel:

- | | |
|--|-----|
| a) Ooie herwin nie kondisie voor volgende paarseisoen nie | (7) |
| b) Te veel stremming om ooie 3 maal in 2 jaar te laat lam | (6) |
| c) Lammers groei swak en bereik nie optimum slagmassa binne 4 maande nie | (5) |
| d) Skep bestuursprobleme | (4) |
| e) Ander. Noem | (3) |
| f) Weet nie | (2) |
| g) Geen nadele | (1) |

Vraag 158-160

Waar sou u elk van hierdie nadele plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = groot nadeel en 1 = geringe nadeel?

Vraag 161

Gee 'n globale aanslag van alle nadele (verbonde aan 'n praktyk van 3 maal lam in 2 jaar) gesamentlik waar 10 = baie groot nadeel en 1 = geringe nadeel.

Paring van jongooie**Vraag 162**

Op hoeveel maande ouderdom paar u u jongooie vir die eerste maal?

Vraag 163

Wat is die minimum massa (as persentasie van volwasse liggaamsmassa) wat jongooie moet bereik het voordat hulle suksesvol gepaar kan word?

Antwoord: 65-75% van volwasse liggaamsmassa

Sleutel:

- | | |
|----------------|---------|
| a) 65% en meer | 3 punte |
| b) 60-65% | 2 punte |
| c) < 60% | 0 punte |

Vraag 164

Wat doen u om te verseker dat u jongooie beset raak gedurende paartyd? Noem die enkele belangrikste praktyk.

Opnemer se aanslag vir doeltreffendheid van paring.

 Sleutel:

- a) Liggaamsmassa, paartyd en voeding is van kardinale belang vir hierdie boer. Hy verseker dat die liggaamsmassa ten minste 65-75% van die volwasse liggaamsmassa is. Spaarveld of prikkelvoeding vanaf 2-3 weke voor paartyd of paar hulle met meer en ouer ramme of langer (5)
- b) Verseker dat liggaamsmassa ten minste 65-75% van die volwasse liggaamsmassa is en gee prikkelvoeding (4)
- c) Sit net die grootste ootjies by die ram. Spaarveld of prikkelvoeding op veld waar nodig (3)
- d) Paar alle jongootjies (apart) op die veld. Gee geringe byvoeding waar nodig gedurende droogteperiodes (2)
- e) Doen niks om te verseker dat jongooie beset raak nie (1)
- f) N.v.t. - paar glad nie jongooie nie (0)

 Koggelramme**Vraag 165**

Indien u van koggelramme gebruik maak, hoe lank voor die paarseisoen in aanvang neem plaas u hulle tussen die ooie?

 Sleutel:

- | | |
|--|-----|
| a) 10-21 dae | (2) |
| b) Enige ander periode | (1) |
| c) N.v.t - gebruik nie koggelramme nie | (0) |

 Paring en reproduksiegegewens**Vraag 166**

Hoeveel ooie het u die afgelope paarseisoen (Sept.-Okt.) gepaar?

Vraag 167

Hoeveel van hierdie ooie gepaar, het nie gelam nie?

Vraag 168

Hoeveel lammers is gebore?

Vraag 169

Opnemer bereken lampersentasie vanaf vrae 166 en 168.

Vraag 170

Kaartnommer 5 begin.

Vraag 171

Hoeveel lammers het u na afloop van die vorige lamseisoen gespeen?

Vraag 172

Opnemer bereken speenpersentasie vanaf vrae 166 en 171.

Vraag 173

Elke boer het sy eie strewes ten opsigte van lampersentasie. Watter lampersentasie streef u na onder u besondere omstandighede?

Van die ooie gepaar, hoeveel was met paartyd:

Vraag 174

Jongooie (tweetand en jonger)?

Vraag 175

Viertand tot volbek?

Vraag 176

Slyt tot baie oud?

Vraag 177

Weet nie.

Vraag 178

Uit elke 100 ooie gepaar, hoeveel meerlinge het u aangekry?

Opnemer werk nou uit:

Vraag 179

Werklike aantal lammers aangekom.

Vraag 180

Lamvrektes vanaf geboorte tot speen vanaf vrae 171 en 179.

Verliese van lammers tot op speenouderdom

Vraag 181

Hoeveel lammers het vanaf geboorte tot op speenouderdom gevrek? (Lammers doodgebore word ingesluit.)

Vraag 182

Hoeveel van die lammers, in vraag 181 genoem, het binne die eerste 14 dae na geboorte gevrek? (Lammers doodgebore word ingesluit.)

Vraag 183-185

Wat was die drie belangrikste oorsake (in volgorde van afnemende belangrikheid) van hierdie vrektes?

Sleutel:

- | | |
|--|-----|
| a) Swak voedingstoestande weens droogte | (9) |
| b) Ongediertes | (8) |
| c) Ongunstige weerstoestande tydens lamtyd | (7) |
| d) Moeders met swak moederseienskappe | (6) |
| e) Doodgebore | (5) |
| f) Siektes | (4) |
| g) Onvoldoende toesig tydens lamtyd | (3) |
| h) Ander. Noem | (2) |
| i) Weet nie | (1) |
| j) N.v.t. - geen vrektes | (0) |

Vraag 186-188

Waar sou u elk van hierdie oorsake op 'n 10-puntskaal plaas op grond van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie belangrik en 1 = onbelangrik?

Vraag 189

Verwelkom u dit dat u dorperooie meerlinge lam?

Vraag 190-192

Indien nee, hoekom nie? Gee die drie belangrikste redes in volgorde van afnemende belangrikheid.

Sleutel:

- | | |
|--|-----|
| a) Dorperooi kan net een lam ordentlik grootmaak | (6) |
| b) Dorperooi gooi gewoonlik een van meerling weg | (5) |
| c) Meerlinglammers het gewoonlik lewenslange agterstand | (4) |
| d) Ekstra tyd en aandag aan meerlinglammers nie koste en moeite werd nie | (3) |
| e) 'n Hele aantal lammers moet hans groot gemaak word | (2) |

- f) Ander (1)
g) Weet nie (0)

Bestuurspraktyke gedurende lamtyd

Vraag 193

Skei u die ooie met meerlinge van die ooie met enkeling lammers?

Sleutel:

- a) Ja (2)
b) Soms (1)
c) Nee (0)

Vraag 194

Wat doen u in verband met toesighouding tydens lamtyd?

Opnemer se aanslag vir die doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd.

Sleutel:

- a) Die boer doen daaglik inspeksies van die lammerooie om probleme te identifiseer en meerlinge te merk (3)
b) Die boer kyk daaglik by die drinkplekke en doen 'n deeglike inspeksie so 1 of 2 maal per week (2)
c) Die boer doen niks of feitlik niks ten opsigte van toesighouding tydens lamtyd nie (1)

Prikkelvoeding van ooie voor paartyd

Vraag 195

Gee u aan die teelooie prikkelvoeding voor paartyd?

Sleutel:

- a) Ja (2)
b) Gedeeltelik of soms (1)
c) Nee (0)

Vraag 196

Indien wel, hoe en wanneer doen u dit?

Sleutel:

- a) Goeie veldweiding plus byvoeding wat sodanig is dat ooie vanaf ongeveer 3 weke voor en ook gedurende paartyd in massa sal toeneem (5)
b) Dieselfde as by (a), gee minder byvoeding maar daar is tog 'n geringe massatoename by die ooie (4)
c) Voeding (veld en byvoeding) is sodanig dat ooie se massa voor en gedurende paartyd slegs gehandhaaf word (3)
d) Pas prikkelvoeding gedeeltelik, maar onvo'dcende toe (2)

- e) Wat as prikkelvoeding beskou word, is heeltemal onvoldoende en ooi verloor eerder massa of kan dit beswaarlik handhaaf voor en tydens paartyd m.a.w. pas geen prikkelvoeding toe nie (1)
- f) N.v.t. (0)

Prikkelvoeding van teelramme voor paartyd

Vraag 197

Gee u prikkelvoeding aan teelramme voor paartyd?

Sleutel:

- a) Ja (2)
- b) Gedeeltelik of soms (1)
- c) Nee (0)

Vraag 198

Indien wel, wanneer en hoe doen u dit?

Opnemer se aanslag vir doeltreffendheid van byvoedingvoorsiening van ramme rondom paartyd.

Sleutel:

- a) Voorsien byvoeding aan ramme 2 tot 3 maande voor paartyd ten einde goeie spermontwikkeling te verseker (5)
- b) Voorsien byvoeding aan ramme vanaf 3 weke voor paring sodat hulle in 'n groeiende toestand verkeer, maar nie oorvet word nie (4)
- c) Redelike veldtoestande tesame met 'n bietjie byvoeding verseker dat ramme in 'n redelike kondisie verkeer en hul liggaamsmassa handhaaf (3)
- d) Voorsien onvoldoende byvoeding aan ramme voor paartyd en veldtoestande is sodanig dat hulle beswaarlik hul liggaamsmassa handhaaf en eerder massa verloor voor paartyd (2)
- e) Gee geen byvoeding nie (1)

Doeltreffendheid van voeding van dragtige en lakterende ooeie

Vraag 199

Wat het u die afgelope lamseisoen gedoen om te verseker dat u dragtige en lakterende ooeie in 'n goeie voedingstoestand verkeer?

Opnemer se aanslag vir doeltreffendheid van voeding van dragtige en lakterende ooeie.

Sleutel:

- a) Skenk spesiale aandag aan 'n voedingsprogram vanaf 3 weke voor lamtyd tot 2 maande na lamtyd. Byvoeding geniet spesiale voorrang al loop ooeie in spaarveld (5)

- b) Sorg dat ooie 2 tot 3 weke voor en 2 maande na lamtyd in spaarveld loop - gee so nou en dan byvoeding (4)
- c) Jaag ooie in spaarveld maar skenk geen spesiale aandag aan byvoeding voor of na lamtyd nie (3)
- d) Ooie moet op veld alleen klaarkom (2)
- e) Skenk geen spesiale aandag aan voeding voor of na lam nie (1)

Vraag 200

Wat sou u sê is die belangrikste rede waarom dit belangrik is om 'n hoë lampersentasie by dorperskape te verseker?

 Sleutel:

- a) Kan strenger selekteer, meer lammers verkoop en groter genetiese vordering maak 3 punte
- b) Kan minder ooie aanhou en nog steeds dieselfde aantal lammers bemark of met dieselfde getal ooie meer lammers bemark 2 punte

Let wel: Indien hy beide noem, kry hy 5 punte.

(Totaal = 5 punte)

Vraag 201

Weet u wat die vasgestelde drakrag vir die omgewing waar u boer is? Indien ja, noem.

..... ha/GVE of skape/ha

Indien die antwoord reg is, gee 2 punte.

Indien die antwoord verkeerd is, gee 0 punte.

(Totaal = 2 punte)

Vraag 202

Is u tevrede dat die vasgestelde drakrag in u omgewing realisties is?

 Sleutel:

- a) Ja (3)
- b) Onseker (2)
- c) Nee (1)

Vraag 203

Wat is die respondent se gesindheid teenoor weiveld en weiveldbeheer? (Raadpleeg beamptes van Dept. Landbou-Ontwikkeling).

Sleutel:

- a) Hy is entoesiasies met 'n besliste positiewe gesindheid teenoor weiveld en weiveldbestuur. Hy besef die waarde van weiveld vir homself en vir die land as geheel en is bekommerd oor veldagteruitgang in sy omgewing (5)
- b) Hy is 'n eweknie van die respondent onder (a), maar ontbreek daardie aansteeklike entoesiasme en positiewe gesindheid teenoor weiveld en weiveldbestuur (4)
- c) Sy gesindheid is redelik ten opsigte van weiveld en die versorging daarvan. Hy is meer op die spaarkampstelsel ingestel en praat meestal saam (3)
- d) Sy gesindheid is dat weiveld daar is om te benut - die bewaring en beskerming daarvan is 'n bysaak en geniet feitlik geen aandag nie (2)
- e) Hy beskik oor 'n swak gesindheid en 'n onverskillige houding teenoor die weiveld - die veld is syne en hy sal maak daarmee wat hy wil (1)

Vraag 204

Hoeveel afsonderlike troppe dorperskape het u tans op u eie grond waar u met dorperskape boer?

Getal:

Vraag 205

Opnemer werk nou uit aantal kampe per trop vanaf gegewens in vrae 12 en 204.

Vraag 206

Dink u u sal aan die vereistes van die drakragbepalings kan voldoen om vir droogtehelp onder die Wet op die Bewaring van Natuurlike Landbou Hulpbronne te kwalifiseer?

 Sleutel:

- a) Ja (3)
- b) Weet nie (2)
- c) Nee (1)

Vraag 207

Indien nee, hoekom nie? Gee enkele belangrikste rede.

 Sleutel:

- a) Sal nie 'n lewe kan maak uit die toelaatbare getal vee vir sy grond nie (6)
- b) Sal na droogte verby is, te lank neem om weer veegetalle (dit is die derde van die toegelate vee wat verminder moet word) op te bou tot die toegelate getal (5)
- c) Na droogte gebreek is, sal vee te duur wees om weer op die toegelate getal te kom (4)
- d) Wil nie nog 'n derde van die toegelate getal vee (volgens die skema) verminder nie (3)
- e) Ander. Noem (2)
- f) Weet nie (1)
- g) N.v.t. - sal aan drakragbepalings kan voldoen (0)

Vraag 208

Watter gedeelte van die toegelate vee, volgens die toegekende weidingskapasiteit, moet van die plaas verwyder word voordat u finansiële voordeel kan ontvang onder die Droogte-hulpskema?

Antwoord: een derde

 Sleutel:

- | | |
|-------------|---------|
| a) Korrek | 2 punte |
| b) Verkeerd | 0 punte |

Vraag 209

Hoe gaan u toekomstige droogtesituasies hanteer indien u nie van Staatshulp gebruik maak of kan maak nie? Noem belangrikste plan.

 Sleutel:

- | | |
|---|-----|
| a) Eie voerbank opbou tydens beter jare | (8) |
| b) Geld spaar in beter jare vir voeraankope in droogtetye | (7) |
| c) Boerdery as beroep verlaat - plaas verkoop of verhuur | (6) |
| d) Minder vee in goeie jare aanhou en veldreserwesopbou | (5) |
| e) Droogtevoergewasse aanplant | (4) |
| f) Weiveldbeheer toepas | (3) |
| g) Ander. Noem | (2) |
| h) Weet nie | (1) |
| i) N.v.t. - het Staatshulp nodig | (0) |

Vraag 210

Dink u die weiveld in u omgewing is besig om agteruit te gaan?

 Sleutel

- | | |
|--------|-----|
| a) Ja | (2) |
| b) Nee | (1) |

Vraag 211

Kaartnommer 6 begin

Vraag 212-214

Indien ja, wat sou u as die drie belangrikste redes hiervoor, in volgorde van afnemende belangrikheid, aanvoer?

 Sleutel:

- | | |
|---|-----|
| a) Droogtes | (7) |
| b) Boere oorskat langtermyn drakrag | (6) |
| c) Veld is kwesbaar en moeilik om reg te bestuur | (5) |
| d) Gebrekkige kennis van veld vir toepassing van gesonde weiveld bestuurspraktyke | (4) |

- e) Boere staan onverskillig teenoor gesonde weiveldbestuur (3)
 f) Ander. Noem (2)
 g) Weet nie (1)
 h) N.v.t. - veld gaan nie agteruit (0)

Vraag 215-217

Waar sou u elk van die drie redes plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie belangrik en 1 = onbelangrik?

IMMUNISERING TEEN SIEKTES, GESLAGSIEKTES EN PARASIE TE**Vraag 218-223**

Teen watter siektes en geslagsiektes het u u dorperskape die afgelope jaar geïmmuniseer?

Bloednier	Ja = 1	Nee = 2
Bloutong	Ja = 1	Nee = 2
Lamsiekte	Ja = 1	Nee = 2
<u>Brucella ovis</u>	Ja = 1	Nee = 2
Pasteurella	Ja = 1	Nee = 2
Ensoötiese aborsie	Ja = 1	Nee = 2

Vraag 224

Aanslag deur opnemer vir doeltreffendheid van immunisering teen siektes en geslagsiektes.

Sleutel:

- a) Ent effektief teen bloednier, pasteurella, ensoötiese aborsie en Brucella en in baie goeie jare teen bloutong (5)
 b) Ent effektief teen bloednier, pasteurella, ensoötiese aborsie en Brucella (4)
 c) Ent slegs effektief teen twee bv. bloednier en pasteurella (3)
 d) Ent slegs effektief teen een (2)
 e) Ent glad nie (1)

(Brucella ovis slegs waar rammetjies grootgemaak word)

Vraag 225-226

Teen watter interne parasiete het u u dorperskape die afgelope jaar gedoseer?

Sleutel:

Lintwurms	Ja = 1	Nee = 2
Rondewurms	Ja = 1	Nee = 2

Vraag 227

Aanslag deur opnemer vir doeltreffendheid van dosering teen inwendige parasiete.

Sleutel:

- a) Doseer gereeld teen lintwurms en met 'n breë spektrummiddel 1 of 2 keer per jaar teen rondewurms (3)
- b) Doseer in 'n geringe mate teen lintwurms en baie selde met 'n breë spektrummiddel teen rondewurms (2)
- c) Doseer glad nie/feitlik nie (1)

BEMARKING VAN SPEENLAMMERS**Vraag 228**

Op watter massa (lewende gewig) bemark u u slaglamms? (kg) Opnemer skryf massa in. Indien boer nie weet nie, kodeer 00.

Vraag 229

Hou oud is sodanige lamms wanneer u hulle bemark? Opnemer skryf die aantal dae in. Indien boer nie weet nie, kodeer 000.

Vraag 230

Wat was die gemiddelde prys wat u die afgelope jaar vir u lamms gekry het in R/lam? Indien boer nie weet nie, kodeer opnemer 000.

Vraag 231

Wat was die gemiddelde prys wat u die afgelope jaar vir u uitskotooie gekry het in R/ooi? Indien boer nie weet nie, kodeer opnemer 000.

Onder normale omstandighede, watter persentasie van u lamms bemark u deur:

Sleutel:

- Vraag 232** Beheerde slagpale
- Vraag 233** Spekulant
- Vraag 234** Privaat voerkraal
- Vraag 235** Vendusie

Vraag 236

Weeg u u lamms voor bemarking?

Sleutel:

- a) Ja (3)
- b) Soms (2)
- c) Nee (1)

Vraag 237

Kastreer u u ramlamms? (voor bemarking)

Sleutel:

- a) Ja (3)
- b) Soms (2)
- c) Nee (1)

Vraag 238-240

Wat beskou u as die 3 belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers direk voor bemarking gekastreer word in volgorde van afnemende belangrikheid?

Sleutel:

- a) Gradeer beter (5)
- b) Jaag nie ootjies nie (4)
- c) Groei beter (3)
- d) Hoef nie nog 'n afsonderlike trop jong rammetjies aan te hou nie (2)
- e) Ander. Noem (1)
- f) Weet nie of geen voordele (0)

Vraag 241-243

Waar sou u elk van genoemde drie voordele op 'n 10-puntskaal plaas ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie belangrik en 1 = onbelangrik?

Vraag 244

Gee 'n globale aanslag (vir al die voordele hierbo genoem) op 'n 10-puntskaal waar 10 = besonder voordelig en 1 = geringe voordeel.

Vraag 245-247

Wat beskou u as die drie belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers voor bemarking gekastreer word in volgorde van afnemende belangrikheid?

Sleutel:

- a) Sit lam terug met kastrasie (5)
- b) Gevaar van lamvrektes (4)
- c) Koste verbonde aan kastrasie (3)
- d) Arbeid verbonde aan kastrasie (2)
- e) Ander. Noem (1)
- f) Weet nie of geen nadele (0)

Vraag 248-250

Waar sou u elk van hierdie nadele plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie nadelig en 1 = geen nadeel?

Vraag 251

Gee 'n globale aanslag (van al die nadele hierbo genoem) ooreenkomstig 'n 10-puntskaal waar 10 = baie nadelig en 1 = geringe nadeel.

Vraag 252-254

Wat beskou u as die drie belangrikste voordele van 'n praktyk waar ramlammers nie voor bemarking gekastreer word nie in volgorde van afnemende belangrikheid?

 Sleutel:

- a) Sit nie lam terug nie (geen kastreerskok) (7)
- b) Geen addisionele koste (6)
- c) Verminder gevaar van lamvrektes (a.g.v. klem-in-die-kaak) (5)
- d) Minder arbeid nodig (4)
- e) Swaarder slagmassa (3)
- f) Gradeer beter (2)
- g) Ander. Noem (1)
- h) Weet nie of geen voordele (0)

Vraag 255-257

Waar sou u elk van hierdie voordele plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie voordelig en 1 = geen voordeel?

Vraag 258

Gee 'n globale aanslag (vir al die voordele hierbo verskaf) ooreenkomstig 'n 10-puntskaal waar 10 = baie voordelig en 1 = geringe voordeel.

Vraag 259

Kaartnommer 7 begin

Vraag 260-262

Wat is die drie belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers nie voor bemarking gekastreer word nie in volgorde van afnemende belangrikheid?

 Sleutel:

- a) Gradeer swakker (5)
- b) Jaag ootjies (4)
- c) Groei swakker (3)
- d) Moet 'n afsonderlike trop ramlammers aanhou (2)
- e) Ander. Noem (1)
- f) Weet nie of geen nadele (0)

Vraag 263-265

Waar sou u elk van hierdie nadele plaas op 'n 10-puntskaal waar 10 = besonder nadelig en 1 = baie klein nadeel?

Vraag 266

Gee 'n globale aanslag (van al die nadele hierbo genoem) ooreenkomstig 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie groot nadeel en 1 = geen nadeel.

BEHANDELING VAN LAMMERS VOOR BEMARKING**Vraag 267**

Van watter afrondingspraktyk het u oorwegend gebruik gemaak vir die speenlammers wat u die afgelope tyd bemark het?

Sleutel:

- a) Bemark direk vanaf die moeder (sonder kruipvoeding) van veld (1)
- b) Bemark direk van moeder af, maar gee wel kruipvoeding (2)
- c) Rond eers die lammers op die plaas af na speen (3)
- d) Bemark deur voerkraal (4)
- e) Ander. Noem (5)

Vraag 268

Wissel hierdie afrondingspraktyk na gelang van omstandighede?

Sleutel:

- a) Ja (2)
- b) Nee (1)

Vraag 269-270

Indien ja, watter 2 faktore het die belangrikste invloed op u besluit om 'n alternatiewe metode/praktyk toe te pas?

Sleutel:

- a) Weet nie (6)
- b) Droogte (5)
- c) Vleispryse (4)
- d) Wisselende reënval (3)
- e) Kontantvloei (2)
- f) Ander. Noem (1)
- g) N.v.t - verander nie sy bemarkingsmetode (0)

Vraag 271-272

Waar sou u elk van hierdie 2 faktore of redes afsonderlik op 'n 10-puntskaal aanslaan ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie belangrik en 1 = onbelangrik?

Vraag 273

Indien ja, watter alternatief volg u?

Sleutel:

- a) **Bemark direk van moeder (van veld) sonder kruipvoeding (1)**
- b) **Bemark direk van moeder, maar gee kruipvoeding in veld by ma voor bemarking (2)**
- c) **Rond eers die lammers op plaas af na speen (eie voerkraal) (3)**
- d) **Bemark lammers direk deur 'n kommersiële voerkraal (4)**
- e) **N.v.t. - verander nie sy bemarkingsmetode (5)**

Vraag 274-276

Wat is die drie belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder (van veld) sonder kruipvoeding bemark word in volgorde van afnemende belangrikheid?

Sleutel:

- a) **Meer winsgewind (6)**
- b) **Vergemaklik bestuur en toesighouding (5)**
- c) **Lammers groei beter (4)**
- d) **Lammers slag beter uit (3)**
- e) **Bespaar arbeid (2)**
- f) **Ander. Noem (1)**
- g) **Geen voordele of weet nie (0)**

Vraag 277-279

Waar sou u elk van hierdie drie voordele plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie belangrik en 1 = onbelangrik?

Vraag 280

Gee 'n globale aanslag van al hierdie voordele hierbo genoem op 'n 10-puntskaal waar 10 = baie voordelig en 1 = geringe voordeel.

Vraag 281-283

Wat is die drie belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder (van veld) sonder kruipvoeding bemark word in volgorde van afnemende belangrikheid?

Sleutel:

- a) **Kan minder aantelwee aanhou (7)**
- b) **Ooie kan nie so gou weer gepaar word nie (6)**
- c) **Lammers groei swakker (5)**
- d) **Lammers slag nie so goed uit nie (4)**
- e) **Weiding word nie baie doeltreffend benut nie (3)**
- f) **Sukkel om lammers markklaar te kry op veld (2)**
- g) **Ander. Noem (1)**
- h) **Weet nie of geen nadele (0)**

Vraag 284-286

Waar sou u elk van hierdie nadele plaas op 'n 10-puntskaal waar 10 = baie belangrike nadeel en 1 = geen nadeel?

Vraag 287

Gee 'n globale aanslag van al die nadele hierbo genoem op 'n 10-puntskaal waar 10 = baie nadelig en 1 = geen nadeel.

Vraag 288-290

Wat is na u mening die drie belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder (van veld), maar met die gee van kruipvoeding bemark word in volgorde van afnemende belangrikheid?

 Sleutel:

- | | |
|---|-----|
| a) Lammers gradeer beter | (7) |
| b) Lammers groei beter | (6) |
| c) Verhoogde inkomste a.g.v. beter gradering en massa | (5) |
| d) Lammers is gouer markklaar | (4) |
| e) Ooie kan gouer weer gepaar word | (3) |
| f) Ooie is swaarder by paring wat lei tot 'n hoër besettings- en lampersentasie | (2) |
| g) Ander. Noem | (1) |
| h) Geen voordele of weet nie | (0) |

Vraag 291-293

Waar sou u elk van hierdie drie voordele plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie groot voordeel en 1 = geringe voordeel?

Vraag 294

Gee 'n globale aanslag (van al die voordele hierbo genoem) gesamentlik op 'n 10-puntskaal waar 10 = baie voordelig en 1 = geringe voordeel.

Vraag 295-297

Wat is die drie belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder (van veld), maar met die gee van kruipvoeding bemark word in volgorde van afnemende belangrikheid?

 Sleutel:

- | | |
|---|-----|
| a) Geen ekonomiese voordeel | (5) |
| b) Groter vereistes aan bestuur en arbeid | (4) |
| c) Groter insetkoste a.g.v. voer, arbeid en fasiliteite | (3) |
| d) Koste verbonde aan oprigting van kruipvoerkrippe | (2) |
| e) Ander. Noem | (1) |
| f) Geen nadele of weet nie | (0) |

Vraag 298-300

Waar sou u elk van hierdie drie nadele plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie belangrik en 1 = onbelangrik?

Vraag 301

Gee 'n globale aanslag (van al die nadele hierbo genoem) gesamentlik op 'n 10-puntskaal waar 10 = baie groot nadeel en 1 = geringe nadeel.

Vraag 302-304

Wat is die drie belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk waar lammers eers op die plaas na speen afgerond word of na 'n voerkraal gestuur word in volgorde van afnemende belangrikheid? Opnemer: Dit is die voordele verbonde aan 'n kombinasie van (c) en (d) in vraag 267.

Skutel:

- | | |
|---|-----|
| a) Lammers gradeer beter | (7) |
| b) Lammers is swaarder | (6) |
| c) Verhoogde inkomste a.g.v. beter gradering en massa | (5) |
| d) Spaar weiding - kan meer aantelwee aanhou | (4) |
| e) Ooie kan gouer weer gepaar word | (3) |
| f) Ooie is swaarder by paring wat lei tot 'n hoër besettings- en lampersentasie | (2) |
| g) Ander. Noem | (1) |
| h) Geen voordele of weet nie | (0) |

Vraag 305-307

Waar sou u elk van hierdie voordele plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie belangrik en 1 = onbelangrik in dieselfde volgorde van afnemende belangrikheid as hierbo genoem?

Vraag 308

Gee 'n globale aanslag (van al die voordele hierbo genoem) gesamentlik op 'n 10-puntskaal waar 10 = baie groot voordeel en 1 = geringe voordeel.

Vraag 309

Kaartnommer 8 begin

Vraag 310-312

Wat is die drie belangrikste nadele verbonde aan hierdie metodes in volgorde van afnemende belangrikheid?

Skutel:

- | | |
|---|-----|
| a) Geen ekonomiese voordeel | (5) |
| b) Groter vereistes aan arbeid en bestuur | (4) |
| c) Groter insetkoste a.g.v. voer, arbeid en fasiliteite | (3) |
| d) Koste verbonde aan oprigting van voerkrippe | (2) |

- e) Ander. Noem (1)
 f) Geen nadele of weet nie (0)

Vraag 313-315

Waar sou u elk van hierdie nadele plaas op 'n 10-puntskaal ten opsigte van relatiewe belangrikheid waar 10 = baie belangrik en 1 = onbelangrik?

Vraag 316

Gee 'n globale aanslag (van al die nadele verbonde aan die praktyk hierbo genoem) gesamentlik op 'n 10-puntskaal waar 10 = baie nadelig en 1 = geringe nadeel.

KRUISTELING**Vraag 317**

Pas u kruisteling by u dorperooie toe deur van vetstert (Persie) of vetstuitte ramme (Van Rooy of Afrikaner) gebruik te maak?

 Sleutel:

- a) Ja (3)
 b) Soms (2)
 c) Nee (1)

Vraag 318-320

Wat sou u sê is die drie belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk van kruisteling met vetstert/vetstuitte in volgorde van afnemende belangrikheid?

 Sleutel:

- a) Lammers is oorvet en gradeer daarom swakker (7)
 b) Lammers het goeie liggaamsmassa op vroeë ouderdom (6)
 c) Lammers gradeer goed (beter as suiwer dorperlam) vanaf veld (5)
 d) Nageslag is meer gehard (4)
 e) Nageslag is meer aanpasbaar (3)
 f) Nageslag is meer vrugbaar (2)
 g) Ander. Noem (1)
 h) Geen of weet nie (0)

Vraag 321-323

Wat sou u sê is die drie belangrikste nadele daaraan verbonde in volgorde van afnemende belangrikheid?

 Sleutel:

- a) Lammers is oorvet en gradeer daarom swakker (6)
 b) Het nie suiwer dorperooitjies om as vervangingsooie te dien nie (5)
 c) Nageslag is nie so gehard (4)
 d) Nageslag is nie so goed aangepas (3)
 e) Nageslag is minder vrugbaar (2)

- f) Ander. Noem (1)
g) Geen nadele of weet nie (0)

Vraag 324-326

Wat is die drie belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk van nie-kruisteling met vetstert/vetstuittipies in volgorde van afnemende belangrikheid?

Sleutel:

- a) Hoef nie suiwer dorperooitjies in te koop nie (4)
b) Suiwer dorperlammers gradeer beter (3)
c) Hoef nie nog 'n aparte trop diere aan te hou nie (2)
d) Ander. Noem (1)
e) Geen of weet nie (0)

Vraag 327-329

Wat is die drie belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk van nie-kruisteling met vetstert/vetstuittipies in volgorde van afnemende belangrikheid?

Sleutel:

- a) Suiwer dorperlammers kan nie direk van die veld af bemark word nie (4)
b) Suiwer dorperlammers het nie so 'n goeie liggaamsmassa op 'n vroeë ouderdom nie (3)
c) Suiwer dorperlammers gradeer nie so goed indien direk van die veld af bemark word nie (2)
d) Ander. Noem (1)
e) Geen of weet nie (0)

ALGEMEEN**Vraag 330**

Uit watter twee skaaprasse is die dorperskaap geteel?

Antwoord: Dorset Horn en Persie

Sleutel:

- a) Korrek 2 punte
b) Verkeerd 0 punte

Vraag 331

As gesê word 'n dorperskaap is aanpasbaar, wat verstaan u onder die term aanpasbaar?

Antwoord: Aanpasbaarheid kan beskryf word as die vermoë van 'n dier om onder spesifieke toestande van temperatuur, lig, voeding, terrein, grond-pH en vog te oorleef, te gedy, te produseer en te reproduseer. 'n Goed aangepaste dier behoort ook 'n mate

van weerstand teen heersende siektes, bosluise, steekvlieë en ander eksterne sowel as interne parasiete te toon.

Sleutel:

- a) As hy sê aanpasbaarheid kan beskryf word as die vermoë van 'n dier om onder spesifieke toestande van temperatuur, lig, voeding, terrein, grond-pH en vog te oorleef, te gedy, te produseer en te reproduseer. 'n Goed aangepaste dier behoort ook 'n mate van weerstand teen heersende siektes, bosluise, steekvlieë en ander eksterne sowel as interne parasiete te toon. 5 punte
- b) As hy sê aanpasbaarheid kan beskryf word as die vermoë van 'n dier om onder sekere kondisies voort te bestaan sowel as 'n mate van weerstand teen siektes en parasiete van die betrokke gebied. 4 punte
- c) As hy net sê dat dit die vermoë van 'n skaap is om onder sekere kondisies te oorleef en voort te plant. 3 punte
- d) As hy net sê die dier moet 'n mate van weerstand teen siektes en parasiete van die betrokke gebied hê. 2 punte
- e) As hy so 'n vae omskrywing gee, maar nie eintlik weet wat aanpasbaarheid beteken nie. 1 punt
- f) As hy glad nie weet nie. 0 punte

Vraag 332

Die bewering word gemaak dat die dorperskaap 'n veldvernieler is. Stem u hiermee saam of nie?

Sleutel:

- a) Ja (2)
- b) Nee (1)

Vraag 333

Kan u die redes gee waarom u met hierdie stelling saamstem of daarvan verskil.

Opnemers luister na die antwoord en evalueer die antwoord dan volgens die volgende sleutel:

Sleutel:

- a) As hy sê dat veldbestuur in die boer se hande is en dat die dorper wel veld kan verniel as hy onoordeelkundig op 'n stuk veld vasgekeer word of as die drakrag oorskry word 5 punte
- b) As hy sê dat die dorper wel veld kan verniel as hy op 'n stuk veld vasgekeer word of as die drakrag oorskry word 4 punte
- c) As hy sê dat die dorper wel veld verniel as hy op 'n stuk veld vasgekeer word 3 punte
- d) As hy sê dat die dorper wel veld verniel as die drakrag oorskry word 2 punte
- e) As hy sê dat die dorper in 'n mate 'n veldvernieler is 1 punt
- f) As hy sê dat die dorper definitief 'n veldvernieler is 0 punte

Vraag 334

Wat verstaan u onder die term gehard?

Antwoord:

Dit is die vermoë van 'n ras om onder redelike strawwe toestande (waar meeste ander rasse 'n sukkelbestaan voer) voort te bestaan, te produseer en te reproduseer.

Sleutel:

- a) As hy sê dat dit die vermoë van 'n ras is om onder redelike strawwe toestande (waar meeste ander rasse 'n sukkelbestaan voer) voort te bestaan, te produseer en te reproduseer 3 punte
- b) As hy net sê dat dit die vermoë van 'n ras is om onder strawwe toestande voort te bestaan en te produseer 2 punte
- c) As hy net sê dit is die vermoë van 'n ras om onder strawwe toestande voort te bestaan 1 punt
- d) Weet nie of verkeerd 0 punte

Vraag 335

Wat verstaan u onder die term funksioneel doeltreffend?

Antwoord: Dit is die mate waartoe 'n dier voldoen aan die doel waarvoor hy geteel is.

Sleutel:

- a) As hy die begrip volledig omskryf soos hierbo genoem 3 punte
- b) As hy so 'n vae omskrywing gee wat nie heeltemal verkeerd is nie 2 punte
- c) As hy nie weet nie of heeltemal verkeerd is 1 punte

Vraag 336

Getal ooie gelam uit ooie gepaar (vrae 166 en 167).

Vraag 337

Persentasie ooie gelam uit ooie gepaar (vrae 166 en 336).

Vraag 338

Getal lammers gevrek vanaf geboorte tot speen volgens respondent se gegewens (vrae 168 en 171).

Vraag 339

Persentasie lammers gevrek vanaf geboorte tot speen volgens respondent se gegewens (vrae 168 en 338).

Vraag 340

Persentasie lammers gevrek vanaf geboorte tot speen volgens respondent se persepsie (vrae 168 en 181).

Vraag 341

Werklike aantal lammers gevrek vanaf geboorte tot speen volgens die respondent se persepsie van die aantal meerling geboortes (vrae 171 en 179).

Vraag 342

Persentasie lammers werklik gevrek vanaf geboorte tot speen volgens die respondent se persepsie van die aantal meerling geboortes (vrae 179 en 341).

Vraag 343

Lampersentasie volgens die boer se persepsie soos gevind in die aantal meerlinge gebore (vrae 166 en 179).

Vraag 344

Hoeveel afsonderlike troppe dorperskape het u tans op u eie grond?

BYLAAG B

Afskrif van brief aan die dorperboere wat by die opname betrokke sou wees.

Geagte Dorperboer

I/s: U DEELNAME AAN 'N OPNAME OOR DORPERBOERDERY IN DIE DORPERLAND GEBIED

'n Onderzoek na 'n wye verskeidenheid aspekte rakende Dorperboerdery word in die Dorperland gebied beoog. Die ondersoek sal deur middel van persoonlike onderhoude by sowat 130 boere onderneem word.

Die doel van die ondersoek is om die situasie te bepaal en om knelpunte in Dorperboerdery te identifiseer. Volgens beplanning sal die ondersoek gedurende Junie - Julie 1990 plaasvind en 'n opnemer sal u dan tydens hierdie periode volgens afspraak besoek.

U is een van die persone wat deur middel van 'n wetenskaplike monsternemingsproses geselekteer is om deel te neem aan hierdie ondersoek. Die geleentheid word u dus gebied om met u kennis en ondervinding 'n waardevolle bydrae tot die opname te maak.

'n Vriendelike beroep word op u gedoen om u volle ondersteuning aan hierdie opname te gee. Ek kan ook noem dat hierdie opname die goedkeuring van die Dorperskaaptelersgenootskap wegdra.

Ek self sal in beheer staan van die opname en sal ook die betrokke gebiede besoek ten einde die opname te koördineer. Die onderhoude sal deur myself of mede-opnemers uitgevoer word.

Ek is 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch en beoog om die opnamegegewens vir verdere studie te gebruik. Dit is dus vir my belangrik dat die opname wetenskaplik korrek uitgevoer sal word.

U samewerking sal hoog op prys gestel word.

Vriendelike groete

.....
(Get.) Jac Ackermann

BYLAAG C

Afskrif van brief aan departementele voorligtingsbeampes in die opnamegebied.

Waarde Heer

I/s Dorperskaapondersoek

Sal u asb die dorperboere in u voorligtingswyk wat as respondente vir die dorperskaapondersoek opgetree het se gesindheid teenoor weiveld en weiveldbeheer ooreenkomstig die volgende sleutel aanslaan:

Sleutel

- (i) Hy is entoesiasies met 'n besliste positiewe gesindheid teenoor weiveld en weiveldbestuur. Hy besef die waarde van weiveld vir homself en die land as geheel en is bekommerd oor weiveldagteruitgang in sy omgewing (5)
- (ii) Hy is 'n eweknie van (a) maar ontbreek daardie aansteeklike entoesiasme en positiewe gesindheid teenoor weiveld en weiveldbestuur (4)
- (iii) Sy gesindheid is redeik ten opsigte van weiveld en die versorging daarvan. Hy is meer op 'n spaarkampstelsel ingestel en praat meestal net saam. (3)
- (iv) Sy gesindheid is dat weiveld daar is om te benut - die bewaring en beskerming daarvan is 'n bysaak en geniet feitlik geen aandag nie. (2)
- (v) Hy beskik oor 'n swak gesindheid en onverskillige houding teenoor die weiveld - die veld is syne en hy sal maak daarmee wat hy wil. (1)

Vriendelike groete

.....
(Get.) Jac Ackermann